198605986301
079/9

# DIE SOEWEREINITEIT VAN GOD IN BYBELSE PERSPEKTIEF MET DIE OOG OP WETENSKAP EN ONDERWYS

HIER[illegible] ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

M.M. GREYVENSTEIN

U.O.V.S. - BIBLIOTEEK
*198605986301220000019*

# DIE SOEWEREINITEIT VAN GOD IN BYBELSE PERSPEKTIEF MET DIE OOG OP WETENSKAP EN ONDERWYS

DEUR

MATTHYS MARIUS GREYVENSTEIN

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad MAGISTER ARTIUM in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (Departement Bybelkunde) aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

BLOEMFONTEIN
Desember 1985

STUDIELEIER: Prof. Dr. J.C. LOMBARD

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

23 -10- 1986

T 261.55 GRE
BIBLIOTEEK

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad MAGISTER ARTIUM aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander Universiteit/Fakul= teit ingedien is nie.

M. Greyvenstein
..............................

MATTHYS MARIUS GREYVENSTEIN

SOLI DEO GLORIA
(Aan God alleen die eer)

Opgedra aan my vader, Matthys Greyvenstein, en aan my moeder, Anna Cornelia Greyvenstein, uit dankbarheid vir die besondere wyse waarop hulle my opgevoed het.

## DANKBETUIGINGS

Aan die alleen wyse God: "Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het". (Openbaring 11:17)

My besondere waardering en opregte dank betuig ek aan die volgende persone en instansies sonder wie se hulp ek hierdie verhandeling nie sou kon geskryf het nie:

* Aan prof. dr. J.C. Lombard vir sy besondere positiewe en simpatieke leiding, onbaatsugtige hulp, opregte belangstelling, heldere insig en vriendelike optrede, wat hierdie studie 'n besondere belewenis gemaak het.

* Aan my vrou Rika wat met onbaatsugtige ywer die tik= werk en versorging van hierdie verhandeling behartig het.

* Aan die biblioteekpersoneel van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vir professionele dienste gelewer.

* Aan die RGN vir finansiële steun om hierdie studie aan te pak.

M.M. GREYVENSTEIN

## INHOUDSOPGAWE

INLEIDING

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Aktualiteit van die tema | (i) |
| 2. | Metodologie | (ii) |
| 3. | Bronnestudie | (iii) |
| | HOOFSTUK 1: RELIGIE EN WETENSKAP | |
| 1.1 | Die sleutelrol van wetenskap in die lewe van die mens | 1 |
| 1.2 | Antropologie, religie en lewens- en wêreldbeskouing | 2 |
| 1.2.1 | Antropologie | 2 |
| 1.2.2 | Religie | 8 |
| 1.2.3 | Lewens- en wêreldbeskouing | 12 |
| 1.2.4 | Die Christelike lewens- en wêreldbe=skouing | 13 |
| 1.2.5 | Lewensbeskouing en wetenskap | 16 |
| 1.3 | Religieuse denkpole in die Westerse wetenskap | 17 |
| 1.3.1 | Die Grieks-heidense grondmotief van vorm (idee) en materie (verganklike sigbare) | 17 |
| 1.3.1.1 | Plato en Aristoteles | 19 |
| 1.3.2 | Die Roomse Skolastiese grondmotief van natuur en genade | 20 |
| 1.3.3 | Die Humanistiese grondmotief van natuur (wetenskapsideaal) en vryheid (persoonlikheidsideaal) | 22 |
| 1.3.4 | Die Christelike grondmotief van skep=ping, sondeval, verlossing en volein=ding | 24 |
| 1.3.4.1 | Wat word bedoel met Bybelse perspek=tiewe? | 27 |

1.4 Slotbeskouing 31

HOOFSTUK 2: WAAROM CHRISTELIKE WETENSKAP?

2.1 Inleiding 33
2.2 Wat word bedoel met die term "Christelike wetenskap?" 35
2.2.1 Wat word bedoel met "Christelik" 38
2.2.1.1 Parsiële Christendom 38
2.2.1.2 Universele Christendom 38
2.2.2 Wat word bedoel met "wetenskap" 41
2.2.2.1 Samevatting 45
2.3 Die motivering van Christelike wetenskap 45
2.3.1 Spreuke 1:7(a) as voorteoretiese, basies religieuse grondslag vir Christelike wetenskap 50
2.3.2 Samevatting 52
2.4 Die bestaansreg van Christelike weten=skap 52
2.5 Besware teen die gedagte van ŉ "Chris=telike wetenskap" 53
2.6 Slotbeskouing 65

HOOFSTUK 3: DIE ONTKENNING EN DIE ONT=KOPPELING VAN DIE VERBAND TUSSEN CHRIS=TELIKE RELIGIE EN WETENSKAP

3.1 Misduiding van die plek van die wetenskap 66
3.2 Gestaltes van Skolastiek 68
3.2.1 Inleiding 68
3.2.2 Die Roomse Skolastiek van natuur en genade 69
3.2.3 Protestantse en Gereformeerde Skolastiek 73
3.2.4 Metodisme 75
3.2.4.1 Gevolge van die invloed van Metodisme 78
3.2.5 Die Piëtisme 79
3.2.5.1 Kritiese waardering van die Piëtisme 82

| | | |
|---|---|---|
| 3.3 | Afvallige religieuse strominge in die moderne Westerse wêreld | 84 |
| 3.3.1 | Die moderne Humanisme: Die penwortel van die afvallige religieuse strominge | 84 |
| 3.3.2 | Die rasionalistiese wetenskapsideaal as uitloper van die moderne Humanisme | 88 |
| 3.3.2.1 | Rasionalisme | 88 |
| 3.3.2.1.1 | Uitlopers van die rasionalistiese wetenskapsideaal | 91 |
| 3.3.2.1.1.1 | Positivisme | 91 |
| 3.3.2.1.1.2 | Dialektiese Materialisme | |
| 3.3.2.1.1.3 | Evolusionisme | 95 |
| 3.3.2.1.1.4 | Naturalisme | 95 |
| 3.3.2.1.1.5 | Fenomenologie | 96 |
| 3.3.2.2 | Die Irrasionalistiese persoonlikheids=ideaal as uitloper van die moderne Humanisme | 98 |
| 3.3.2.2.1 | Irrasionalisme | 98 |
| 3.3.2.2.2 | Uitlopers van die irrasionalistiese persoonlikheidsideaal | 99 |
| 3.3.2.2.2.1 | Pragmatisme | 99 |
| 3.3.2.2.2.2 | Eksistensialisme | 101 |
| 3.3.2.2.2.3 | Historisme | 106 |
| 3.3.3 | Kenmerke van die moderne Humanisme | 106 |
| 3.3.3.1 | Sekularisme | 106 |
| 3.3.3.1.1 | Liberalisme | 110 |
| 3.3.3.1.2 | Relativisme | 113 |
| 3.3.3.1.3 | Antinomisme | 114 |
| 3.3.3.1.4 | Permissiwiteit | 114 |
| 3.3.4 | Die neo-Marxisme | 115 |
| 3.3.5 | Slotbeskouing | 116 |

<u>HOOFSTUK 4:</u> BYBELSE PERSPEKTIEWE OOR DIE SOEWEREINITEIT VAN GOD OOR SY GANSE SKEPPING

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Oriëntering | 118 |
| 4.2 | Die Heilige Skrif as norm vir alle lewensuitinge van die mens (w.o. ook sy wetenskapsbeoefening) | 118 |
| 4.2.1 | Inleiding | 118 |
| 4.2.2 | Openbaring en Skrif | 119 |
| 4.2.3 | Die Bybel is God se Woord | 121 |
| 4.2.4 | Die Lig van Gods Woord op alle lewens= terreine | 126 |
| 4.2.4.1 | Die Bybel en wetenskap | 126 |
| 4.2.4.2 | Christelike wetenskap en Biblisisme | 128 |
| 4.3 | Die sentrale Bybelse grondmotief van skepping, sondeval, verlossing en voleinding as riglyn vir die omvat= tende gesag van God op alle lewens= terreine (ook alle menslike aktiwi= teite, waaronder ook die wetenskap) | 129 |
| 4.3.1 | Skepping (Genesis 1) | 129 |
| 4.3.1.1 | Die allesomvattende wetsorde van God | 129 |
| 4.3.1.2 | Geloof en wetenskap | 135 |
| 4.3.1.3 | Skepping en wetenskap (met name vak- en natuurwetenskappe) | 136 |
| 4.3.1.4 | Perspektiewe van die Heilige Skrif oor Skepper en Skepping | 138 |
| 4.3.1.4.1 | Oriëntering | 138 |
| 4.3.1.4.2 | Ps. 24:1 Die aarde en die volheid daarvan behoort aan die Here | 139 |
| 4.3.1.4.3 | Psalm 19: Godsopenbaring in Skriftuur (Bybel) en natuur (skepping) | 140 |
| 4.3.1.4.4 | Psalm 104: Die ganse skepping het rede om God se majesteit en heerlikheid te besing | 149 |
| 4.3.1.4.5 | Psalm 148 as allesomvattende oproep om God te dien | 161 |
| 4.3.1.4.6 | Samevatting | 167 |
| 4.3.2 | Die radikaliteit van die sondeval | 168 |
| 4.3.2.1 | Oriëntering | 168 |
| 4.3.2.2 | Die oorsprong van sonde | 169 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.3.2.2.1 | Gen. 3: Die sondeval | 170 |
| 4.3.2.3 | Die universaliteit van die sonde | 172 |
| 4.3.2.3.1 | Rom. 1:18-32 en Rom. 3:9-20 as voorbeelde van die feit dat die ganse geskape werklikheid in die mag van die sonde is | 174 |
| 4.3.2.3.2 | I Tim. 4: Die afval van die laaste dae | 179 |
| 4.3.2.3.3 | Openbaring 13: As verwysing na die verhumanisering van die skepping | 181 |
| 4.3.2.4 | Samevatting | 185 |
| 4.3.3 | Verlossing | 186 |
| 4.3.3.1 | Oriëntering | 186 |
| 4.3.3.2 | Die kosmiese betekenis van die ver=soening van Christus | 187 |
| 4.3.3.2.1 | Rom. 11:36 | 188 |
| 4.3.3.2.2 | Kolossense 1:15-20 | 189 |
| 4.3.3.3 | Samevatting | 192 |
| 4.3.4 | Die kosmiese werking van die Heilige Gees as Herskeppingsmiddelaar (met verwysing na die heilsorde | 193 |
| 4.3.4.1 | Kolossense 3 as voorbeeld van die Bybelse oproep tot 'n Heilige lewe — 'n lewe tot eer van Gods Naam | 202 |
| 4.3.5 | Voleinding | 204 |
| 4.3.5.1 | Oriëntering | 204 |
| 4.3.5.2 | Sagaria 14 as Bybelse perspektief oor die dag van die Here waarop alle anti-Christelike magte (ook die ongelowige wetenskapsbeoefening) totaal vernietig sal word | 204 |
| 4.3.6 | Die Heiliging van Gods Naam, die uit=breiding van sy Koninkryk en die gehoorsame doen van sy Wil, op alle lewensterreine in die lig van die eerste drie bedes van die "Onse Vader" | 208 |

4.3.7 Samevattende terugblik 217

HOOFSTUK 5: DIE HUIDIGE STAND VAN CHRISTELIKE WETENSKAP

5.1 Inleiding
5.2 Die huidige stand van Christelike weten= skap in die R.S.A. 219
5.2.1 Op Universiteitsvlak 219
5.2.2 Christelike wetenskaplikes in die R.S.A. 224
5.2.3 Publikasies ter bevordering van Christelike wetenskap in die R.S.A. 226
5.3 Die huidige stand van Christelike weten= skap buite die grense van die R.S.A. 227
5.3.1 Nederland 227
5.3.2 Noord-Amerika 229
5.3.3 Australië 230
5.3.4 Die Ooste 231
5.3.5.1 Switserland 232
5.3.5.2 Engeland 232
5.3.5.3 Madagascar 232
5.4 Samevatting 232

HOOFSTUK 6: SAMEVATTENDE TERUGBLIK EN EVALUERING 234

OPSOMMING 244

BRONNELYS 247

## INLEIDING

### 1. AKTUALITEIT VAN DIE TEMA.

Ons het hierdie tema gekies juis vanweë die aktualiteit daarvan binne die krisis en geleenthede van die moderne samelewing, waarin die wetenskap so 'n dominante en riskante rol speel.

Oor die struktuur van die wetenskap kan daar baie eenstemmigheid wees, maar oor die rigting daarvan, d.w.s. die religieuse koers, is daar uiteenlopende en botsende denkskole. In hierdie verband staan die humanistiese wetenskap met sy tradisie van 2000 jaar baie sterk, en gee tans oorwegend die toon aan.

Van die beginsel van Christelike wetenskap mag egter, op grond van die Woord, nooit afgewyk word nie en moet dit ten sterkste 'n woord meespreek in die velerlei denkskole as 'n mens glo dat in opdrag van die HERE, Christelike wetenskap tot Sy eer beoefen moet word en juis dan ook tot die menslike heil van die samelewing. In hierdie opsig wil hierdie studie 'n akademiese bydrae en tegelyk 'n getuienis lewer — ook 1g. dan wetenskaplik verantwoord.

Oor Christelike wetenskap is talryke werke en artikels gelewer, maar 'n enigsins uitvoerige ondersoek na die Bybelse appél en gronde daarvan, het te veel agterweë gebly. Die vertrekpunt vanuit die Woord spreek vanself, maar die waarom en die hoe van juis die By=belse siening hieroor, moet verantwoord word. Wat behels bv. Gods omvattende soewereiniteit en waar sê die Bybel dit, en waarom dek dit alle lewensterreine as die betrokke gedeeltes uitlegkundig verantwoord word?

Die fundering van die Christelike standpunte in die wetenskap moet skerper verantwoord word, juis nou wanneer die aansprake en mag van die humanistiese wetenskap heers.

Daarom is Christelike wetenskap roeping en opdrag, wat, ons noem

dit weer, ook Bybelkundig en/of teologies wetenskaplik verantwoord moet word.

2. METODOLOGIE.

Soos die tema dit reeds duidelik stel, wil hierdie studie 'n akademiese bydrae wees oor die soewereiniteit van God met die oog op die wetenskap en onderwys. Die hoofklem sal egter op die wetenskap val, want uiteraard impliseer Christelike wetenskap noodwendig ook Christelike onderwys. Telkens waar daar dus gewag gemaak sal word van Christelike wetenskap, impliseer ons ook dat onderwys op 'n Christelike grondslag gebesig moet word, want die soewereiniteit van God strek oor alle lewensuitinge en oor elke lewensterrein van die menslike bestaan.

In hoofstuk 1 volg ons die metode om die band tussen religie en wetenskap aan te toon. Ons sal ten eerste let op die sleutelrol van die wetenskap in die lewe van die mens. Daarna wil ons saaklik let op die verband tussen antropologie, religie en lewens- en wêreldbeskouing, asook die verband daarvan tot wetenskap. Ten slotte sal ons, hoewel nie uitputtend, verwys na die vernaamste religieuse denkpole in die westerse wetenskap. In die behandeling van die Bybelse grondmotief, sal ons ook 'n antwoord gee op die vraag: Wat word bedoel met Christelike wetenskap?

Hoofstuk 2 bespreek die vraag: Waarom Christelike wetenskap? Uiteraard sal ons nagaan wat bedoel word met die terme "Christelik", "wetenskap" en "Christelike wetenskap". Daarna lewer ons 'n motivering van Christelike wetenskap en wys ons ook op die be= staansreg van Christelike wetenskap.

Ons sluit hierdie hoofstuk af met 'n kritiese beskouing van die sg. besware wat ingebring is teen die gedagte van Christelike wetenskap.

In hoofstuk 3 wil ons oorsigtelik wys op die ontkenning en die ontkoppeling van die verband tussen Christelike religie en weten= skap. Die vernaamste godsdienstige en humanistiese strominge wat

die gesag van die Woord wil inperk tot net die terrein van die kerk en die godsdiens of geheel en al op humanistiese wyse wil uitskakel, sal hier bespreek word.

Die kern van die studie, nl. die Bybelse fundering van die soewereiniteit van God en die daarmee gepaardgaande totale gehoor=saamheid van die mens op alle lewensterreine, word vervolgens in hoofstuk 4 bespreek. In die verband sal ons kortliks wys na die Bybel as norm vir elke lewensuiting van die mens. Daarna sal ons binne die konteks van die Bybelse grondmotief van skepping, sonde=val, verlossing en voleinding wys op Gods universele gesag as Skep=per, die radikaliteit van die sonde,en die kosmiese betekenis van die verlossing in Christus, sowel as die kosmiese werk van die Heilige Gees as Herskeppingsmiddelaar. Uiteraard sal ons hierbinne sekere Skrifgedeeltes eksegeties ondersoek ten einde daarop te wys dat die eer van God as Leitmotiv in die Woord gestel word.

In hoofstuk 5 wil ons oorsigtelik aantoon wat die huidige stand van Christelike wetenskap is.

Hoofstuk 6 behels 'n opsommende terugblik en evaluering van die verkreë resultate van hierdie studie.

## 3. BRONNESTUDIE.

Uiteraard sal ons ook die standpunte en fundering van verskeie denkers oor Christelike wetenskap gee, omdat hulle juis bedoel het dat hulle vertrekpunt die Woord van God is.

Dit is ook haas onmoontlik om nie gebruik te maak van die hulp=diens van die Christelike wysbegeerte se onderskeidinge t.w.v. die totaliteitsblik oor en die begrensing van die wetenskap nie, maar juis ook t.w.v. grondslae-ondersoek. In hierdie opsig be=hels die tema 'n interdissiplinêre opset. Die Bybelkundige fun=dering is juis ook weer vir Christelike wysbegeerte en — vak=wetenskappe ondersteunend.

# HOOFSTUK 1

## RELIGIE EN WETENSKAP.

### 1.1 DIE SLEUTELROL VAN WETENSKAP IN DIE LEWE VAN DIE MENS.

Die sleutelrol wat die wetenskap in die lewe van die mens speel, word duidelik wanneer ons ons moderne ontslote, gedifferensieerde samelewing en beskawing van nader beskou. Die onskatbare waarde en rol van die moderne wetenskap (die ken; teorie) en die tegniek (die kan; die praktyk) het alreeds elke Westerse mens se lewe binnegedring.

Beskou ons die wetenskap van naderby, vind ons 'n rykdom van kennis wat bydra tot die ontsluiting van die mens. Die geweldige vooruitgang op die terrein van die mediese wetenskap (en tegnologie) is aan haas elke mens bekend, terwyl die moderne astronomie as't ware die sterre-hemel vir die mens "oopgesluit" het. Dink o.a. ook aan die geweldige vooruitgang op die terrein van die landbou, die veeteelt, die boukuns en die motorbedryf.

Op die terrein van elke besondere vakwetenskap vind ons 'n rykdom van wetenskaplike kennis. Hierdie kennis stel ons in staat om die wêreld én die mens self, beter te ken. Die wetenskaplike ontwikkeling van kennis binne die bestek van o.a. biologie, chemie, fisika, geografie, ekonomie, staatsleer, wysbegeerte, estetika, etiek, wiskunde en sielkunde, het "nuwe wêrelde" vir die mens geopen.

Die sleutelrol van die wetenskap word nog veel duideliker as ons die primitiewe samelewing van o.a. die Boesmans vergelyk met ons moderne ontslote Westerse beskawing. A.g.v. 'n gebrek aan wetenskaplike kennis binne die samelewingsorde van hierdie primitiewe bevolking, bestaan daar slegs beperkte voor-wetenskaplike kennis oor die werklikheidsaspekte waarmee hy in aanraking kom. Die Boesman het wel die bos en die woestyn "ontsluit", maar van werklike ontslote kultuurarbeid weet die Boesman ongeveer niks. Sy beskawingspeil en beskawingsmondigheid, is nie ontsluit in die lig van die Bybel en die Goddelike kultuuropdrag van die mens nie. Dit wat die Boesman doen, doen hy ter wille van oorlewing. Hy is nie besig om

2/........

die skepping te onderwerp en te beheers tot eer van God en tot heil van sy naaste (en nasate) nie. Sy nasate erf wel 'n mate van kultuurontsluiting, maar a.g.v. 'n gebrek aan wetenskaplike kennis, bly die Boesman se kultuurarbeid primitief. Die mediese wetenskap is vir hom 'n geslote boek. Die anatomie en fisiologie van die liggaam is deur moderne mediese wetenskaplikes aan die lig gebring en te boek gestel (cf. o.a. werk soos die van Last, R.J., Anatomy Regional and Applied, 1978, asook die werk van Meyer, B.J., Die Fisiologiese basis van Geneeskunde, 1979). Hierdie kennis is van=dag toeganklik vir die ganse mensdom. Maar wat weet die Boesman, wat nie kan lees of skryf nie, van sy liggaam? Van die volstruiseier weet hy dit wat hy sien en eet — van die prosesse waardeur die bevrugte eier gaan, weet hy niks. Die maan skyn snags en die son bied vir hom lig en hitte bedags, maar van die bane waarin die son maan en aarde beweeg, dra hy geen kennis nie. Wat kan die Boesman jou vertel van aardrykskunde, wiskunde, argitektuur, geologie, Hitler, Calvyn, die kerk, die huwelik, die skool, elektrisiteit, die koerant=bedryf, ens.?

Daar kan nog talle voorbeelde genoem word, maar hierdie is voldoende om aan te toon dat wetenskap en tegniek 'n sleutelrol in die lewe van die mens speel. Wetenskap is kultuurvorming. Wetenskap ontsluit daagliks die samelewing en lei die mens na nog 'n hoër peil van be=skawing. Kultuurvorming is 'n direkte opdrag van die Almagtige Skep=per (Gen. 1:28) en in opdrag van 1 Kor. 10:3 moet die mens "alles tot verheerliking van God" verrig. Wetenskap as bydraende faktor tot kultuurvorming, moet ook verrig word in die lig van die Heilige Skrif en tot eer en verheerliking van God.

## 1.2 ANTROPOLOGIE, RELIGIE EN LEWENS- EN WERELDBESKOUING.

### 1.2.1 ANTROPOLOGIE.

Die vraag wat hier van nader beskou word, is: Wie en wat is die mens in tyd? Hierdie is beslis nie 'n nuwe vraag nie, maar dit gryp die verbeelding van die mens steeds aan "juis omdat hierdie vraag

oënskynlik nie beantwoord kan word nie" (Dekker, E.I., in Die Opvoedingsgebeure, 1983, 93). Die vraag bly egter van kardinale belang vir die mens en staan ook in die sentrum van die wetenskap=like belangstelling. Antropologie is nie 'n hooftema van alleen die filosofie nie, dit het ook 'n dringende en aktuele tema geword in 'n verskeidenheid van vakgebiede. W.A. Smit sē dat die mens nie alleen in die denke van die wetenskaplike sentraal staan nie, maar ook in die denke van die gewone mens. In dié lig praat hy nou van 'n "sentraalstelling van die mens in die wetenskaplike denke" (cf., Smit, W.A., 1975, 56). In die humanisties-wetenskaplike antropolo=gie word die mens egter verabsoluteer, maar in die Christelik-weten=skaplike antropologie word die mens nooit verabsoluteer nie, maar gesien as geroepe beelddraer van God wat moet heers oor die skepping.

Die huidige filosofiese siening van die mens, soos ons by Dooyeweerd reeds opmerk, het "te doen met die mens in sy konkrete situasie in die wêreld; met sy toestand van verval as die hedendaagse massamens en met sy moontlikhede om homself weer as 'n verantwoordelike persoon=likheid te ontdek" (1969, 7). Die Christelik-wetenskaplike antro=pologie wil die mens lei om homself weer te ontdek deur vir die ont=redderde wêreld 'n sinvolle boodskap te bring — 'n boodskap aan die mens as mens van God" (Smit, W.A., 1975, 57).

Die Christelike antropologie word opgebou vanuit die perspektiewe van die Heilige Skrif (-maar nóóit Biblisisties nie). Op geen stadium bied die Skrif vir ons 'n eksakte volledige en wetenskaplike antropologie nie, tog bied die Skrif voorwetenskaplike en funda=mentele uitsprake oor die mens — sonder hierdie openbaring Gods, sou die mens nooit die ware en sinvolle antropologie kon uitbou nie. W.A. Smit stel dit tereg, dat die mens nooit alleen empiries geken kan word nie; ook die "Skrif, as kenbron aangaande die mens, is nodig om die mens in sy werklikheid te belig" (1975, 59).

Om bg. vraag te kan beantwoord, moet daar in die eerste instansie gevra word na die oorsprong van die mens. Sentraal geld hier (t.o.v. 'n Christelike antropologie) die volgende Skrifwoord:

4/........

"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape". (Gen. 1:26,27)

Bg. Skrifgedeelte hou dan die volgende waarhede in:

- die mens vind sy oorsprong in God Drie-Enig (en is dus nie produk van 'n evolusie-proses nie);

- die mens is geskape na die beeld van God (na liggaam-siel-gees);

- die mens, as die kroon van die skepping, is 'n geroepe heerser én dienaar.

Hierin word dit nou duidelik dat die mens te onderskei is van alle ander lewensvorme. In dié lig skryf Dekker dat die ontwikkeling van 'n wysgerige antropologie ten nouste saamhang met 'n bepaalde werklikheidsbeskouing (besondere kosmologiese perspektiewe) wat uit 'n noukeurige, wetenskaplike bestudering van die werklikheid self opgebou is (1983, 94). Binne die konteks van 'n Skriftuurlike antro= pologie moet daar tot die besef gekom word dat die Bybel nie sonder meer soos 'n wetenskaplike handboek gebruik mag word nie. Tog vind ons perspektiewe in die Bybel wat die mens en die kosmos in 'n sonder= linge verband tot God plaas. Oor hierdie samehang tussen God, mens en wêreld skryf Dekker, dat "kennis sonder die een, nie sonder kennis van die ander moontlik, of te bedink is nie. As die Skrif die mens in vertikale beligting plaas, impliseer dit dat kennis van die mens van kennis van God afhanklik is, en om God te ken moet die Skrif geken word, anders kan die Skrifperspektiewe (i.c. oor die mens) nie tot ons spreek nie. 'n Ware en betroubare beeld van die mens is slegs moontlik deur die bril van Gods Woord" (Ibid., 96;cf. ook Meyer, P A., se artikel in SSR, 307; en Smit, W.A., 1975, 63).

5/........

Dit spreek nou duidelik dat bg. Skrifgedeelte aan ons 'n vertikale beligting bied oor die ware oorsprong van die mens. Dié vertikale beligting strek nog verder as die feit dat die mens sy oorsprong in God Drie-Enig vind; die mens is óók geskape na die beeld van God. "Beeld Gods wil dan ook niets anders zeggen dan dat de mens als enig skepsel contact heeft met God. Dit is het bepalende voor het dusgenaamde wezen van die mens, dat is beslissend voor het mens zijn. Speciaal het religieuze (en in minder mate het verstand) vormt het definitiewe ondercheid tussen mens en dier" (Meyer, P.A. in SSR, 307; cf. ook De Vos, H., 1951, 159; asook Lee, F.N., 1974, 34-37). Duvenhage (1981, 24), asook Kock (1975, 197-198), wys daarop dat hierdie geskapenheid na die beeld van God 'n "Godbetrokken= heid" of "religieuse gerigtheid" van die totale menslike bestaan impliseer. Die essensie van die mens is dus nie o.a. sy denkfunksie nie, maar die volheid van die menslike bestaan kulmineer in sy religieuse betrokkenheid op God. Dit impliseer dat die mens alle lewensvrae slegs kan beantwoord in die lig van sy religieuse ver= houding tot sy Skepper.

In navolging van Dooyeweerd, wys Kock op die indrukwekkende inhoud en relevansie van Psalm 139 in hierdie verband. Uit genoemde Psalm blyk dit dan dat die menslike bestaan "oop lê na die ewige" (cf. Kock, P. de B., 1975, 198):

> "Here U deurgrond en ken my. U ken my sit en my opstaan; U verstaan van ver my gedagte. U deurvors my gaan en my lê, en U is met al my weë goed bekend". (Ps. 139:1-3 )

Die alomteenwoordigheid van God omvat en sluit die mens dan in van alle kante:

> "Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug u van aange= sig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die dode= ryk my bed, kyk, U is daar! Neem ek die vleuels van die dage= raad, gaan ek by die uiteinde vandie see woon, ook sou daar u hand my lei en u regterhand my vashou". (Ps. 139:7-10)

6/........

Die ganse ontstaan van die mens is deur die bemoeienis van God:

> "Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef". (Ps. 139:13)

Die perspektief wat Gen. 1:26,27 bied, strek dan nog verder as die feit dat die mens, wat sy oorsprong in God Drie-Enig vind, beeld=draer van God is: nl. die mens moet as kroon van die skepping, heers oor die hele aarde (cf., hierby Van Dijk, R., s.j., 21-25).

As kroon van God se skepping en in opdrag van God (Gen. 1:26) neem die mens dus nou "aktief deel aan al die verskillende werklikheids=aspekte en 'beman' tegelyk al die verskillende lewensvorme" (Strauss, D.F.M., 1971, 21). Hoe die mens nou deelneem aan al hierdie werk=likheidsaspekte is 'n saak van die "hart" — "want daaruit (uit die hart) is die oorspronge van die lewe" (Spr. 4:23). Indien die mens dus reg wil laat geskied aan die doel van die geskape werklikheid (nl. om God te verheerlik), moet hy in die vernaamste plek sy ganse bestaan konsentreer op sy Goddelike Oorsprong. Wie só optree se "hart" is God-gerig; wie anders optree, is afgod-gerig! In hierdie lig is dit dus duidelik waarom die Skrifwoord dit so sterk benadruk dat die "hart" van die mens meer bewaar moet word as enig-iets anders. F.H. Von Meyenfeldt sê tereg dat "Leb (Hebreeus vir hart) niet maar een lichamelijk of geestelijk gedeelte van de mens aanduidt. Leb vertegenwoordigdt de gehele mens" (F.H. Von Meyenfeldt: "Enige algemene beschouwingen, en gegrond op de betekenis van het hart in het Oude Testament", in die jubileum-feesbundel vir D.H.Th. Vollenho=ven, 58). D.F.M. Strauss beskou die "hart" dan "as die sentrale ver=wysingspunt van alle lewensuitinge" (Strauss, D.F.M., 1971, 23). Kock beskou hierdie "hart" as "die volle selfheid van die mens, soos wat dit in religieuse konsentrasie op sy Oorsprong betrokke bly. Soos wat die hart is, so sal die mens ook wees. Wil iemand die mens ken, waarlik ken, dan moet sodanige kennis die hart raak. En hierdie hart is alleen by God bekend" (1975, 200).

Die ganse mens, ook sy "hart", (resp. religieuse ingesteldheid) het

7/........

van God afvallig geword, vanweë die felheid van die sondeval. Die menslike "hart" is nou meer geneig om te staan in ŉ "afgodbetrokken= heid" (wat ook ŉ religieuse gerigtheid is, maar nou net in anti-normatiewe sin). Slegs in Christus, deur die vernuwingswerk van die Heilige Gees, kan hierdie "hart" weer herstel (cf. Dooyeweerd, H., se artikel in International Reformed Bulletin, nr. 6, Okt. 1960, 14). Die in Christus herbore hart soek dan nou die waarheid van Gods skepping in die lig van die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval, verlossing en voleinding. Die Christen-wetenskaplike vind deur sy arbeid steeds "nuwe" feite aangaande die geskape werk= likheid en besef meteens dat God sy openbaring aan die mens, elke dag voortsit. God het nog nooit opgehou om Homself te openbaar aan die mens nie. Om tot hierdie besef (belydenis) te kan kom, is egter ŉ saak van die "hart" en waar jou hart is, daar is jou skat.

Indien die "hart" gerig is op God Drie-Enig, is dit noodwendig so, dat die verheerliking van God op alle lewensterreine en in alle menslike aktiwiteite, die mens se vernaamste prioriteit sal wees!

Die wysbegeerte van die Wetsidee leer dat die liggaamlike mens (die mens in tyd), "opgebou is as ŉ enkaptiese struktuurgeheel waarin vier onherleibare strukture saamgebind is" (Kock, 1975, 204-211).

Die vier grondstrukture word dan as volg gekwalifiseer:

1. Fisies-chemies, d.i. die stoflike bestanddele waaruit die lig= gaam opgebou is.

2. Vegetatief-bioties, "as sodanig bind die vegetatief-biotiese die genoemde fisies-chemiese bestanddele en prosesse in ŉ eie werkingsfeer" (Kock, 1975, 205). Dit bestaan dan in die orde= ning van die lewensverrigting wat in en tussen die selle plaas= vind; die opneem, verwerking en verspreiding van voedingstowwe en suurstof, asook die uitskeiding van afvalprodukte; die ou= tonome vegetatiewe senustelsel.

3. Psigies. Hierdie struktuur beheers die funksies van die kollek=

8/........

tiewe bewuste en die sentrale senuweestelsels — wat grotendeels buite die beheer van die menslike wil val. Ook die senuweestelsel van die dier kan hieronder gereken word.

4. Aktstruktuur of normatiewe struktuur. Aktes is daardie innerlike gedraginge van die mens, uitgaande vanuit die hart en waardeur die mens hom onder normatiewe gesigspunte intensioneel rig op stande van sake in die buitewêreld of in eie verbeelding, om dan voorts hierdie stande van sake vir homself eie te maak, deur=dat hy hulle op sy selfheid betrek. Aktes is dus in die hart verwortel en vind dan hul uitgangspunte in die religieuse wortel (hart) van die mens. Die religieuse grondmotief wat dus beslag lê op die hart van die mens, sal sy akte in 'n bepaalde rigting stuur. Dit word meteens duidelik hoe noue verband daar bestaan tussen hart, religie en lewens- en wêreldsbeskouing.

Wat hier vooraf gesê is, maak een saak besonder duidelik: die mens neem 'n besondere plek in, in die werklikheid as geheel. Die mens bestaan in 'n verhouding tot sy God, homself, sy medemens en die ganse geskape werklikheid. In die mens kulmineer alle gebiede van die werklikheid: die mens behoort tot beide die organiese en die an=organiese natuur; hy is ook draer van die psigologiese lewe en gees, en bowendien staan die mens ook in verbinding met die ideële werklikheid. Die mens weet van lg. en poog om dit te realiseer. So ontmoet die verskillende ontiese sfere mekaar dan in die mens. De Vos stel dit pertinent dat die mens nie nou 'n konglomeraat van synswyses is nie — die mens is tegelyk stoflik, lewend, psigies en geestelik (1951, 151-153). Om een van hierdie aspekte dan te verabsoluteer, beteken die ontstaan van 'n apostasiese antropologie: óf 'n materialistiese antropologie, óf 'n vitalistiese antropologie, of 'n psigiese antro=pologie, of 'n idealistiese antropologie wat noodwendig 'n verlammende invloed het op die ware doel van wetenskapsbeoefening.

## 1.2.2 RELIGIE.

Elke mens besit bewustelik of onbewustelik 'n bepaalde beskouing aan=

9/........

gaande die oorsprong, bestaan (voortbestaan) en bestemming (doel) van alle dinge waarmee hy te make in die wêreld (cf. Strauss., D.F.M., Diktaat, U.O.V.S., 12). Hierdie bepaalde lewens- en wêreld= beskouing van elke mens, word bepaal deur die religie wat beslag lê op sy hart. Die mens is "geskape in die religie, d.w.s. in ʼn band met sy Skepper, ʼn band wat bestaan tussen die Skepper en die selfheid (d.w.s. die ego, persoonlikheidskern of diepste bestaan= sentrum) van die mens waarna .... in die Woord van God verwys word as die 'hart' waaruit al die oorspronge of uitgange van die lewe is" (Schoeman, P.G., 1983, 5).

De Klerk beskou religie as die oorgawe van die mens se "hart" aan sy godsbegrip wat sy doen en late op alle terreine rig (cf., De Klerk, W.J., in Roeping en werklikheid, 12). Godsdiens aan die anderkant, het net te doen met daardie spesifieke verhouding waarin die mens tot God staan deur o.a. die erediens en private en open= bare gebede. Religie bepaal dus die mens se godsdiens en sy bepaal= de godsbeskouing. Kock omskryf religie in die trant van Dooye= weerd as hy sê, dat religie daardie "innerlike tendens van die mens= like ekheid of selfheid is om homself te rig op die ware of vermeende oorsprong van alle dinge" (Kock, P. de B., 1975, 15). Hierdie omskry= wing stel dit dus onomwonde dat religie die mens, óf apostaties (afvallig) óf anastaties (God-gerig) beweeg. Jou bepaalde religieuse oortuigings gaan dus ook jou bepaalde wetenskapsbeskouing beïnvloed, soos duidelik sal blyk in die behandeling van die religieuse denkpole in die westerse beskouing (sien 1.3).

Hierdie "ekheid" of "selfheid" waarna Kock verwys, kan ook vervang word met "hart", maar dan nie in die sin van die liggaamsorgaan nie, maar in die sin van die "siel" of "gees" waarvan die Skrif telkens spreek:

> Vgl. Spr. 4:23 "Bewaar jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe".

Van hierdie "hart" skryf D.F.M. Strauss: "Die mens se ganse lewens=

rigting word vanuit die hart, waaruit die oorspronge van die lewe is, bepaal, hetsy in Christus gerig op God Drie-Enig, of in die diens van die afval gerig op afgod" (Strauss, D.F.M., 1971, 24). Kock sê tereg dat die hart die geestelike sentrum van die mens se bestaan is, sy ware selfheid of ekheid in die volste sin van die woord" (1975, 15; asook Botha, M.E., se artikel in Koers, jaargang XLI, nr.5/6, 1976, 253).

Paulus spreek van die "innerlike mens" as hy na die "hart" verwys:

Vgl. Rom. 7:22 "want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens".

Die "hart" is dus die "religieuse sentrum van die mens se bestaan wat sy lewensuitgange as 'n eenheid saamtrek en vanwaar dit in gelo=wige of ongelowige rigting uitsprei" (Lombard, J.C., Leerstellige Godsdiensonderwys en Bybelkunde — Die grondslag en praktyk, Diktaat, U.O.V.S., 21).

Religie noop jou dus tot: óf God-gerigtheid, óf afgod-gerigtheid. Tertium non datur! Die mens moet op alle lewensterreine, óf totaal vir God, óf totaal afvallig wees. Wanneer die Christelike religie beslag lê op die hart van die mens, is dit noodwendig so dat soda=nige wetenskaplike, in die lig van die Skrif, sy veld van ondersoek moet ontsluit tot verheerliking van God.

Dit is nou vanuit hierdie religieuse-hart wat die mens sy denkfunk=sie in werking stel. Vanwee sy geskapenheid na die beeld van God:

Gen. 1:26-27 "En God het gesê: Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het hy hulle geskape";

en vanweë die kultuuropdrag wat God aan die mens gegee het (Gen. 1:28), kan die mens nie neutraal staan teenoor God nie. Soos W.J. de Klerk dit stel: "die mens is aan God verbind, of hy wil of nie" (Ibid., 17-18). Die mens wat in eie waan homself wil "losdink" van God, verkeer beslis in waan. Nou is dit egter eenmaal so dat die "lewens=rigting" wat ontspring uit die religie en wat op sy beurt weer staan in die teken van sonde, soms "in diens van die afval" staan (Strauss, D.F.M., 1971, 38-39). Dit is nou reeds hierdie afvallig-gerigte harte wat die broeiplek word van sg. "neutrale" wetenskap.

Sekere wetenskaplikes wat hulself Christene noem, misken God se ge=sag op die terrein van die wetenskap. Tog kan wetenskap nie losge=maak word van God se gesag nie, want sou ons dit doen, word wetenskap 'n mikro-koninkryk — dus nie deel van Christus se Koninkryk nie. Niks, maar niks, is uitgeslote uit die Koninkryk van Christus nie! Die verlossing van Christus strek oor die ganse kosmiese werklikheid: ook oor die sfeer van die wetenskap. Die mens se religie hang dus ten nouste saam met die feit dat hy geskape is na die beeld van God. Deur sy "religie" word die mens as 'n religieuse wese getipeer. Sy religieuse-hart was voor die sondeval anastaties, op God gerig, maar na die sondeval is dit gerig op die verabsolutering van iets in die onselfgenoegsame skepping self. Hierdie apostatiese hart kan alleen deur die soenverdienste van Jesus Christus en deur die werking van die Heilige Gees, teruggebring word na God. Sodra hier=die hartsvernuwing (wedergeboorte) plaasvind, lê die Christelike religie beslag op die hart van die mens en dra hy vrugte wat God welbehaaglik is. Die mens se totale doen en late, word dan georiën=teer in die lig van die Heilige Skrif.

Wanneer die mens se hart egter apostaties bly, dra dit die stempel van een of ander valse religie. Ongelukkig vind ons in die harte van talle Christelik georienteerde denkers 'n dualisme! Dit spruit uit die feit dat hierdie denkers hul hart prysgee aan talle teen=strydige lewensbeginsels en hierdie teenstrydighede, hierdie dualisme, werk deur na die wetenskap.

12/.......

1.2.3 LEWENS- EN WERELDBESKOUING.

Duvenhage vra die vraag: "Is die integrasie van die lewensbeskouing in die wetenskapsbeoefening moontlik, legitiem of selfs noodsaaklik" (cf. Roeping en werklikheid, 236). Botha stel dit duidelik "dat ons moet besef dat die aard van 'n lewens- en wêreldbeskouing inderdaad allesomvattend is" (cf. haar artikel "Wetenskap en Lewensbeskouing" in Roeping en Riglyne, Maart 1985, 13). Strauss skryf ook: Die belangrike invloed van 'n lewens- en wêreldbeskouing word beklemtoon deur hierdie feit dat dit allesomvattend is, dat dit met ander woorde elke faset van die menslike lewe raak (cf. Strauss, D.F.M., se diktaat: Lewens- en wêreldbeskouingsleer, U.O.V.S., 2). Of die mens bewus is daarvan of nie, besit hy 'n bepaalde beskouing aan=gaande die oorsprong van die mens self, asook die res van die skepping en daarmee saam besit hy ook 'n bepaalde beskouing oor die bestaan, voortbestaan en bestemming van die mens self, asook van dit waarmee hy daagliks in sy lewe en die wêreld rondom hom, in aan=raking kom. Vir Stoker is 'n lewens- en wêreldbeskouing die geheel van antwoorde op fundamentele vrae aangaande die ware God (of wie of wat ook al afvallig in die plek van God gestel word), aangaande die mens en hul onderlinge verhouding en aangaande die kosmos (cf. Stoker, H.G., 1967, Deel 1, 5; asook Heyns, J.A., 1964, 330). "Le=wens- en wêreldbeskouing is dan 'n soort totaliteitsperspektief op die werklikheid, ....." (Schoeman, P.G., 1983, 246). Elke mens oriën=teer homself t.o.v. die werklikheid om sodoende 'n bepaalde totaal=beeld van die werklikheid daar te stel. "Derhalwe bied die lewens- en werklikheidsbeskouing 'n 'verwysingsraamwerk' waarbinne die mens tot selfbegrip kom; waarbinne hy m.a.w. homself as individuele per=soon kan identifiseer. Hierdie lewens- en wêreldbeskouing verskaf in breë die normatiewe riglyne vir die doen en late van die mens (Ibid., 246).

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat dit nie alleen die Chris=tenmens is wat oor 'n lewens- en wêreldbeskouing beskik nie. Elke mens het 'n bepaalde beskouing aangaande die oorsprongsgrond van die geskape werklikheid — elke mens se "hart" (as religieuse kulmi=nasiepunt van die menslike akte) is óf op God gerig óf op afgod.

Die bepaalde religieuse grondmotief wat nou beslag lê op die "hart" van die mens sal 'n beslissende uitwerking hê op sy bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. Lg. het weer 'n fundamentele uitwerking op elke lewensuiting van die mens. Die eie aard van die lewensbeskouing impliseer dus dat die lewensbeskouing 'n invloed sal uitoefen in die wetenskapsvorming, want die "lewensbeskouing besit 'n religieuse dryfkrag wat hom nie laat isoleer nie, die menslike persoon is 'n eenheid wat hom nie meganies in kompartemente laat verdeel nie. Die seggenskap van God is nie beperk tot een sektor van die menslike lewe nie"(De Klerk, W.J., _et al._, _op. cit._, 273-274). Hieroor merk Kuyper op: "Geen duimbreed is er op heel't erf van ons mensche=lijk leven, waarvan Christus, die aller souwerein is, niet roept: 'Mijn'" (Strauss, D.F.M., _op. cit._, 4).

Vanweë die feit dat die Christenmens die Christelike religieuse grond=motief as dinamo in sy geestelike sentrum besit, is dit noodwendig so dat hy vanuit hierdie in Christus-herbore hart, geroepe voel om te kom tot Christelike lewensuitgange — Christelike denke, Chris=telike wetenskap, Christelike ekonomie, Christelike taal, Christe=like liefde, Christelike godsdiens, ens. Soos Strauss dit stel: "Die _omvattende_ Bybelsverankerde _ver-Christeliking_ van die ganse lewe _teenoor_ die _verskralende_ Roomse _ver-godsdienstiging_ en _ver-kerkliking_ daarvan" (_Ibid_., 3). As die Christelike religieuse grondmotief beslag lê op die hart van die mens is die noodwendige implikasie dat hierdie persoon 'n Christelike lewens- en wêreldbe=skouing sal huldig, want die grondmotief wat beslag lê op die hart, bepaal alle uitinge van die mens.

Die noue verband tussen religie en lewens- en wêreldbeskouing is onmiskenbaar — die religie wat die hart ten grondslag lê bepaal en stuur die lewens- en wêreldbeskouing in een van die twee genoemde rigtings.

1.2.4 DIE CHRISTELIKE LEWENS- EN WERELDBESKOUNG.

Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing berus op Bybelse waar=

hede soos o.a. (Strauss, H.J., 1964, 22):

1. God Drie-Enig, die God van die Skrifte, is die Skepper van die ganse geskape werklikheid:

   Gen. 1:1 "In die begin het God die hemel en die aarde geskape".

2. Die mens is geskape na die beeld van God: (cf. die artikel van Schrotenboer, P.G., in <u>International Reformed Bulletin</u>, Okt. 1967, 11):

   Gen. 1:26,27 "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape: na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het hy hulle geskape",

3. God is die Onderhouer en Voleinder van alle dinge:

   1 Kor. 8:6 "tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom".

   Kol. 1:16 "want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsien=lik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape".

4. God het 'n bepaalde kosmiese wetsorde geskape waaraan elke skepselding onderworpe is.

5. Die mens is te onderskei van sy aardse tuiste. Slegs die mens

is beelddraer van God, terwyl die aarde deur die mens onderwerp en beheers moet word tot eer van sy Skepper, deur gehoorsaam=heid aan die wet van God.

6. Die eerste mens, Adam het a.g.v. sy ongehoorsaamheid in sonde verval en daarmee saam is die ganse geskape werklikheid getref deur die radikaliteit van hierdie ongehoorsaamheid.

7. Die mens, asook die res van God se skepping, roep nou om verlossing. Christus tree nou onmiddelik na die sondeval, in as Verlossingsmiddelaar en Herskeppingsmiddelaar. In Christus hou alle dinge nog stand na die sondeval. Daarom praat ons van die kosmiese verlossing van Christus.

8. Alleen Christus kan die verloste sondaar terugbring na gehoor=saamheid aan die wet van God.

9. Alleen deur 'n in Christus herbore hart, word Christus se ge=hoorsaamheid aan die wet van God, ons deel.

10. Wie nou getroue Christene wil wees, moet leef binne die kader van die verbondskerk van Christus.

11. Die Heilige Gees wat uitgaan van die Vader en die Seun, maak ons deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig. Die Heilige Gees pas die werk van Christus toe in ons harte (Feenstra, J.G., 1968, 58-59).

Hierdie lewens- en wêreldbeskouing bring ons tot helderheid aangaande ons Christelike visie op onsself, ons Christelike lewensroeping en ons wêreldtuiste.

Wie dus bely dat hy 'n in Christus-herbore hart besit, word meteens geroep tot diens van God met die hele hart: in elke lewensuiting en elke lewensvorm.

Samevattend wil ons hier afsluit met hierdie woorde van D.F.M.

16/.......

Strauss: "Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing word gedra deur die sentrale boodskap van die Heilige Skrif wat hom aan ons ontvou in die perspektief van skepping, sondeval en verlossing deur Christus Jesus in gemeenskap met die Heilige Gees. Hierdie sentrale sin van Gods Woord moet inderdaad die allesopeisende dryfkrag en stukrag van die herbore Christen se lewe word, dit moet die grond-motief wees van sy lewenswandel tot in die geringste aktiwiteit, of hy eet of drink of enigiets doen (1 Kor. 10:31), rig op die verheerliking van God en op die vestiging van Sy lewens=omvattende Koninkryk wat in elke opsig antiteties staan teenoor die magte en die ryk van die duisternis" (Strauss, D.F.M., op. cit., 4).

1.2.5 LEWENSBESKOUING EN WETENSKAP.

Dit is onmiskenbaar dat wetenskap vanuit 'n bepaalde lewensbeskouing vloei. Vanweë die feit dat 'n lewensbeskouing groei vanuit die oor=tuigings van die hart, is dit dus meer fundamenteel as wetenskap. Die wetenskapsgebou word opgetrek met hierdie voorwetenskaplike lewensbeskouing as fondament én koersaanduider.

Die verskil tussen lewensbeskouing en wetenskap is daarin geleë dat eersgenoemde gevorm word deur opvoeding en beïnvloeding, terwyl laasgenoemde gevorm word deur opsetlike metodiese en doelgerigte navorsing binne die kader van die besondere wetenskappe.

Sou die lewensbeskouing nou gedryf word deur die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing, sal hierdie wetenskaplike arbeid (die versameling van kennis aangaande die geskape werklikheid), geskied tot eer en verheerliking van God se Naam. Indien hierdie lewensbeskouing egter deur 'n apostatiese religieuse grondmotief ge=dryf word. sal dit bloot gaan om die versameling van kennis ter wille van kennis — kennis word dan as't ware tot koning verabsoluteer. Hierdie tendens vind ons duidelik by die Scientalisme. Met goeie reg kan ons dan nou sê dat 'n bepaalde lewensbeskouing 'n bepaalde uitwer=king sal openbaar t.o.v. wetenskaplike denke. Die religieuse oor=tuigings van die hart, noop die mens tot 'n bepaalde lewensbeskouing en hieruit vloei o.a. die wetenskaplike se wetenskapsidee. Die ver=

band tussen lewensbeskouing en wetenskap kan dus nie geloën word nie: daar bestaan 'n hegte band tussen religie, lewensbeskouing en wetenskap.

## 1.3 RELIGIEUSE DENKPOLE IN DIE WESTERSE WETENSKAP.

Aangesien hierdie tema reeds deur talle vorsers weldeurdag behandel is, beperk ons ons in hierdie werk tot enkele verwysings na die denkpole binne die vier belangrike religieuse grondmotiewe vanaf die antieke Grieke tot op die hede.

Die vier grondmotiewe wil ons dan as volg behandel:

1.3.1 Die Grieks-heidense grondmotief van vorm (idee) en materie (verganklike sigbare).

1.3.2 Die Roomse Skolastiese grondmotief van natuur en genade.

1.3.3 Die Humanistiese grondmotief van natuur (wetenskapsideaal) en vryheid (persoonlikheidsideaal).

1.3.4 Die Christelike grondmotief van skepping, sondeval, verlossing en voleinding.

### 1.3.1 DIE GRIEKS-HEIDENSE GRONDMOTIEF VAN VORM EN MATERIE.

Hierdie grondmotief se wortels word alreeds teruggevoer tot die oudste Griekse denker, nl. Thales. Eers vanaf die tyd van Aristo= teles (384-322 n.C.), het die motief bekend gestaan as die motief van vorm en materie toe Aristoteles dié benaming in sy metafisika gebruik het.

Griekse wysbegeerte het as sulks, in die sesde eeu voor Christus in die kultuurkringe van Milete begin (Kock, 1975, 71), toe daar deur die natuurfilosofie van Milete op 'n wysgerige antwoord gesoek is na die oorsprong en begin van alles wat in die wording van die tyd opgeneem is (Strauss, D.F.M., et al., 1978, 7). Vanuit hierdie

natuurfilosofie as vertrekpunt, ontwikkel die wysgerige denke van die Grieke.

Ten einde die Griekse grondmotief in perspektief te sien, moet daar teruggegaan word na die oorsprong daarvan. Histories gesproke vind ons die wortels van die materie-motief terug in die ou Griekse na= tuurgodsdienste.

Binne hierdie natuurgodsdienste, vind ons verskillende skakerings. Hierdie godsdienste het verband gehou met die aarde, ander met die see, en nog ander met die hemelruim. Elkeen het gepaard gegaan met 'n ander godsvoorstelling en verering. Die gemeenskaplike religieuse tendens by elkeen was egter die konsepsie van 'n ewig-vloeiende lewenstroom wat geen vaste vorm vertoon het nie. Elke ding wat dan 'n bepaalde vorm aanneem, was 'n soort afsplitsing uit die lewens= patroon. Maar a.g.v. die vreesaanjaende heerskappy van die noodlot (Ananké), keer hierdie dinge met vorm en gestalte weer terug na die goddelike lewenspatroon. Hierdie tendens wat werksaam is agter die natuurgodsdienste, is die materie-motief (cf. hieroor o.a. Schoeman, P.G., 1983, 12-15).

Aan die anderkant vind ons die Olimpiese kultuurgodsdiens wat hul oorsprong vind by, wat Dooyeweerd noem. "digterteoloë, soos Homeros en Hesiodos. Hierdie manne het die berg Olympos gaan beset met 'n reeks van gode wat hul eie kenmerke gehad het. Dié gode verlaat nou "moederaarde" en gaan woon op die berg Olympos, sodat hulle nie meer bloot as natuurgode beskou kan word nie. Hierdie gode is nou radikaal anders as die ou natuurgode, omrede hulle nou 'n sogenaamde "stralende gestalte" besit, wat buite die bereik van sintuie val. Binne hierdie konteks vind ons nou die motief van vorm, maat en harmonie omdat hierdie gode immers 'n maatvolle en harmoniese vorm = bestaan het. In hulle tyd het die "digterteoloë gepoog om aan die volk te toon dat hierdie vormgode uit die natuurgode self ontstaan het. Dit het egter misluk, want hierdie vormgode, met hul aristo= kratiese karakter, was te ver verwyder van die gewone Griekse mens; ook hul sedes was alles behalwe onberispelik.

19/.......

Die Olimpiese godsdienste het wel die amptelike godsdiens in die Griekse stadstaat geword, maar in die private sfeer van die gemoed, het die Griek vasgehou aan die ou natuurgodsdiens. In die Griekse religieuse besef, was daar dus die gronddualisme van vorm-materie.

Dit is duidelik dat hierdie motief sterk deurgewerk het in die natuur-genade motief van die Roomse Skolastiek, met Thomas Aquinas as grondlegger.

1.3.1.1 PLATO EN ARISTOTELES.

Plato: Hy deel die kenbare en kennis as volg in: die sigbare dinge val in die ryk van die wording — hier is slegs menings moontlik; teenoor die sigbare stel Plato nou dit wat slegs denkbaar is en be= hoort tot die ryk van selfstandighede. Hy maak dus ŉ skeiding tussen die verganklike sigbare sfeer van materiële wording en die statiese bo-sinnelike vorme (idee). Reeds dit toon al die duidelike spanning tussen die vorm-materie grondmotief aan (Strauss, D.F.M., Kompendium II, 1978, 4; asook Lee, N., 1969, 84-85).

Aristoteles: Dit was Aristoteles wat, in sy Metafisika, die reli= gieuse grondmotief van vorm en materie vir die eerste keer genoem het. As sulks vind die grondmotief sy oorsprong alreeds in die voor-Christelike tydperk in (soos Kock dit noem), ŉ "pagane motief" (1975, 68).

Aristoteles beskou God as ŉ onbewoë beweger wat as eerste substansie losgedink van alle materie optree, in die hoedanigheid van vorm-oorsprong. Al die eienskappe wat Aristoteles nou in die kosmos ontleed, betrek hy, óf op die materie, óf op die vorm. Vir hom is o.a. kwaliteit dan ŉ kategorie van vorm, maar kwantiteit ŉ vorm van materie. Aristoteles poneer dan dat alles wat veel is in getal, materie besit, maar die eerste wesenlike sy is "entelecheia" en besit geen materie nie. Hy merk dan op dat die eerste onbewoë be= weger, een is volgens begrip en getal.

Strauss sê egter: "Indien getal ŉ kategorie van materie is en indien die onbewoë beweger materie uitsluit, is dit kontradiktories

om te beweer dat God een is ......" (Strauss, D.F.M., Kompendium II, 1978, 2).

Aristoteles depresieër die materie nog meer as Anaxagoras wanneer hy die materie beskou as 'n blote moontlikheid van syn. Plato se vormmodelle (idee) maak Aristoteles tot inmanente syns-beginsels. Slegs die suiwere vorm of goddelike nóus word deur Aristoteles as 'n substansie beskou. Alle ander lewensvorme bestaan slegs as sub= stansie in hulle onverbreeklike samehang. Die teenstelling tussen vorm en materie, by Aristoteles, word ook hieruit duidelik (cf. hier= oor verder Lee, N., 1969, 87-88).

Op die terrein van sy universalistiese teologie, verklaar Aristoteles dat die ganse werklikheid verstaan moet word na analogie van 'n or= ganiese geheel en sy dele wat bepaal word deur die vorm-materiemo= tief. Hy herken dan 'n dubbele doelmatigheid in die natuur: die eerste is 'n orde waarvolgens elke ding van nature na sy eie vervol= making streef; die tweede is 'n orde wat veronderstel dat alle dinge as't ware "in 'n trappebou van stof en vorm , potensie en aktualiteit, middel en doel met mekaar in verband gestel word". Dit beskou Aris= toteles as natuurwette (Kock, 1975, 82).

A.g.v. die feit dat die Griekse denkers aangedryf is deur 'n valse grondmotief, kom hulle nooit tot 'n totaalbeeld van die werklikheid nie. Regdeur die geskiedenis van die Griekse filosofie, is die duidelike spanning tussen die vorm- en materiemotief aanwesig. Hier= die Grieks-heidense grondmotief sou later 'n noemenswaardige rol speel binne die kader van die Roomse Skolastiek.

### 1.3.2 DIE ROOMSE SKOLASTIESE GRONDMOTIEF VAN NATUUR EN GENADE.

Aangesien ons meer aandag aan hierdie onderwerp sal bestee in hoof= stuk 3, stip ons net die hooftrekke hier aan.

Die Roomse skolastiek ontwikkel in die twaalfde en dertiende eeu na Christus, toe daar gepoog is om 'n versoening te bewerkstellig tussen natuur en genade (sintesefilosofie). Die filosofie van Thomas

van Aquino het hier ŉ duidelike invloed gehad.

Hierdie grondmotief kom daarop neer dat die mens die besitter is van ŉ sg. redelike natuur, wat ŉ kompositum is van ŉ materie-lig=gaam en ŉ redelike sielesubstansie wat die substansiële van die materie-liggaam is. Hierteenoor stel Rome die genade-sfeer wat dan van ŉ hoër orde is as die natuur. Op die terrein van die natuur tree die menslike rede nou op, maar op die terrein van genade speel die geloof die sentrale rol. Dit bring mee dat wetenskap (maar ook die staat, kuns, ekonomie, ens.), op die terrein van die natuur ge=plaas is — los van die genade. Die redelik outonome rede van die mens speel die sentrale rol op die terrein van die natuur — sonder sy geloofsoortuiginge. Tot die terrein van genade behoort dan net die teologie. Hier speel die Roomse Kerk as instituut, die primêre rol.

Die terrein van die natuur is dan losgemaak van die gesag van God, want "filosofie en al die ander wetenskappe het slegs die natuurlike lig van die rede nodig. Die filosoof se resultate is resultate van die rede" (cf., Smit, J.H.. in Kompendium, Deel II, 1978, 19).

Alleen die terrein van die genade impliseer dan ŉ God-gerigtheid. Slegs die teoloog beweeg op die terrein, want, alhoewel hy ook die rede gebruik, verkry hy sy beginsels d.m.v. die geloof.

Hierdie standpunt sluit dus die ideaal van Christelike wetenskap totaal uit — net teologie is Christelike wetenskap, want die filo=soof rig hom met sy rede op die natuurlike terrein en is profaan, die teologie, daarenteen, rig hom met die geloof op die bo-natuurlike en is heilig (Smit, J.H., a.w., 19).

Die Roomse dualisme het dus alle wetenskappe (uitgesonder die teolo=gie) prinsipieël as religieus-neutraal bestempel. Hierdie skynneu=traliteit is steeds aan die orde van die dag. Ons noem dit ŉ skyn=neutraliteit vanweë die religieuse basis van hierdie standpunt.

22/.......

## 1.3.3 DIE HUMANISTIESE GRONDMOTIEF VAN NATUUR EN VRYHEID. (WETENSKAPSIDEAAL EN PERSOONLIKHEIDSIDEAAL)

Ook hierdie hoofstroming wat die band tussen religie en wetenskap breek, sal meer aandag kry in hoofstuk 3. Ons gee voorlopig dus ook net die hooftrekke van hierdie humanistiese grondmotief hier weer met verwysing na die wetenskapsideaal en die persoonlikheids=ideaal.

Hierdie grondmotief vind sy oorsprong tydens die Renaissance. Die mens het teruggegryp na die Griekse (maar ook die Romeinse) oudheid, maar daarin is ook gestalte gegee aan 'n nuwe ideaal: die vrymaking van die mens sodat hy self wette vir sy ganse lewe kan stel. Soos Strauss dit stel: "......., die <u>outo-nome</u> (self-wet-stellende) mens is op die troon geplaas" (Strauss, D.F.M., <u>Diktaat</u>, 18). Die huma=nistiese vryheidsideaal hou in die volstrekte outonomie van die menslike persoonlikheid — vry van bo-natuurlike magte en tradisio=nele opvattinge. Hierdie persoonlikheidsideaal sluit dan in "de outonome mens, die zich vrij weet van iedere outoriteit buiten zichzelf en die zijn lot in eigen handel zal nemen" (Kalsbeeck, L., 1974, 138). Die vermeende outonome mens met sy outonome rede word dus in die sentrum van alle dinge geplaas. Ten diepste het ons dus hier te doen met die mens wat soos God wil wees (Kock, 1975, 89).

Die humanis strewe ook om die natuur in volkome outonome vryheid te beheers. Hierdie strewe het spoedig aanleiding gegee "tot die ideaal van 'n alles-insluitende en -verklarende natuurwetenskap en hierdie (natuur-) wetenskapsideaal het die selfgeskepte rede-god van die humanis tot rigsnoer gehad, wat (teoreties) selfs Gods skeppingstaak moes oorneem" (Strauss, D.F.M., op. cit., 8).

Dit was bekende name soos Descartes, Spinoza, Lebniz, Locke, Comte en Marx wat die wetenskapsideaal bevorder het. Hulle het die eie aard van die menslike praktiese lewe misken en die hele lewe onder die diktatuur van die wetenskap geplaas (cf. Heiberg, P.J., I.B.C. studiestuk nr. 42, 1).

Die humanis het nou al sy hoop geplaas op en sy verlossing gesoek deur die wetenskap. Die wetenskap sou hom dan die ware perspektiewe bied, ten einde 'n "gelukkige mens" te wees — met 'n outonome per=soonlikheid. Wetenskaplike kennis het vir die mens ook die wapen geword waarmee die mens sy pad na die toekoms oopgemaak het (cf. Schuurman, E., 1977, 11).

D.m.v. "rekonstruerende skeppende denke", word die ganse werklikheid nou deur die humanistiese wetenskapsideaal tuisgebring onder volkome gedetermineerde meganiese wette. Die nuwe wiskundige metode van analise moes nou die hulpbron word om al "skeppend denkend" 'n nuwe kosmos teoreties te konstrueer. Strauss stel dit egter duidelik dat dit nou vanself spreek dat die vryheid van die menslike persoon=likheid "gedegradeer word tot 'n kousale gedetermineerdheid wat in onvryheid blinde natuurwette gehoorsaam" (Strauss. D.F.M.. Kompen=dium I, 1978, 9; cf. ook Schuurman, E., 1977, 12-13). Die weten=skapsideaal van die humanis het in der waarheid sy persoonlikheids=ideaal opgehef — al is die wetenskapsideaal juis deur die beheer=sing van die persoonlikheidsideaal in aansyn geroep.

Konflik tussen die persoonlikheidsideaal en die wetenskapsideaal was dus onvermydelik. Daarom dat Strauss poneer dat: "Die ideaal van die outonome vryheid van die menslike persoonlikheid (die persoonlikheidsideaal), wat uit die innerlike aandrang geboorte ge=skenk het aan die beheersingstrewe soos gerig op die ideaal van 'n omvattende natuurwetenskaplike determinering van die werklikheid (die natuurwetenskapsideaal) sou egter spoedig in konflik met sig=self kom" (Strauss, D.F.M., Kompendium I, 1978, 9).

Rousseau en Kant het voorrang toegeken aan die persoonlikheidsideaal, terwyl Hobbes, Descartes en Leibniz voorrang toegeken het aan die wetenskapsideaal.

Die neiging tot rasionalisme het deeglik sy beslag gekry in die denke van Descartes. Hy was oortuig dat hy bestaan omdat hy dink: "Cogito ergo sum". Na Descartes het die wetenskapsideaal met sy eg rasiona=listiese en deterministiese trekke, so ontwikkel dat dit die persoon=likheidsideaal in die beginsel bedreig het (Schoeman, P.G., Kompen=

dium I, 1978, 25).

By Rousseau het hierdie spanning uitgegroei tot 'n egte krisis en daar=om reageer hy heftig teen die heerskappy van die wetenskap in die rasionalistiese kultuur van sy tyd. Daarom dat hy in sy The Social Contract(Boek I, Hoofstuk I) skryf: "Man is born free; and every=where he is in chains". Hy poog nou daadwerklik om die mens los te maak van die rasionalistiese wetenskapsideaal (Strauss, D.F.M., Kompendium II, 1978, 6).

By Kant het die humanistiese natuurwetenskapsideaal slegs 'n beperkte posisie ingeneem. Kant beperk die natuurwetenskapsideaal tot die sfeer van die sintuigelik-waarneembare verskynsele. Hierdie ideaal leef dus by die "grasie van die rasionalisties-verselfstandige denk=funksie as a-prioriese wetgewer van die natuur" (Strauss. D.F.M., Kompendium II, 1978, 10-11).

Hierdie humanistiese vryheidsideaal met sy sekularistiese vryheids=opvatting staan egter reg teenoor wat die Skrif leer. Pertinent stel die Skrif dat die mens slegs in Christus sy vryheid vind. Alleen Christus kan die mens "verlos van die sonde-slawerny en vrymaak tot gehoorsaamheid aan die Godgestelde skeppingsbeginsels vir die ganse lewe" (Strauss, D.F.M., Kompendium I, 1978, 9).

### 1.3.4 DIE CHRISTELIKE GRONDMOTIEF VAN SKEPPING, SONDEVAL, VERLOSSING EN VOLEINDING.

In die vierde eeu na Christus het die Christelike grondmotief o.l.v. Augustinus sterk na vore getree. Hy breek totaal met die Griekse verlede. Augustinus aanvaar die absolute Skeppersoewereiniteit van God sonder voorbehoud; daarmee saam ook die radikale betekenis van sondeval en verlossing. Hierdie grondmotief, wat ons ook in die hart gegryp het, vind egter sy oorsprong by God self, en is geopenbaar aan die mens in God se besondere openbaring aan die mens, nl. Die Bybel. Vir die Christen is dit n saak van die hart (voor-wetenskaplik dus) dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is. Hierdie hart wat op die diens van God gerig is, se uitgange word gedra en gestuur deur die vrese van die Here en die eer van God —

soos duidelik beklemtoon deur die Calvinistiese lewens- en wêreld=beskouing.

Ons wil dit duidelik stel dat die Christelike grondmotief nie 'n stel Christelike uitgangspunte is nie; dit is ook nie 'n Christelike geloofsbelydenis nie, en nog minder bloot Christelike beginsels. Dit is veel meer. Soos Kock dit stel: "Eintlik is dit niks anders nie as daardie kragdadige en wonderdadige werk van God self, wat die heilige algemene Christelike Kerk (te verstaan as die Koninkryk van die lig in sy volle omvang) in aansyn roep, in stand hou, regeer en aan elke ware Christenmens die daadwerklikheid en die sekerheid gee, dat hy daarvan 'n lewende lidmaat is, en dit vir ewig sal bly" (Kock, 1975, 23).

Die Christelike grondmotief bepaal en stempel inderdaad "die Christelike religie as die geestesuitrusting van die volle mens uit al die uitgange van sy hart, wat dus baie meer as die godsdiens in enger sin beteken" (Lombard, J.C., Diktaat 1,26).

In dié sin is die Chrstelike grondmotief dus wortelbepalend vir alle lewensuitinge van die mens wat in Christus herbore is. Dit is egter God self wat die mens in die hart gryp deur sy Heilige Gees en deur die Heilige Skrif. Van die Christelike grondmotief skryf Dooyeweerd tereg: "In het religieuze grondmotief der Heilige Schrift, gaat het allereerst om de drijfkracht van Gods woord door de Heilige Geest, die de religieuze wortel van ons leven omzet en van daaruit in alle tijdelijke levensuitingen door-dringt" (Dooyeweerd, H., 1963, 11). Die mens word dan in-Christus, werksaam in die Koninkryk van God, wat alle lewensuitinge van die mens insluit. Hierdie sentrale grond=motief van Gods Woord moet, aldus Strauss, "inderdaad die allesop=eisende dryfkrag en stukrag van die herbore Christen se lewe word, dit moet die grond-motief wees wat sy lewenswandel tot in die gering=ste aktiwiteit, of hy eet of drink of enigiets doen (1 Kor. 10:31), rig op die verheerliking van Sy lewensomvattende Koninkryk wat in elke opsig antiteties staan teenoor die magte en die ryk van die duisternis" (Strauss, D.F.M., Diktaat, 4).

Hierdie Christelike grondmotief wat dus radikaal en integraal fungeer, raak die wortel van alle dinge aan en het sodoende wortelbetekenis vir die kennis. Aangesien die werklikheid in die wortel dus een en ongedeeld is, is hierdie religieuse grondmotief integraal (same= vattend of allesomvattend) (cf. o.a. Van der Linde, H.J., 1978, 81).

Om in die woorde van Kock saam te vat, staan die Christelike grond= motief dus op die volgende ankers: "alles, van hoog tot laag is geskape, word deur Gods voorsienigheid in stand gehou en deur Hom geregeer. Alles is deur die sondeval in God-vervreemding gesleep en in Gode-vyandigheid omgekeer. En in Christus as Herskepper, word 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde beoog, gewaarborg en uiteindelik gewerk" (1975, 17).

Dit beteken dat die Bybelgetroue grondmotief geen fout of sonde vind in die skepping en die strukture daarvan, as sodanig nie: daar is in Gods handewerk geen prinsipiële dualisme nie! Dit word by die wortel afgesny deur die waarheid wat Ps. 24:1 stel:

> "Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon; .....",

asook Ps. 148 waar die ganse skepping, w.o. die mens, opgeroep word om God te loof en te eer. Vgl. ook hier 1 Tim. 4:4-5:

> "want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie; want dit word geheilig deur die Woord van God en die gebed".

Die betekenis van hierdie grondmotief is hierin geleë: "God lê, deur sy genade en op grond van die soenverdienste van Christus, weer eens beslag op die afvallige en verlore hart van die mens en dryf dit aan deur sy Woord en Gees. Alle lewensuitinge van die mens word hierdeur op God gekonsentreer, en hier het ons te doen met die Skrif= tuurlike ideaal wat aan die lewe van die mens gestel word: SOLI DEO GLORIA!" (Schoeman, P.G., 1983, 20).

### 1.3.4.1 WAT WORD BEDOEL MET BYBELSE PERSPEKTIEWE?

Die vraag in ons opskrif kan ook as volg geformuleer word: watter perspektief bied die Heilige Skrif vir die beoefening van wetenskap op 'n Christelike basis? Wanneer ons nou spreek van Bybelse perspek= tiewe vir die wetenskap, wil ons dit duidelik stel, dat die Bybel beslis geen wetenskaplike handboek is nie. Die Bybel bied geen eksakte wetenskaplike kennis vir die wysbegeerte en die besondere vakwetenskappe nie. Die biblisistiese Skrifuitleg is in die opsig vir ons onaanvaarbaar. Die biblisisme (asook die fundamentalisme) wil talle wetenskaplike en nie-wetenskaplike gegewens met 'n enkele Bybelteks bewys (cf. Floor, L., se artikel in Wetenskap en Woord, 1984, 6). Die geïnspireerde Bybelskrywers het dit nie ten doel ge= had om 'n stel reëls vir die vakwetenskappe daar te stel nie. Tog bied die Skrif waarhede wat vir die besondere wetenskappe ter sake is. Hierdie Skrifperspektiewe moet dan gesien word binne die groter raamwerk waarbinne alles in die geskape werklikheid bestaan. Duven= hage verstaan onder Skrifperspektiewe dan "die groter raamwerk waar= in alle dinge in verhouding tot God gestel word" (Duvenhage, B., 1981, 20-21). Skrifgegewens of — perspektiewe vervul dus die hoë funksie van 'n kompas vir die ganse lewe van die mens, w.o. ook sy wetenskapsbeoefening; hierdie gegewens het egter beslis nie die funksie van 'n gedetailleerde padkaart nie (cf. Botha, E.M., in Metaforiese perspektief en fokus in die Wetenskap, 1984, 100). Skrifperspektiewe dui dus die rigting aan waarin die wetenskap moet ontwikkel. Ook vir die wetenskap bied die Bybel dus riglyne — riglyne wat die wetenskaplike noop om sy arbeid te verrig binne die kader van: SOLI DEO GLORIA! Die denker wat dan in sy hart gegryp is deur die allesdekkende gesag van die Skrif, sal tot die besef kom, dat hierdie openbaring Gods, ook perspektiewe bied vir sy wetenskaplike arbeid.

Die in Christus herbore mens kom tot die belydenis dat die Heilige Skrif die geïnspireerde (o.a. 2 Tim. 3:16/ 2 Petr. 1:21) Woord van God is. Teen die agtergrond van sy belydenis van die gesag van Gods Woord, kom die Christendenker tot die oortuiging dat:

28/.......

"U Woord 'n lamp is vir my voet en 'n lig op my pad" (Ps. 119:105);

"....., in U lig sien ons die lig" (Ps. 36:10);

"Die vrees van die Here is die beginsel van kennis; .......; (Spreuke 1:7 (a) ).

Op die vraag: "Watter perspektiewe bied die Bybel dan vir die beoefening van wetenskap op 'n Christelike basis?", is ons antwoord:

* God is die Oorsprong van die ganse geskape werklikheid (in sy ryke verskeidenheid) en tegelyk transendent — daarbo verhewe.

  Gen. 1:1 "In die begin het God die hemel en die aarde geskape".

  Rom. 11:36 "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen".

* Die feit dat God bo die skepping verhewe is, impliseer dat God en kosmos op <u>géén</u> wyse te vereenselwig is nie. Daar is niks in of van God wat kosmos is nie, en ook <u>niks</u> in of van die kosmos is goddelik nie. Vir Sy bestaan is God op geen enkele wys afhanklik van die kosmos nie, maar die kosmos, daarenteen, kan vir geen oomblik sonder God bestaan nie (cf. Heyns, J.A., en Jonker, W.D., 1974, 33-34). Dit impliseer dus dat <u>niks</u> in die kosmos verab=soluteer mag word nie — vanweë die onselfgenoegsaamheid daarvan.

* God het 'n bepaalde wetsorde vir sy skepping gegee. Hierdie kosmiese wette word dan gesien as Gods bevele tot ordelike bestaan en voortbestaan. "Die vastigheid van die kosmiese wette is gegrond in en vloei voort uit die vastheid, on=veranderlikheid en onwankelbaarheid van die ewige Raad van

29/.......

God" (Ibid., 34). Die verskillende wetenskappe is besig met die ontdekking en formulering van hierdie ingeskape wetsorde van God.

* Die mens is geskape na Gods beeld (Gen. 1:27); geskep as verteenwoordiger van God op die aarde. Hy ontvang van God die status in die skepping soos gestel in Ps. 8 — met unieke gawes en verantwoordelikhede.

* God gee 'n duidelike kultuuropdrag aan die mens:

Gen. 1:28 "En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip". (Vgl. ook Ps.8)

Wetenskap is ook kultuurvorming en dus ook uitvoering van die kultuuropdrag deur God aan die mens gegee.

* Alle menslike aktiwiteite (selfs iets soos die ete en die drinke — 1 Kor. 10:31) moet tot verheerliking van God verrig word, soos ook gestel in die eerste drie bedes van die Onse Vader.

Alle eer kom God alleen toe:

Openb. 4:11 "U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape". (Vgl. ook Ps. 148)

* Die wetenskap ondersoek die kreatuurlike, die onselfgenoeg=same, wat bestaan binne die kader van God se ingeskape Wets=orde.

30/.......

* God is die soewereine Heerser oor dit wat hy geskep het. Dit beteken dat alles van die skepping, met name ook die mens en sy wetenskap onderworpe is aan God en sy wette daarvoor gegee: en dit sluit ook die wetenskaplike arbeid in.

* Die radikaliteit van die sondeval het teweeggebring dat ons te doen het met ŉ abnormale werklikheid. Ook die mens se rede is deur die sobdeval getref — ons ken nou slegs ten dele. (Vgl. 1 Kor. 13:9)

* Die ganse skepping roep om verlossing in Jesus Christus. (Rom. 8:20-22). Direk na die sondeval tree Christus alreeds op as Verlosser en Herskepper. In Hom hou alles stand (1 Kol. 1:17). Hy alleen is die Weg en die Waarheid. Christus is die Skeppingsmiddelaar en ook die Herskeppings=middelaar en dan in kosmiese sin, want in Kol 1:17 en 20 is "alles" ter sprake. Dit sluit die mens en al sy lewens=uitinge, asook die res van die geskape werklikheid in.

* Die vertrekpunt van ons soeke na kennis is "die vrees van die Here" (Spr. 1:7).

  Spr. 9:10 "Die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here, en die kennis van die Heilige is verstand".

  Ps. 111: 10 "Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het ŉ goeie verstand. Sy lof bestaan tot in ewigheid".

  Job. 28:28 "Maar aan die mens het Hy gesê: Kyk, die vrees van die Here is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand".

Om saam te vat: Die Skrif bied die uiters belangrike perspektief

dat God die skepper van die ganse werklikheid is, maar daarmee saam dat God oor sy skepping regeer en dit onderhou. Ook is daar die Skrifperspektief van die sondeval waardeur die geskape werklikheid 'n gebroke werklikheid geword het. Dan volg die perspektief van verlossing deur Jesus Christus — nie net vir die mens nie, maar vir die ganse werklikheid (cf. Kol. 1:17). 'n Verdere belangrike perspektief wat die Skrif bied, is van die Koninkryk van God. Die ganse skepping is in 'n verhouding van kreatuurlike afhanklikheid en die gelowige in 'n verhouding van kinderlike afhanklikheid tot God geplaas (Floor, L., Ibid., 8).

Die Bybel roep met hierdie appél die wetenskaplike nie op om van sy vakwetenskap godsdiens (in enger sin) te maak nie, maar om te besef dat hy, as kroon van die skepping, met God se eiendom besig is en dit moet dus onderwerp en beheers tot eer van God. Hierdie, ons kan met vertroue sê, grootste Leitmotiv in die Bybel, beteken dat die mens onmiskenbaar geroepe is om die kultuuraktiwiteit van die wetenskap tot eer van God te beoefen en dit beteken in die lig van die Woord.

## 1.4 SLOTBESKOUING.

Teenoor die heidense denke van die Griekse vorm-materiemotief, het die Roomse teologie met sy Skolastiese dualisme van natuur en genade, dus nie die radikale en integrale Bybelse grondmotief gestel nie; en was dus wat die uitbouing van Christelike wetenskap betref, met magteloosheid geslaan. Daarom het Rome nooit werklik gekom by 'n grondliggende Christelike hervorming van die samelewing en die weten= skap nie en so die pad oopgesluit vir die Humanisme. Dit het 'n noodlottige dualisme gelaat deur net die kerkinstituut basies as heilig te sien, met 'n gepaardgaande verkerkliking van die wetenskap en die lewe, sonder Christelike hervorming van elke lewensgebied.

Die hervorming wat die Bybel sentraal gestel het, het na vore gekom, maar binne die hervorming sou dit Calvyn en sy werklike geestelike navolgers wees wat die perspektief van skepping, sondeval en ver= lossing radikaal sou stel, in aansluiting by dit wat Augustinus suiwer gestel het in sy teologie. Ongelukkig het, vanweë verskeie

faktore, ook die Calvinistiese-hervorming nie direk opvolgend en konsekwent deurgestoot tot uitbouing van 'n wetenskap op Christelike grondslag nie.

Terwyl die Roomse Skolastiek dus sterk bygedra het tot die seku=larisme, het die grondmotief van die humanisme as moderne geestes=mag teen die Bybelgetroue Protestantisme gebeuk en so neutraliserend ingewerk op eersgenoemde se invloed. Die titaniese worsteling tus=sen Bybelse Christendom en humanisme duur voort tot op hierdie stadium van die twintigste eeu.

# HOOFSTUK 2

## WAAROM CHRISTELIKE WETENSKAP?

### 2.1 INLEIDING.

Die groot kerkvader Augustinus het gesê: "U het my vir Uself geskape o God, en my hart bly onrustig in my totdat dit rus gevind het in U". Belangrik vir ons tema, is die feit dat Augustinus hier spreek van die "onrustige hart" wat "rus" soek in hierdie tydelike bestaan van die mens. Hiermee saam kwalifiseer Augustinus dat hierdie "hart" slegs "rustig" kan word wanneer dit rus vind in God Drie-Enig: die God van die Skrifte. Nou is dit so dat die mens vanaf die sondeval reeds soek na hierdie "rus" vanweë die abnormaliteit wat die sonde= val teweeg gebring het. Die mens in die wetenskap soek ook (soos duidelik blyk uit die verdeeldheid wat daarin bestaan) na hierdie rus. Dit het die in Christus herbore mens gelei tot daadwerklike pogings om die ganse menslike lewe terug te bring na sy ware Oorsprong. Ook t.o.v. die wetenskap moet daar Reformasie kom, sodat die weten= skaplike en sy besondere wetenskap, ook deur die belydenis van die Christelike religieuse grondmotief terruggebind kan word aan sy ware Oorsprong om sodoende hierdie rus te vind en die ware betekenis van die wetenskap daar te stel.

Die Christelike wetenskapsgedagte, wat gegrond is in die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval, verlossing en voleinding, is vandag meer as net ŉ ideaal wat leef in die harte van ŉ geïsoleerde kring van Calvinsities-georiënteerde mense (cf. Kock, P.de B., se artikel in Woord en Wetenskap, 1977, 12). Bewys hiervan is die talle boeke, artikels, referate, esm., wat reeds die lig gesien het, i.v.m. hierdie wetenskapsgedagte. Akademici word in toenemende mate bewus van die vanselfsprekende bestaansreg van Christuswetenskap. Voorbeelde hiervan vind ons nie net in die Christelike wysbegeerte en teologie nie, maar word ook uitgekristaliseer in o.a. die ekonomie (Goudzwaard,B.), die estetika (Rookmaker, H.R.), die staatsleer (Wessel F.J.H. en Strauss, H.J.), die etiek (Smit, J.H.), die opvoedkunde (Heiberg, J.), geskiedenis (Van der Merwe, B. de V.), sosiologie (Zeeman, M.T.S)

regswetenskap (Van Zyl, F.J.), fisika (Van der Berg, J.A.), biologie en wiskunde (Strauss, D.F.M.), en vele meer.

In die lig van wat hier bo aangestip is, blyk die belangrikheid van die Bybel, as openbaring Gods, duidelik, want hoe meer die oormag van die Woord op 'n mens beslag lê, hoe meer sal jy bewus word van die vanselfsprekende bestaansreg van Christelike wetenskap — wat dan, soos Lombard dit stel, "voluit wetenskaplik is, gerig deur die grondinset van Gods Woord" (cf. artikel in Woord en Wetenskap, 1977, 85).

By nadere bestudering van hierdie onderwerp word dit gou duidelik dat ons te doen het met 'n uiters omvattende en gekompliseerde vraag= stuk. Die gesekulariseerde denkers erken eenvoudig nie die bestaans= reg van Christelike wetenskap nie. Hulle ontken sodanige wetenskaps= beoefening, omdat daar 'n skeiding gemaak word tussen geloof en we= tenskap. Die wetenskap word religieus neutraal gestel (cf. 2.5.2). Geloof sal dan 'n besliste invloed het op die terrein van die kerk en die godsdiens, waarin die Christelike religie dan 'n bepalende rol speel, maar op die terrein van die wetenskap speel die mens en sy rede die primêre rol: alles wat hy hier vermag is uit, deur en tot homself. Dit dra o.i. daartoe by om die wetenskap te sekulari= seer; om wetenskap los te maak van die allesomvattende Koningskap van Christus. Geen wetenskap is egter religieus neutraal nie! Ven= ter skryf: "Elke wetenskap berus tog op 'n bepaalde wysgerige grond= slag en hierdie wysbegeerte is altyd die vrug van 'n religie wat be= slag gelê het op die hart" (Venter, E.A., Wysgerige Temas, s.j., 137).

Wat die probleem verder kompliseer, is "die feit dat belyers en ver= al teoloë wat geesteskinders van die Calvinistiese hervorming is, die totalitêre religieuse betekenis van die Bybelse grondmotiewe, met die EER VAN GOD as die sentrale Leitmotiv — vir die wetenskap ontken". Lombard herken dan tereg 'n contradictio in terminus, 'n religieuse dualisme, in hul geestelike lewe (Lombard, J.C., op. cit., 85). Dit is 'n dualisme wat verlammend inwerk op die daarstelling van die Christelike wetenskap.

## 2.2 WAT WORD BEDOEL MET DIE TERM "CHRISTELIKE WETENSKAP"?

Soos Stoker dit stel, is 'n naam slegs 'n linguale onderskeidingsteken. Die "onderhawige siening en beoefening van wetenskap verdien dan 'n eie naam, soos ook al die ander sienings en beoefenings van weten= skap elk 'n eie naam het" (1970, 121).

Dit is noodsaaklik dat ook die Christen sy wetenskap aan 'n besondere naam koppel, want die woord "wetenskap" is meersinnig. Reeds vanaf die tyd van Thales (ongeveer 600 v.C.) tot op hede, is talle weten= skapsideë gehuldig. Indien ons hierdie wetenskapsidee wil onderskei, is onderskeidende naamgewing onontbeerlik.

Stoker wys op talle ander benaminge wat reeds voorgestel is, maar tog onaanvaarbaar is. Daar word o.a. gewag gemaak van:

Gereformeerde wetenskap;
Calvinistiese wetenskap;
Skriftuurlike wetenskap;
Protestants-Christelike wetenskap;
Reformatoriese wetenskap.

Stoker stel dit tereg, dat "gereformeerde wetenskap" nie bevredig nie, want "teologie mag wel in hierdie verband 'gereformeer' genoem word, maar hierdie georiënteerde naam pas nie by Wysbegeerte, vak= wetenskap en interwetenskap nie. Wysbegeerte mag in hierdie verband Calvinisties genoem word, maar die naam pas nie by vak- en inter= wetenskap nie. Wetenskap het nie net met Gods Woord te doen nie, maar ook met die kosmos; daarom pas die naam 'skriftuurlik' hier nie. 'Protestants-Christelik' pas ook nie, omdat die parsieel-Christelike rigtings hiervan, die idee van 'Christelike wetenskap' (dit wat daarmee bedoel word) verwerp. 'Reformatories' pas om die= selfde rede ook nie en bowendien nie omdat die onderhawige wetenskap ook tot formasie en nie net tot reformasie nie, geroep is" (Stoker, H.G., <u>Ibid.</u>, 121).

Wanneer ons, ons nou ten gunste van die term "Christelike wetenskap"

uitspreek, is dit so dat hierdie term nie bloot onderskryf word omdat ons die Christlike godsdiens nastreef nie. Nee, vanuit die Christelike Wysbegeerte, wat die ganse geskape werklikheid betrag vanuit die Bybelse religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing, kom ons tot die belydenis dat ook wetenskap deur hierdie Christelike religie beheers móét word. Die Christelike wysgeer word in sy denke gelei en gerig deur hierdie Christelike religieuse grondmotief, sodat hy die ganse kosmiese realiteit ook in hierdie lig interpreteer. Die wysgeer kom dan tot die besef dat alle lewensterreine onder die invloed van hierdie grondmotief staan. Die wetenskap (maar ook o.a. die politiek, skool, staat, kuns, ekonomie, esm.) is nou maar een van hierdie lewensterreine wat deur vakwetenskaplikes "ontgin" word. Vanweë die feit dat wetenskap maar net nog een van die talle lewensterrein is moet dit op 'n Christelike basis beoefen word (Venter, E.A., op. cit., 139).

Ons spreek dus van 'n Christelike wetenskap, omdat die Christelike religie beslag lê op ons hart. Dit is ook ons hartsoortuiging dat hierdie religie waar en suiwer is, omdat Christus deur Sy Heilige Gees en Woord hierdie religieuse basis in die lewe van die mens skep.

Vanuit die Bybelse perspektief dat alle mag in die hemele en op die aarde, deur God aan Christus gegee is, is dit 'n onbetwisbare waarheid dat Christus ook mag het oor die wetenskap. Christus is ook Koning van die wetenskap, want wetenskap is ook ingeslote by die Koninkryk van Christus. Ook om die rede, is dit vir ons 'n saak van die hart om te spreek van Christelike wetenskap.

Kol. 3:17 spreek op sigself boekdele vir hierdie saak:

> "En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom".

Omdat ons alles dus "in die Naam van die Here Jesus" moet doen, is

dit noodsaaklik dat ons ook ons wetenskaplike "woorde en dade" in sy Naam sal besig. Die denker(s) wat so te werk gaan, sal tot die besef kom:

> "dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle verseker=heid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus, in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is". (Kol. 2:2-3)

Lee skryf in die verband dat "...... God calls His Children even to the philosophical and scientific task right here and now for there is no part of our life, and no action so minute, that it ought not to be directed to the glory of God" (1964,14). Vgl. 1 Kor. 10:31:

> "of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God". (Sien hoofstuk 3 vir kommentaar)

Selfs iets soos die "ete en drinke" (soos Lombard dit stel) setel onder Gods finale en absolute gesag, "en ook so 'n magtige faktor in die menselewe as die wetenskap" (op. cit., 85).

Met die term "Christelike wetenskap bedoel ons egter beslis nie (cf. hieroor Venter, A.E., op. cit., 138):

> dat Christelike wetenskap onder kerklike voogdy staan nie. As outonome lewenskring, binne die kader van Christus se Koninkryk, mag die wetenskap nie deur 'n ander lewenskring oorheers word nie. Die kerk moet wel ons Christelike pers=pektiewe versterk, sodat ons sal uitgaan en die EER VAN GOD "soek" in ons wetenskapsbeoefening. Maar die kerk besit be=slis nie die monopolie van Christelikheid nie. "Kerklike" en "Christelike" is nie min of meer identies nie.

Ons bedoel wel dat Christelike wetenskap veel meer is as die feit dat die beoefenaars daarvan almal belydende Christene is. Hierdie is wel 'n voorvereiste, maar 'n voorbeeldige Christelike wandel, waar=

38/.......

borg nog geen Christelike wetenskap nie.

Christelike wetenskap kom eers tot sy reg as ons dit sien as "we= tenskap wat gekom het uit die wortel van die Christelike religie wat op die hart beslag lê (Venter, A.E., _op. cit._, 138).

Met die term "Christelike wetenskap" impliseer ons ook die inte= grasie van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing in ons weten= skapsbeoefening, omdat dit direk voortvloei uit die Christelike religieuse grondmotief.

### 2.2.1 WAT WORD BEDOEL MET "CHRISTELIK"?

Om presies te verstaan wat ons bedoel met "Christelike wetenskap" is dit noodsaaklik om die term "Christelik" nader te omskryf.

Stoker onderskei (in navolging van A. Kuyper) ten eerste tussen parsiële en universele Christendom (_op. cit._, 49-52).

#### 2.2.1.1 PARSIELE CHRISTENDOM.

Hierdie Christendom handhaaf dat die Christelike waarheid slegs geld t.o.v. die godsdiens, die godsdienstig-sedelike lewe, die Kerk en die teologie. Christelike waarhede het volgens hulle egter geen seggenskap op die terrein van die wetenskap, die politiek, die kuns, die ekonomie, tegniek, ensovoorts, nie. Hierdie lewensterreine is vir die parsiële Christendom a-Christelik — heeltemal neutraal met betrekking tot die Christelike waarhede. Hieronder identifiseer ons o.a. die Lutheraanse, die Dialektiese (bv. die Barthiaanse), die Metodistiese, die Liberaal-Christelike en die sektariese Chris= tendom.

#### 2.2.1.2 UNIVERSELE CHRISTENDOM. (Ook omvattende, of totalitêre Christendom)

Die universele Christendom is oortuig dat die Christelike waarheid betekenis inhou vir die _ganse_ lewe van die mens.

Die universele Christendom stel die ideaal om God se gesag op alle lewensterreine te erken. Beide die Calvinisme en die Rooms-Katoli= sisme is verteenwoordigers van hierdie totalitêre Christendom, maar die Calvinisme is meer konsekwent as die Rooms-Katolisme. Vgl. die natuur-genade motief van die Rooms-Katolisme wat dialektiese span= nings skep. Die Calvinisme verwerp hierdie standpunt wat grondliggend dualisties is.

Ten einde die term "Christelik" nog verder te omskryf, is dit nodig om onderskeid te tref tussen godsdiens en religie.

Godsdiens kan in enger en ruimer sin beskou word. In enger sin rig die mens hom deur sy godsdiens direk tot God. Die mens tree in ge= meenskap" met God deur die erediens, huisgodsdiens, gebede, aflê van belydenis, sakramentegebruik, sending, ensovoorts. Kock ver= staan onder godsdiens in Christelike sin "die ganse lewe van die mens binne die verbond in geloofsgehoorsaamheid aan die Woord van God" (1977, 31). Dit word meteens duidelik dat ons met die term "Christelike wetenskap" beslis nie 'n "godsdienstige wetenskap" be= doel nie - beslis nie in die enger sin nie!

Eers as ons besin oor godsdiens in ruimer sin, kom ons tot die ware betekenis van die term "Christelike wetenskap". God het die mens geroep tot kultuurvormde-aktiwiteite (Gen. 1:28). Die mens is "aangestel" as dienskneg van die Allerhoogste en daarom moet die mens deur sy kultuurarbeid die doel en bestemming van die mens en die kosmos verwesenlik: om God te dien en te verheerlik. Die mens staan dus ook in die diens van God by die ontsluiting van kennis rakende die geskape werklikheid. Hierdie diens van God beskou ons dan as godsdiens in ruimer sin en word aangedui met die term "religie" (cf. hierdie o.a. Stoker, H.G., op. cit., 52; asook Spier, J.M., 1950, 15). Kock beskou hierdie religie (in die trant van H. Dooye= weerd) as "daardie innerlike tendens van die menslike ekheid of selfheid om homself te rig op die ware of die vermeende oorsprong van alle dinge". Hy omskryf hierdie religieuse grondverhouding waarin die mens tot sy oorsprong staan, verder as "'n gesteldheid of toestand en 'n ingesteldheid of gerigtheid van die hart". Die

hart is dan die geestelike sentrum van die mens se bestaan, sy ware selfheid of ekheid in die volste sin van die woord (1977, 15; asook hoofstuk 1 van hierdie werk). Strauss skryf dat die mens se ganse werklikheids-bestaan volledig saamgetrek is in die hart wat die sentrale verwysingspunt van alle lewensuitinge is (cf. Strauss D.F.M., 1971, 23).

Vir Stoker omvat religie die hele menslike lewe — dit sluit ook die godsdiens in. "Christelike wetenskap" is nou "Christelik" in religieuse sin: "dit is roepingvervullende dien van God tot sy eer en verheerliking". Om dus die wetenskap "in U lig" (Ps. 36:10) te beoefen, is om gehoorsaam te wees aan die wetsorde wat God vir Sy ganse skepping bepaal het (Stoker, H.G., op. cit., 52).

Religie oorspan dus die ganse lewe van die mens, terwyl godsdiens maar net een klein deel van die lewe is (cf. verder Spier, J.M., 1950, 16), wat deur die religie bepaal word.

Kock gee, na ons mening, ŉ treffende perspektief van wat die Chris= telike religie behels as hy skryf: "Christelike religie is die regte gesteldheid of ingesteldheid van die hart, is God-gerigtheid, Chris= tus-verankering, hartsvernuwing deur die Heilige Gees, gebondenheid aan die Woord en georiënteerdheid aan die wet van God" (1977, 18).

Vir Stoker is "Christelike wetenskap" in hierdie religieuse sin, tegelyk Christelik en wetenskap — "sy religieuse sin, vorm die eintlike en diepste sin van die wetenskap self" (op. cit., 53).

Dit is dus slegs moontlik om van "Christelike wetenskap" te praat teen die agtergrond van die Christelike religie — dit is die alomvattende diens van God.

Met die term "Christelik" bely die Christen dus dat Christus Koning is van die ganse geskape werklikheid — ook van die wetenskap.

## 2.2.2 WAT WORD BEDOEL MET "WETENSKAP"?

Wanneer Spier die term "wetenskap" benader, dan is dit opvallend dat hy dit duidelik wil maak dat wetenskap nie as iets vreemds teen=oor die geskape werklikheid bestaan nie (1954, 214). Wetenskap is maar net nog één van die vele lewensgebiede wat God deur sy genade, vir die mens geskep het. Daarom dat Ganzevoort oortuig is dat ons in die lig van Gods Woord ook die wetenskap moet sien as een van die goeie gawes wat God aan die mens geskenk het (1968, 55). Teen hierdie agtergrond sien Stoner wetenskap "as the result of the attempt of man to determine what God did in the creation and what laws He laid down" (1969, 6). Die mens is dus aktief betrokke in die geskape werklikheid: hy is altyd betekenis-gewend daarbinne verwikkeld. So is wetenskapsvorming één van die betekenis-gewende aktiwiteite van die mens (vir meer hieroor cf. Engelbrecht, F.J., 1967, 6).

Nou is dit 'n bekende feit dat daar 'n groot verskeidenheid van vak=wetenskappe en hulpwetenskappe bestaan. Elkeen met sy eie uiteen=lopende studiegebied, wat die werklikheid vanuit 'n ander oogpunt beskou. A.g.v. differensiëring en spesialisering beskik elke afson=derlike wetenskap oor sy eie grondleggende definisie. Dit is dus duidelik dat die vraag "wat is wetenskap" eintlik tuishoort in die voor-wetenskaplike opset van 'n studie in die algemene wetenskaps=leer (cf. Strauss, D.F.M., 1971; asook Heyns, J.A., en Jonker, W. D., 1974, 16).

Wat elke wetenskap egter in gemeen het, is dat dit op feite berus. Hierdie feite sal dan bepaal word deur die objek wat bestudeer word. Die strewe van alle wetenskappe, om deur middel van geldige (ware) oordele tot kennis aangaande die werklikheid te kom, is die gemeen=skaplike uitgangspunt van alle vakwetenskappe. Dit is immers so dat die mens in en deur die wetenskap, rekenskap moet gee van die sentrale lewensvrae waarby hy persoonlik betrokke is (cf. Feisser, 1949, 10,21).

By wetenskap gaan dit dus om die relasie tussen die kennende subjek (mens) en kenobjek van bestudering. Dit is die mens (wat deur sonde benewel is - ook sy verstand) wat uitgaan om op die lewensakkers,

42/.......

wat God daargestel het, te werk. Hy moet besig wees om die skepping (ken-objekte) te onderwerp en te beheers tot eer en verheerliking van God en tot heil van sy naaste.

Kalsbeeck som Dooyeweerd se gebruik van die term "wetenskap" as volg op: "Two things are to be noted about Dooyeweerd's use of the term science. In the first place as a translation of Dutch wetenschap (analogous to German Wissenschaft) it embraces not only the natural sciences but also the social sciences and the humanities including theology and philosophy. In the second place, science is always strictly speaking, a matter of modal abstraction, i.e. of lifting an aspect out of the temporal coherence in which it is found, and examining it in the Gegenstand relation. As such it must be dis= tinguished from naive experience" (1975, 352).

Dooyeweerd het hiermee ŉ uiters belangrike saak aangesny, nl die van modale abstrahering. Die wyse waarop elke besondere vakweten= skaplike met die geskape werklikheid omgaan , is ŉ saak van <u>modale abstrahering</u> (cf. hieroor Schoeman, P.G., se arikel in <u>Fokus</u>, jaar= gang 7, nr. 3, Aug. 1979, 1098; asook Malan, D.J., se artikel in <u>TCW</u>, 19de jaargang, 1ste- 2de kwartaal 1983, 105). Die wetenskap= like lig maar <u>één</u> aspek uit die tydelike werklikheid om dit dan, teoreties te ondersoek en nader te beskryf. Nooit mag daar uit die oog verloor word nie, dat die werklikheid ŉ eenheid is, en dat die wetenskaplike sy besondere vakwetenskap vanuit hierdie werklikheid abstraheer. Dit is nou nog veel duideliker dat die vraag "wat is wetenskap?", alleen beantwoord kan word vanuit die onderskeidende aard van die betrokke wetenskap; terwyl hierdie onderskeidende aard van wetenskap weer "gestempel word deur die tipiese teoreties-abstra= herende karakter daarvan, waardeur afgesien word van die konkrete alsydigheid van die entiteite, omdat die werklikheid uit-een en teenoor-mekaar-gestel word in die verskeidenheid aspekte daarvan" (cf. Strauss, D.F.M., 1971, 6). Schuurman wys op dieselfde saak as hy skryf: "vir ŉ wetenskaplike ondersoek, word een aspek of funksie uit die samehang van aspekte geabstraheer". Dit noem Schuurman die eerste abstraksie in die wetenskap. In die tweede abstraksie sien die wetenskaplike dan af van die konkrete (die

besondere of unieke gegewe), maar steeds binne die kader van die eerste abstraksie, gee hy nou aandag aan die universele. In die derde abstraksie (Schuurman noem dit die abstraksie van objektiwiteit), gee die wetenskaplike aandag aan die wette wat vir die sigbare waarneembare werklikheid geld. Die vierde abstraksie impliseer dat die wetenskaplike afsien van sy eie belange — die wetenskaplike moet onbaatsug wees. Langs hierdie weg kom die wetenskaplike dan tot "goeie wetenskaplike resultate" (1985, 4,5).

Soos reeds genoem, word die metode waarvolgens die mens sy soeke na hierdie wetenskaplike kennis voortsit, bepaal deur die objek van bestudering. Ten grondslag lê dan die eis dat elke wetenskap sistematies, verifiërend en logies-metodies te werk moet gaan. J.H. van Wyk definieer wetenskap dan as volg: "Wetenskap is kennis wat soveel moontlik wetenskaplik-metodies geverifieër is, soveel moontlik wetenskaplik-metodies gesistematiseer is, met 'n bepaalde doel verwerf is, en steeds in grondslag deur lewensbeskouing medebepaal is" (cf. Roeping en werklikheid, 1972, 48; asook Strauss, D.F.M., 1971, 2).

Stoker definieer wetenskap as: "Wetenskap is soveel moontlik tegnies metodies gesistematiseerde en soveel moontlik tegnies metodies geverifieërde kennis van die kenbare as sodanig" (op. cit., 56). Beide Van Wyk (hier bo genoem) en Stoker, is van oortuiging dat wetenskap deur 'n bepaalde lewensbeskouing medebepaal word.

Wat uit bg. duidelik onderstreep moet word, is die feit dat 'n bepaalde wetenskapsbeskouing, medebepaal word deur die bepaalde lewensbeskouing van die kennende subjek, m.a.w. die fundamentele oortuiging van die wetenskaplike ten opsigte van die hele werklikheid (soos bepaal deur 'n religieuse grondmotief) sal ook sy wetenskapsbeskouing beïnvloed.

Russell beskou dan die doel van wetenskap as: "Science is the attempt to discover by, means of observation, and reasoning based upon it, first, particularly about the world and the laws connecting facts with one another......" (1960, 8).

'n Belangrike aspek uit bg. beskouing van Russell, is die feit dat die wetenskaplike die onderskeie wette moet identifiseer wat al die besondere feite aangaande die geskape werklikheid, tot 'n eenheid bind. Hierdie wetmatigheid wat dan tussen en binne elke vakweten=skap geïdentifiseer word, is vir die Christen-wetenskaplike, die deur God ingeskape kosmiese wetsorde wat vir die ganse geskape werklikheid geld.

Na 'n studie van die werke van Calvyn, kom Lee tot die slotsom dat Calvyn op geen stadium 'n spesifieke definisie van wetenskap gee nie. Dit het egter, volgens Lee, geblyk, dat Calvyn wetenskap be=skou het as "systematized knowledge not only of the natural sciences, but also of the cultural sciences or humanities as well, and even of the sciences of theology and philosophy". Lee verwys na die werk van F.J.M. Potgieter (<u>Die verhouding tussen die Teologie en die Filosofie by Calvyn</u>, 191) as hy siteer: "For Calvin describes both the tratitional mediaeval trivium (grammar, logic and rhetoric) as well as the quadrivium (arithmetic, geometry, astronomy and mu=sic) as 'scientiae'" (1969,9).

Die <u>moderne</u> wetenskapsbegrip word duidelik uit die volgende defini=sie van Diemer: "wetenskap is 'n geheel van uitsprake oor 'n tema=tiese gebied, wat met dié gebied in 'n funderingsverhouding staan. Dit val in twee klasse uiteen: 'n basiese en 'n teoretiese. Aan die eerste word die eis gestel dat dit wetenskaplik waar moet wees, aan die tweede dat dit geverifieër of geregverdig is" (cf. Duvenhage, B., 1981, 7).

Ten slotte moet ons hierdie wetenskaplike kennis onderskei van voorwetenskaplike (naïewe) kennis. Wat betref sy voorwetenskaplike kennis, staan die mens in totalitêre relasie tot alles waarmee hy te doen kry in die geskape werklikheid. Hierdie kennis strek dus oor die <u>volheid</u> van die geskape werklikheid: maar met die totstandkoming van wetenskap, word slegs een aspek van die werklik=heid geabstraheer met die doel om verdere kennis te vorm oor dié aspek (cf. Kock, P. de B., 1973, Deel I, 191). Dit is duidelik

dat die mens se naiewe onderskeidingskennis nie begryp moet word as 'n bepaalde teorie oor die werklikheid nie. Dit is veeleerder 'n volledige ervaring van die werklikheid, wat gekarakteriseer word deur die veelvuldige subjek-objek relasies van die naïewe ervaring (cf. Strauss, D.F.M., 1971, 8,9; asook Scholtz, G.J.L., se artikel in Perspektief, jaargang 13, nr. 14, Sept. 1974, 62).

### 2.2.2.1 SAMEVATTING.

Dit blyk duidelik dat daar eenheid en verskeidenheid in die weten= skap bestaan. Die eenheid van die wetenskap sentreer rondom die feit dat die werklikheid één is. In ons naïewe ervaring van die werklikheid, sien ons die werklikheid as 'n eenheid — onlosmak verbind aan mekaar. Die verskeidenheid van die wetenskap sentreer weer in die abstraheringsbeginsel. A.g.v. die abstrahering van 'n aspek, word daar nou 'n eie, unieke, onherleibare aard aan dié aspek toegeskryf. Steeds bly die geabstraherende aspek, wat begrens is, egter deel van die werklikheid, want die sinvolheid daarvan word slegs duidelik wanneer dit gesien word in samehang met al die ander werklikheidsaspekte. Hierbinne fungeer die beginsels van soewerei= niteit en universaliteit in eie kring. Die werklikheid is dus een, en die wetenskaplike hou hom nie met 'n ander, vreemde, werklikheid besig nie. Die somtotaal van vakwetenskappe en hulpwetenskappe vorm dus ook 'n eenheid. Die Christelike kosmologie lê klem daarop "dat die kosmiese sin-verskeidenheid en sin-samehang sy sin-volheid (sin-totaliteit) in Christus vind" (cf. Strauss, D.F.M., 1971, 10-16, 37). Hieroor spreek die Skrif duidelik: Alle dinge is in Christus geskape en in Hom hou die volheid van die skepping stand (cf. Kol. 1:16-17 en die eksegese daarop in hoofstuk 4).

## 2.3 DIE MOTIVERING VAN CHRISTELIKE WETENSKAP.

Die gedagte van die wetenskap op 'n Christelik-religieuse grondslag, was implisiet al in die gedagte van Augustinus en duideliker nog by Calvyn en sy navolgers. Hier moet veral genoem word Abraham Kuyper (snr), H. Bavinck, H. Woltjer en W. Geesink. A. Kuyper, ver= al, het aan hierdie gedagte 'n geweldige stoot gegee. Die intrin=

sieke Christelike reformasie van die wetenskap, het egter veral 'n nuwe impetus en dryfkrag gekry met die verskyning van H. Dooyeweerd en D. Th. Vollenhoven se <u>Wysbegeerte van die Wetsidee</u> vanaf die dertigerjare. Dit het deurgewerk na die onderskeie vakwetenskappe.

Sedert die ontwikkeling van hierdie Christelike wetenskapsleer, is aangetoon watter vrugbaarheid opgesluit lê in 'n denke wat gefun= deer is in die Bybels-religieuse bepaalde wetsidee (cf. hieroor Strauss, D.F.M., 1969, 135). Vollenhoven het in sy werk <u>De nood= zaakelijkheid eener Christelijke logica</u> (Amsterdam; 1932), klem gelê op die noodsaaklikheid van 'n Christelike logika. Tesame met Vollenhoven, het Dooyeweerd deur "de Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte" 'n ongekende bloeitydperk van die filosofie, in gere= formeerde kringe aangewakker (cf. verder Kalsbeeck, L., 1974, 17,18).

Die basis van Dooyeweerd se wetsidee, kan aan die hand van drie vrae beskou word (cf. Kock, P. de B., 1975, 49):

1. Wat is die oorsprong van alle dinge?

   Vir Dooyeweerd is die antwoord: die Skepperwil van God.

2. Wat is die sinvolheid van die geskape kosmos?

   Dooyeweerd gee hier 'n tweedelige antwoord. Na die <u>wetsy</u>, leer Dooyeweerd, is daar die eis tot diens van God met die hele hart; na die <u>subjeksy</u> die wortelgemeenskap van die nuwe menslike ge= slag in Christus (cf. ook Van der Vyver, J.D., se artikel in <u>TCW</u>, 4de jaargang, 3de kwartaal, 1968, 41).

3. Wat is die onderlinge verhouding van die sinverskeidenheid?

   Hier implementeer Dooyeweerd die beginsel van soewereiniteit in eie kring en tegelyk ook die beginsel van universaliteit in eie kring en van vervlegting, d.w.s. die eenheid in die skep= pingsonde.

Kock beskou hierdie religieuse vooronderstellinge van Dooyeweerd

as "regulatiewe prinsipes, d.i. koersaanduidende ideë binne die tyd. As sodanig wys die grondidee die koers aan vir die teoretiese dinkwerksaamheid, wat gesien moet word as religieus-bepaalde self=werksaamheid binne die tyd" (1975, 49).

Dooyeweerd was nou oortuig dat "de Christelijke religie een beslis=sende betekenis heeft voor het denken en handelen van de door Gods Woord gegrepen mens op alle terreinen des levens....." wat dan ook die terrein van die wetenskap insluit (cf. Kalsbeeck, E., 1974, 19).

Die feit dat Christelike wetenskap nou beoefen kán word, word direk en per implikasie deur die Skrif geleer (Stoker, H.G., 1945, 5):

1. God is die Skepper van hemel en aarde. In Hom alleen vind die mens vaste grond van alle waarheid en werklikheid en gevolglik ook die wetenskap.

2. God het die ganse geskape werklikheid onder sy wetsorde gestel. Hierdeur is daar ŉ vaste orde in die werklikheid ingelê wat aan sy skepping ŉ doel gee. Hierdie wette, orde, sin en doel, kan die wetenskap nou ontdek, ondersoek, teoreties formuleer en prak=ties gebruik.

3. God gee aan die mens ŉ besondere aanleg en roep hom tot kultuur=vorming (dus ook wetenskapsbeoefening). Wetenskapsbeoefening is dan die ontdekking, ondersoeking, oorpeinsing, formulering en gebruikmaking van al die geopenbaarde wette, orde, sin en doel van die geskape werklikheid.

Daarom leer die Skrif ons ook direk en per implikasie wat die doel van wetenskapsbeoefening op sy besondere gebied en op sy wyse, moet wees (Ibid., 5):

In die vernaamste plek die eer, verheerliking en diens van die Allerhoogste. Hieraan gesubordineer is dan:

die roepingsvervullende:

beheersing, bewaking en versorging van die natuur;
skepping en uitbouing van die kultuur;
bevordering van die godsdiens, en
bevordering van die menslike samelewing in die algemeen
en van sy bepaalde roepingstake in die besonder.

Samevattend dus: Die eer van God op alle lewensterreine en die heil van sy ganse skepping.

Stoker (1929, 101,102), asook H. Bavinck (1904, 121), huldig beide die standpunt dat wetenskap as sodanig, nie Christelik of onchris=telik is nie, maar wetenskap vind sy maatstaaf in die waarheid. Wat dus waar is, is wetenskaplik, terwyl wat onwaar is, onwetenskap=lik is. Calvyn is ook oortuig dat die doel van ware wetenskap dan die soeke na die waarheid is (Lee, N., 1969, 21).

Van Wyk beskou Christelike wetenskap so: "Die Christelike wetenskap=like boeoefen die wetenskap ter wille van die verheerliking van God, ter wille van die deelname aan die waarheid en ter wille van die diens daarvan aan die mens" (cf. Roeping en werklikheid, 50). Dit is duidelik dat hierdie omskrywing van Van Wyk gegrond is in die sentrale liefdesgebod wat Christus aan die Skrifgeleerdes en Fari=seërs voorgehou het:

Liefde tot God,
en
Liefde tot die naaste (Matt. 22:37-42).

Die liefde tot God is dan daarin geleë dat die wetenskaplike, wan=neer hy deur sy spesifieke wetenskapsbeoefening "nuwe" waarhede ont=dek, moet besef en bely dat God 'n wonderlike skepping daargestel het. Dit moet vir hom genoeg stof wees om dankbaar sy knieë te buig en God te loof en te prys vir die verstand wat God hom geskenk het om dié ontdekking te kon maak deur sy spesifieke wetenskapsbeoefening. Dit was vir God "ou nuus" toe die wetenskaplike hierdie ontdekking gemaak het. God het die persoon gelei om tot dié waarheid te kom wat Hy geskep het.

H. Bavinck het Christelike wetenskap gedefinieer as wetenskap wat by "het licht dier openbaring alle dinge onderzacht en ze daarom ziet het gelijk sijn waarlijk in hun wezen sij" (cf. 1904, 121). Immers "in U lig sien ons die lig" (Ps. 36:10(b)) (Hierdie is ook die leuse van P.U. vir C.H.O.).

Van der Laan stel sy oortuiging hiervan as volg: ".... where the Word of God is ignored, the truth of His creation is inevitably suppressed wrenched out of focus, distorted into a grotesque lie of the groping imagination" (1966, 19).

Ten opsigte van die teenstellende, afvallige wetenskap sê Ramm: "Science is used by men to create anti-Christian systems" (1976, 29). Ook Hooykaas is oortuig dat: "Science and technology are the real gods of our age and to a large extent the real priest of the modern time, is the scientist" (1966, 6).

Stoker wys ook op die feit dat die geloof in die Bybel, as Woord van God, al meer deur die Suid-Afrikaanse volk (en die res van die wêreld!) as verouderd, reeds oorwonne standpunt, naïef, bekrompe, bevooroordeeld en onverdraagsaam gebrandmerk word (1929, 12, 13). Van Till skryf: "It is Christ who brings man back to his rightfull Owner and restores him to his covenant relationship of having fellow=ship with the Father" (1959, 219).

H.J. Strauss poneer dat Christelike wetenskap die resultaat van ons religieuse denke is, in teenstelling tot die denke van alle ongelowige religieuse rigtings (1969, 2-4).

Stoker sien Christelike wetenskap ook as: "wetenskap wat prinsi=pieel en histories gewortel is in en opkom uit en in hooflyne mede=bepaal word deur ons Christelike lewensbeskouing, waaronder religie" (op. cit., 66)

Duvenhage som die Christelike wetenskapsgedagte as volg op: "Chris=telike wetenksap is die resultaat van die ken- en denkaktiwiteit van die Christenwetenskaplike wat in verbondheid aan sy geloof in God

Drie-enig en sy Woord, hom met behulp van gepaste metodes op 'n bepaalde ondersoekgebied as onderdeel van die skeppingswerklikheid rig met die doel om te kom tot 'n afgeronde, gefundeerde sistematiese en betroubare geheel van die kennis wat die ondersoekgebied beskryf, verstaan en verklaar in sy samehang met die hele skeppingswerklik= heid en wat aan die beheersing van die skepping diensbaar is" (1984, 80 ).

2.3.1 <u>SPREUKE 1:7 (a) AS VOORTEORETIESE, BASIES RELIGIEUSE GRONDSLAG VIR CHRISTELIKE WETENSKAP.</u>

> "Die begin van kennis is die vrees van die Here....." (Nuwe Vertaling).

> "The fear of the Lord is the beginning of knowledge,..." (RSV)

Volgens o.a. <u>The New Bible Commentary Revised</u> is hierdie "vrees van die Here" die sentrale tema of motief van die boek Spreuke (Guthrie, D., <u>et al.</u>, 551; asook Gispen, W.H., 1968, 22).

Ook in die Psalms is hierdie uitdrukking algemeen. Vgl. o.a. Ps. 115:11:

> "Julle wat die Here vrees, vertrou op die Here: Hy is hulle hulp en hulle skild".

In Jesaja 11:2-3 word "die vrees van die Here" ook as 'n eienskap van die Messias genoem (cf. Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., 1962, 558).

Stoker, Kuyper, H. Bavinck, Woltjer en Grosheide beskou hierdie teks as die beginsel (resp. beginpunt) van 'n Christelike wetenskaps= leer (cf. Stoker, H.G., 1929, 101).

Dit moet egter uitdruklik beklemtoon word dat "die vrees van die HERE" 'n voorteoretiese, lewens- wêreldbeskoulike grondslag en voor=

51/.......

waarde is om te kom tot Christelike wetenskap, al is dit nog nie die beoefening van wetenskap as sodanig nie. Tog moet die mens be= sef "dat "wijsheid op dit ogenblik meer nodig is dan wetenschap in de technische zin van het woord" (cf. Gispen, W.H., 1968, 15). Hier= die "wysheid" het in die vernaamste instansie te doen met die eer= bied vir die HERE, wat op sy beurt gesien moet word teen die agter= grond van die dekaloog (Eks. 20). Ware eerbied vir die HERE, is die onderhouding (gehoorsaam wees) van die Wet (Wil) van die HERE. Hierdie eerbied (vrees) van die HERE, is die eerbied wat Hy as Verbondsgod inboesem. Vir Gispen is hierdie eerbied vir die HERE, "de Godsvrucht, .... het begin, de aanvang, van Kennen" (Ibid., 23). Alle kennis vind hul oorsprong, hul diepste wortel, in dié Godsvrug: in die eerbied vir, en verering van die HERE.

Die "vrees van die HERE" impliseer dus dat die mens 'n opregte, ootmoedige en eerbiedige lewenshouding teenoor God moet openbaar. Die ganse mensdom moet die HERE dus van die begin af in alles "dien en vrees" (cf. Ps. 2:11, want "there are experimental beginnings which may be good or bad, but about the fear of the Lord there is nothing of the nature of mere experiment" (Parkes, J., s.j., 7).

Ons het reeds daarop gewys dat "die vrees van die HERE", gesien moet word teen die agtergrond van die dekaloog. In die N.T. word hierdie "vrees van die HERE" egter aangedui deur 'n "larger and more gracious term" (Ibid., 6): "Die liefde vir God" (cf. Mt. 22:37). In lg. Skrifgedeelte kom die duidelike oproep van Christus om "die Here jou God lief te hê met jou hele hart en jou hele siel en met jou hele verstand", m.a.w. jou liefde vir God moet spreek uit elke woord én daad wat van jou as mens uitgaan (cf. verder, Deut. 10:12; Spreuke 2:1-6; Spreuke 15:13; en veral Prediker 12:13 en Jak. 1:5-6).

Dit blyk dus duidelik dat Spreuke 1:7(a) bydra tot die motive= ring van wetenskapsbeoefening op 'n Christelike Grondslag. Wie in sy hart gegryp word deur die Bybels-religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing, kom tot die a-priori dat "die vrees van die HERE" (resp. "eerbied vir die HERE") 'n noodsaak=

like voor-vereiste is ten einde ŉ Christen te kan wees. Elke Chris= tenmens word dan opgeroep om sy ganse lewe in die diens van God te stel. Elke Christendenker moet bely dat sy begaafdheid ŉ genade-gawe van God is, ŉ gawe wat hy moet gebruik om die skepping te ont= sluit tot die eer en verheerliking van God. Dit is die ware ver= trekpunt van kennis. Dit is die ware "vrees van die HERE".

2.3.2 SAMEVATTING.

Christelike wetenskap maak op sigself aanspraak op bestaansreg. Die Christendenker is ten volle ŉ wetenskaplike met die Woord van God as die basis van sy wetenskapsbeoefening, met ŉ Christelike lewens- en wêreldbeskouing, met Christelike doelstelling in sy stu= dies en navorsing, met sy eie Christelike metode (cf. Coetzee, J.C., se artikel in Christian Higher Education, 161). Die Christen= denker met sy Christelike wetenskap is in alle opsigte die gelyke van die nie-Christelike denker, maar as Christen besit hy tog iets meer as die nie-gelowige denker. Hy besit die Christelike grond= slag, die Chriselike religie, die Christelike lewens- en wêreld= beskouing, ens., en verrig dus sy denkaktiwiteite tot eer en verheerliking van sy Skepper, Onderhouer en Regeerder. Die Christen= denker besef dus dat alles wat hy oor beskik (ook sy denke), blote genade van God is, daarom het hy een finale oogmerk in die lewe: om God meer as alles lief te hê en te dien. In die Chris= telike wetenskap (en die Christelike beoefening van die wetenskap as feitlike resultaat van eersgenoemde) gaan dit dus "inderdaad om die Christelike oortuigings van die wetenskaplike, d.w.s. om sy geloof in die Skrif as Gods geopenbaarde Woord, en om sy ge= loof in Christus deur die Heilige Gees, en die daardeur opgeroepe gehoorsaamheid van die mens" (cf. Heyns, J.A., en Jonker, W.D., 1974, 101). Die Christendenker kan dan nie anders as om al sy lewensuitinge te stempel met sy Christelike oortuigings nie.

2.4 DIE BESTAANSREG VAN CHRISTELIKE WETENSKAP.

Teen die agtergrond van wat reeds gesê is, moet dit duidelik wees dat die bestaansreg van Christelike wetenskap, eintlik vanselfsprekend is. Soos E.A. Venter tereg opmerk: "Prakties kom dit tog daarop

neer dat die valse humanistiese religie ingeruil word vir die ware Christelike religie as fondament vir die gebou van die wetenskap" (s.j., 139).

Christelike wetenskap hou ook die volgende in (Ibid., 139):

1. Die kunsmatige dualisme van een geloof vir die geestelike lewe en ŉ ander geloof vir die wetenskapsbeoefening val weg.

2. Wetenskap self vind baat by Christelike wetenskapsbeoefening. A.g.v. die feit dat hierdie wetenskapsbeskouing op suiwer fon=damente berus, kan dit beslis baie nader aan die waarheid kom as een wat op ŉ wankelrige grondslag staan. Dink bv. aan die geweldige skade wat die valse evolusionistiese grondslae die voortgang en bloei van die natuurwetenskappe vanaf die negentiende eeu berokken het.

3. Die Christelike geloof word nie meer beperk tot die persoonlike geestelike lewe nie, dit word die religieude basis vir elke lewens=uiting van die mens.

Die Christelike wetenskapsbekouing vind sy bestaansreg reeds daarin, dat hy die mens terugbring na sy ware doel hier op aarde: om tot eer en verheerliking van God die aarde te onderwerp en te beheers.

Na ons mening kan daar tereg gevra word: Besit die sg. neutrale wetenskapsbeskouing bestaansreg? Vir die denker wat al sy lewens=uitinge rig vanuit die Christelike religie, is hierdie ŉ retoriese vraag wat negatief te beantwoord is!

## 2.5 BESWARE TEEN DIE GEDAGTE VAN ŉ "CHRISTELIKE WETENSKAP".

Van Wyk identifiseer dertien sg. besware teen die idee van ŉ Chris=telike wetenskap (cf. Roeping en werklikheid, 283-291; asook Stoker, H.G., Oorsprong en Rigting, Deel II, 99-108).

2.5.1 "Christelike wetenskap is onmoontlik omdat geloof en wete

twee totaal verskilllende terreine is".

Dit was Heidegger wat gesê het dat Christelike wysbegeerte 'n onmoont=likheid is,

Haeckel het die verhouding tussen geloof en wetenskap so gesien: "Die geloof begin waar die wetenskap ophou". Hiervolgens het die wetenskap net te make "met die wetenskaplike ondersoek van dinge in die tydelike werklikheid, terwyl geloof die hoogste woord spreek in die ryk van die onsigbare en bo-tydelike dinge" (Venter, E.A., s.j., 136).

Ook Sir Isaac Newton was die mening toegedaan, dat "wetenskap en wetenskaplike denke heeltemal onafhanklik staan van religie" (Roe=ping en Werklikheid, 284).

Hierdie skeiding tussen geloof en wetenskap tref ons reeds by Thomas de Aquino (1225-1274) aan. Hy het geloof beperk tot die terrein van die genade, terwyl wetenskap hoort tot die terrein van die na=tuur. Dit is duidelik dat hierdie dualisme deeglik deurgewerk het tot op hede.

Die vrae word nou gestel, of daar enige verband tussen geloof en wete (resp. wetenskap) bestaan: Is geloof en wetenskap versoenbaar, of is dit twee totaal onversoenbare terreine?: Het die geloof enige invloed op die rede van die mens?

Haeckel se uitspraak hierbo, klink na "'n ernstige, mooi en vroom uitspraak", aldus Venter en Van Wyk. Ons het egter hier te doen met 'n tipies humanistiese stelling wat in diens van die ongeloof staan. Ons vind hierin 'n willekeurige verbreking van die werklikheid in 'n sg. geestelike (geloof staan voorop) en 'n nie-geestelike sfeer (hier staan o.a. weten ap voorop). Die werklikheid vorm 'n onverdeel=bare eenheid. Indien die werklikheid só verdeel word, word ook die menslike persoonlikheid verdeel — wat dan soms 'n gelowige wese is, en mag religieuse en etiese waardes 'n rol speel; dan weer is hy 'n wetenskaplike wese wat uitsluitlik rekening hou met die empiriese

gegewens". Dit sou beteken dat die mens met sy hart ŉ Christen kan wees en met sy verstand ŉ heiden; met jou hart aanvaar jy as gelo= wige die Bybelse skeppingsgedagte, maar met jou verstand aanvaar jy die meganiese evolusionisme. In gedagte moet egter gehou word, dat religie nie net op sekere tye en plekke op die toneel verskyn nie — ons ganse lewensrigting word deur die religie van die hart bepaal. Religie is "na sy wesensaard allesbeheersend, totalitêr" (cf. hieroor Roeping en werklikheid, 284; asook stoker H.G., 1979, 99).

Ons het reeds in hoofstuk 1 gestel dat religie die sentrale lewens= dryfkrag van die mens is. Die religie wat beslag lê op die "hart" van die mens, sal ál sy lewensuitinge in ŉ bepaalde rigting stuur: óf anastaties, óf apostaties. Geloof is nou een van hierdie uitinge van die mens, en dan die hoogste uiting van die mens se hart. Die religieuse grondmotief wat beslag lê op hierdie hart, sal bepaal in watter rigting hierdie hoogste funksie van die mens sal ont= sluit. Geloof is dan daardie funksie van die mens waarmee hy gryp na dit wat vir hom sekerheid en vastigheid bied in sy tyde= like bestaan. As hoogste funksie van die mens, gee die geloof ook rigting aan al die ander funksies van die mens. Die implikasie vir die Christendenker, is dat hy alle sekerheid en vastigheid in die God van die Skrifte vind, en a.g.v. hierdie geloofsvertroue in die ware God, sal hy in al sy uitinge altyd "vashou" aan God, as die enigste ware Oorsprong, Voortbestaan en Bestemming van sy ganse lewe.

In die lig wil Christelike wetenskap Christelik wees — in die vol= ste sin van die woord, in die sin van religie — ŉ omvattende dien van God in elke lewensuiting van die mens: deur vervulling van die Goddelike roeping wat God in Gen. 1:28 aan die mens, as kroon van sy skepping, opgedra het.

Volgens Stoker kan wetenskap in bg. sin streng wetenskaplik, maar ook innig Christelik wees (Op. cit., Deel II, 217).

H. Bavinck skryf dat wete die vrug van die geloof is (1904, 14). Geloof is inderdaad die fondament waarop wetenskap gebou word.

Wetenskap bestaan dan by die grasie van geloof. Indien die geloof ondermyn word, sal die wetenskap op ŉ wankelende fondament gebou word.

2.5.2 "Die wetenskap is ŉ saak van die verstand en die rede is neutraal".

Die neutralis in die wetenskap onderskryf die volgende stelling: "In die daadwerklike beoefening en in die sistematiese formulering van die resultate van die wetenskap, mag daar nooit uitgegaan word van vooronderstellinge (beginsels, geloofsoortuigings, filosofiese aannames, aksiomas, ens.) waarvan die inhoud buite die terrein van ondersoek (dit wil sê die objek) van wetenskap lê nie, tensy sulke vooronderstellinge tot een van die volgende groepe hoort: 1) wette, resultate en metodes van die (formele) logika of van die wiskunde en 2) beweringe wat binne die wetenskap geïnterpreteer en geverifieër kan word" (cf. Heidema, J., se artikel in <u>Bulletin</u>, jaargang 1, nr. 2, Aug. 1965, 80).

Dit is duidelik dat die voorstanders van die "neutrale" wetenskap poog om die invloed van religie en die lewensbeskouing te isoleer, af te kamp of te minimaliseer. Volgens diesulkes sou God se seggen= skap nie alle dinge raak nie. Dit is vir elke Christen-denker duidelik dat so ŉ beskouing nie in die Skrif gegrond kan word nie — dit rus op ŉ deïstiese godsbeskouing. Die deïsme leer dat God wel geskep het, maar dat Hy "nie meer aktuele seggenskap oor al die lewensuitgange van die mens en dus ook nie oor sy wetenskapsbeoefe= ning" (cf. <u>Roeping en werklikheid</u>, 265) het nie. Die wetenskap word dus aan God se gesag onttrek. Ook in sy antropologie wil die sg. "neutrale" wetenskaplikes die invloed van die lewensbeksouing iso= leer. Hierdie persone bou ŉ eie antropologie op vanweë hul eie religieuse uitgangspunte. Hier is Kant ŉ duidelike voorbeeld met sy sterk dualistiese mensbeeld (cf. hieroor Heyns, J.A., en Jonker, W.D., 1974, 91; asook Botha, E., se artikel in <u>Perspektief</u>, jaar= gang 12, nr. 2 en 3, Junie 1973, 9). Hy onderskei tussen die <u>suiwere rede</u> en die <u>praktiese rede</u> in die mens. Hierdie dualisme lei daartoe dat Kant die <u>praktiese rede</u> (met sy lewensopvatting en

norme) skei van die terrein van die wetenskap (resp. suiwere rede). Die Thomistiese dualisme van genade-natuur word duidelik hierin weerspieël. Die suiwere rede groei dan tot rasionalisme. Duvenhage skryf: "die standpunt dat die lewensbeskouing of geloof geskei moet word van die wetenskapsbeoefening, is op sy beurt alreeds die neer= slag van ŉ bepaalde lewensbeskouing en is self nie 'neutraal' nie" (Ibid., 265).

Vanuit die Christelike religieuse uitgangspunt is hierdie beskouing onaanvaarbaar: God se soewereiniteit strek oor alle terreine van die lewe!

Van Riessen (The Christian Approach tot Science; 1-3) is oortuig dat die wetenskap nie neutraal kan wees nie. Indien ons wetenskap op ŉ neutrale vlak sou plaas, sou ŉ Christelike benadering oorbodig wees. Nou is dit eenmaal so, dat wetenskap nie buite die sondeval staan nie, met die noodwendige gevolg dat ook die wetenskap van God se genade afhanklik is. Indien die wetenskap neutraal sou wees, sou dit ŉ koninkryk op sy eie wees: afgesonder van Christus se Koningskap.

Elaine Botha verwys na A. Koestler se werk as sy skryf: "The greatest supersition of our time is the belief in the ethical neutrality of science. Even the slogan of ethical neutrality itself implies a programme and a credo". In haar artikel, "Die wending in die suiwere wetenskapsteorieë", kom Botha tot die ge= dagte: "die ontmaskering van die mitiese karakter van die neutra= liteitspostulaat het nie slegs in die wetenskapsleer self na vore getree nie, maar ook reeds in verskeie vakwetenskappe" (cf. Woord en Wetenskap, 1977, 129-130).

Die neutraliteit van die wetenskap is ŉ onbewysbare dogma. Die werklikheid laat nie ŉ "religieus-neutrale werklikheidservaring" toe nie. Agter elke wetenskap skuil ŉ bepaalde wetenskapsidee wat die eie aard en inhoud van die wetenskap bepaal, "ŉ idee wat gelei en gerig word deur die religieuse grondmotief wat bewustelik of onbewustelik op die betrokke denker beslag gelê het". Van Wyk

wys ook tereg daarop dat:

> "Wanneer neutraliteitskritici die Christelike wetenskap verwerp, is selfs hulle kritiek nie neutraal nie, maar kies kant daarteen op grond van 'n prinsipiële beslissing aangaande die eie grondslae, idee en beoefening van wetenskap" (cf. <u>Roeping en werklikheid</u>, 1972, 285).

Die menslike persoon is 'n eenheid en kan nie meganies in komparte= mente ingedeel word nie. Die lewensbeskouing wat uit die "hart" van die mens ontspring, is bepalend vir beide die sg. "suiwere rede" en die "praktiese rede".

Van Riessen skryf (in <u>Christian perspectives</u>; 1960, 50):

"..... Faith awaken our cognitive function, inspires us to inves= tigate, guides us with the respect to the goal of knowledge and that inspires the mind in its choice and develepment of methods, hypotheses, means and ways to make science fruitful". Westfall sluit hierby aan as hy sê: "Belief in reason is an exercise of faith and faith is an act of reason. Relying on reason in things clearly perceived, is trusting in God's veracity and goodness and that is an exercise of faith" (Westfall, R.S., 1958, 1/9).

Veenhof sny ook die sg. "neutraliteit" van die wetenskap by die wor= tel as as hy skryf: ".... er zijn wetenschaplijke werk, die met klein betogen van iedere philosophische smet vrij te zijn. Los van elke philosophische constructie stellen zijn hun onderzoek in en for= muleren hun resultaten. Maar zulk leven is alleen maar een blijk van een groot en gevaarlike zelfbedrog! Ieder die onderzoeker gaan van bepaalde vooroordelen, zeker grondovertuigingen uit en is inner= lijk gebonden aan allerlei opvattingen en inzichten" (Veenhof, C., 1939, 87). Daarom dat Kalsbeeck dit pertinent stel dat: "ieder bewust wil leven en bewust zijn weg zoekt in deze geestelijk verdeel= de en geestelijk verwarde wêreld, kan niet zonder enig wijsgerig inzicht" (Kalsbeeck, 1974, 7).

Geen wetenskaplike metode kan prinsipieel neutraal wees nie, want elke metode is gebind aan prinsipes: die prinsipiële aard van die kenbare, die kenne, die doel, die lewens- en wêreldbeskoulike ver= onderstellings, die wetenskapsidee, die probleemstelling. Hierdie genoemde beginsels lei die wetenskaplike metode en gee aan die we= tenskaplike metodes hul diepste betekenis (De Klerk, W.J., Roeping en werklikheid,1972, 61).

Olthuis poneer dat die mens 'n wese is wat in iets finaals moet glo om mens te kan wees — die Skrif sowel as die ervaring leer dit, terwyl moderne studies in die fenomenologie van die godsdiens dit onderstreep. Die feit dat jy nie in die God van die Bybel glo nie, beteken nie dat jy nie geloof besit nie — jou geloof is nou net in een of ander "god". Hierdie verankering in en oorgawe aan een of ander mag of gesag as iets finaals, beïnvloed die ganse menslike lewe. Teen die agtergrond kom Olthuis tot die slotsom dat die neu= traliteit in die wetenskap, 'n hersenskim is (cf. Olthuis, J.H., se artikel in Wetenskap en Woord, 1984, 39).

Dit is dus duidelik dat die feit dat wetenskap objektief moet wees, soms verwar word met neutraliteit. Elke wetenskap moet so objektief as moontlik ontsluit word, maar dit staan nóóit neutraal van al die ander uitinge van die mens nie. Wanneer getrag word om wetenskap op 'n neutrale grondslag te beoefen, is dit duidelik 'n skynneutrali= teit — elke wetenskaplike gaan bewustelik of onbewustelik uit van een of ander religieuse oortuigings wat meesal geput word uit die wysgerige skole, of nuut gevorm word. As die grondmotief nie Bybels is nie, is dit altyd 'n humanistiese in die variasie van een of ander -isme, wat iets binne die skepping verabsoluteer. Neutraliteit sal nooit werklik kan bestaan nie.

Die Christelike benadering van wetenskap konfronteer die wetenskap= like met die vraag: watter geloof lei jou? Dit is volgens Van der Walt onmoontlik vir die wetenskaplike om negatief hierop te antwoord: "when a careful study of a scientific work is made, the hidden pre- scientific commitments of the author will invariably be found (1978, 192).

60/..........

2.5.3 "Die Bybel kan nie 'n kenbron vir wetenskapsbeoefening wees nie, omdat alle wetenskaplikes nie daarin glo nie".

Stoker stel dit so dat "die beoefenaar van Christelike wetenskap nie anders kan, as om die lig van Gods Woordopenbaring op die velde van wetenskaplike ondersoek te eerbiedig". Indien hy dit nie doen nie, handel hy nie as geïntegreerde mens nie en handel hy wetenskap=lik oneerlik (op. cit., Deel II, 99).

Uit die aard van die saak staan wetenskaplikes, wat nie in die By=belse waarhede glo nie, in diens van die ongeloof. Sy wetenskapsbe=skouing gaan dan uit van een of ander humanistiese lewens- en wêreld=beskouing.

2.5.4 "Christelike wetenskap is bevooroordeeld".

Stoker onderskei hier ten eerste tussen vooroordeel en onderstellings. Vooroordele is tereg volgens Stoker, subjektief en vind hul oorsprong in o.a. subjektiewe neiginge, wense en begeertes, terwyl die geldig=heid van onderstellinge aan die kenbare aangetoon moet word. Voor=oordele mag dus geen rol speel in wetenskapsbeoefening nie (Ibid., 102). Van wyk sê tereg dat die beoefening van die Christelike we=tenskap, nie as bevooroordeeld beskou mag word nie, "want die beoefe=naar daarvan ag hom aan die kosmos, sowel as aan die Woordopenbaring van God (vir sover dit vir die wetenskap relevant is) gebind en beroep hom met sy onderstellinge op die kenbare (Roeping en werklik=heid, 286-287).

2.5.5 "Christelike wetenskap is dogmaties"

In alle vakwetenskappe fungeer voorwetenskaplike onderstellinge as dogmas. Geen wetenskap kan onderstellingloos beoefen word nie, dus is alle wetenskapsbeoefening dogmaties. Alle verkreë algemene resultate van wetenskaplike ondersoek, fungeer vir verdere ondersoek as dogmatiese beginsels. Alhoewel alle wetenskapsbeoefe=ning dogmaties is, mag dit egter nie dogmatisties wees nie. Dog=matisme is daarin geleë dat 'n wetenskaplike weier om sy onderstel=

linge en algemene resultate te ondersoek; waarin hy "oogklappe" aansit vir alles wat teen sy dogma spreek; waarin hy weier om sy dogmas aan kritiek van andersdenkendes bloot te stel en met hulle te bespreek, al word sy dogmas se onhoudbaarheid aangetoon. Chris= telike wetenskapsbeoefening is wel dogmaties, maar beslis nie dog= matisties nie (cf. Stoker, H.G., op. cit., Deel II, 103, 104).

In sy uitbouing van die wetenskap is die mens aan beperkings onder= hewig! Die mens kan nie "alles ken wat God ken nie, en wat hy ken, kan hy nie ken soos God dit ken nie" (cf. Van Rooy, A.J., se artikel in Besinning en verantwoording, 1978, 99). Hierdie beperktheid van die mens, verplig hom dan om van sekere vooronderstellinge uit te gaan. Hierdie vooronderstellinge vind ons in alle wetenskappe en hulpwetenskappe. Dit is die vertrekpunt waarop die wetenskapsgebou opgerig word. Sonder hierdie vooronderstellinge kan die wetenskap= like net nie vorder nie!

2.5.6 "Christelike wetenskap is biblisisties".

Volgens die biblisisme gee die Bybel eksakte wetenskaplike inligting vir o.a. die geologie, die astronomie, die geskiedenis — Skrifuit= sprake word geag as eksakte wetenskaplike kennis.

Hierteenoor stel ons dat die Bybel geheel en al voorwetenskaplik is. As openbaring van God het die Heilige Skrif 'n Goddelike karakter (Ibid., 104). Die Woord van God is geen wetenskaplike handboek nie, maar Godsopenbaring waarin ons geen eksakte wetenskaplike kennis vind nie: slegs beginsels vir die ganse lewe (waarby ook die weten= skap ingesluit is). Die Christelike wetenskaplike vra dus na die perspektiewe wat die Bybel bied vir die wetenskap (sien hoofstuk 1 oor die Bybelse perspektiewe vir wetenskap).

2.5.7 "Die Christelike wetenskaplike volg die maklike weg deur sommer die Bybel as oplossing van probleme te aanvaar wat die wetenskap slegs langs die moeisame weg van ondersoek, kritiese denke en bewysvoeringe moet vind".

Die Christendenker vind nié wetenskaplike oplossings van probleme

in die Bybel nie — die Bybel is nie 'n wetenskaplike handleiding nie. Gods Woordopenbaring staan in formeel dieselfde sin aan die begin van wetenskapsbeoefening soos die kosmiese kenbare, die kos= miese velde van wetenskaplike ondersoek. Die wetenskaplike onder= soek van Gods Woord vereis juis ook 'n moeilike weg van aanhoudende en indringende ondersoek, kritiese denke en bewysvoering.

2.5.8 "Christelike wetenskap is verteologiseerde wetenskap".

Die Christelike teologie het as veld van ondersoek die openbaring van God in sy Woord en skepping aangaande Homself en sy verhouding tot alle dinge. Hierteenoor het die Christelike wysbegeerte as veld van ondersoek die totaliteit en saamhangende radikale verskei= denheid van die onselfgenoegsame kosmos. Die wysgeer mag nie oor God, die Absolute, filosofeer nie — al onderstel hy dat die skepping sy ontstaan en bestaan in God vind. Alle vraagstukke aangaande God en Sy verhouding tot die ganse geskape werklikheid is opgedra aan die teologie as volwaardige wetenskap. In dié lig moet elke weten= skap op sy terrein waak teen verteologisering, m.a.w. waak teen die verabsolutering van die onselfgenoegsame.

Die Christen-wetenskaplike beskou die kosmos dus deur die bril van Gods Woord. Wie die lig van Gods Woord ignoreer, moet nood= wendig iets uit die kosmos teoreties vergoddelik en is dus skuldig aan verteologisering.

2.5.9 "Christelike wetenskap is eng, geslote".

Stoker skryf dat dit opmerklik is "hoe oop en daarmee ruim, ryk en ruimhartig" Christelike wetenskap is, omrede dit "oopstaan vir die openbaring van God in Sy Woord en die lig wat dit op die kosmos en daarmee op die betrokke veld van wetenskaplike ondersoek werp en dus ook oop vir die kreatuurlikheid en onselfgenoegsaamheid van mens en kosmos (op. cit., Deel II, 109).

Die Christelike wetenskap is verder oop vir 'n veelheid van aspekte: (cf. hieroor Stoker, H.G., op. cit., Deel II, 109,110).

- oop vir die radikale verskeidenheid en samehang in die kosmos;
- oop vir elke wetenskapsbepaaldheid;
- oop vir elke insienbare feit;
- oop vir alle perspektiewe
- oop vir die ryk geskakeerde, maar ook die onderlinge same=hangende wetsorde vir alle dinge, soos dit hul oorsprong in God vind — maar ook oop vir alle wonderdade van God (w.o. die skepping, wetgewing en voorsienigheid);
- oop vir die onderlinge ondersteunende verskeidenheid van wetenskaplike metodes;
- oop vir die "kwalitatief" onderskeie wetenskappe (binne die kader van soewereiniteit en universaliteit van elkeen);
- oop vir die "sonde- en kwaad-bepaaldheid" van die mens en die kosmos;
- oop vir die deur God gestelde unieke roeping van die weten=skap, gewortel in die hele roeping van die mens;
- oop vir die eis van 'n geïntegreerde wetenskapsbeoefening van die hele mens;
- oop vir die waarheidsmomente van andersdenkende wetenskap=likes, dog sonder die opgawe van eie beginsels;
- oop vir die kritiek op eie dwalings in sake onderstellings, vindings en bevindings in wetenskapsbeoefening.

Geen ander wetenskapsbeoefening is juis so oop en so ruim, ryk en ruimhartig as die Christelike wetenskap nie.

2.5.10 "Christelike wetenskap is onmoontlik vanweë die vele strominge en interpretasieverskille binne die Christendom self".

Hierdie beswaar sal beslis ook moet geld t.o.v. die nie-Christelike wetenskap, a.g.v. die talle "ismes" wat bespeur word op dié terrein.

2.5.11 "Die Christelik-wetenskaplikes skei hulle isolerend af van die ander wetenskaplikes en verskeur dus so die wetenskap"

In sy wetenskaplike werksaamheid is (soos reeds verduidelik) die

Christelik-wetenskaplikes nie eng, geslote nie. Hy maak wel ook gebruik van die vindings en bevindings van die nie-Christelike we= tenskap, maar dan in die lig van die Skrif.

Die verskeurdheid binne die wetenskap sal in hierdie sondige bedeling voortduur, totdat God finaal ingryp om die kwaad te oorwin.

2.5.12 "Net die wetenskaplike kan Christelik wees, maar nie sy wetenskap nie".

Ons merk hierin weer die skeiding tussen geloof en wetenskap. Weer eens wil ons beklemtoon dat geen mens hom kan losmaak in sy weten= skaplike arbeid van sy grondoortuigings nie. Maak die humanis hom los van sy grondoortuigings in sy wetenskaplike arbeid? Die evolu= sionis se wetenskap dra die stempel van sy evolusionistiese grond= oortuigings; die vitalis s'n die van sy vitalistiese grondoortui= gins. Daarom <u>móét</u> die wetenskaplike arbeid van die Christen, ook die stempel dra van sy Christelik-religieuse oortuigings.

2.5.13 "Christelike wetenskap is slegs in sommige vakke moontlik bv. in die wysbegeerte, maar nie in die wiskunde".

Die moontlikheid om o.a. wiskunde te beoefen, vind sy grond en oor= sprong in God wat mens en kosmos geskape het. God het aan die mens sy kenaanleg en aan die kosmos sy kenbaarheid geskenk en daarmee ook die aanleg van die wiskundige en die kenbaarheid van die wiskundige veld van ondersoek. Ook die wiskunde maak deel uit van die hele roeping deur God aan die mens gestel — "'n roeping wat die wiskun= dige tot eer van God moet behartig tot 'deelname' aan die 'waarheid', tot uitkenning en ondersoek van die betrokke toepassingsmoontlikhede in diens van ander wetenskappe en van ander menslike samelewingskringe en met dit alles tot verwesenliking van die bestemming van die mens en kosmos"(Stoker, H.G., <u>Ibid.</u>, 82).

Stoker stel dit tereg dat "die wette wat in die veld van wiskundige ondersoek opgespoor word, moet aanvaar word as bepalings binne die

wetsorde wat God vir die hele kosmos gestel het" (Ibid., 82). Wat hier gesê word t.o.v. wiskunde, geld vir alle vakwetenskappe en hulpwetenskappe.

## 2.6 SLOTBESKOUING.

Teen die agtergrond van dit wat hierbo gestel is, kom ons nou tot die beantwoording van die vraag: waarom Christelike wetenskap?

Die Christendenker kom in sy soeke na sekerheid en vastigheid in hierdie tydelike werklikheid, tot die voorwetenskaplike oortuiging dat alles uit, deur en tot God geskape is. Die mens as kroon van die skepping, het 'n kultuuropdrag van God ontvang. Hy moet die ganse geskape werklikheid ontsluit tot eer en verheerliking van God. Daar=om moet ook sy wetenskapsbeoefening 'n religieuse roepingsvervullende diens van God wees, want ook hierin is hy verantwoording aan God verskuldig. In sy beoefening van wetenskap moet die wetenskaplike rekening hou met beide die kosmiese kenobjekte, sowel as die volle lig van God se Skrifgeworde Woord. Hy moet altyd bewus wees van sy sondige natuur, wat behoeftig is aan verlossing in Christus.

Ook sy wetenskapsbeoefening, as één van die uitinge van die mens, kan dus ontspoor en daarom moet hy altyd terugvra na die ware vertrekpunt, verloop en bestemming van die wetenskap. Volgens Stoker sny die beoefenaar van Christelike wetenskap, met dit alles, in fundamentele sin alle neutralisme in sy wetenskapsbeoefening, by die wortel af (Ibid., 101,102). Dit bring dan mee dat diegene wat tot die gebied van die filosofie gereken wil word, begaaf moet wees met 'n kragtige intelligensie, maar bo alles moet hulle wedergebore mense wees (cf. Potgieter, F.J.M., 1939, 268). 'n Wedergebore hart sal die ware vrugte van bekering na vore laat kom. God se gesag sal dan nie beperk word tot die terrein van geloof nie, maar daar sal bely word dat God, as Skepper, Onderhouer en Regeerder van die kosmos, se gesag strek oor alles wat Hy geskep het. So alleen ontsluit die mens die ganse werklikheid in die regte rigting: tot eer en verheerliking van God en tot heil van die naaste.

# HOOFSTUK 3

## DIE ONTKENNING EN DIE ONTKOPPELING VAN DIE VERBAND TUSSEN CHRISTELIKE RELIGIE EN WETENSKAP.

### 3.1 MISDUIDING VAN DIE PLEK VAN DIE WETENSKAP.

Ons wil ons in hierdie hoofstuk besig met die verskillende hoof= strominge, en met uiteenlopende standpunte wat ten diepste wortel in die feit van die mens se sondeval en ook die "ken ten dele" en die gebrokenheid van sy denke.

Eerstens is daar strominge wat wel die Christendom bely, maar die Bybelse perspektiewe vir alle lewensterreine ontken en selfs ook heftig teëstaan vanuit 'n geestelike dualisme, soos later sal blyk.

Tweedens is daar die moderne denkskole wat vanuit 'n radikaal nie-Christelike siening die verband tussen Bybel en wetenskap negeer en selfs beveg vanuit hulle humanistiese idee van die menslike ou= tonomie. Dit verg saaklike aandag.

Uiteraard sal ons skerp moet begrens in die behandeling van bg. want dit gaan vir ons om die hooftendens en die religieuse opset daarvan. Dit geld veral van al die verskillende vertakkinge van die moderne Humanisme, en juis hier moet ons skerp begrens.

Nietemin moet ons onthou dat die humanistiese uitlopers in die denke, juis die Christelike denke negatief beïnvloed het vanuit die akademiese sentra en die humanistiese mondstukke, soos dit o.a. ook selfs in die teologie na vore kom.

Wat die sinkretisme en dualisme by Christenbelyers betref, is ons oortuig dat dit van besondere belang is. Hier gee ons aandag aan bv. die Roomse en Protestantse Skolastiek wat so baie merktekens gelaat het. Daarbenewens is van besonder betekenis, hoewel dan negatief, die metodistiese en piëtistiese denkers wat Bybel en

wetenskap skei en so verlammend werk op die uitbouing van 'n weten=skap wat God se soewereiniteit bely.

C.F. Weizsäker het tydens 'n wetenskapskonferensie in Basel, Swit=serland opgemerk:

> "Science today is the only thing in which men as a whole believe: it is the only universal religion of our time.... The Scientist has thus got himself into an ambiguous position: he is a priest of this new religion, possessing its secrets and marvels; for what to others is puzzling strange or secret is plain to him. It is suddenly clear in many countries that the future of a nation, of a continent depends on producing enough scientists" (Roscam Abbing, P.J., en Van der Woude, A.S., 1967, 53).

Rushdoony is van oortuiging dat so 'n "immoderate faith in the power of science" nie geregverdig is nie. Hy gaan verder: "This new mythology of science is therefore hostile to the old fact of God. Somehow God and His world must be disproved. Somehow too the evolutionary scheme must be proved" (Ibid., 6, 53). Hooykaas skryf: "Certainly we owe to the Greeks the ideas of science as a rational rather than a mystical or poetical interpretation of nature, and of the use of mathematics in science, but Greek-Roman science led in the long run into a blind alley, precisely because of its reli=gious and philosophical prejudices" (Hooykaas, R., 1966, 12).

Stoker het dit duidelik gestel dat die gevaar van wetenskaps-ver=afgoding nie denkbeeldig is, maar 'n harde werklikheid. Hy wys ook daarop dat baie mense "in die naam van die wetenskap" teen die Bybelse-opvatting agiteer. Hy skryf dit egter toe aan 'n gebrek aan kennis ten opsigte van die grense van die wetenskap en die standpunt in die ortodokse teologie (Stoker, H.G., 1929, 13-14).

Dis nou teenoor hierdie verabsolutering van die wetenskap dat ons die Christelike wetenskap stel. Die analitiese filosofie betwyfel die bestaansreg van Christelike denke en wetenskap. Strauss ver=

duidelik dit so: "Wetenskapsbeoefening is ŉ bepaalde taalspel waarin alle deelnemers universeel-geagte spelreëls moet aanvaar. Indien Christelike wetenskap bestaansreg geniet het, sou dit impli= seer dat alle deelnemers aan die wetenskapspel Christelike reëls daarvoor moet aanvaar, wat absurd is, omdat die meerderheid weten= skapsbeoefenaars nie Christene is nie. Die Christen mag derhalwe te enige tyd Christelik wees, maar speel daarmee beslis nie saam in die spel van die wetenskap nie" (Strauss, D.F.M., _et al._, Deel II, 1978, 2-3). Die nie-Christelike wetenskaplikes wil nie aan die Christendenker sy regmatige plek in die "wetenskapspel" gee nie. Aldus hulle is die Christendenker se denke beperk tot die teolo= giese wetenskap. Die rede hiervoor is omdat hulle vanuit die reli= gieuse-hart ŉ lewens- en wêreldbeskouing huldig wat op een of ander wyse deur die Humanisme beïnvloed is. Die Christen se hart is veranker in God Drie-Enig deur Jesus Christus in die gemeenskap van die Heilige Gees. Daarom sal die Bybelse-religieuse grondmo= tief van skepping, sondeval en verlossing _al_ die funksies van die religieuse hart (waaruit die Christelike lewens- en wêreldbeskouing opkom), in diens van God stel. Dit impliseer dat _niks_ neutraal gestel sal word nie — ook nie wetenskap nie.

In die opsig merk ons dat sekere Christenbelyers nie konsekwent is nie:

## 3.2 GESTALTES VAN SKOLASTIEK.

### 3.2.1 INLEIDING.

Vanaf die tyd van Copernicus soek die mens op wetenskaplike wyse na die waarhede aangaande die realiteit. Hierdie wetenskaplike waarhede "ontdek" hy in die realiteit (die skepping van God). Die antieke Grieke het a.g.v. natuurverafgoding geglo dat die skepping ewig was — daar was geen Skepper volgens hulle nie. Die mens moes met sy soewereine _rede_ die realiteit verklaar. Strauss gee ŉ treffende opsomming van hierdie Griekse filosofie en sy uitwerking op die Christelike lewens- en wêreldbeskouing: Die Griekse oortui= ging was dat ŉ sekere redegod die mens se rede in hom ingelê het.

69/.......

DIE mens se rede sou dan sy goddelike kern wees: "die regeer-sep=ter van die mens oor sy aardse tuiste". Daarom was hulle beskouing aangaande die natuur nie rasioneel nie, maar rasionalisties. In die vroeë middeleeue het die afdwalende Christendom hierdie heiden=se oortuiging oorgeneem. Die gevolg was dat die werklikheid in twee verdeel is. Aan die een kant stel hulle nou die genadesfeer, en aan die ander kant die tydelike-aardse lewe wat beskou is as die nie-godsdienstige "natuurlike" lewe (1970, 2).

In die wetenskapsleer is daar ook 'n skeiding gemaak. Die genade=sfeer is dan die terrein van die teologie en die filosofie, wat as objek van ondersoek vrae aangaande God en die werklikheid moet beantwoord. Alle ander wetenskappe word afgesluit tot die terrein van die "tydelike aardse lewe" (resp. natuur) wat op 'n nie-gods=dienstige grondslag benader moet word. Die terrein van die "tyde=like-aardse lewe" is dus neutraal gestel — buite die Koninkryk van God en dus sonder verantwoording aan God.

Binne die konteks van hierdie dualisme het die mens op talle dwaal=weë beland. God se allesomvattende gesag is nie op alle lewenster=reine erken nie. Hierdie skeiding bestaan egter alleen in die ver=absoluteerde rede van die mens. God het die ganse werklikheid geskep, die ganse werklikheid is ook getref deur die radikaliteit van die sondeval en die ganse werklikheid hou in Christus stand. Naas God se skepping bestaan geen "neutrale" werklikheid nie.

Verskeie denkers het nou gepoog om 'n versoening te bewerkstellig tussen die genoemde twee sfere.

### 3.2.2 DIE ROOMSE SKOLASTIEK VAN NATUUR EN GENADE.

In 1879 word die Thomistiese filosofie kragtens die ensikliek Aeter=ni Patris van Leo XIII, tot amptelike filosofie van die Rooms- Ka=tolisme verklaar. Die Thomistiese filosofie vind sy wortels in Thomas van Aquino se lewens- en wêreldbeskouing (Ibid., 17, asook Lee, F.N., 1969, 132). Thomas Aquinas (1225-1274) se invloed op

Rome was radikaal. Hy het die "oes van die Rooms-Katolieke wys=begeerte van die vorige eeu as't ware tot 'n samevattende sluit=stuk" gebring gedurende die dertiende eeu (Strauss, D.F.M., "Sko=lastiek en Gereformeerde Skolastiek-kontra reformatoriese denke is NGTT., Maart 1969, 97). In 1950 het die pous Pius XIII in sy ensikliek Humani Generis, die teoloë gemaan om op die gebaande weg van die Thomistiese teologie te bly (cf. Heyns, J.A., en Jonker, W.D., 1974, 233 ).

Thomas het gepoog om die rede met die geloof te versoen, want hy was oortuig dat dit 'n groot "diens aan die Christendom" sou wees. Vir hom was dit absurd om op grondslag van die Bybel, met heidense wetenskaplikes te verkeer. Hy wou 'n ander uitweg vind. Daarom poog hy om die Bybel (resp. genade) met Aristoteles (resp. natuur) te versoen (cf. hieroor o.a. Stone, H.J.S., "Weerbaarheid en Wetenskap" in Riglyne, 4de jaargang, nr. 2, Junie 1973, 17). Vir Aristoteles was die mens se hoogste funksie, sy rede: hiermee skep hy nou sy godheid. Thomas was egter oortuig van die feit dat God 'n bo-natuur=like genadegawe van geloof aan die mens skenk. Hierdie geloof het volgens hom, die mens in staat gestel om deur die Bybel God te ken en die saligheid te beërwe. Teen hierdie agtergrond kom Thomas nou tot die idee van 'n natuurlike terrein en 'n bo-natuurlike terrein. Saam het die twee terreine 'n groot geheel uitgemaak. Daarom sê hy dat die genade die natuur vervolmaak (Strauss, D.F.M., et al., op. cit., 17, asook Dooyeweerd, H., "Die probleem van die Christelike wysbegeerte" in Die Gereformeerde Vaandel, Deel 24, nr. 2, Junie, 1953, 22).

Thomas se denkstelsel was dus dualisties van aard: aan die een kant die genade, aan die ander kant die natuur. In navolging van die Grieke ken Thomas nou 'n goddelike karakter toe aan die genade (resp. vorm), maar nie aan die natuur (resp. materie) nie.

Rome leer nou dat daar op die terrein van die natuur alleen met die rede gewerk kan word (volgens die natuurreg en die natuurlike rede) en nie volgens Skrifbeginsels nie. In die lig van hierdie oortui=ging het die Skolastiek geleer dat wetenskap niks met geloof te

doen het nie, maar met die verstand van die mens. Geloof en rede staan dus teenoor mekaar — geskei. Op die terrein van die genade vind die kerk van Christus nou sy setel (De Klerk, W.J., et al., 1972, 24; asook Van Wyk, J.M., Herdruk 1976, 11).

Rome huldig oortuigins vanwee die antiek-heidense opvatting dat die mens se rede 'n deeltjie van God is, wat deur God self in=geplant is. Vanuit hierdie oortuiging leer Rome nou dat die sonde=val nie die mens se verstand radikaal verduister het nie. Al wat in die rede van die mens verduister is, is sy oorspronklike kennis aangaande ons hiernamaalse saligheid ("die hoëre en bo-tydelike"). Oor sy insig in die "wêreldlike of nie-godsdienstige terrein, bly die menslike rede ongeskonde. Daarom kan ons steeds ware kennis van die wêreld bekom — sonder die lig van die Skrif. "Op die manier onttrek Rome dus die wetenskap, saam met die res van die tydelike lewe, aan die Koningskap van Christus en lewer dit uit aan die vermeende soewereiniteit van die menslike rede" (Strauss, H.J., op. cit., 3).

'n Tweede dwaling deur Rome word gebore uit die Rooms-Katolieke oortuiging dat die Roomse Kerk 'n allesinsluitende lewensmag op aarde is. Die Roomse Kerk is vir hulle "die tydelike neerslag van die Koninkryk van God — die volle tydelike openbaring van die Liggaam van Christus". Die Roomse Kerk neem dus Christus se plek in op aarde. Gevolglik poog hulle nou om die verkerkliking van die ganse lewe te bewerkstellig en nie die verchristeliking daarvan nie (Ibid., 3).

B.J. van der Walt poneer dat Romse Katolisme beskou kan word as: "The Christian above the world". Die Christen en die wêreld beweeg verder weg van mekaar. Dit is 'n geval van: "Take me on Sundays but leave me during the week ....". Die allesomvattende Koninkryk van God word gereduseer tot slegs die terrein van die kerk (genade). Volgens bg. outeur is die basiese fout van die Rooms-Katolieke dualisme die feit dat hulle die werklikheid in twee wil verdeel. So gaan die insig dat Gods skepping 'n eenheid is, verlore. Ook gaan verlore die waarheid dat God heers oor sy ganse skepping,

want streng gesproke word sy heerskappy nou beperk tot die bo-natuurlike terrein van die genade (Van der Walt., B.J., 1981, 103-105).

Die Roomse Skolastiek lei as't ware terselfdertyd tot verwêreldliking en wêreldontvlugting. Hoewel die terrein van die natuur neutraal gestel word van die Christelike religie, moet die mens wat hiermee werk steeds daarna strewe om bo die natuur uit te styg (cf. Van der Walt, B.J., 1978, 299-300; asook 1984, 26-27).

Volgens Rome is die natuurlike lig van die rede, dus genoegsaam vir filosofie en al die ander wetenskappe. Die filosoof se resultate is dus die resultate van die rede. Die teoloog gebruik ook die rede, maar hy verkry sy beginsels as geopenbaar d.m.v. die geloof. Die onderskeiding van die filosofie en die teologie word dus gevind in die onderskeiding wat Rome maak tussen geloof en rede. Vir die filosoof is God as Skepper 'n gevolgtrekking, vir die teoloog apriori in sy wetenskap (Strauss, D.F.M., et al. op. cit., 19).

Beskou ons die Roomse Skolastiek nou in die twintigste eeu, besef ons dat: "Ondanks allerlei uitwendige veranderinge en die uitskakeling van sommige van die ergste ooglopende dwalinge, bly die Rooms-Katolisme prinsipieel nog presies wat hy was in die 16de eeu nl. 'n openlike en doelbewuste vermenging van Christendom en heidendom, van die Heilige Skrif en die filosofie van Aristotels" (Venter, E.A., "Enkele aspekte van die Thomistiese filosofie" in NGTT, Sept. 1966, 220). Dit is ook duidelik dat die Roomse religie die mens se aktstruktuur nie na behore ontsluit nie (cf. Strauss, H.J., "Partypolitieke Beginselrigtings" in Die Gereformeerde Vaandel, Deel 28, nr. 2, Junie 1959, 14). Daarom kan Rome, vanweë die natuur-genade dualisme, ook nie die wetenskap korrek identifiseer nie. Die wetenskaplike wat o.l.v. die Roomse religie staan, ervaar dus nie die deurwerking van die beginsel van s.i.e.k. of die differensiëringesnorm nie. Die wetenskap kan volgens Rome alleen in diens van die mens staan.

J.H. Smit gee 'n duidelike slotsom oor die Thomistiese filosofie: "vir die Christelike filosofie is daar by Thomas bitter min winste

te boekstaaf" (Ibid., 23).

Ons sluit die Roomse Skolastiek af met hierdie skematiese voorstelling van Thomas se stelsel (Ibid., 17):

| Grondmotief | Kenteorie | Wetenskap | Samelewingsleer | Antropologie |
|---|---|---|---|---|
| 1. Genade | Geloof | Teologie | Kerk | Siel |
| 2. Natuur | Rede | Filosofie, ens. | Staat | Liggaam |

### 3.2.3 PROTESTANTSE EN GEREFORMEERDE SKOLASTIEK.

Die invloed van die Roomse Skolastiek het ook deurgesyfer na die protestantse en gereformeerde wêreld. Zylstra skryf: "The fundamental weakness of Christianity in the modern age, is according to Runner, its acceptance of the confinement of religion to the so-called spiritual domains of the church.... This acceptance implies an acquiescence in the religious neutrality of the remaining spheres of life.... Concretely it means that Christians accept the dominance of humanism in these realms....." (Vander Goot, H., red., 1981, 4). Malan verduidelik ook dat die teologie vir die skolastiek beperk was tot die terrein van die bo-natuur (resp. genade), terwyl die filosofie gebruik word as sy ondergeskikte dienskneg (cf. Malan, D.J., "Die Skolastiek in die Protestantisme" in TCW, 1ste en 2de kwartaal, 1968, 20; asook Van Riessen, Ir. H., 1958, 40).

Die feit kan nie geloën word dat daar heelwat teoloë en geesteskinders van die hervorming is wat die allesdekkende religieuse

betekenis van die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing vir die wetenskap ontken.

Lombard spreek van 'n "religieuse dualisme in die geestelike lewe wat 'n "blokkerende effek op die weg van die Christelike wetenskap" vertoon. Hierdie "blokkerende effek" kom dan veral a.g.v. alle "vorme van Protestantse en met name Gereformeerde Skolastiek" (Lombard, J.C., "Die ontsluitende sleutelposisie van die Skrifgelowige Teologie en Bybelkunde in die Christelik-wetenskaplike ensiklopedie", in Woord en Wetenskap, 1977, 85).

In die kern is die dwaling dan, dat die sg. hoër en geestelike terrein (kerklike en teologiese), kerklik geloofmatig in Christelike sin genormeer moet word aan die Heilige Skrif. Hierteenoor word die sg. laere lewensterreine (nie-kerklik sfeer) as 'n neutrale sfeer, gerig deur die menslike verstand — met name van die wetenskap, deur die rasioneel-neutrale verstand. "Dit beteken dat 'n verlammende teologiese dualisme, oorspronklik vanuit die Roomse denkskool, die weg tot radikale en intrinsieke religieuse reformasie van die nie-teologiese wetenskap afsny" (Ibid., 88)

Die uiteinde is dat die volle lig van die Woord en die effek van die Christelike reformasie nie op alle lewensterreine val nie (De Vos, J., 1983, 12).

Die eerste verset teen die dualistiese natuur-genademotief het gekom van die kant van Willem van Ockham. Dooyeweerd stel dit waar Thomas 'n sintese tussen dualisme van genade en natuur probeer bewerkstellig het, het Ockham dit beskou as 'n antitese (1958, Vol. I, 66). Vir Ockham was daar geen punt van kontak tussen natuur en genade nie. Vollenhoven raak dié skeiding in kern aan as hy sê: "wat Ockham als wijsgeer verwerpt, aanvaardt hij als gelovige" (1933, 256). Ockham iniseer ook die filosofie van die nominalisme. Hierdie filosofie het die denkers van die 14de en 15de eeu se gedagtes oorheers. Selfs in die 17de en 18de eeu hoor ons die weerklanke van Ockham se nominalisme in die werk van John Locke en David Hume. Ockham maak 'n radikale skeiding tussen wetenskaplike kennis en

geopenbaarde kennis (Roscam, C.A., 1983, 260-261).

Trekke van die Skolastiek bemerk ons ook in Calvyn se konsep van liggaam en siel én sy beskouing oor die beeld van God. Hierdie dualisme laat ons dink aan die Griekse gedagte van die edele siel, teenoor die minderwaardige of on-goddelike materie-liggaam (cf. Heiberg, P.J., "Christelike Reformasie of Skolastiese sintese in ons onderwys en onderwysopleiding", in TCW, 7de jaargang, 3de kwartaal, 1971, 101).

Selfs by Kuyper tref ons die nawerking van die Skolastiek aan. Hy onderskei tussen algemene en besondere genade (vgl. sy werk De Gemeene Gratie, 1932, Vol. III, 110). Op die terrein van die "alge=meene gratie" (resp. natuur) vind o.a. die staat sy uitganspunt, terwyl die kerk sy uitganspunt in die herskepping en die "particu=liere genade" vind. Hy is dan van oortuiging dat Christus Hoof is van die Kerk en die besondere genade, maar t.o.v. die algemene genade, oefen Christus net 'n sydelingse invloed uit (cf. Strauss, D.F.M., op. cit., in NGTT, Maart 1969, 102). Christus se Koningskap word dus afgeperk tot die kerk en die godsdiens. "Die gereformeerde beoefenaars van die nie-teologiese wetenskappe wat by die teologie geen bruikbare riglyne vir hul wetenskappe kan vind nie, sal hulle op die 'algemene genade'- beroep om hulle aansluiting aan die gang=bare, vreemd neutrale, denkwyse te regverdig" (Heiberg, P.J., op. cit., 102).

Hoewel nie volledig nie, het ons hiermee aangetoon dat daar in die Protestantse en die Gereformeerde Skolastiek inderdaad 'n contradictio in terminus bestaan. Hierdie religieuse dualisme in die geestelike lewe lei daartoe dat eer van God (as sentrale Leitmotiv van die Bybelsreligieuse grondmotief) nie tot sy reg kom op alle lewenster=reine nie.

## 3.2.4 METODISME.

Metodisme kom van die woord "metode" wat afgelei is van die Griekse woord "methodos" wat beteken "om langs 'n bepaalde weg" te vorder

(cf. Grosheide, F.W., en Van Itterzon, G.P., (reds), 1960, 670). Hierdie metode, om langs 'n bepaalde weg te vorder, is duidelik sigbaar in die Griekse natuurfilosofie, sowel as die Roomse Sko= lastiek en die nuwer filosofiese rigtings, wat elkeen hulle eie= soortige metode volg.

Vir die Metodisme is die "punctum saliens", sy metode van doen (cf. Du Toit, J.D., 1903, 133). Die metodisme se hoofoogmerk was om siele te wen en dit sou dan ook hul metode bepaal. Slegs die siel en sy saligheid is vir die Metodisme belangrik, alle ander lewensterreine is aan verwêreldliking prysgegee. A.g.v. bepaalde Skrifuitsprake en op grond van hulle gereformeerde belydenis, is die Metodisme onaanvaarbaar, want hul metode en doel, die veron= derstelling waarop hulle berus en die leerstellinge en kerkreg= telike resultate waartoe dit lei, strook met die Heilige Skrif en die Gereformeerde belydenis nie (cf. Krige, J.J., se artikel in <u>Koers in die Krisis</u>, Deel I, 129). Waar die Gereformeerdes teruggegaan het na die Heilige Skrif om hulle van daaruit te organiseer as institutêre openbaring van die liggam van Christus, het die Metodisme onder die slagspreuk van die stigter, John Wesley, "church or no church, souls must be saved", hulself ge= organiseer.

Vir die Gereformeerdes was die belangrikste oogmerk dus om vanuit die Woord grondbeginsels vas te lê dat Christus die Koning van sy Kerk op aarde is. Die Metodisme het hulself nie só georganiseer nie, "maar als een Society" wat na die dood van Wesley, voortgebou het op die deur hom daargestelde grondslae (cf. Du Toit, J.D., <u>op. cit.</u>, 172, 173). In hierdie sg. gemeenskap, het die <u>wil</u> van die stemhebbende lede die hoofrol vertolk. Daarom word Metodisme ook gekenmerk deur verdraagsaamheid en ongeërgdheid teenoor talle leerstellings. "Het Metodisme heeft door zijn eenzijdigheid tal van leerstukken gewijzigd of op de achtergrond gedrongen" (Grosheide, F.W., en Van Itterzon, G.P., <u>op. cit.</u>, 671). Wesley was ook van oortuiging dat, waar leerstellings nie die wortel van Christelikheid aanraak nie, daar sal die Metodisme denkend optree en ander laat dink (cf. Encyclopedia Brittanica, Vol. 15, 304).

77/.......

Die belangrikste dogmas vir die Metodisme, is die leer van die hei= ligmaking en die volharding. Alle ander dogmas is slegs van onder= geskikte belang geag. Die bekeerde mens kan nou as "nuwe mens", reeds hier op aarde volmaaktheid — 'n soort perfeksionisme — be= reik. Daarom strewe die Metodisme om d.m.v. die skok-metode, die mens te bring tot 'n skokkende belewing (resp. gevoel) van sy son= dige natuur en sy daarmeegepaardgaande verlore toestand en daarna moet hy bekering en wedergeboorte volg. Die persoon moet dan net daar en dan breek met sy verlede en sy bekering verklaar. In hierdie "proses", om te kom tot 'n nuwe lewe, speel die persoon se emosie dus 'n belangrike rol. Wanneer hy nou tot hierdie bekering gekom het, hou dit vir hom in dat hy andere tot bekering moet bring. Daarmee saam moet hy homself ook as't ware asketies terug= trek van alle vermaaklikheid, want dit is sondig in die oë van die Metodis. Die gereformeerde Christen, daarenteen, glo dat God hom <u>in</u> die skepping geplaas het, nie om 'n asketiese lewe te voer nie, maar om op elke lewensterrein die eer van God voorop te stel en dit in diens van God te stel (cf. De vos, J., Ongepubliseerde verhandeling, 1983, 24-25).

Die Metodisme is ook sterk aanhangers van die universalisme: die genade-begrip word so veralgemeen, dat hulle glo dat <u>alle</u> mense einde ten laaste salig word. Maar in sy wese, is die Metodisme ook individualisties wanneer hulle die verbondsgedagte van die Heilige Skrif ontken en in die plek daarvan stel dat 'n persoon alleen op grond van persoonlike belydenis lid kan word van hierdie "society". Die kinders word dan nie gedoop "omdat hulle in Chris= tus geheilig is nie, maar omdat hulle in die toekoms van sonde ge= heilig mag word" (Krige, J.J., <u>op. cit.</u>, 136). Binne hierdie "society" vind daar dan 'n herlewing van die Christelike oudheid plaas. Hulle reik terug na die oorsprong van die Christelike kerk: die Heilige Gees moet weer uitgestort word; die apostels moet herstel word; ens. Dit toon duidelik aan waarom die Metodisme vandag nog bekend staan as die Revival-kerk. Vanaf sy stigting het die Metodisme deur hierdie herlewing, in reaksie gekom teen die verval, die starre doodsheid, van die Anglikaanse kerk (die Engelse Staatskerk) van die agtiende eeu, en teruggegryp na die Christelike oudheid (cf. De Vos, J., <u>op. cit.</u>, 26).

Die invloed wat uitgegaan het van die Metodisme, het nie alleen die kerklike bewussyn verswák nie, maar ook die Christelike beginsel uit die lewe geweer. In die twintigste eeu, toe die Liberalisme weer 'n hewige aanslag gemaak het op die kerklike lewe, was die Metodisme 'n sterk bondgenoot van die Liberalisme. Tesame het hulle regteenoor die Calvinsme te staan gekom (cf. Vorster, J.D., se artikel in Koers in die Krisis, Deel II, 192). Stoker skryf dat die Metodisme wel op eie wortel stoel, "maar dit is die Christelike godsdiens waarby die Liberalisme die beste aanpas, en waarvan die Liberalisme die behendigste gebruik vir die verwesenliking van sy eie doel maak. Liberalistiese ongeloof op alle gebiede het veral deur die gebruik van die Metodisme die Christendom ondermyn" (1941, 75).

Hieruit het nou gelei dat die godsdienstige lewe vervlak het. Die gevoel het primêr geword in die godsdiens terwyl die Skrif 'n sekon= dêre rol vertolk het. Hieroor skryf Vorster "Die ou Calvinistiese vroomheid is gedeeltelik vervang deur die subjektief, sterk gevoels= gekleurde asketiese vroomheid van die Metodis" (op. cit., 193). Binne die konteks van "saligmaking van siele", ontken die Metodisme die erfsonde en handhaaf dat elke individu soewerein vir of teen Christus kan kies en homself kan vervolmaak (cf. Stoker, H.G., op. cit., 30).

### 3.2.4.1 GEVOLGE VAN DIE INVLOED VAN METODISME.

Een van die grootste gevolge van die Metodisme, was die verskraling van die Bybel tot 'n "leesboek". Dogmatiese onderrig is reeds, deur hulle invloed, in 1841 uit die skole geban en dit het as't ware die sekulariseringsproses in die skool begin.

Ook die neutraliteitsidee is onder die invloed van die Metodisme bestendig en verhaas. Die godsdiens en die daaglikse lewe is van mekaar geskei, sodat ons as't ware weer te doen het met 'n natuur-terrein en 'n genade-terrein soos by Rome. Die mens met sy subjek= tiewe gevoel het nou die sterkste op die voorgrond gestaan.

Die Gereformeerde teologie leer egter dat die volheid van die mens (óók sy gevoel), in diens van God moet staan. Verhoef toon duidelik aan hoe die Metodisme die natuur-genade skeiding gemaak het as hy skryf: "Daar word 'n skeiding gemaak tussen natuur en genade, en daarmee tussen die godsdienstige lewe in enger sin, en alle ander terreine wat dan sogenaamd tot die 'natuur' behoort, en dus van laer orde is" (1967, 40).

Die Metodisme sou dus die gehoorsaamheid aan God op alle terreine nie eerbiedig nie. Alhoewel daar nie by die Metodisme uitdruklike uitsprake t.o.v. die wetenskap te vinde is nie, is dit tog duidelik dat dit wat hulle gehandhaaf het, die wetenskap tot die terrein van die natuur sou isoleer. Hierdie negatiewe invloed was dus ook 'n bydraende faktor tot die feit dat wetenskap neutraal gestel is — "los" van die Koninkryk van God; buite die gesag van God. Hieruit blyk dat die Metodisme n<u>óóit</u> die gesag van God op die terrein van die wetenskap sou erken nie, want God se soewereiniteit (soewel as sy vrymagtigheid) is te kort aangedoen (cf. Krige, J.J., <u>op. cit.</u>, 135).

## 3.2.5 <u>DIE PIËTISME.</u>

Die woord "piëtisme" is afgelei van "pietas" wat "vroomheid" beteken. As beweging vind die Piëtisme sy oorsprong gedurende die sewentiende eeu toe daar gepoog is om die gees van die hervorming te bewaar en die stryd te voer teen die toenemende gees van sekularisme en rasionalisme in Europa. Piëtisme, as invloedryke godsdienstige hervormingsbeweging in die Lutherse Duitsland, het later uitgekring na talle wêrelddele (w.o. Engeland en Nederland). Met sy klem op die persoonlike geloofslewe, het die Piëtisme in die loop van die geskiedenis, groot invloed uitgeoefen op feitlik alle terreine van die lewe (cf. De Vos, J., <u>op. cit.</u>, 34-35).

Die Piëtisme het in reaksie gekom teen die oppervlakkigheid van die kerk en die sekularisme wat die kerk én die wêreld buite die kerk so sterk beïnvloed het.

Aanvanklik was die woord "piëtisme" as skelwoord gebruik in Duitsland. Daarom word daar onderskeid getref tussen Gereformeerde Piëtisme wat ontplooi het in Engeland, Nederland en Noordwes-Duitsland, en Piëtisme aan die ander kant, wat eie was aan die Lutherse Duitsland. Tog kom daar een spontane motief by die Piëtisme na vore, "naamlik het willen heilig zijn zoals God heilig is" (cf. Grosheide, F.W., en Van Itterzon, G.P., op. cit., 452). Die Gereformeerde Piëtisme was 'n afgesonderde groep wat hoofsaaklik deur die Puriteine ontwikkel is, terwyl die Lutherse Piëtisme in verskeie groepe verdeel was, met elk sy eie leier. Vyf groepe word by die Lutherse Piëtisme geïdentifiseer, t.w. (cf. De Vos. J., op. cit., 35-39).

1. Die Philips Jakob Spener-groep.

Spener was diep bekommerd oor die toenemende sekularisme in Frankfurt, sy tuisdorp. Daarom roep hy die mense op tot skuldbelydenis en vernuwing van die geestelike lewe — die mense moes hulle daarop toelê om preke te oordink en geestelike boeke te lees. Groepe mense is nou byeengeroep en tydens dié byeenkomste is gelowiges versterk en intensiewe Bybelstudie gedoen. Hierdie mense is later die "piëtiste" genoem. Spener het in sy werk Pia Desideria (1675), geskryf dat die mens se Bybelstudie moet intensifiseer; dat daar meer liefde en minder stryd moet wees, minder geleerdheid en meer klem op die daad en groter godsaligheid (cf. Encyclopedia Brittanica, Vol. 14, 457).

2. Die August Herman Francke-groep.

Na die dood van Spener, het Francke die sentrale figuur geword in die Piëtisme. Gedurende sy studentejare verwerf Francke bekendheid as een van die organiseerdes van 'n vergadering van Bybelliefhebbers. Hulle benadering van die Bybel was meer akademies, en minder toegewyd, van aard. In 1962 word Francke aangestel as hoogleraar by die universiteit te Halle. Hier het hy sy studente met

groot ywer besiel. Later kom 'n Bybelgenootskap onder sy leiding tot stand — almal in Duitsland kon die Bybel nou goedkoop aanskaf. Hierdie opvoedings- en barmhartig=heidswerk van Francke het spoedig oor die hele Duitsland versprei. Dit het 'n gees van aktivisme onder die Duitse volk aangewakker — iets wat die Lutherane nie geken het nie. A.g.v. Francke se arbeid, het die afstand tussen Lutheranisme en Calvinisme kleiner geword en het die Chris=tendom se visie vergroot (Berkhof, H., 1955, 244).

Tog het die eensydigheid van die Piëtisme later 'n negatie=we invloed op Francke begin uitoefen. Hy was oortuig dat die mens moet kom tot 'n diepe sondebesef wat lei tot 'n presiese dag en datum van bekering. Daarna moet die mens deur 'n strenge <u>wêreldmyding</u> en 'n <u>sombere wettisisme</u>, streef na Christelike volkomenheid.

3. <u>Nikolas Ludwig, Graaf van Zinzendorf.</u>

Ludwig ontvang sy opvoeding in die sg. Pedagogium, 'n skool van Francke in Halle tydens 1710-1716. Met Spener as sy peetpa en Francke se opvoedingsinvloed, het hy deeglik te doen gekry met hierdie twee kante van Piëtisme. Hy en sy volgelinge is egter meer beïnvloed deur die mistisisme en wou wegdoen met die uiterlike elemente van die godsdiens (o.a. die Bybel en die sakramente), sodat die siel van die individu met God gekonfronteer kan word (cf. <u>Encyclopeadia Brittanica</u>, Vol. 14, 457).

In 1722 het 'n groep Morawiese bannelinge skuiling op sy landgoed kom soek. Hulle word toegelaat om daar te bly want Ludwig het dit as 'n geleentheid gesien om sy roeping uit te leef. Alhoewel hierdie groep hulle aanvanklik nie afgeskei het van die Lutherse kerk nie, het hulle hulself beskou as die sout van die aarde wat die boodskap regdeur die Christendom moes dra. Later het hulle ver=

wyderd geraak van die Lutherse kerk en die bekende Mora=wiese kerk geword.

4. Die Würtenberg Piëtisme.

Hierdie groep is sterk deur Spener beïnvloed en steun meer op die Lutherse kerk as die Zinzendorf-groep. Om die ge=vare van die verdeeldheid te beperk het hulle die Bybel=klasse deel gemaak van die kerklike lewe.

5. Radikale Piëtisme.

Radikalisme was voortdurend 'n bedreiging vir bg. piëtis=tiese groepe. Spener en Francke was radeloos gelaat deur die uitbarsting van entoesiasme onder hul volgelinge. Hierdie mense (later groepe) het hulle beroep op 'n mistie=ke en emosionele ondervinding en die opheffing van fisiese verskynsels, as bewyse van die werking van die Heilige Gees. Die radikale groep word in twee verdeel: ten eerste die fanaties-sektariese groep, met sy sterk chilias=tiese trekke en die oortuiging dat alle mense uiteindelik gered sal word; ten tweede, die separatistiese groep, wat nie-kerklik van aard was nie. Die eerste groep het hulle gevoelens uitgedruk in stuiptrekkings gepaardgaande met die spreek in tale, terwyl die tweede groep die "inner light and human reason" so oorbeklemtoon het, dat hulle tot die rasionalisme geneig het (cf. Encyclopeadia Brit=tanica, Vol. 14, 458).

3.2.5.1 KRITIESE WAARDERING VAN DIE PIETISME.

Uit bg. blyk dit duidelik dat daar heelwat teenstrydighede voorge=kom het in die geledere van die Piëtisme. Hierbinne word sowel positiewe, as negatiewe trekke geïdentifiseer. Na die positiewe sy, het hulle weer lewe gebring in die sluimerende kerk van die sewentiende eeu; die gelowige is ook opgeroep tot 'n persoonlike

verhouding met Christus en 'n intensiewer Bybelstudie. Dit alles het baie mooi en vroom geklink, maar as daar gelet word op die ne= gatiewe insette deur hulle gelewer, word dit duidelik dat hulle die kerk van Christus en sy leer skade berokken het — skade wat gelei het tot die sektariese groepe. Vir hulle was Christenwees 'n saak van innerlike verandering wat individueel ondervind moet word. Die wedergeboorte word nou bo die regverdigmaking deur die geloof gestel. Die klem is dus op die individu geplaas en nie op die mens <u>én</u> sy bestaan in verhouding tot God nie. Die implikasie vir die kerk was dat die kerk nie meer die <u>ecclesia</u> was nie, maar die as= sosiasie van wedergeborenes binne die kerk. Hierdie groepie "nuwe mense" moes nou groei in heiligheid (om soos God heilig te word), die wêreldse dinge verwerp en aan Christus gelykvormig word. Dit alles moet <u>altyd</u> individualisties plaasvind sodat die <u>persoonlike</u> geloofslewe ten volle kan ontplooi. Die geloofsgemeenskap word dus nie in verband gebring met die opbouing van die gemeente (die boodskap van die Nuwe Testament) nie, maar dit word na binne gekeer: dit is dus introvert. Dis daarom te begryp dat Müller skryf dat:"die Piëtisme dikwels buite die worsteling met gewigtige tydsvrae, wat ander tydgenote se gemoedere besig gehou het, gestaan het" (1961, 65). Hierdie gemeenskapsbeoefening bring mee dat 'n onbybelse piëteit in die Piëtisme na vore kom, omdat dit berus op die on- Bybelse <u>dualisme</u> van profane en heilige. Müller skryf dat hierdie "heiligheid" van die piëtistiese kerk, 'n skuilkelder word waarin alle vensters gesluit word vir die gekompliseerde strukture van die tyd (Ibid., 65). J.H. Bavinck skryf ook: "The Piëtistic move= ment...... stood in a negative position over against questions of culture and social relationship..... had no eye for this side of the missionary calling" (1949, 27 e.v.).

Ten laaste, en dit is belangrik t.o.v. ons tema, moet die dualisme wat die Piëtisme vertoon, duidelik uitgewys word:

> Aan die een kant staan die piëtis in die konkrete wêreld om God te dien, aan die ander kant vertoon die Piëtisme 'n mistieke karakter waarin hy krities staan teenoor kultuur en die wêreld vermy (cf. Grosheide, F.W. en Van Itterzon, G.P., <u>op. cit.</u>, 452).

84/.......

Soos reeds genoem, het die Piëtisme wel intensief aandag gegee aan die Bybel as die Woord van God. Vir hulle het die Bybel die mens bewus gemaak van sy sonde en geëis dat die mens deur wedergeboorte 'n nuwe lewe moet voer. Dit alles klink mooi en vroom, maar na die negatiewe sy wou die Piëtisme die Bybel biblisisties gebruik: as 'n handboek vir moraliteit en 'n towerboek vir wonderwerke; as 'n handboek wat sonder voorbehoud, oplossings bied vir gewyde probleme.

Die Piëtisme het nooit gekom tot erkenning van God se gesag op alle terreine van die lewe nie, want alleen die individu en sy persoonlike geloofslewe is in die sentrum van hulle leer geplaas, terwyl hulle die deure gesluit het vir die vrae rakende die gekompliseerde strukture van die tyd. Hulle sou dus nooit kom tot die verchristeliking van die ganse menslike lewe nie. Vir die uitbouing van Christelike kuns, ekonomie, staat, wetenskap, ens. sou daar nooit 'n roepstem uitgaan vanuit hulle geledere nie.

## 3.3 AFVALLIGE RELIGIEUSE STROMINGE IN DIE MODERNE WESTERSE WERELD.

### 3.3.1 DIE MODERNE HUMANISME: DIE PENWORTEL VAN DIE AFVALLIGE RELIGIEUSE STROMINGE.

> "Humanisme is die wysbegeerte van die leuen" (Venter, E.A., "Humanisme en menslike vryheid" in TCW, 2de jaargang, nr. 1, Mei 1966, 1).

Binne hierdie konteks kan ons nie die verband tussen die moderne Humanisme en die antiek heidense Griekse denke hier behandel nie (cf. hieroor Guinness, O., 1973, 4 e.v.). Die penwortel en stam van alle nie-Christelike denke is in alle geval die Humanisme, die mens se gewaande outonomie, sonder die gesag van God en sy Woord. Vanuit hierdie humanistiese wortels uit die hart of gees van die mens, vertak dit in die verskillende -ismes wat een of meer aspekte van die deur God geskape werklikheid verabsoluteer of verafgod, en Christelike wetenskap by die wortel afsny.

Met die verskyning van die Humanisme tydens die dertiende eeu in Wes-Europa het daar 'n geestesmag ontstaan wat totaal met die Christelike religie gebreek het en veeleerder aansluiting gesoek het in die antieke heidendom, veral by die Grieke (Wurth, G.B., 1940, 45). "Saam met die geleidelike verbrokkeling van die Middel= eeuse kerklike eenheidstruktuur het 'n nuwe religieuse grondmotief nl. die humanistiese, sy verskyning in die Weste gemaak. Die laat-skolastiese nominalisme, onder leiding van Willem van Ockham, het die natuur nie meer as die voortrap van die genade gesien nie, maar as teenstelling" (Strauss, D.F.M., "Humanistiese verseiling in die wetenskap — 'n skets" in TCW, jaargang 1, nr. 2, November 1965, 60). Hierdie grondmotief was gewortel in die ideaal van die vrymaking van die mens — die vergoddeliking van die mens. Hierdeur wou die 13de en 14de eeuse mens hom bevry van die gesag van die pous en die Roomse kerk (Strauss, D.F.M., et al., op. cit., 8). A.g.v. hierdie verabsolutering van die mens is 'n lewens- en wêreldbeskou= ing gehuldig wat daarna "streef om die mens tot self-soewerein en self-wetgewer te verhef". Vanweë die invloed van die snelle ont= wikkeling van die natuurwetenskaplike kennis en die "denke-heer= skappy" van die mens oor die natuur, verval Humanisme ook in ver= absolutering van die soewereine rede". Die Humanis raak nou ook van oortuiging dat die ganse kosmos "onder die bevel van sy denke geplaas kan word" (Strauss, H.J., op. cit., 3). Die Humanis het in die naam van die menslike vryheid, die stryd aangebind teen alle dogmata en uitwendige gesagsbindinge. "In die plek van die blywende waardes en waarheid van die Skrifprinsipes is toe egter die wisselende dogmata van 'n eensydig-naturalistiese wetenskap gestel waardeur die menslike gees veel erger gebind is as wat ooit die geval was met die Skolastiek van die Middeleeue" (Venter, E.A., op. cit., 1). Dit is dus voor die hand liggend dat hierdie grondmotief met sy verregaande engheid en eensydigheid, verlammend sou inwerk op die daarstelling van ware Christelike wetenskap.

Humanisme onderskryf nou "die beginsel van vry wetenskaplike onder= soek; pleit vir die selfstandigheid van die mens, en slaan 'n rig=

86/.......

ting in weg van die oorgelewerde teologie (Die Afrikaanse Woorde= boek, Deel IV, H-I, 578). Strauss definieer die Humanisme as die vergoddeliking (verabsolutering) van die mens —letterlik, mens-isme. Die nuwe, wedergebore' en vrygemaakte mens, die outo-nome (self-wet-stellende), mens is op die troon geplaas" (Wysbegeerte: Lewens- en wêreldbeskouingsleer, Diktaat, U.O.V.S., 17). Dooyeweerd skryf oor die Humanisme: "Humanism requires absolute autonomy for human personality. This implies a rejection of all faith in autho= rity and of any conception according to which man is subject to a law not imposed by his own reason" (1958, Vol. I, 191). Hart skryf ook: "The law of Humanism is known: man is god. The basic theme has many variations, coming to expression in the professed dignity of man, absolute freedom of man, power of man, mastery over the universe and other such beliefs. The spirit of this reli= gion everywhere leads its adherents to obey this supreme command" (1968, 23). Die moderne Humanisme het die konsepsie van die outo= nomie gedetermineer deur die religieuse grondmotief wat sedert Kant bekend staan as natuur en vryheid, "die motief van die beheersing van die werklikheid deur die wetenskap en van die outonome vryheid van die menslike persoonlikheid" is gesien as doel in homself (Dooye= weerd, H., "Die probleem van die Christelike wysbegeerte" in Die Gereformeerde Vaandel, Deel 24, nr. 2, Junie 1955, 22).

Met Rome deel die Humanisme dié dwaling: die menslike rede is die selfgenoegsame bron van alle tydelike kennismag. Die gedagte van die mens se "soewereine rede" loop teen die tyd reeds 'n lang pad: dit vind sy geboorte in die Griekse heidendom en gaan oor in die Rooms-Katolisme en breek tot by die Humanisme (moderne ongeloof) deur. Daarom is die Humanisme in die moderne tyd die groot kampvegter van ongebonde denke en ongebonde wetenskap (Strauss, H.J., op. cit., 3). Dit is, volgens Wolters, reeds hierdie outonome rede wat 'n blokkerende invloed op die daarstelling van Christelike wetenskap uitoefen (cf. "Facing the perplexing History of Philosopy" in TCW, 17de jaargang, 1ste en 4de kwartaal, 1981, 2 e.v.).

J.D. Vorster skryf dat die Humanis na die hart van die natuurlike

87/.......

mens spreek en verhef die mens nou tot 'n halfgod; "dit laat die mens met God sy hoë troon deel; dit verwerp die absolute onderworpenheid van die mens aan God; dit verwerp die Skepsel-beperktheid en die tragiese, dog onloënbare feit van die sonde; ...." (Koers in die Krisis, Vol. 1, 375).

Die humanistiese vryheidsideaal is self 'n sekularisering van die vryheidsgedagte in Bybelse sin: "in stede daarvan dat die mens sy vryheid in Christus vind wat hom verlos van die sonde-slawerny en vrymaak tot gehoorsaamheid aan die Godgestelde skeppingsbeginsels vir sy ganse lewe, word die mens vergoddelik tot selfwetgewer, sodat egte vryheid vir die Humanisme slegs kan bestaan wanneer die mens wette gehoorsaam wat hy vir homself gestel het" (Strauss, D.F.M., et al., op. cit., 9).

Die Humanisme verander dus die Bybelse waarheid van "uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge" na "uit die mens, deur die mens en tot die mens is alle dinge"!

Die sentrale religieuse grondmotief van die moderne Humanisme is gegrond in die motief van natuur en vryheid. Die humanistiese filosofie doen dus weg met die sg. bo-natuurlike sfeer van die geloof soos ons by die Roomse Skolastiek aantref. Thomas Hobbes ('n tydgenoot van Descartes: "Ek dink daarom bestaan ek") beskryf in die voorwoord van sy werk De corpore, sy filosofie aangaande die natuur as volg: filosofie moet begin deur die gegewe wêreld metodies af te breek en dan moet die logiese denke (die rede) beveel: "Laat daar lig wees!", want voeg Hobbes by, die rede moet skep soos God, of soos 'n kunstenaar (Dooyeweerd, H., 1975, 65-68). Daaroor skryf Strauss:"Die humanistiese strewe om die natuur in volle outonome vryheid te beheers, het mettertyd aanleiding gegee tot die ideaal van 'n alles- insluitende en -verklarende natuurwetenskap, en hierdie (natuur-) wetenskapsideaal het die selfgeskepte rede-god van die humanisme tot rigsnoer gehad wat selfs Gods skeppingstaak (teoreties) moes oorneem. M.b.v. die nuwe wiskundige metode van analise moet al 'skeppend cenkend' 'n nuwe kosmos teoreties gekonstrueer word" (Strauss, D.F.M., et al., op. cit., 9). (Sien hoofstuk 1

i.v.m. die humanistiese wetenskaps- en persoonlikheidsideaal).

Die wetenskapsleer van die Humanisme verabsoluteer (vergoddelik) dus die mens en steun op die stelling dat die wetenskap universeel, neutraal en bo alle geloofsoortuiginge verhewe is. Dit staan dia= metraal teenoor alle Christelike denke en Christelike wetenskap (cf. Hoofverslag van die Kommissie van ondersoek na die universi= teitswese, 126).

Opkomende uit die humanistiese grondmotief het 1) die Rasionalisme die wetsy van die natuur en subjektief die rede van die mens verab= soluteer by wyse van die humanistiese wetenskapsideaal, en 2) die Irrasionalisme die subjeksy met o.a. die outonome gevoel van die mens verabsoluteer by wyse van die humanistiese persoonlikheids= ideaal. Hierdie rasionalistiese en irrasionalistiese afvallige strominge het in die geskiedenis van die wetenskap in talle uitlo= pers gestalte gevind:

### 3.3.2 DIE RASIONALISTIESE WETENSKAPSIDEAAL AS UITLOPER VAN DIE MODERNE HUMANISME.

#### 3.3.2.1 RASIONALISME.

Die spanning tussen natuur en genade wat inherent is aan die Skolas= tiek, het gelei na die Renaissance wat die mens i.p.v. God in die sentrum van die Kosmos geplaas het. Noodwendig sou dit dan deur die wetenskap wees wat die mens in staat gestel word om die kosmos te onderwerp en te beheers (cf. Lee, F.N., op. cit., 148).

Rasionalisme het nou totaal gebreek met die Skolastiek en daarmee saam die terrein van die genade en die bo-natuurlike teologie, ver= werp. Wetenskap kan, aldus die Rasionalisme, alleen verwerf word van die terrein van die natuur en wel deur die verabsoluteerde (ver= goddelike) verstand, die Ratio (cf. Taljaard, J.A.L., "Christelike wetenskap" in Perspektief, 11de jaargang, nr. 2 en 3, Junie 1973, 27).

Die vader van die Rasionalisme was onmiskenbaar René Descartes (1596, 1650). As vurige Rooms-Katoliek het Descartes die terrein van die genade geskei van en in radikale kontradiksie teenoor die verabsolu= teerde terrein van die natuur geplaas. Die genade word egter verhu= maniseer en ontwikkel tot die persoonlikheids- of vryheidsideaal (Lee, F.N., op. cit., 148; cf. ook Hoernlé, R.F.A., 1924, 52). Descartes was oortuig dat hy bestaan omdat hy dink (Vessey, G., 1982, 10).

In sy denke was Spinoza egter meer apostaties as Descartes. Spinoza het 'n sintese bewerkstellig tussen Rasionalisme, Mistisisme en die Joodse filosofie. Hy verwerp Descartes se dualisme en stel dan dat die rede én die natuur 'n Godgegewe is, maar God is nóg rede, nóg natuur, tog is Hy panteïsties alomteenswoordig. God se Wil is nou deur Spinoza gelykgestel aan sy kosmiese wetsorde. In die lig het openbaring geen woord te spreek nie. God kan alleen geken word deur die rede (Ibid., 150).

Persone wat die Rasionalisme nog meer radikaal gestel het was o.a. Leibniz en Wolff.

Schapiro vat meteens aan die kern van die rasionalistiese lewens- en wêreldbeskouing as hy skryf: "The rationalist looks primarily to science for enlightenment. Reason, not revelation, is his mentor. Hence, what cannot stand the test of reason is not to be accepted, no matter how great the authority behind it" (1958, 12).

Vir die Rasionalis is die rede sy verlosser. Niks kan deur geloof aanvaar word nie, want alleen dit wat die toets van die rede deur= staan het, is aanvaarbaar. Dit word dan duidelik dat veel van die Bybelse geloofswaarhede nie deur die Rasionalis aanvaar word nie, want dit slaag nie die toets van die rede nie. So 'n gerigtheid van die hart sal dan meebring dat God se gesag nie op alle lewens= terreine erken word nie. Dit is reeds op grond van sy geloof dat die Christen glo dat die Heilige Skrif die onfeilbare Woord van God is. Die Christen se geloof is dus apriori — geen wetenskaplike

bewys kan daarvoor gelewer word nie.

Soek ons na die historiese verlede van die verabsolutering van die menslike rede vind ons dit in die leuse van die Aüfklaring: Outo= nomie van die menslike rede op alle lewensterreine (Heyns, J.A., 1969, 51). Die Almagtige God Drie-Enig "speel" nou nie meer 'n beslissende rol in die lewe van die mens nie. So ontstaan die "God-is-dood-teologie" wat tot 'n sekere mate deur Nietzsche gehuldig is (Beck, L.W., 1960, 25). Treurnicht wys ook daarop dat ons tans 'n godsdiens beleef wat bestempel kan word as 'n "godsdiens sonder God" (Treurnicht, A.P., "Godsdiens sonder God", in Hoofstad, 17 Aug., 1968).

Vanaf die Aufklärung het die rasionalistiese filosofie met krag na vore gebeur, sodat daar huidiglik talle moderne nie-Christendenkers is wat die moderne Christendom "bedreig". Ons sê "bedreig" want hierdie rasionalistiese denkers het die grondslag gelê vir die dilemma waarin die Christen van vandag hom bevind (De Vos. J., op. cit., 66). Ons verwys o.a. na Rudolf Bultman wat van oortuiging is dat alles d.m.v. die menslike rede geken kan word. Vir hom bestaan daar nie so-iets soos bo-natuurlike ingryping nie. Dit is nou a.g.v. hierdie lewens- en wêreldbeskouing dat Bultman durf sê dat daar 'n mitologiese trek in die Bybel is. Volgens hom moet die Bybelse wêreldbeeld losgemaak word van sy mitologiese karakter (ont= mitologisering van die Bybel). As kriteria moet die moderne wêreld= beskouing gebruik word. Dit wat nie rasioneel in die Bybel verklaar kan word nie, is slegs 'n mitologiese inkleding. Ook Dietrich Bon= hoeffer is van oortuiging dat die mens en die wêreld selfstandig geword het. Die mens se kennis het so ontwikkel dat die mens meer en meer sonder God kan klaarkom (Ibid., 68).

Hoe dit ook al sy, vir verdere studie in die Rasionalisme moet ons weet dat ons onder Rasionalisme verstaan: die rigting wat die rede as die enigste, of in elk geval as die vernaamste kenbron en maat= staaf van die waarheid beskou en sodoende sy betekenis en waarde oorskat (cf. hieroor verder Vahanian, G., 1961, 227).

91/.......

Die Rasionalisme wil geen plek in die wetenskap aan die Skrif toestaan nie. Daarmee saam het die Rasionalisme die terrein van die genade geheel en al verwerp, sodat net die terrein van die natuur oorgebly het. Die geloof en die Woordopenbaring het nou geen woord te spreek in die beoefening van die wetenskap nie.

Binne die kader van die Rasionalisme was die Scientalisme die eerste rigting waar die natuurwetenskaplike metode die enigste was. Kant, alhoewel hy 'n Rasionalis bly, kom egter in verset hierteen. Dit doen hy deur die natuur te beperk om sodoende plek te maak vir die geloof. Hy beweeg nou vanaf die Scietalisme deur die Parti= kularisme na die Idealisme. Die geloof waarvoor Kant plek maak, is egter nie die geloof van die terrein van genade nie — dit is "'n geloof op die gebied van die gesekulariseerde geloof wat op die vlak van die praktiese rede te vinde is" (Taljaard, J.A.L., op. cit., 26).

3.3.2.1.1 UITLOPERS VAN DIE RASIONALISTIESE WETENSKAPSIDEAAL.

3.3.2.1.1.1 POSITIVISME.

Klein stel dit duidelik dat die Positivisme 'n aanval loods teen "that type of religious belief exemplified by Christianity — or to, put it more simply, their attack upon theïsm ..." (1974, Hoof= stuk 1). Roscam Abbing beskou ook die Positivisme se oogmerke as die wetenskaplike wegverklaring van die teïstiese geloof (op. cit., 15).

As Beweging het die Positivisme in botsing gekom "against specula= tive metaphysicis and unfounded dogmatism and attempted tot put analysis on a scientific basis ...." (Kraay. J., en Tol, A., (red.), 1979, 2).

Die Positivisme is oortuig dat ware kennis alleen verkry kan word deur, "the extension of the model and methods of the natural sciences across the entire range of human behavior and expression"

(Dilthey, W., 1978, 18).

Schlick som die hoofoogmerk van die Positivisme as volg op: "Only the given is real". Met woordspeling, sê Schlick, kan dit selfs word: "Es gibt nur das Gegebene" (Alleen die gegewe bestaan) (Hangfling, O., 1981, 85`. Die Posivitisme postuleer dus dat slegs "positiewe feite wat wetenskaplik analiseerbaar is, enigsins van wetenskaplike waarde is. So sou slegs insig in feite die ganse lewe van die mens beheers" (Hemming, O.A., "Die Natuurwetenskappe as 'Christelike Vakwetenskappe'", in Die Vrystaatse Onderwyser, nr. 4, Deel 74, April 1984, 9).

Die vader van die Positivisme, Auguste Comte, sien die taak van die wetenskap daarin "dat dit die werklikheid moet beskrywe en dat dit daarom alleen van die sintuiglik waarneembare metodes gebruik moet maak". Alleen die natuurwetenskappe word nou as ware wetenskappe beskou (Die nagevolge hiervan sien ons vandag nog in ons skole) (De Klerk, W.J., et al., op. cit., 25; asook Van Wyk, J.H., Herdruk 1976, 12). Ware kennis het dus volgens die Positivisme nie vir een oomblik iets te make met geloof en lewensbeskouing nie.

By Comte loop wetenskap drie stadia deur by die verklaring van natuurverskynsels: (Roscam Abbing, ..J., op. cit., 15; asook Lee, F.N., op. cit., 172).

* Teologiese stadium (waar die bo-natuurlike toegepas word om die natuur te verklaar);

* Filosofiese of metafisiese stadium (hierin word aprioriese spekulasie en abstraksies gebruik om die werklikheid te verklaar);

* Positivistiese stadium (waar die metode van sg. "eksakte wetenskappe" soos wiskunde en skei- en natuurkunde toegepas word om die werklikheid te verklaar).

Vir Comte kom die ware wetenskap alleen tot sy reg in die positivis= tiese stadium, want alleen van die gegewe, die feitlike, die posi= tiewe, mag uitgegaan word.

Comte is verder van oortuiging: "..... it may be considered as pro= ven to the satisfaction of every true thinker, that the social point of view is logically and scientifically supreme over all others, being the only point from which all our scientific conceptions can be regarded as a whole" (Greer, A., (red.), 1971, 8).

Positivisme beskou teïsme as 'n "onvolwasse" wetenskap en dan wel op grond van die volgende oorweginge:

A. Die verklaring dat God bestaan is 'n feit;

B. 'n Voorvereiste vir die feite van die verklaring wat gemaak word, is dat dit geverifieer kan word;

C. Die verklaring dat God bestaan, is nie verifieerbaar nie.

Die Positivisme gebruik nou hierdie drie verklarings om 'n saak uit te maak teen teïsme. Die Positivis huldig B en C; die Christen A. Die Positivis se redenasie is nou dat 'n ware verklaring geverifieer moet kan word, en die verklaring dat God bestaan kan nie geverifieer word nie — dus is die verklaring dat God bestaan nie 'n feit nie. 'n Teologiese verklaring is nou vir hulle "unintelligible" — dit is net waar vir die mense wat dit uiter (Klein, K.H., op. cit., Hoofstuk 1; asook Burry, J.B., 1942, 186).

Die Positivisme, sowel as die Logiese Positivisme, pleit ten gunste van die waardevryheid van die wetenskap, tog hanteer dit self kriteria of norme of sekere waardes. Dit blyk uit die volgende: vir die Positivisme het die wetenskap te doen met objektiewe feite en logika; daarom moet alle Dogmatisme en ideologie vermy word as die teendeel van wetenskap. Die poort na wetenskap vind die Positivis deur die waarneming van die empiriese gegewe. Deur hier= die waarneming stel hulle hipoteses op wat feitlik geverifieer

moet word. Die induktiewe metode word nou as die belangrikste geag. Vir die Positivis lê die doel van die wetenskaplike nou daarin geleë dat hy die veld van sy ondersoek moet beskryf. Hy eksploiteer die struktuur van die werklikheid om die waarheid daarvan te ontdek. Dié doel word dan deurgaans gebruik as kriterium vir egte wetenskap. 'n Belangrike oortuiging van die Positivisme, is dat wetenskap waardevry moet wees. Duvenhage skryf nou dat hierdie "stelling of norm direk saamhang met die skeiding tussen feite en norme via Hume, Kant en Bacon en daarmee samehangend ook die idee dat alle metafisika spekulasie en dus 'nonsensical' en 'nonsens' is." Duvenhage verwys nou ook na Bronowsky wat die Logiese Positivisme daarvan beskuldig dat dit "suspicious of conceptual thinking" is. (Duvenhage, B., 1981, 4-5).

Popper het kritiek teen die Logiese Positivisme ingebring en maak dan sekere aanpassings: die verifikasiebeginsel vervang hy met die falsifikasiebeginsel en die Induktivisme vervang hy met Deduksionisme. Agassi (vanuit die Popperskool) het ook die vyandskap teenoor die Metafisika verbreek deur te verklaar dat "metaphysical ideas belong to scientific research as crucially important regulative ideas" (Duvenhage, B., 1981, 6).

Beskou ons hierdie kort oorsig van die Positivisme in vergelyking met die Calvinisme, word dit duidelik dat daar sterk meningsverskil bestaan oor die legitimiteit van die gebruik van norme in die wetenskapsbeoefening (Ibid., 14).

3.3.2.1.1.2 DIALEKTIESE MATERIALISME.

Die Materialisme is 'n wysgerige stroming "wat die gedetermineerde, sigbare materie as die enigste verklarende beginsel en die finale maatstaf maak van alles wat gemeet kan word" (cf. Coetzer, M.J.G., 1980, 240).

Volgens Heyns het die Aufklärung in die algemeen en die Deïsme en die Positivisme in besonder die weg van Materialisme voorberei (1969,

63).

Van Gennep skryf dat "het Materialisme, m.n. het dialectische Mate= rialisme van Lenin eveneens, poneert althans de overbodigheid en de zinneloosheid van het Godsbegrip" (1970). Ook hier word die bestaan van God misken en daarmee saam ook die Christelike religie.

3.3.2.1.1.3 EVOLUSIONISME.

Die teorie oor Evolusionisme, as lewens- en wêreldbeskouing, kan teruggevoer word na: "Empedocles as regards organic beings, and as cosmic principle even as far back as Heraclitos" (Lee, F.N., op. cit., 171). Prominente figure op die gebied was later Lamarck (1744-1829), Darwin (1809-1882), Engels (1820-1895), Huxley (1825-1895), Haeckel (1834-1919) en hier te lande C. Loyd Morgan (1852-1936), asook R. Broom en R. Dart.

Lamarck het die Skepper totaal van sy skepping geskei, maar nooit aanvaar dat lewende wesens a.g.v. omgewingsfaktore in "sterker nuwe" wesens verander nie. Dit was Darwin wat lg. pertinent gestel het (cf. Bury, J.R., op. cit., 180 e.v.). Engels het Darwin se teorie op die ganse werklikheid van toepassing gemaak (lewelose, sowel as lewende wesens is ingesluit). Huxley voer die gedagte in die bio= logie in (Lee, F.N., op. cit., 172).

Volgens Strauss is die Evolusionisme in sy naturalistiese verklarings= metode, 'n variasie van die moderne afvallige strominge, omdat dit die aanvaarde Skrifgebonde skeppingsleer herlei na subjektiewe na= tuurwordinge soos stof, plant en dier (1969, 67).

3.3.2.1.1.4 NATURALISME.

Coetzer skryf in die verband: "Die mens wat na God se beeld geska= pe is om in verbondsrelasie tot Hom te staan, word as kroon van sy skepping so deur die Naturalisme, met name ook die Evolusionisme, gedegradeer dat sy waarde en bestaan deur die natuurwetmatigheid en die metodes van die vakwetenskappe bepaal of verklaar word" (op.

*cit.*, 242).

Dit word gou duidelik dat die naturalis:

* die sin en oorsprong in die natuurlike wêreld soek;
* 'n radikale skeiding maak tussen Skepper en skepping; en
* van 'n persoonlike God aan wie hy verantwoording verskuldig is, niks wil weet nie.

God kan alleen vir die Naturalis bestaan as Hy empiries bewys kan word (cf. Landman, W.A., *et al.*, 1978, 216).

3.3.2.1.1.5 DIE FENOMENOLOGIE.

Die woord "fenomenologie" is afgelei van die woord "fenomeen" wat "verskynsel" beteken. Die fenomenologie hou hom besig met die indeling en/of beskrywing van fenomene. C.J. Bleeker beskryf feno= menologie as "'n wysgerige kenteorie wat hom rig op die suiwere bewussyn wat intensioneel van aard is, d.w.s. op iets georiënteer is" (in *Die Afrikaanse Woordeboek*, Deel II, 673).

Die Fenomenologie vind dan sy ontstaan a.g.v. 'n vrees dat die wys= begeerte en wetenskap in 'n radikale Relativisme, Skeptisisme en uiteindelik Nihilisme sal beland (Heiberg, P.J., "Fenomenologiese Pedagogiek — 'n kritiese benadering", in *TCW*, 3de kwartaal, 1969, 91).

Teen dié agtergrond wy Edmund Husserl (1859.1938) sy lewe daaraan om die eer van die wysbegeerte te herstel. Soos Spier dit stel, was Husserl se strewe om "de wijsbegeerte los te maken van de sub= jektieve meningen van haar beoefenaars en haar op te bouwen als een strenge wetenskap, die op algemeengeldigheid aanspraak kan maken". Hy bevraagteken nou alle ander vakwetenskappe se "waar= hede" (Spier, J.M., 1959, 176; asook Lee, F.N., *op. cit.*, 161).

97/.......

In sy werk, Logische Untersuchungen, (1900-1901), ontwikkel hy 'n wysbegeerte waarin hy 'n op-sigself-bestaande-wêreld met ideële ob= jekte wat onafhanklik van die bewussyn is, aanvaar. Die stroom van psigiese belewenisse moet die bewussyn daarin laat slaag om die wese van die verskynsele te skou. Vanweë die feit dat Husserl sy uitgangspunte in die subjektiewe bewussyn neem, sit hy met die span= ning tussen die immanente bewussynsbelewenis en die bewussynsonaf= hanklike objektiewe (Strauss, D.F.M., et al., Deel I, 43).

Natanson skryf dat fenomenologie begin met "the strangeness of experience. Within the natural attidude, living in our acts, as Husserl puts it, the world and our experiences in the world are taken directly; they bear the inflections of an underlying sense of familiarity. The unusual appears within the horison of a taken-for-granted normality or ordinariness. But the unusual is not the strange in the strong sense of the issue in phenomenological atti= tude. Something noted as odd, peculiar, not quite right etc., not at all primordially strange. The unusual is merely a special feature of mundane disposition"(Natanson, M., 1979, 6).

In sy wese is Fenomenologie dus die wetenskap wat hom besig met die fenomene. Die wetenskap aanskou die fenomene en moet die beskryf soos dit sigself sou wil laat beskryf. Die wetenskap word nou as outonoom beskou. Dit is primêr wetenskap ter wille van weten= skap — die wete ter wille van die wete. Geen wetenskap mag egter voorskrywend wees nie — slegs beskrywend. Sou hy voorskrywend optree, bevind hy homself op die terrein van die sedeleer en die lewensopvatting, en dit wat lewensbeskoulik is, het nie met die wetenskap te make nie (De Vos, J., op. cit., 93). Oberholzer is o.i. foutiewelik van oortuiging dat die sedeleer en teologie nie by die wetenskap hoort nie (1968, 101). Die Fenomenologiese weten= skap bied die Woord van God geen bestaanreg binne die terrein van die wetenskap nie. Daarom dat Schoeman (1975, 43) en Venter (s.j., 68), die mening huldig dat die Fenomelogie die filosofie van die gesekulariseerde mens is. Alle wetenskappe moet vir die fenomenoloog objektief wees. Elke afsonderlike fenomeen moet objektief beskou word. Om ten volle objektiwiteit te bereik, maak die Fenomenologie

98/.......

nou gebruik van reduksies: t.w.,

<u>Fenomenologiese reduksie</u>, wat alle antropologiese en ontolo= giese vooroordele tussen hakies plaas sodat tot die fenomeen gekom kan word soos dit gegee is;

<u>Eidetiese reduksie</u>, wat alle toevallighede tussen hakies plaas om sodoende tot die wese van die fenomeen in sy verskyning, deur te dring: Hieroor skryf Oberholzer: "Die eidetiese re= duksie trag om die gegewens van die bewussyn tot hul aller essensieelste vorm of eidé te herlei..... sodat slegs uit= eindelik die gesuiwerde wesenlike struktuur van die verskyn= sel in die vorm van subjektiwiteit oorbly" (De Vos, J., <u>op. cit.</u>, 95).

Soos by die Eksistensialisme is hier by die Fenomenologie ook 'n strenge eis om neutraliteit.

### 3.3.2.2 <u>DIE IRRASIONALISTIESE PERSOONLIKHEIDSIDEAAL AS UITLOPER VAN DIE MODERNE HUMANISME.</u>

#### 3.3.2.2.1 <u>IRRASIONALISME.</u>

Soos reeds aangedui vind die primaat van die persoonlikheidsideaal sy beheersingsmotief in die irrasionalistiese vryheidsfilosofie.

Die Irrasionalisme het in reaksie gekom teen die rasionalistiese wetenskapsideaal, sodat daar 'n antitetiese polêre spanning tussen die twee ideale ontstaan het. Die irrasionalistiese wetenskaps= ideaal het die vryheid van die menslike persoon gedegradeer tot 'n kousale gedetermineerdheid wat in onvryheid blinde natuurwette gehoorsaam — die vryheid van die persoonliheidsideaal word dus vernietig. Hierteen sou die Irrasionalisme heftig stry (cf. Strauss, D.F.M., <u>et al.</u>, <u>op. cit.</u>, 9).

Die irrasionalistiese humanistiese grondmotief het met die verloop van tyd ook in verskillende uitlopers gestalte gevind:

### 3.3.2.2.2 UITLOPERS VAN DIE IRRASIONALISTIESE PERSOONLIKHEIDSIDEAAL.

#### 3.3.2.2.2.1 PRAGMATISME.

Die woord pragmatisme word teruggevoer na die Griekse woord "pragma" wat "handeling" beteken.

Pragmatisme is 'n filosofiese rigting wat sy oorsprong teen die ein=de van die 19de eeu in die V.S.A. gehad het. In 1878 gebruik C.S. Pierce die term vir die eerste keer om sy betekenisteorie te karak=teriseer. Daarvolgens is die betekenis van 'n woord of uitspraak, die praktiese uitwerking wat dit het. W. James het die Pragmatisme ontwikkel tot 'n kennisteorie. Ook J. Dewey was 'n bekende eksponent van die Pragmatisme (veral in samehang met die pedagogiese). Die Engelse denker Schilter het ook die vorme van Pragmatisme voor=gestaan. Vaihinger ('n Neo-Kantiaan) het die siening gehuldig dat begrippe versinsels is wat ons laat handel asof hulle waar is.

Die grondvraag by die Pragmatisme is: "Does it work?" Dit gaan dus om nuttigheidsoorwegings. Daarom is Pragmatisme en Utilisme sinoniem.

Die implikasie van die Pragmatisme is dat alle waarheid as relatief beskou is: relatief tot praktiese sake.

Die Pragmatis stel dus teorie en praktyk teenoor mekaar — anti=teties. Slegs die praktyk is vir die Pragmatis waarheid. Daar bestaan geen absolute waarheid vir hom nie. Hierdie lewensbeskou=ing vind ons alreeds by Protagoras (485-415 v.C.) wat oortuig was dat daar nie so-iets soos absolute waarheid bestaan nie. Vir die Pragmatis was daar een belangrike gesigspunt, nl. die waarheid van 'n gedagte moet bewys of weerlê word deur die praktyk waarheen dit lei (De Vos, J., op. cit., 81-82).

Die básiese oortuigings van die Pragmatisme is:

* Die Pragmatis keer hom kenteoreties tot die konkrete waarheid

van hier en nou. Sy uitgangspunte vind hy alleen in die praktyk. Die Pragmatis glo dus: omdat 'n idee in die prak=tyk werk, daarom is dit waar.

* Vanuit sy waarheidsteorie glo die Pragmatis dat die waarheid van die hede nooit tydloos geldig is vir elke ervaringsitua=sie nie, maar dat dit gemaak word in die loop van die erva=ring: "For the Pragmatist, then, truth is relative rather than absolute, changing rather than eternal" (Albert, E.M., 1953, 279). Die waarheid bestaan dus net ter wille van die praktyk.

* Die konkrete ervaring is vir die Pragmatis die middel waar=deur hy die realiteit (ontologie) kan ken.

* In sy mensebeskouing openbaar die Pragmatis 'n sterk naturalis=tiese trek. "Die biologiese beskouing van die mens is funda=menteel, en o.l.v. die Darwinistiese leer van die organiese evolusie, is die mens, insluitende sy denke en wil, vir hom 'n kontinue evolusieproses" (De Vos., J., op. cit., 81-82).

* Die Pragmatis bely ook dat die mens 'n vrye wese is. Sy voor=uitgang in die wêreld is dan 'n persoonlike saak wat op eie verantwoordelikheid berus.


* In die Pragmatis se begripswêreld is daar nie plek vir die volmaakte werklikheid nie. Ook die transendente het geen plek in sy denke nie. Hierdie siening lei daartoe dat die Pragmatis geen gesag bokant homself aanvaar nie.

John Dewey (1859-1952) wat dan, soos ons reeds opgemerk het, 'n groot eksponent op die terrein van die pragmatisme was, se denke was ook deurspek met die gedagte "dat die mens 'n vrye, ongedetermineerde selfbepalende wese is wat in 'n veranderde wêreld 'n situasie-rigten=de en -bepalende rol het om te speel". Daarom bestaan daar vir hom geen "vasstaande, onveranderlike wêreldorde nie; alles is

saamgebind in 'n dinamiese proses van konstante verandering" (Strauss, D.F.M., et al., op. cit., 22; asook Lee. F.N., op. cit., 176). Die mens is nou outonome wetgewer oor homself en slegs aan homself verantwoording verskuldig.

3.3.2.2.2.2 EKSISTENSIALISME.

Die historiese ontwikkeling van die moderne Eksistensialimse kan skematies as volg verdeel word: (cf. Pederson, O., s.j., 120)




102/.......

Deur die eksistensialistiese lewensbeskouing word die volle aandag van die mens toegespits op die eksistensie (bestaan) van die mens. Eksistensialisme het in reaksie gekom teen Rasionalisme, veral teen o.a. Scientisme en Naturalisme (cf. Malan, J.H., 1971, 21).

Die opkoms van die Eksistensialisme word gewyt aan: bepaalde lewens= omstandighede en die invloed van sekere denkers (cf. De Klerk, W.J., et al., op. cit., 143-146).

Die twee wêreldoorloë wat Europa geteister het, het 'n radikale in= vloed op die mense van die tyd gehad. Rasionalisme het in die tyd voor die oorlog, die weg gebaan tot 'n ongekende vooruitgangsge= loof. Talle wetenskaplike ontdekkings en die vooruitgang van die tegniek, het by die mens die verwagting geskep dat sy menslike ver= stand hom uiteindelik sou lei tot 'n Utopia. Die Bybelse gedagte van verdorwenheid is opsygeskuif en selfs vir God is min plek gelaat in die ontkersteningsproses. Die menslike rede is nou verabsoluteer tot hoogste wetgewer. Selfs die Bybel is aan Skrifkritiek onderwerp.

Toe die ontnugtering! Die eerste wêreldoorlog breek uit. Van 'n Utopia is daar geen sprake nie. In plaas van die hemel (utopia) bars die hel los oor die hele Wes-Europa. 'n Pad van verskrikking was die nalentenskap van die Bom. Die mense se normbesef is totaal omgekeer: steel van jou vyand, lieg vir hom, dood hom, en jy is 'n held! Die lewensonsekerheid van elke Wes-Europeër het 'n algehele devaluasie van norme en waardes meegebring. Selfs die jeug was van oortuiging dat die ouer geslag hulle in die steek gelaat het. Hulle het opstandig geword, sonder eerbied vir enigiets of enig= iemand. Teen dié agtergrond wou hulle nou wegbreek van die verab= solutering van die rede en die mens weer in die sentrum van alles plaas (die eksistensie van die mens is verabsoluteer).

Sekere denkers het hul invloed ook deeglik laat geld as wegbereiders vir die Eksistensialisme. Ons dink veral aan Kierkegaard en Nietzche. Kierkegaard se tragiese lewe het hom gelei tot opstand teen die Rasionalisme van sy tyd. Die eksistensie van die enkeling was die uitganspunt van die wysbegeerte (Pederson, O., op. cit., 20). Die

objektiewe waarhede van vroeër het vir hom sinneloos geword. Vir hom was iets slegs waar en nuttig as dit betrekking het op die indi= viduele mens en sy konkrete situasie. Subjektiwiteit was vir hom die waarheid. Ook die Christelike geloof was vir hom iets wat die verstand te bowe gegaan het — geloof self, was 'n waagstuk. Hy sien nou twee houdings in die mens: die estetiese houding: waar= in die mens opgaan as 'n genadelose egoïs; en die etiese houding: waarin die mens werklik tot verantwoordelikheid kom.

Nietzsche was 'n volslae ateïs. Hy verwerp die rasionalisme en glo dat die mens sy eie wetgewer is in konkrete situasies. Die mens moet die wetenskap gebruik om homself los te maak van geloof aan onsienlike dinge, d.i. dinge wat bo die sintuiglike waarneming uitgaan. Die mens moet homself onbelemmerd uitleef. Die Christen= dom is vir hom 'n slawemoraal (cf. ook Lee, F.N., op. cit., 180).

M. Heidegger sien die mens primêr as 'n vraende wese. So moet die mens al vraende by die Syn uitkom. Hy onderskei dan tussen die "oneintlike" en die "eintlike" bestaan van die mens. Die "oneint= like" is dan die lewenshouding van die massa wat gekenmerk word deur die mens se uiterlike en sy tevredenheid. Die "eintlike" is dan dat die mens op pad is na die Syn en hier kom die mens alleen as hy gedryf word deur angs. Die angs word dan die openbarings= middel wat die mens se geworpenheid in die wêreld openbaar en so word die "oneintlike" duidelik vir die mens (De Klerk, W.J., et al., op. cit., 146).

K. Jaspers spreek ook van die "eintlike en "oneintlike" bestaan van die mens. Om te eksisteer moet die mens uit die "oneintlike" tree. Dit kan volgens Jaspers op twee maniere gebeur: eerstens deur selfmoord, askese of 'n terugtrek uit die wêreld; en tweedens (die "eintlike" manier) om aan die menslike bestaan 'n menslike inhoud te gee. Die mens is dus self baas van sy eie dood (Ibid., 146-147; asook Lee, F.N., op. cit., 180). Die taak van die filo= sofie begin volgens Jaspers, waar die empiriese wetenskappe as "wêreld-oriëntasie", op die grense van hul moontlikhede stuit

104/........

(Redekker, H., 1956, 139).

J.P. Sartre is ook van mening dat die mens op weg is. Vir hom is die mens op weg tussen die En Soi (stoflike — statiese, sin= lose bestaan of oneintlike bestaan van die mens) en die Pour Soi (die bewussyn — die vryheid, die sinvolheid van die menslike be= staan). Om by die Pour Soi uit te kom moet die mens sy feitlikheid transendeer. Volgens Sartre skep die mens sy eie wêreld, want dit is nie wat hy is, wat belangrik is nie, maar wat hy word. Die mens moet dus handel asof hy God is (cf. De Klerk, W.J., et al., op. cit., 147). Sartre is ŉ uitnemende voorbeeld van die radikale Humanis, die post-Christelike mens, die Nihilis.

Freud, Jung en Sierksma het ook tot ŉ mate bygedra tot die Eksis= tensialisme. Freud meen dat die mens in ŉ hemelse vader glo om= dat hy die beeld van sy biologiese vader in die hemel projekteer sodat hy nou op sy "hemelse vader" kan steun. Sodra die mens egter "mondig" word, het hy die hemelse vader nie meer nodig nie en sal hy sy geloof in hom loslaat. Teïsme is dan slegs die ge= volg van ŉ innerlike onvolwassenheid (Roscam Abbing, P.J., op. cit., 15; asook Guinness, O., 1973, 332). C.G. Jung was van oortuiging dat die mens se geloof in God te doen het met die krag van die siel. Religie het te doen met die aktivering van argetipes uit die kollektiewe onbewuste van die mens(dom). God is ŉ psigiese realiteit vir die mens (slegs ŉ psigologiese funksie van die siel). Of daar wel so ŉ God los van die siel bestaan, word betwyfel. Teïsme berus, volgens Jung op die menslike naïwiteit (Ibid.). Sierks= ma is oortuig dat geloof in God op ŉ projeksie berus. Dit is egter geen neurotiese projeksie soos by Freud nie; ook nie ŉ kinderlike projeksie soos by Jung nie, maar ŉ onvermydelike antropologiese projeksie. As subjektief gesentreerde "voor-zich-uit levend wezen" projekteer die mens God of gode ter wille van ŉ vashouplek in duistere angsvolle situasies, terwyl hy as objektiewe en eksentries ingestelde wese lg. terugprojekteer. Teïsme is dan gevolg van projeksieverstarring (Ibid.).

Die Eksistensialimse was totale, ongehoorsame rewolusie en opstand

teen God en sy Woord. Niemand en niks anders as die mens self, is die belangrikste.

J.M. Spier beskou die eksistensiefilosofie as: (1951, 159 e.v.)

ŉ reaksie-filosofie,

ŉ krisis-filosofie, en

ŉ reduksie-filososfie.

Eksistensialime het as filosofie in reaksie gekom teen die Rasio=nalisme. Daarom het Zuidema tereg gesê dat die eksistensiefilosofie "bewust anti-rationalistisch" is (s.j., 165).

Die feit dat die Eksistensionalisme ook ŉ krisis-filososfie is, word bespeur in die obsessie om sekerheid. Die trauma van twee wêreld=oorloë het die mens pessimisties gelaat. Daarom skryf Spier: "Als oorzaken van deze crisisstemming, die de vloed van pessisisme, defaitisme en wanhoopsgevoel hoog deed stygen, zijn te noem: de gebleken ongenoegsaamheid van de wetenschap, die de levensraadselen niet kan ontsluiten .....". Hierby voeg hy dan die wêreldoorloë en die daarmee gepaardgaande algehele kultuurontreddering wat gelei het tot die vraag: Kan daar nog sinvol na die sin van die lewe gesoek word. Die slotsom was ŉ soeke na sinvolheid in die eie be=staan van die mens, weg van God en sy Woord (Spier, J.M., op. cit., 166).

Wanneer Spier Eksistensialisme as reduksie-filosofie ondersoek, skryf hy: "Reductie-philosophie is iedere wijsbegeerte, die de problamatiek van het zijnde op geweldige wijse simplificeert door een deel van de rijkdom, die God in het geschapene gelegd heeft, voor=bij te zien en te ontkennen, die eigen aard van allerlei structuren te loochenen en deze onder een valse noemer te brengen, zodat de verscheidenheid van de realiteit niet tot haar recht komt en aller=lei gegevens van de werkelijkheid in een verkeerd licht word gezet (Ibid., 168).

3.3.2.2.2.3 HISTORISME.

As humanistiese verskynsel wil die Historisme "die geldigheid van norme, beginsels en maatstawe alleen beperk tot die situasie van die historiese oomblik. Die Historisme is 'n relativering van alle universele, tydlose, vasstaande bonatuurlike en buite-historiese waardes omdat alles histories binne die grense van die situasie verstaan moet word" (Coetzer, M.J.G., 1980, 243).

Historisme kan in dieselfde asem ook situasie-etiek genoem word en hieroor skryf Van Jaarsveld: "Hierdie gebondenheid aan die situasie ..... sny alle bande van 'n kontinue-lyn in die tyd, die lyn van die historie af. Daar is geen verlede of toekoms nie, daar is net die nou, die hier — hierdie oomblik vereis 'n norm wat uit die situasie getrek word. Die hiernamaal is nie die be=langrikste nie, maar die hiernoumaal" ("My seun gee my jou hart", oor die 20ste eeuse Sekularisme, in Perspektief jaargang XI, nr. 2 en 3, Junie 1972, 7).

Uit wat hierbo gestel is, is dit duidelik dat die historiese si=tuasie die norme bepaal; die Woord van God word buite rekening gelaat.

3.3.3 KENMERKE VAN DIE MODERNE HUMANISME.

3.3.3.1 SEKULARISME.

W.D. Jonker skryf die volgende i.v.m. sekularisasie: Oorspronklik het ons met die term net verstaan die onteiening van kerklike regte of eiendomme deur die wêreldlike owerheid. Tans word dit veral gebruik as aanduiding van 'n historiese proses wat in die Laat-Mid=deleeue begin het en tans volle stukrag verkry het. Hierdie historiese proses bestaan dan daarin dat die mens sy selfstandig=heid en mondigheid steeds sterker beklemtoon. Die mens lewe dan met die besef dat hyself ten volle verantwoordelik is vir die wêreld en sy eie lewe. Talle lewensterreine word hierdeur dan

onttrek aan die invloed van die kerk en van die godsdienstige ge= loof, sodat daar sprake is van 'n groot funksieverlies van kerk en godsdiens. Vir die gesekulariseerde mens is o.a. die wetenskap en die kuns sy eie maaksels wat nie meer godsdienstig gedui of met enige geloofsoortuigings in verband gebring hoef te word nie. By die beoordeling van sekularisasie word daar onderskei tussen seku= larisasie as 'n proses wat uit die Christelike geloof in 'n bepaalde sin gewaardeer kan word, en Sekularisme wat uit die geloof afgewys moet word. Onder eg. geval verstaan ons dan die egte bevryding van die vrees vir allerlei magte en vir 'n vergoddelike natuur, of ook die regmatige bevryding van die lewe uit die sakrale kerklike en teologiese oorheersing (soos dit in die Middeleeue te bespeur was). So verstaan, is sekularisasie 'n vrug van die evangelie en dus positief te beoordeel, omdat dit vir die eerste keer die volle ontplooing van die menslike lewe op alle terreine moontlik maak en aan die mens ruimte bied om sy kultuuropdrag ten volle uit te voer. As sekularisasie egter ontaard tot Sekularisme beteken dit dat die mens God nie meer as Skepper en Onderhouer erken nie. Die mens beskou die wêreld asof dit sy skepping is. In die sin loop die Sekularisme parallel met Laïsme. Die Laïsme het dikwels in 'n bestryding van die Christelike godsdiens en veral van die kerke ontaard (cf. Ensiklopedie van die Wêreld, Deel 8, 692). Sekula= risme impliseer "een gesloten wêreld, een wêreld zonder God" (Van Riessen, H., et al., 1974, 24).

Heyns beskou dit so: "As sekularisasie verwêreldliking is, is Sekularisme verwêreldliking van God, en dit is ten diepste gelyk aan vergoddeliking van die wêreld (Heyns, J.A., op. cit., 31; cf. ook Graafland, L., 1975, 6-8-).

B.J. van der Walt skryf: "Waar die mens vry word van ongegronde vrees vir die onbekende en fiktiewe magte en sy vermoëns tot sy eie voordeel gebruik, word gepraat van sekularisasie. Waar die mens egter meen dat hy vry is van alle magte en meen dat hy alles kan doen, word gepraat van Sekularisme. Dit sluip oral in en lei tot 'n horisontale lewe in plaas van die vertikale God-gerigte

lewe" ("Tipiese kenmerke van die moderne kultuur" in Handhaaf, September 1972, 15).

Sekularisme kom van die woord "sekulêr" wat afkomstig is van die Latynse woord "Saeculum" wat ook dui op die "wêreld". Sekularisme is dan die verwêreldliking van die mens. Dit is die "..... eman= sipasie van die mens van sy betrokkenheid op die bo-kosmiese", soos Van Wyk dit stel (1971, 10; asook van Riessen, H., op. cit., 25). Die binne-kosmiese word dus verabsoluteer.

Die twintigste eeuse gesekuleerde mens is oortuig dat hy neutraal teenoor God en sy openbaring is. Sy denke is immanent gerig (Van der Walt, S.J., "Kerk en Koninkryk" in Koers, Okt. 1969, 99). Ons noem twee voorbeelde hiervan:

> Napoleon het op 'n keer vir Laplace gevra: "Waar pas God in jou sisteem in?" Sy antwoord was eenvoudig: Ek het geen behoefte aan daardie hipotese nie". (Heyns, J.A., op cit., 21).

> Sir Julien Huxley het ook geensins belanggestel in God as hy sê: "The God hypotheses is no longer of any pragmatic value for interpretation or comprehen= sion of nature and indeed often stands in the way of better and truer interpretation" (Robinson, J.A.T., 1965, 108).

Die vraag na God, het vir die moderne Sekularisme oorbodig geword. Die mens moet (en kan, volgens hulle) sonder God en sonder geloof klaarkom.

Gedurende die 17de en 18de eeue moes elke denker hom versoen met die wetenskap, want dit het geblyk dat wetenskap ten einde laaste, ware objektiewe kennis verskaf, wat die spekulasie en openbaring van die teoloë kan vervang. Die denkers is nou gevorm tot een van die drie denkrigtings.

Om wetenksap tot 'n religie te verhef, "or to direct men's religious aspirations away from an unknown supernatural being and toward the world itself, whose physical and mathematical structure was to be made known by science". Spinoza het bv. die wêreld uit=gebeeld as "a vast piece of machinery by picturing the world-machine itself as proper object of religious veneration and reverence".

Die tweede denkrigting, wat ons veral by Hume op=merk, is van oortuiging dat ons nie sonder meer kan sê dat God bestaan nie en dan 'n plaasvervanger vir Hom vind in dit wat deur die wetenskap daar=gestel is, en dit kan dien nie. Maar dan vra Hume: "In the light of what we know from science, and from what it is reasonable to suppose that we shall discover as science progress, is the reli=gious belief true?" Hume se antwoord hierop is negatief.

By Kant (asook Hume) vind ons die derde denkrigting nl. dat die tradisionele siening van religieuse waarheid ongegrond was, want "no religious belief can be confirmed by the scientific interpretation of nature" (Beck, L.W., op. cit., 19 e.v.).

By Kant merk ons 'n duidelike skeiding tussen die visie van die wetenskap en die van godsdiensoortuigings. Wetenskap en godsdiens is nie vir Kant bondgenote soos by Spinoza nie, ook was hulle nie openlike vyande soos by Hume nie. Vir Kant het elkeen 'n ander ti=perende kenmerk gehad, want hulle het verskillende doelstellings en objekte voor oë gehad (Ibid., 21-22).

Vir Nietzsche het alle menslike handelinge ontspring uit "a natural will of power" (Ibid., 24).

James was ten gunste van 'n religieuse hipotese wat inpas by die

110/.......

individu se eie ervaring. Soos Beck dit stel: ".... perhaps as one's own venture against the world and certainly as one's own venture against a conservative and unadventuresome church; he (James) thus recommended as religious attitude and belief in God or some gods with little regard to be established forms or tradi= tions of religion or to be facts of well-established sciences" (Ibid., 24-25).

Santayana sien godsdiens as ŉ mite en dit moet dus nie ernstig op= geneem word nie. In sy werk, The Life of Reason (1954-184) skryf Santyana dan ook: "religion is not to be condemned as a poor substitute for something better, but as a moral consulation and relief from a situation which, but for its presence, would have been infinetly worse" (Ibid., 25).

Sekularisme is dus veral voltrek onder die religieuse invloed van die moderne Humanisme, "wat wel kategories kan beweer dat die proses van die sekularisasie niks anders as die logiese konsekwen= sie van die innerlike aard van die wetenskap is nie" (Dooyeweerd, H., "Die sekularisasie van die wetenskap II" in TCW, 8ste jaar= gang, 3de kwartaal, 1972, 62).

Onder inspirasie van die humanistiese grondmotief vind Sekularisme vergestalting in o.a. die volgende tendense.

3.3.3.1.1 LIBERALISME.

Liberalisme is ŉ bepaalde rigting van die Humanisme (cf. Scholtz, G.D., 1965, 19; asook Heyns, J.A., 1974, 43).

Die woord Liberalisme vind sy oorsprong in die Latynse woorde "li= ber", wat "vry" beteken en "libertas", wat "vryheid" beteken. Scha= piro poneer dat dit as politieke term Spaans in oorsprong is en ont= staan in aansluiting by die naam van ŉ politieke party: die sg. "Liberales". Schapiro skryf ook dat die benaming later in verskeie lande aan regerings en partye toegeken is, maar dat dit ook gesien is as "an opinion that favoured freedom as oppos to Authoritarianism". Wanneer hy dit teen die agtergrond van filosofie sien, dan sê Shapiro

kan dit gekarakteriseer word as "an attitude of mind toward life and life's problems that stress the values of freedom for indivi= duals, for minorities, and for nations" (Schapiro, J.S., op. cit., 9; cf. Stoker, H.G., 1941, 16-17).

De Ruggiero beskou Liberalisme op twee maniere nl.: "the one trea= ting liberty as an abstraction, a concept intended to express the essence of human personality, exalted above all historical and empirical contingency; the other treating liberties as a complex of particular rights and immunities acquired one by one as circum= stances dictate, independently of any conceptual formulation which might unite them and deduce from another" (Collingwood, R.G., 1927, 339-340). T. van der Walt beskou Liberalisme veeleerder as 'n gees= teshouding en nie 'n sisteem nie; as 'n benadering, en nie 'n stel welomskrewe reëls nie (Van der Walt, T., I.B.C., 127, 1978,1).

Een aspek staan egter vas: Liberalisme stel 'n hoë prys op vryheid en selfstandigheid van insig (Degenaar, J.J., 1967, 30). Tereg het Schapiro opgemerk: "The fundamamtel postulate of Liberalism has been the moral worth, the absolute value, and the essential dignity of the human personality. Every individual is therefore to be treated as an end in himself, not as a means to advance the interests of others" (op. cit., 9). Die humanistiese trek, nl. die belangrik= heid van die mens, is duidelik te bespeur in die Liberalisme (cf. in die verband Stoker, H.G., 1941, 263,267). In die opsig skryf Van der Walt dat die "individuele mens as't ware die bousteen van elke liberalistiese konstruksie is" (Van der Walt, T.. "Die Libera= lisme in die Nuwe Weste" in Koers, Augustus 1970, 27). Basson is ook oortuig dat binne die bestek van vryheid in sy negatiewe sin — soos deur die Liberalisme onderskryf — val die aksent so sterk op die individu, dat ons die term individualisme hier van toepassing kan maak (cf. Basson, A.J., "Liberalisme, Kommunis en opvoeding", in Fokus, jaargang 8, nr. 4, November 1980, 1498). Die individu het nou naas onafhanklikheid van God gekom tot die konsep van "selfstandigheid voor God" (cf. Degenaar, J.J., Sekularisasie, 10; asook Van Riessen, Ir.H., Mondigheid en de Machten, 50).

112/........

Dit word gou duidelik dat die lewens- en wêreldbeskouing wat in ons tyd bekend staan as Liberalisme, ŉ lang geskiedenis het. Schapiro vind die wortels van Liberalisme alreeds by die antieke Grieke (Sokrates), maar stel dit duidelik dat Liberalisme as ŉ beweging eers in die Renaissance, en die Verligting van die 18de eeu begin het. Petrarca het reeds gesê "dat die wetenskaplike die bron van alle norme in die enkelinge moet sien". Valda was van oortuiging dat die natuur identies, of byna identies met God was. Mirandola skryf: "Jy (Adam), bind jou aan geen grens nie, behalwe, dit wat jy vir jouself voorskryf" Bruno het ook in dié tyd gesê: die mens is ŉ samevatting van God (De Klerk, W.J., et al., op. cit., 81). Die Liberalis roep dus uit: "Geen god of meester bo my wat my soewereiniteit beperk nie" (cf. Stoker, H.G., op. cit., 267).

Dit was egter eers in die Humanisme van die 18de en 19de eeu dat die gedagtes van die Renaissance vergestalt is tot ŉ eenheid wat die grondslag kon vorm van Liberalisme. Die Verligting (resp. Aufkläring) het ŉ groot rol gespeel. Binne die konteks van die Humanistiese grondmotief van natuur-vryheid (soos Dooyeweerd dit beskryf) sien ons duidelik die klem wat die Verligting plaas op die natuur. Dit het geleer dat die mens deur onpersoonlike natuur=wette beheers word en so word die natuurreg die "pleitgrond" vir die regte van die mens. John Locke het gesê dat die mens in sy natuurlike staat vryheid besit en dat hierdie natuurlike aange=bore regte, nie van hom vervreem kan word nie. So word ook die verstand (rede) van die mens nou verhef. Vir hulle was die rede ŉ natuurgegewe (Ibid., 82). Hieroor skryf Schapiro: "Reason, not faith, was regarded as the only true instrument to guide man...." (op. cit., 17). Die Liberalis glo in die algemeen aan die bestaan van objektiewe waarhede wat alleen ontdek kan word d.m.v. die rede en volgens die wetenskaplike metode van ondersoek, eksperimen=tering en verifiëring. Liberalisme het nog altyd ŉ sekulêre houding ingeneem jeens religie. Religie is vir hulle ŉ hipotese wat soos alle ander hipoteses verduur moet word, terwyl die kerk ŉ instituut is wat aanvaar moet word soos enige ander instituut. Vir hulle moet die mens vry wees om te glo, of om nie te glo nie.

Volgens die Liberalisme is die mens van nature goed geskape, met

al die inherente goedheid wat daarmee gepaard gaan (vgl. Jean Jacques Rousseau). Dit is dan die beïnvloeding van sy eie sosiale omgewing wat hom kondisioneer tot wat hy word. Ons bespeur 'n dui= delike neiging van die Sekularisme wat alle kultuurkringe wil los= maak van hulle "geloofswortels of bindinge aan God" (De Klerk, W.J., et al., op. cit., 82).

Die leer van die deïsme (wat veral deur Willem van Ockham ontwikkel is) het ook groot invloed op die liberalistiese lewens- en wêreld= beskouing gehad. Die Deïsme leer, in kort, dat God wel geskep het, maar dat Hy nie aktief oor die skepping heers, regeer en dit onderhou nie. God is die horlosiemaker wat die groot horlosie (heelal) in mekaar gesit het sodat dit loop. Wanneer die horlosie nou maar goed opgewen is, loop dit verder vanself en dan is dit die beste om so min as moontlik daarmee te peuter. So bemoei God Hom dan ook nie met die skepping totdat daar iets haper nie (Feen= stra, J.G., 1975, 101-102). In 'n tyd toe die mens astronomiese vordering d.m.v. die wetenskap begin maak het, het die deïsme hoog= ty gevier. In eie waan het die mens gedink hy het God nie meer nodig nie — hy beheers tog die natuur self. Die rede het belang= riker geword as die geloof! Die heerskappy van God is beperk tot die kerk; met die res van die mens se lewe (ook wetenskap) kan hy dan doen wat hy wil.

Die Liberalisme sien dus die wetenskap en tegniek as die enigste middel waardeur die wêreld kan vooruitgaan.

3.3.3.1.2 RELATIVISME.

Een van die kenmerke van die Sekularisme wortel in die feit dat die Heilige Skrif deur fatale Relativisme gedegradeer word tot betreklike waarhede. Die gesag van die Skrif as Gods Woord, word op grond van twyfel, ongeloof, ankerloosheid en beginselloosheid totaal afgetakel, sodat Gods Woord nie meer die finale seggenskap het nie. Die Chris= telike religie word hiermee saam genegeer, want "die enigste abso= luutheid is die feitlike wat gemeet kan word" (Coetzer, J.M.G., op. cit., 249; asook van Gennep, J., 1970, 139).

Vir die Relativisme het niks wat die mens van buite opgelê word, absolute waarde nie. "Die menswaardigheid en vryheid van die indi=vidu gedoog niks anders as sy rede as absolute beginsel nie. Enige norm van buite opgelê, kan slegs 'n betreklike waarde hê. Alleen die mens se rede beslis wat buite hom as normatief kan geld en in hoeverre dit die geval kan wees" (Jooste, J.H., (red) "Die vloek van die Relativisme" in Roeping, jaargang XV, nr. 3, Sept. 1967, 3; cf. ook Hollis, M., en Lukes, S., 1982, 22 e.v.). Duidelik vind ons by die Relativisme dus ook 'n vergoddeliking van die deur sonde benewelde "rede" wat nou die "anker" in die mens se lewe word. Die Relativisme, wat 'n vrug is van die verskeie humanistiese strominge, ruk die mens se ganse lewe dus los van 'n blywende norma=tiewe Christelik-religieuse vertrekpunt, ook in sy wetenskap.

3.3.3.1.3 ANTINOMISME.

Hier vind ons ons as't ware by die crux van die Sekularisme. Antino=misme verwerp die Wetgewer en daarmee ook alle wette deur Hom gegee. Die mens word as wetgewer direk in die plek van God geplaas en stel nou sy eie wette (cf. Rushdoony, R.J., 1973, 654, 709=.

Wanneer die mens homself losmaak van die Wet van God en tog aan de wet vashou, verval hy wat sy Godsbeskouing betref, in Deïsme, en wat sy wetsbeskouing betref, in Moralisme en Wettisisme. Wanneer die mens hom egter losmaak van die wet, verval hy, volgens Heyns, in Libertinisme, terwyl die wat die Wetgewer en die Wet verwerp, in Fatalisme verval (cf. Heyns, J.A., 1970, 22 e.v.).

3.3.3.1.4 PERMISSIWITEIT.

Vanweë die feit dat die mens homself losmaak van die wet van God, veroorloof hy homself alles. Dit lei daartoe dat die mens "doen wat jy wil" — alles is toelaatbaar. Die enigste kriterium vir sy lewe is die individuele wil begeerte en drif. "daar is geen algemene of objektiewe wet/norm nie — die situasie waarin jy verkeer, die oomblik van keuse is die beslissende en daarom ver=skoonbaar" (Van Jaarsveld, B.J., op. cit., 5).

Permissiwiteit stoel dus op die sekularistiese neutraliteitspostu= laat wat opkom uit die humanistiese grondmotief.

### 3.3.4 DIE NEO-MARXISME.

Die neo-Marxisme is 'n denkrigting wat voortbou op die kritiese filosofie van Marx, tog is daar ook groot verskille. Oor die alge= meen verskil neo-Marxisme van Marx in die opsig dat "die wêreld= beeld by Marx verklaar word in terme van vaste natuurwette, terwyl by die neo-Marxisme toenemende twyfel bestaan in die mag van die rede om die mensdom te red uit die ellende waarin hulle nou sou verkeer" (Roos, S.G., 1979, 53).

Van Dijk het aangetoon dat die neo-Marxisme die Christendom voor 'n geweldige uitdaging geplaas het. Marx was reeds van mening: "God is opium vir die volk" (De Klerk, W.J., et al., op. cit., 115). Die neo-Marxiste wil deur die Christelike godsdiens die bestaande orde ondergrawe, sodat die werklikheid in toenemende mate verhumaniseer; soos Van Dijk dit stel: "Het was een van de idealen van Marx dat de natuur 'vermenselijkt' zou worden, 'gehominiseerd'" (1974, 26 e.v.). Die neo-Marxiste wil inderwaarheid die mens losmaak van sy Christe= like norme en die voortgaan om dan kommunistiese norme by die mens in te skerp (roos, S.G., <u>op. cit.</u>, 72). Die teenstelling tussen ryk en arm interpreteer die Marxiste in die lig van o.a. die gelykenis van Lasarus. Marxisme sien die ryk man as een dialektiese pool en Lasarus die ander. "Ryk" en "arm" staan hier in die dialektiese spanning teenoor mekaar. "Die ryk man het volgens interpretasie, 'in die plek van pyniging' beland, nie net omdat hy ryk was nie, maar omdat hy die sosiale ongeregtigheid toegelaat het". Alle mense word nou gewaarsku teen kapitalisme (Roos, S.G., op. cit., 53).

By die neo-Marxiste bestaan die "eigenlijke conflict .... nu met het eendimensionale denken van de mensen (Marcuse), die daarin door de machten, techniek en wetensap, ideologisch beheerst worden (ha= bermas)" (Van Riessen, H., op. cit., 37).

Die neo-Marxiste het die outonomie van dié wetenskap beklemtoon deur die feit dat hulle die rasionaliteit van die "machten" onaan= tasbaar ag (<u>Ibid.</u>, 59). Hiervind ons dus ook 'n duidelike verab=

solutering van die wetenskap, want die wetenskap word ontkoppel van die menslike geloof, sodat die outonomie van die wetenskap as vanselfsprekend vooropgestel word.

Klapwijk wys daarop dat die huidige nood van die neo-Marxisme, dan die "nood van de rede" is. Die rede kan beveel en gehoorsaam, maar dit kan nie bevry uit die "strukturen van macht en bevel" nie. "De rede kan niet loskomen uit de dialektiek van haar eigen ontwikkeling, ja, ze lijkt er zich hoe langer hoe meerin te verstrikken" (1976, 8).

3.3.5 SLOTBESKOUING.

Vanaf die tyd van die antieke Griekse denke, regdeur alle vorme van Skolastiek en in die verskillende afvallige humanistiese denkrigtings, is die wetenskap op 'n neutrale troon geplaas.

Sekere Christenbelyers, met name die Rooms-Katolisisme en tot 'n sekere mate die Protestantse en Gereformeerde Skolastiek, asook die Metodisme en die Piëtisme, het die gesag van God buite die terrein van die kerk misken. Alle ander lewensterreine is neutraal gestel, dus ook die wetenskap. Slegs die menslike rede (en nie geloof nie) staan hierin voorop.

Met die verskyning van die humanistiese grondmotief van natuur en vryheid, is Gods gesag totaal van die hand gewys. Gestoel op die penwortel van die humanistiese grondmotief, het talle afvallige -ismes die soewereiniteit van God oor sy ganse skepping en die onfeilbaarheid van sy Woord, betwis en selfs ontken, en die ganse skepping is in anti-normatiewe (horisontale) rigting ontsluit. Die somtotaal van humanistiese denkrigting staan in die teken van die afval en in diens van die duiwel. Vir die Humanisme is géén band tussen religie en wetenskap moontlik nie, want religie vernietig objektiwiteit. Die rede staan vir die Humanis, diametraal teenoor geloof. Hiermee kan die Christendenker hom nooit versoen nie.

Lynreg hierteenoor, in diens van God Drie-Enig en in gehoorsaamheid

aan sy onfeilbare Woord, stel die Christendenker alle lewensuitinge op alle lewensterreine in diens van God — tot sy eer en tot sy verheerliking alléén (Lee, F.N., 1969, 15).

In sy diepste sin verskil Christelike wetenskap en "neutrale" weten=skap dus in uitgangspunte, "in die sentrale en allesbeheersende bo-teoretiese grondmotief wat as motiverende krag daarin werksaam is" (Strauss, D.F.M., in Acta Academica, 1976, 22). Die Christelike wetenskaplike wat in sy hart gegryp is deur die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval, verlossing en voleinding, word telkens op=geroep om nie sy hart oor te gee aan die verabsolutering (resp. vergoddeliking) van een of ander immanente skepselding nie. Hier bevind ons ons by die crux van "neutrale" wetenskapsbeoefening. Wetenskaplikes wat nie vanuit die religieuse-hart die absolute soewereiniteit van God oor alle lewensterreine erken nie, het hul hart oorgegee aan die vergoddeliking van een of ander aspek van die skepping. Dit lei by die Skolastiek tot 'n contradictio in ter=minus, en by die verskillende strominge van die moderne Humanisme tot 'n totale ondermyning van Gods gesag oor alle lewensterreine en dit werk mee tot die sekularisering van die ganse lewe van die mens — ook sy wetenskapsbeoefening en sy onderwys.

Die band tussen religie en wetenskap kan egter nooit ontken of ontkoppel word nie. Al is die religie wat die wetenskaplike ten grondslag lê afvallig, het dit steeds 'n bepalende invloed op sy wetenskapsbeoefening. Dit noop hom altyd tot, óf God-gerigtheid óf afgod-gerigtheid.

In hierdie studie het dit egter geblyk dat "no science is truly and justly so called but that which instructs us in the confidence and fear of the Lord .... consequently, if .... all the sciences.... set themselves in opposition to Christ, they must be looked upon as dangerous and pests, if they strive to accomplish anything of themselves, as the worst of all hindrances" (Lee, F.N., 1969, 15).

# HOOFSTUK 4

## BYBELSE PERSPEKTIEWE OOR DIE SOEWEREINITEIT VAN GOD OOR SY GANSE SKEPPING.

### 4.1 ORIENTERING.

Die soewereiniteit van God strek volgens die getuienis van die Bybelse perspektiewe oor die ganse geskape werklikheid en oor alle mense en menslike aktiwiteite. Uiteraard sal ons hier ook telkens verwys na die onontwykbare implikasies daarvan vir die beoefening van die wetenskap deur die mens, soos die onderwerp dit vanself= sprekend impliseer.

Soos reeds gesien, is alle mense religieuse wesens. Vanuit hierdie religieuse betrokkenheid, spreek dit duidelik dat die mens bepaalword deur sy verhouding tot die God van die Skrifte (óf totaal vir Hom, óf teen Hom!). In die lig is dit dus van primêre belang om te vra na die verhouding van die wetenskap(-like) tot die skrifgeworde Woord van God (cf. hieroor Taljaard J.A.L., I.B.C., Studiestuk nr. 93, Junie 1975, 3).

Met die opskrif van hierdie hoofstuk impliseer ons nie dat die Bybel direk van bv. die moderne wetenskapsbeoefening spreek nie, maar wél dat die Bybelse appél bedoel dat die wetenskap op christelike grond= slag tot eer van God beoefen sal word. Die Bybelse refrein, SOLI DEO GLORIA, sal onvermydelik ook telkens in die werk opklink.

Uiteraard is dit haas onbegonne om na alle Bybelse perspektiewe in die verband te verwys. Daarom sal ons slegs enkele sprekende voorbeelde onder die vergrootglas kan plaas.

### 4.2 DIE HEILIGE SKRIF AS NORM VIR ALLE LEWENSUITINGE VAN DIE MENS (W.O. OOK SY WETENSKAPSBEOEFENING).

#### 4.2.1 INLEIDING.

Vanaf die vroegste tye is die boeke van die Ou Testament, en later

ook die boeke van die Nuwe Testament, sonder meer erken en aanvaar as heilige en goddelike geskrifte. Vir die Jode was die O.T. die open= baring van God. Daarom het die Jode hierdie geskrifte beskou as die Godgegewe maatstaf en reël vir die geloof én die alledaagse lewe. Die goddelike gesag van die Ou Testament word telkens deur Christus self beklemtoon. Ons dink byvoorbeeld aan Christus se versoeking toe Hy die duiwel telkens geantwoord het met ʼn aanhaling uit die Ou Testament (cf. Matt. 4:4,7,10). Vir Jesus Christus was die Ou Testament die finale ~~woord~~ waarteen niemand mag stry nie, want dit was God se Wil (cf. hieroor o.a. Matt. 5:17-19, 15:1-9, 26:54).

Die gesag van die Nuwe Testament is in die jare 90 tot 150 n.C. sterk beklemtoon deur die Apostoliese Vaders. Clemens van Rome haal by= voorbeeld uit die geskrifte van die Nuwe Testament aan deur te sê: "God sê" of "Die Here sê". Nadat die geskrifte van die Heilige Skrif nou reeds vir eeue lank as goddelike, geïnspireerde boeke er= ken en gebruik was as die heilige onfeilbare Woord van God, het die Christelike Kerk in die vierde eeu voor Christus die lys van Kanonieke boeke van die Bybel, pertinent genoem. Die twee Sinodes van die kerk in Afrika wat hiertydens ʼn sleutelrol gespeel het, was te Hippo Regius in 393 n.C. en te Karthago in 397 n.C.

Na hierdie Sinodes mag niks anders naas die 66 kanonieke boeke van die Bybel, in die kerk gelees word nie.

Die Bybelse appél oor die soewereiniteit van God is egter nie net tot die kerk as instituut beperk nie. Die appél roep die mens op om elke lewensuiting, op alle lewensterreine tot eer en verheerliking van God te verrig. Vir die wetenskaplike hou hierdie appél dan in dat niks neutraal gestel mag word nie, want die Bybelse perspektief is duidelik oor die feit dat God die ganse werklikheid om sy ontwil geskape het en dat alles in Hom stand hou en sinvol is.

## 4.2.2 OPENBARING EN SKRIF.

In die lig van Joh. 17:3: "En dit is die ewige lewe, dat hulle u

120/.......

ken, die enigste waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het", is dit duidelik dat die mens hom dit ten doel moet stel om God waarlik te ken, want dan alleen kan die mens Hom waarlik van diens wees. Die mens kan God egter net ken omdat, en in sover, God Homself aan ons bekend gemaak het (resp. geopenbaar het).

Die N.G.B. (Art. 2) wys op die feit dat God homself op tweërlei wyse aan die mens geopenbaar het: "Ons ken God deur twee middele. Ten eerste deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle skepsele groot en klein, die letters is, 'wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien naamlik sy ewige krag en Goddelik=heid' (Rom. 1:20), ..... Ten tweede maak Hy Homself nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige Goddelike Woord, soveel naam=lik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die salig=heid van wie aan Hom behoort". Hierin kry ons die duidelike verwy=sing na die bekende algemene (skepping, onderhouding en regering) en, besondere (Die Heilige Skrif) openbaring van God aan die mens (Vgl. Ps. 19).

Vir ons tema spreek hierdie artikel reeds boekdele. Die wetenskap=like leef en verrig sy arbeid te midde van die werke van God. In hierdie "werke" van God (t.w. skepping, onderhouding en regering) moet die <u>ganse mensdom</u> die groot dade van God, sy ewige krag en goddelikheid, kan raaksien (cf. in die verband Rom. 1:18-32). Beide die gelowige en die ongelowige wetenskaplike werk nou in en met God se skepping. Die Christenwetenskaplike met sy Bybels-religieuse per=spektiewe, moet ook die ongelowige wetenskapsbeoefenaar lei om deur die bril van die Heilige Skrif ('n beeld van Calvyn), tot die besef kom, dat die algemene openbaring 'n magtige bron vir die mens is, om te kom tot die belydenis dat God se werke 'n spieëlbeeld is van sy almag, wysheid, majesteit en heerlikheid. Die besondere open=baring (Die Heilige Skrif) het dit nou hiermee tesame ten doel om die eer van God te handhaaf in die verlossing van alle gelowiges in Christus, deur wie God sy Koninkryk tot stand bring.

Dit is egter waar dat die Heilige Skrif (as besondere openbaring)

121/.......

van God) ons meer bied as die algemene openbaring. Die Heilige Skrif maak aan die mens die weg van verlossing in Christus Jesus bekend. Die mens raak hierdie verlossing deelagtig as hy Christus as persoonlike saligmaker en verlosser bely. Die noodwendige im= plikasie, is die dra van vrugte wat by hierdie bekering pas, nl. die soeke na die eer van God in elke lewensuiting van die mens. Uit onsself weet ons egter nie watter pad ons moet volg om God se Naam ten volle te heilig nie. Daarom openbaar God (uit genade) sy Wil aan ons deur sy Heilige Woord.

## 4.2.3 DIE BYBEL IS GOD SE WOORD.

> "God is the Sovereign and Gracious One, who in sovereignty speaks His Word of grace to us through the medium of the Bible, the unique witness to the unique revelation of God in Jesus Christ. In His Gracious speaking God remains fully sovereign. His gracious Word is never a static deposit which man can control. It is always His. God remains free, even in His gracious gifts to man" (Runia, K., 1962, 5; asook 7,8,9, 189).

H. Bavinck skryf dat die Heilige Skrif altyd in menslike terme van die heiligste, die ewige en onsigbare dinge spreek (1967, Deel I, 420). Die Bybel is toeganklik vir elke mens en dus ook vir die wetenskaplike.

Dit is egter van belang om op te merk dat wanneer ons ons beroep op die Skrif, dit die vorm van belydenis aanneem. Ons bely dat dit die Woord van God is; ons bely dat ons Christus hierin ontmoet en leer ken. J. Olthuis stel dit nog duideliker: "We believe in Christ according to the Scriptures. In Faith we bow before the Scriptures as the Word of God" (op. cit., 1). Ons moet verder rekening hou met die feit dat dit die Skrif is wat die reëls vir die lewe daar= stel; met dié oogmerk: dat die mens wat verlore is in sonde, opnuut weer sekerheid kan bekom aangaande sy toekomsverwagting (Ibid., 1).

Barth (ook Runia) wys daarop dat ons vertrekpunt oor die leerstelling dat die Bybel die Woord van God is, 'n saak van geloof is. Dit kan nie op wetenskaplike of enige ander gronde bewys word nie. Alleen as ons 'n gehoorsame oor bied, en luister na wat die Bybel sê, kan ons tot die geloof kom dat die Bybel die Woord van God is. Daarom stem ons saam as Runia skryf: om die Bybel te aanvaar as die Heilige Woord van God, is 'n belydenis. Ons kan ons nie beroep op enige gesag buite die Bybel nie; beslis ook nie op die rede van die mens soos by die Rasionalisme nie; ook nie op die resultate van humanistiese wetenskappe nie, nog minder deur historiese ondersoeke soos gedoen deur die negentiende eeuse kritisisme. Barth skryf: "The Lordship of the Truine God proves itself to be a fact in our obedient listening to the witness of the Bible" (cf. Runia, K., 1962, 458). Murray sny ook, in Calvyn se woorde, hierdie belangrike saak aan: "The Scripture exhibits the clearest evidences of God speaking in it, which manifests its doctrine to be divine. If we bring to it pure eyes and sound minds the majesty of God will immediately confront us, which will subdue our presumption and compel us to obedience" (1960, 49). Die denker wat waarlik Christelik wil wees, se opvatting aangaande die Skrif moet nie uitgaan van die skoue nie, "maar van die hoor van die Woord, d.i. van die geloof as 'n bestaanswerklikheid: die luisterhouding as die ware geloofshouding, waardeur hy in sy besondere situasie, luister en sy opdrag en roeping van God verneem" (cf. Die Standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Algemene Sinode op 20 Oktober 1970 in sy sitting te Pretoria, 19).

Die opgrawingswetenskap i.v.m. die Bybelse gebeure, het die afgelope dekades met rasse skrede vooruitgegaan. Onlangse opgrawings het die waarheid van die Bybel opnuut weer beklemtoon — al moet ons daarop wys dat geloof in die waarheid van die Woord van God nie afhang van die bevestiging daarvan deur die opgrawingswetenskap en buite-Bybelse getuienis nie. Die beroemde argeoloog, W.F. Albright skryf in sy artikel, "Return to Biblical Theology" (in The Christian Century, 19 November 1958) die volgende: "Thanks to modern research we now recognize its (the Old Testament's) substantial

history. The narratives of the patriarchs, of Moses and the exodus, of the conquest of Canaän, of the judges, the monarchy, the exile and restoration, have all been confirmed and illustrated to an ex= tent that I should have thought impossible forty years ago ..... The background of Moses and his contributions to religion and law take definite form in the light of our present knowledge ....... The prophets of Israel are now better understood; they stand out more brilliantly than ever. The critical school associated with the name of Julius Wellhausen recognized their outstanding signifi= cance as social and ethical reformers, but failed to grasp two vi= tally important principles: the place of the covenant and related concepts in prophetic thinking and the vital role of insight into the future".

J.A. Heyns verwys na A. Kuyper se werk E Voto Dordraceno (Deel 2, 421) as hy sê dat die Heilige Skrif nie God se ganse Woord is nie. Heyns onderskei dan tussen die volgende "Woordgestaltes": skeppings= woord, voorsienigheidswoord, verlossingswoord, Vleesgeworde Woord, skrifgeworde Woord en gepredikte Woord (cf. Heyns, J.A., se artikel "Gestaltes van die Woord" in Woord en Wetenskap, 1977, 62, et seq.).

Dit is nou in die lig van hierdie "woordgestaltes" wat ons verwys na die werk van J. Olthuis as hy skryf: "At the outset of human action, including theological activity, a man must confess in what he puts his first and final trust, he must choose whether he will live by the Word or some pseudo-word" (1976, 1,2). Die wetenskaplike moet ook kies: 'n lewe wat totaal in Christus veranker is met die volle konsekwensie van Woord-gehoorsaamheid. Indien dit nie sy keuse is nie, word die wetenskaplike gedryf deur een of ander afval= lige -isme.

Die mens moet gehoor gee aan al die "Woordgestaltes". Dit is tel= kens God wat met ons spreek. Van besondere belang is God se skrif= geworde Woord, want daaruit kan ons in besonder ons Godskennis ver= meerder — wat tog die hoogste doel in die mens se lewe is! Ons leer uit die skrifgeworde Woord van God se skeppingswoord (Gen. 1), van sy voorsienigheidswoord (Jes. 48:13 / Ps. 104:10 / Neh. 9:6 / Job 38:12 / Kol. 1:17), van sy verlossingswoord (Joh. 3:16), van

sy Vleesgeworde Woord (Joh. 1:1-14) en sy gepredikte Woord (Berg=predikasie).

Die totale Woord van God is die "Dominical Locution" van God, m.a.w. dit sluit in alles wat God aan die wêreld geopenbaar het aangaande Homself. Poythress stel dit onomwonde dat "because the Bible is the Word of my Lord, I try to give heed to everything that it says with the kind of obedience that my Lord deserves" (1976, 4, 81). Die Christen kan dit saam met Poythress bely, want hy glo dat die Bybel deur God geïnspireer is. Stoner wys duidelik daarop dat God die mag het om mense te inspireer om sy woorde neer te skryf —— beslis nie meganies nie! God openbaar Homself aan die mens deur die mens (1969, 57).

Ook J. Olthuis skryf: "For those who have been touched by God's spirit the Bible is the book of life; it is the Word of God" (1976, 1). Wie se lewe deur die Heilige Gees gelei word, sal onvoorwaardelik God se Woord as waar en seker aanvaar. Ook die Calvinistiese bely=denis glo, soos Van Til dit stel, dat die waarheid van die Woord van God die finale en absolute outoriteit besit, "and it's clear and sufficient in all matters of faith and conduct" (1959, 157).

Ganzevoort skryf dat "de erkenning van het gezag van die Bijbel is waarborg voor onze vryheid". Hierdie "vryheid" moet nou egter ge=sien word as vryheid in die wêreld in sover ons in gemeenskap met God leef en ons ons wandel rig in die lig van sy Woord (1968,62).

In die wetenskap met die wetenskaplike ook besef dat die Bybel nie ŉ boek is wat ons ŉ sistematiese geheel bied van allerlei we=tenskaplike gegewens nie. Bv.: van o.a. mitose leer die Bybel niks. Eers wanneer die mens sy denkfunksie in werking stel, kom hy in sy wetenskaplike arbeid tot die ontdekking dat menslike selle verdeel. Sy gehoorsaamheid (of ongehoorsaamheid) aan die Woord van God, sal nou bepaal of dusdanige wetenskaplike die eer van God, in hierdie "ontdekking" van hom, gaan erken. Robert Hooke, ŉ natuur=wetenskaplike van groot aansien in sy tyd, was die eerste vorser

wat die vlooi onder ŉ mikroskoop geplaas het — sy slotsom: die monster is pragtig! (cf. Westfall, R.S., 1972, 26). Boyle, ŉ voor= aanstaande wetenskaplike in die sewentiende eeu en vader van die chemie, het ook bely dat: "the more deeply he probed into nature, the more humbly he acknowledged his Maker" (Ibid., 41).

Die Bybel leer ons eksplisiet God ken as die Almagtige Skepper en Onderhouer van die kosmos. Die Bybel stel dit dan onomwonde dat God die Eienaar is van wat Hy geskep het:

> Ps. 24:1 "Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon; ...."

Die dinamiek en die gesag van die Heilige Skrif blyk uit o.a. die volgende Skrifgedeeltes:

> "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot waarlegging, tot teregwysing, tot onder= wysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus". (2 Tim. 3:16-17).

> "..... want geen profesie is ooit deur die wil van die mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek" (2 Petr. 1:21).

Hierdie Skrifgedeeltes wil dit duidelik maak dat die Skrif die "Godgeademde" of "deur God in-geblaasde", Woord van God is. Dit is woorde wat aan elke Christenmens gerig is "wat in sy daaglikse arbeid erns wil maak en wil werk met die Skrif" (cf. Coetzee, J.C., se artikel in Verankerde voortgang uit die reeks "Wetenskap — in U Lig", 1983, 1). Die sin van ŉ Christelike wetenskapsbeoefening lê dan ook in dié woorde opgesluit. Spykman skryf dat ons saam met Calvyn die "spectacles of Scripture" moet opsit en as ons dan kyk, moet ons seker wees dat ons reg sien: "For Scripture is given as a pair of corrective lenses to restore our faulty and distorted

126/.......

spiritual eyesight, to redirect our misdirected vision on reality" (1985, 11). Hierin lê 'n ontsaglike waarheid vir die wetenskaplike: die Woord van God bied dié perspektiewe wat die mens dié ware rig=ting aandui waarin hy die ganse werklikheid moet ontsluit.

Die sonde van die mens en sy daarmeegepaardgaande "verdwaaldheid" in hierdie wêreld, onderstreep die kardinale noodsaaklikheid van die Bybel. Die mens het die Bybel in die eerste instansie nodig omdat hy 'n sondaar is. Alleen die Bybel vertel aan die mens van God se verlossingswerk in Jesus Christus (Besondere openbaring). Elke mens het gevolglik die Bybel net so nodig in sy lewe as, wat hy Christus nodig het (Van Til , C., 1954, 33-34).

### 4.2.4 DIE LIG VAN GODS WOORD OP ALLE LEWENSTERREINE.

Volgens Strauss beteken die "lig van die Skrif" die "beligting van die mens se hart deur die sentrale en totale appél van Gods Woord wat, as rigtinggewende dryfkrag, sy volle lewe in Christus tot eer van God laat ontplooi, gehoorsaam aan die wil van God — die diens van God met die hele hart" (cf. Strauss, D.F.M., se artikel "Die Skrif: Die lig vir alle wetenskappe", in Koers, 1979, 39). Die Skrif handel oor die ganse lewe van die mens en spreek direk en per implikasie daarvan, dat die mens alles moet verrig in die Naam van en tot eer van God. "The Scripture re-proclaim the entire Word of God! Via their certainty focus, they have total and full aut=hority with a range as wide as creation. Belief fostered and nou=rished by the Scriptures will integrate human life in obedience to God's good order for life" (cf. Olthuis, J.M., se artikel in Hearing and Doing, 1979, 83).

Indien ons 'n radikaal-Bybelse reformasie van die wetenskap in die oog het, is dit noodsaaklik dat ook die wetenskap in die "greep" van die omvattende appél van Gods Woord moet wees.

#### 4.2.4.1 DIE BYBEL EN WETENSKAP.

Volgens die ouer Calviniste (Calvyn en opvolgers) kan daar geen

botsing tussen wetenskap en Skrif wees nie, want daar bestaan geen botsing tussen die algemene openbaring (waarmee die wetenskaplike werk) en die besondere openbaring (Skrif) nie. Die ouer Calviniste was van oortuiging dat die wetenskap die Bybel moet gebruik as toets, as maatstaaf of norm om vas te stel of daar nie in die wetenskaplike beskouings gedwaal word nie. Die nuwer Calviniste (veral Dooyeweerd, Vollenhoven en hier te lande, Stoker) gaan egter veel verder. Hulle meen dat die Bybel nie net as 'n maatstaf, 'n korrektief vir die mens se wetenskaplike beskouings dien nie — die Bybel bevat ook beginsels "wat positief in die verskillende vakwetenskappe ingedra moet word" (cf. Coetzee, F., se artikel in Koers, Deel 12, Junie 1945, nr. 6, 220).

Dit is dus duidelik dat die Woord van God, volgens Dooyeweerd, Vollen=hoven en Stoker, nie maar net 'n lig van buite mag wees wat die we=tenskaplike se veld van ondersoek moet verhelder nie. So gesien, sou 'n ongelowige wat 'n mate van kennis het van die Bybel, ook 'n "Christelike" wetenskaplike wees. "Daar moet ook verligting van binne, van die hart wees!" (cf. Van der Walt, B.J., se artikel in Koers, 1979, 67; asook Heyns, J.A., Brug tussen God en die mens, 92). Die implikasie van bg. stelling is dat elke wetenskaplike wat die etiket "Christelik" om sy wetenskap wil hang, "in Christus" moet wees en hom laat lei deur die Woord van God.

Vir die Christen wat ook in sy denkrigting onvoorwaardelik die Woord van God aanvaar en daaruit die riglyne vir sy lewe bepaal, sal dit duidelik wees dat óók wetenskap Christelik benader moet word. Neu=traliteit bestaan nie! (Van Riessen, H., s.j., 2). Die Skrif staan onvergelyklik hoër as die wetenskap, omdat dit die Openbaring van God bevat — die Openbaring van dié God wat alles (Gen. 1) geskape het. Die wetenskap is slegs 'n nadenke van die "gedagtes" van God. Die Christen-gelowige kan dus nooit sy geloof skik na die wetenskap nie. Hy kan dit alleen skik na die Skrif, want: "die wetenskap kan dwaal in sy nadenkingswerk" (cf. De Wet, C.J.H., in Die Heilige Skrif en die wetenskap, 17). Nou is dit maar eenmaal so dat "where the Word of God is ignored, the truth of His creation is inevitably suppressed, wrenched out of focus, distorted into a grotesque lie of the groping imagination" (Van der Laan, H., 1966, 19).

In die lig wat die Bybel leer, kan ons geen enkele rede sien om die wetenskap uit te sluit uit "alle goede werk" van God nie, "maar mo= gen wij ook haar zien in verband met de universele betekenis van Gods heilswerk in Jezus Christus, door Wien God alle dinge weer met Zichself verzoent, alles wat op de aarde en wat in de hemel is" (Kol. 1:15-17) (Ganzevoort, B.W., 1968, 60-61). Tereg wys Van Ries= sen daarop dat dit vir ons moeilik is om te bedink dat God in die verlossing en vernuwing van die mensheid deur sy Seun en sy Heilige Gees, en in die openbaring van sy universele heilswerk, nie aan die wetenskaplike werk van sy mensekinders sou dink nie en dat die Bybelse gegewens geen besondere betekenis het vir die wetenskap nie (Van Riessen, H., op. cit., 2).

4.2.4.2 CHRISTELIKE WETENSKAP EN BIBLISISME

ŉ Meganisties-biblisistiese Skrifverklaring en Skrifgebruik is vir die Christelike wetenskap onaanvaarbaar. Volgens die idee van die Biblisisme gee die Skrif duidelike wetenskaplike inligting vir die verskeie wetenskappe. Die Biblisisme wil hê dat die Bybel, en die Bybel alleen vir die Christen gesag moet dra en so deur hom gebruik word. Hierdeur wou die Biblisisme seker maak, dat die mens altyd ŉ "suiwer" en "onbevooroordeelde" standpunt sal inneem. Sodoende kan niks menslik tussen die Bybel en die gelowige inskuif nie. ŉ Verdere kenmerk van die Biblisisme is dat Bybeltekste geïsoleer word en dan buite verband met die res van die Skrif gebruik en verklaar word (cf. Lombard, J.C., in "Die Christelike geloofsleer", Diktaat, U.O.V.S., 9). Dit word ook duidelik uit sy kenmerkende optrede, dat die Biblisisme allerlei humanistiese teorieë met die Bybel in die hand wil weerlê, deur hulle eenvouding op die Skrif te beroep. Sodanige optrede is vir die Christelike wetenskapsbeoefe= ning onaanvaarbaar "want dit maak lui en goedkoop, omdat geen we= tenskapper ŉ teorie slegs mag afwys nie: kritiek sonder alterna= tiewe oortuig nie" (Taljaard, J.A.L., "Christelik-Calvinistiese wetenskapsbeoefening: wat dit nie is nie en wat dit wil wees", I.B.C., Studiestuk nr. 93, Junie 1975, 12).

129/.. ...

Die Christendenkers gebruik die Bybel nóóit as wetenskaplike hand= boek nie. Die ganse Bybel kom tot die mens in 'n voorwetenskaplike taal: die Bybel is geskryf in die gewone omgangtaal van mense en deur die mense, uit 'n bepaalde kultuur-milieu. Hierdie oortuiging nl. die voorwetenskaplike aard van die Bybel, is van primêre belang vir elke wetenskap. So gesien, sal elke wetenskaplike "insien dat die Bybel nie die primêre inligtingsbron oor die ouderdom van die aarde, die ontwikkeling van die mens, die kosmiese strale, die mikro-ögranismens, ens., is nie" (Floor, L., in Wetenskap en Woord, 1984, 5; asook Roeping, Desember 1963, 22). Tog luister die beoefe= naar van Christelike wetenskap na wat God vir hom wil sê deur sy skrifgeworde Woord, want die Heilige Skrif lê tog sekere beginsels neer vir die ganse tydelike bestaan van die mens — ook vir sy we= tenskapsbeoefening (Sien hoofstuk 1 i.v.m. Bybelse perspektiewe vir die wetenskap). Nóóit wil die Christelike wetenskap dus die Bybel substitueer "as superwetenskaplike handboek, waaraan elke wetenskap= like uitspraak geverifieer moet word, vir alle wetenskaplike metodes nie, maar hy probeer om vas te stel in hoeverre religieuse uitgangs= punte onweerlegbare invloed het op die wetenskapsbeoefening deur welke metode ook al" (cf. Schutte, H.J., se artikel in Bulletin, jaargang 1, April 1965, nr. 1, 23).

Die Christelike wetenskaplike aanvaar egter ook die beperktheid van die wetenskaplike kenne: hy weet dat daar dinge is wat in geloof aanvaar moet word, "en deurgrond die implikasies van sy geloof in die wetenskap. En daar waar slegs oortuigings uitspraak kan gee, toon hy sy Christelikheid deur Christen te bly" (Ibid., 23)

## 4.3 DIE SENTRALE BYBELSE GRONDMOTIEF VAN SKEPPING, SONDEVAL, VER= LOSSING EN VOLEINDING AS RIGLYN VIR DIE OMVATTENDE GESAG VAN GOD OP ALLE LEWENSTERREINE (OOK ALLE MENSLIKE AKTIWITEITE, WAARONDER OOK DIE WETENSKAP)

### 4.3.1 SKEPPING.

#### 4.3.1.1 DIE ALLESOMVATTENDE WETSORDE VAN GOD.

Die openingsvers van die Heilige Skrif wys duidelik dat die natuur

deur die Almag van God geskep is (cf. Ramm, B., 1976, 29):

> Gen. 1:1 "In die begin het God die hemel en die aarde geksape"

In die daaropvolgende verse (3-27) leer ons duidelik dat God alles geskep het (cf. Koers in die krisis, Deel I, 289 e.v.). In die skeppingsteologie kom ons tot die besef dat daar onderskeiding is tussen die Een wat geskep het en dit wat Hy geskep het. God is die Skepper en die skepping is sy diensknegte:

> Ps. 119: 91(b) "......, want alle dinge is u knegte".

Hierdie onderskeiding impliseer nou dat God en God alleen aanbid moet word:

> Deut. 6:13 "Jy moet die HERE jou God vrees en Hom dien;........"

Ook Jesus stel dit onomwonde aan Satan:

> Matt. 4:10(b) "...... Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien".

In sy troonvisioen (Openb. 4) sien Johannes ook hoe die 24 ouderlinge in aanbidding voor God se heilige troon neerval en sê:

> Openb. 4:11 "U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape".

Uit bg. Skrifgedeeltes is dit duidelik dat God onvergelykbaar hoër as sy skepping is. Daarom moet ons onderskei tussen Skepper en skepping (kosmos). Wie tot hierdie insig gekom het, sal geen plek in sy denke laat vir die dwaling van die panteïsme en die meganiese

evolusieleer nie (Venter, E.A., 1972, 16). Reeds in hierdie onder= skeiding (Skepper-skepping), kom daar nou sprake van God se wette wat Hy in die skepping ingeskape het. Van hierdie kosmiese wetsorde skryf Geesink: "In den ruimsten zin is wet de constante wijse, waarop een ding overeenkomstig zijn wezen werkt" (Gereformeerde Etiek, Deel I, 193). Die grootste onderskeiding tussen God as Skepper en die skepping, is nou daarin geleë dat die skepping (alles wat God geskep het) onderhewig is aan die wette. Alle supersisteme, sisteme en subsisteme wat God in een groot intergerelasioneerde werklikheid geskep het, funksioneer binne die kader van hierdie wetsorde (cf. Potgieter,F.J. M.,in NGTT, Deel 23, nr. 2, April 1982, 166).

Morrow skryf: "God created all things through His Law and He con= trole all unity of forces" (1957, 11). Sedert die skepping van die kosmos, het God sy ewige krag en heiligheid geopenbaar in terme van die wette waaraan hy elke skepsel onderwerp het. In God se werke moet die mens dus alreeds God se ewige krag en goddelikheid raaksien (cf. Rom. 1:18-25). Hierdie wette moet dan gesien word as die beliggaming van God se Wil t.o.v. die skepping. Deur hier= die wette bind God sy skepping aan Homself en regeer Hy oor elke skepsel — soewerein. Wie dus die verhouding tussen God en kosmos wil vasstel, moet deeglik rekening hou met hierdie wette (Van der Walt, B.J., Horizon, 1978, 96-97).

A.g.v. die soewereiniteit van God , is Hy aléén bo hierdie wetsorde verhewe. Hy transendeer hierdie wette. Die mens en natuur daaren= teen, is immanent: aan dié wette onderworpe (cf. verder Schoeman, P.G., 1980, 8,9). Hierdie wette waaraan die skepping onderworpe is, is die kosmiese wetsorde wat God in sy skepping ingeskep het.


Spier beklemtoon t.o.v. hierdie kosmiese wetsorde die volgende:

- die wet dui wel 'n begrensing aan — God is daarbo verhewe, maar tog hou dit geen beperking in vir die Skepper nie. In Sy Goddelike oneindigheid gaan hy alle grense te bowe;

132/.......

- die grens moet nóóit in ruimtelike sin verstaan word nie;
- die grensonderskeiding tussen God en kosmos is nie die enig= ste onderskeiding tussen Skepper en skepsel nie (1946, 40).

Skematies wil ons dit só voorstel:




Dit is dus duidelik dat *alles* wat God geskep het in afhanklikheid van God bestaan; niks wat geskep is, kan ooit selfgenoegsaam wees nie. Wetenskaplikes wat dus een aspek van die skepping verabsolu= teer (resp. vergoddelik), is besig met liederlike afgodery. God alleen is selfgenoegsaam (cf. o.a. Strauss, D.F.M., in *TCW*, 13de jaargang, 2de kwartaal, 1977, 105; asook Venter, E.A., *op. cit.*, 16).

Die kosmiese wette bestaan dan binne die volgende aspekte of wets=

kringe (cf. o.a. Spier, J.M., 1946, 39-40; asook Kock, P. de B., 1975, 103-104):

1. Getalskring (onderskeie hoeveelheid)

2. Ruimte (aaneenlopende uitgebreidheid)

3. Kinematiese (beweging)

4. Fisiese (energetiese werkingswyse)

5. Biotiese (organiese lewe)

6. Psigiese (sensitiewe / gevoel)

7. Logiese (analitiese)

8. Historiese (beheersende vorming volgens vrye ontwerp)

9. Linguale (simboliese betekening)

10. Sosiale (omgang en verkeer)

11. Ekonomiese (waardeafwegende spaarsaamheid)

12. Estetiese (harmonie)

13. Juridiese (vergelding)

14. Etiese (liefde)

15. Geloof (sekerheid / 'n laaste wyse van sekerheid a.g.v. gegre= penheid in die hart deur die openbaring van die Oor= sprong van alle dinge)

Die eerste ses wetskringe is natuurwette (mens <u>én</u> res van skepping is hieraan onderworpe) en die volgende nege is kultuurnorme (<u>net</u>

mens is hieraan onderworpe).

Alles wat God geskape het, is dus onderworpe aan hierdie kosmiese wetsorde. Niks kan daarbuite funksioneer nie. Die wetenskap onder=soek nou die ganse skepping wat binne die kader van die vyftien kos=miese wette, hul voortbestaan vind. En, "when man is obedient to the Law of God through the heart and mind, he finds truth. Each step in science, philosophy, art, culture, theology, etc. must be obedience to the Law toward the fulfilment of the Law" (Morrow, E.B., op. cit., 10,223).

Hierdie kosmiese wetsorde impliseer nou waarhede aangaande elke skepsel wat soewerein binne die kader van sy eie kring, volgens sy eie onderskeidende wet, deur die voorsienigheid van God voort=bestaan. Ons wil egter opmerk dat elke geskapene nie geïsoleer staan binne sy kring nie. Al is daar sprake van soewereiniteit in eie kring, is daar tog ook sprake van universaliteit in eie kring. Die psigiese lewe is bv. nie los van die organiese lewe te bedink nie; taal sonder denke is ondenkbaar. Hierdie "waarheid" waarna ons ver=wys, behoort nou nie aan "the man who first states the truth" nie; en ook nie aan "the man who shows forth the truth or states the same fact" nie, — "for all truth comes from God....." (Ibid., 189).

Die wetenskap ondersoek nou die "waarheid" van die kosmiese werklik=heid: binne die raamwerk van die kosmiese wetsorde. Dus werk hulle met en binne God se skepping en moet hulle Hom dienooreenkomstig loof omdat Hy so groot is. As die wetenskaplike dan nou nie vra na wat God leer nie, moet hulle die maatstaf in hulself, of in ander skepsels soek. Huidiglik (maar reeds vroeër ook al) is dit duidelik dat die Wet as grens tussen God en sy skepping, nie gehandhaaf, of nie suiwer gehandhaaf word nie. Hierdie stelling word gestaaf deur die feit dat die bestaan van God ontken word, óf God word met die kosmos vereenselwig (panteïsme), óf die bestaan van die kosmos word ontken (akosmisme), óf die wêreld word gedeeltelik met God vereen=selwig (parsiële kosmisme), ens. Hierdie standpunt is net nie aan=vaarbaar nie, want "hulle gee almal 'n verwronge en valse beeld van die kosmos en van die kosmiese wetsorde en lei die wetenskap op 'n

dwaalspoor" (Van Rooy, J.C., "Die Goddelike Wetsorde en die beoefe= ning van die wetenskap", in Koers, Deel 22. nr. 2, Okt. 1954, 113-114).

In die lig van die sondeval moet daar nou eenmaal erken word dat die sondige mensdom uit homself nie God en die waarheid kan liefhê nie. Daarom sê Ganzevoort: "Hoezeer hebben wij daarom Gods licht nodig om de rechte weg te zien en de weg te gaan, ook op de terrein van de wetenschap" (1968, 64).

4.1.3.2 GELOOF EN WETENSKAP.

In verband met die 15 wetskringe moet ons wys op die begrip "ont= sluiting". Ontsluiting beteken letterlik lewensverdieping, lewensont= plooing of verryking teenoor stagnasie en stilstand. Ontsluiting beteken dan dat die laere wetskringe sinvol en sinryk in die rigting van die verdere en latere meer gekompliseerde wetskringe uitgelei of oopgemaak word (cf. Lombard, J.C., "Leerstellige Godsdiensonder= wys — die grondslag en die praktyk", Diktaat, U.O.V.S., 52).. Deur die kultuuropdrag (Gen. 1:28) is die mens, as kroon van Gods skep= ping, aangesê om die ganse skepping te ontsluit — daar moes ver= dieping, ontplooing, verryking plaasvind. Hierin speel die weten= skaplike ŉ primêre rol en daarom is dit noodsaaklik dat sy ontslui= tingswerk altyd "in U lig" en "tot eer van Sy Naam" verrig sal word. Dit is immers ŉ Godgegewe opdrag. Daarom moet hy vanuit sy geloofs= funksie alle ander funksies anastaties ontsluit. Vanweë die radika= liteit van die sonde, is die mens egter ŉ gebroke wese wat van God afvallig geword het. Die noodwendige gevolg hiervan is, dat die lewensuitgange uit die hart van die mens, nie meer op God gerig is nie — die mens se geloof en sy vertroue is van God afgewend. As hoogste funksie van die mens, sal die geloof nou die ontsluiting van alle ander modaliteite, in ŉ apostatiese rigting (weg van God) lei. Daar sal dus wel ontsluiting plaasvind, maar nooit werklike Godwelgevallige ontsluiting nie (Schoeman, P.G., 1975, 83). Dit is dus noodsaaklik dat die mens deur ware Christelike geloof en sekerheid, teruggebind moet word aan sy ware Oorsprong. Dan alleen

kan die ontsluiting van alle modaliteite deur die geloof (as leiden= de modaliteit), in anastatiese rigting (nader aan God) plaasvind. Wanneer die Bybelsreligieuse grondmotief die wetenskaplike in die hart gegryp het, kom hy tot die besef dat hy deur sy Christelike geloof en sekerheid, en deur die bril van die Bybel, alle modali= teite moet ontsluit tot eer van Gods naam. Dit is dus van kardinale belang dat ook die wetenskaplike ŉ "besitter" moet wees van ŉ waarlik ontslote Christelike geloof. Só ŉ geloof lei die mens na die Woord van God en só, via die Woord, na sy wetenskapsbeoefening. Die nie-Christelike wetenskaplike glo ook, maar in iets binne die onselfgenoegsame skepping waarop hy sy geloof en vertroue plaas, en dit lei tot die talle — ismes in die wetenskap. Elke wetenskap= like werk met geloofsapriorieë en hy glo elke feit van dit wat hy weet, of hy Christelike-gelowig of nie-en/of antichristelik-gelowig is, die verband tussen geloof en wetenskap is ŉ voldonge feit.

4.3.1.3 SKEPPING EN WETENSKAP (MET NAME VAK-EN NATUURWETENSKAPPE)

Die hele veld van die oorsprong van die skepping, en die natuurwe= tenskappe dek ŉ massiewe probleem. Daarom wil ons hier net die probleem as sodanig aanstip.

Sommige natuurwetenskaplikes verklaar dat die wêreld baie ouer moet wees as wat uit die Bybel af te lei is. Volgens die oorspronk= like Joodse berekeninge word daar uit die Bybel afgelei dat die skepping in die jaar 4004 v.C. geskep is. Hierdie berekeninge is egter nie korrek nie, wat dit was gebaseer op "imperfect knowledge". Die outeur van die Genesis-gebeure het homself nie gebind aan "de= finite limits of time" nie. Inteendeel, hy skryf net dat die skep= ping "in die begin" plaasgevind het. Hierdie frase is beslis rela= tief te beskou. Wanneer daar nou gevra word: wanneer was die be= gin?, kan geeneen ŉ absolute korrekte antwoord gee nie. Enige wetenskaplike wat dan "in die begin" "presies" vasstel, is besig met spekulasie (cf. Dummelow, J.R., red., 1928, XXX).

ŉ Verdere probleem is die waarskynlike antagonisme tussen sekere

moderne wetenskaplike teorieë en die verklaring in Gen. 1, dat die skeppingswerk van God in ses dae voltooi is. Uit talle oogpunte is gepoog om die probleem uit die weg te ruim. Hoe? "...... by taking the language of Scripture in a figurative sense. For ex= ample, it has been suggested by some that the sublime panorama of creation was flashed into some prophet's consciousness in a series of visions that occupied a space of six days; and by others that the days are not to be interpreted as natural days of 24 hours each, but as age-long periods of time corresponding to the successive stages in the evolution of the world" (Ibid.). Ook hierdie "oplos= sings" is bloot spekulatief (cf. Du Toit, S., 1964, 45).

Die taal van die Bybel, ook in Genesis waar die skepping en wat daarop volg beskrywe is, is gegiet in die alledaagse naïewe gebruiks= taal. Dit is nie in wetenskaplike taal geskrywe nie en die begrippe is aangepas by die naïewe wêreldbeeld van daardie tyd. Dit sou daarom biblisisties wees om wetenskaplike teorieë as Bybelse inhoud te wil interpreteer, veral ook t.o.v. die natuurwetenskap.

Die antieke mens het vir die eerste keer na die probleme van die lewe en die wêreld begin kyk. Die noodwendige gevolg was, dat hul= le hierdie antieke, eenvoudige kennis, kinderlik (nie-wetenskaplik) weergegee het, sodat almal dit kon verstaan ...... "and the wisdom of giving it such a setting has been more than justified by the impression it has left, and still continues to make, upon the thought of the world" (Ibid.). Die doel van die outeur van Genesis was nie wetenskaplik gegrond nie, maar wel religieus. Sy wetenskaplike kennis was miskien wel begrens deur die tyd waarin hy gelewe het, maar die religieuse waarheid wat hy aan ons voorhou is onbetwisbaar en ewig, of anders gestel: "The scientific account of creation has been written by the finger of God upon the crust of the earth, and men are slowly spelling it out, but the religious account of creation is written in the first Chapter of Genesis, in letters that all can read. Both accounts are from God, and should be re= ceived accordingly" (Ibid., XXI).

138/.......

Marcus Dodds het gesê: "The greatest mistake is made when men seek in the one record what can only be found in the other, when they either refuse to listen to the affirmations of nature because they seem to disagree with what is found in the Bible or when they are content with the teaching of nature, as if nature could tell us all we need to know about ourselves, about the world, and about God". Die geslagslinie wat in die vroeë tyd in die ware God geglo het, ook as die Skepper van alles, het bewaar gebly van die heiden=se politeïsme en ander valse gelowe. Hierdie kennis bied Genesis aan die mens. Om dus te vra of die verhaal in Genesis volkome wetenskaplik is, "is to raise an issue that is scarcely fair" (Ibid.)

Sekere natuurwetenskaplikes wil leer dat die kosmiese werklikheid nie die gevolg van 'n direkte skeppingsaktiwiteit is nie; maar die gevolg van 'n lang en geleidelike proses wat oor miljoene jare ge=strek het. Verder wil dit leer dat die veelheid van die lewe in die natuur nie vandag is soos wat dit "in die begin" daargestel is nie. Deur die proses van evolusie sou die "oorspronklike selle" dan van laer na hoër stadia ontwikkel. Hierdie teorie van Darwin is totaal teenstrydig met wat die Bybel leer! Dit wil 'n vraagteken plaas oor die Bybelse skeppingsverhaal, soos in Genesis 1 opgete=ken. Strauss skryf tereg: Vir die Bybel-gelowige Christen is so 'n vergoddeliking (verabsolutering) van 'n skeppingsgegewe prinsipieel onaanvaarbaar, want in Christus word ons nou juis verlos van die afvallige sonde-neiging van ons hart, nl. om in die skepping na 'n plaasvervanger vir God Drie-Enig te soek" (Die Evolusionisme, her=druk uit TCW, 11de jaargang, 4de Kwartaal, 1975, 1).

Aanvanklik is die teorie van Darwin sterk ondersteun, maar huidig=lik word dit in sekere kringe, vanuit Bybelse religieuse oogpunt, sterk teengestaan. Evolusie is net 'n teorie — in die toekoms kan dit dalk met nog talle ander teorieë vervang word.

### 4.3.1.4 PERSPEKTIEWE VAN DIE HEILIGE SKRIF OOR SKEPPING EN WETENSKAP.

#### 4.3.1.4.1 ORIËNTERING.

Dit is ons oogmerk om hier sekere Skrifgedeeltes na te gaan wat

139/.......

die soewereiniteit van God oor sy skepping impliseer. Duidelik sal ook blyk wat van die mens, as religieuse wese, verwag word, in die uitvoering van o.a. sy wetenskaplike arbeid wat een faset is van die kultuuropdrag soos per implikasie gestel in Gen. 1:28.

4.3.1.4.2 Ps. 24:1 DIE AARDE EN DIE VOLHEID DAARVAN BEHOORT AAN DIE HERE.

Wanneer Calvyn hierdie spesifieke gedeelte behandel, is hy oortuig dat die Psalmis hier opnuut die Koningskap van God oor die ganse kosmos aankondig (Anderson, J., op. cit., 306). God is die Eienaar van alles wat Hy geskep het: die mens moet dit bely en tot die be= sef kom dat hy nie na eie goeddunke met dit wat God se eiendom is kan omgaan nie. Daarom moet hy telkens teruggaan na die bybelse perspek= tiewe om vas te stel hoe hy hom met en in die "aarde en die volheid daarvan" moet besig.

In sy eksegese verdeel Noordtzij hierdie Psalm in drie dele. Vers 1 is dan so belangrik dat dit die eerste deel vorm. Noordtzij be= klemtoon dan ook dat Dawid hier die God van Israel as Almagtige Heer oor "de gansche wêreld, ....., den oppersten machthebber over landen en volken" besing (Noordtzij, A., 1934, 79).

Beskou ons hierdie vers in die konteks van die geheel van Psalm 24, kom ons tot die slotsom dat die groot tema van hierdie gedig as volg saamgevat kan word: God se soewereiniteit spruit uit die feit dat God, die Vader, die Skepper daarvan is (Guthrie,D., et al., op. cit., 461).

Vers 2 gee baie duidelik die rede waarom die "aarde en die volheid daarvan" aan God behoort: "want hy het dit gegrond...". In die lig van wat die Skrif hier openbaar, kan ons nie anders as om te konkludeer dat niks op hierdie aarde, niks van die volheid daarvan, onder God se gesag — sy Eienaarskap — uitgeneem kan word nie. Niks kan neutraal gestel word nie; want God het alles geskep en hou alles in stand. Die mens werk maar net op die lewensakkers as

dienskneg en rentmeerster van wat aan God behoort. Onderwerp en be= heers alle wetenskaplikes God se skepping tot sy voordeel, d.i. tot eer van Gods Naam?

4.3.1.4.3 PSALM 19: GODSOPENBARING IN SKRIFTUUR (BYBEL) EN NATUUR (SKEPPING)

> "Psalm 19 is gospel for the student and teacher who want to be busy in Christian studies, because it saves us from the tradition of man that treats inanimate creatures as if they were stupid things and writes off the marvelous ordinances of Yahweh as 'natural laws'" (Seerveld, c., 1980, 10).

Hooykaas skryf dat die Christelike geloof "two independent sources of revelation" erken, nl. die Bybel én die natuur (cf. Hooykaas, R., se artikel "Science, Materialism and Christianity", in Free Uni= versity Quarterly, Vol 1, no 1, Nov. 1950, 60; asook Van der Merwe, J.D.G., se artikel "'n Christelike Mensbeskouing" in Bulletin, nr. 13, April 1968, 98).

Stoker skryf oor die Psalm: ".... vir die Christen is die natuur en die Skriftuur beide deur God gegee, die een geskape, die ander geïnspireer en waar God 'n God van orde en wet en ook van waarheid is, kan die Skrif en die natuur mekaar nie weerspreek nie. Hulle eenheid lê gewaarborg in die eenheid van hul Outeur" (1945, 100).

In hierdie Psalm wil die Psalmis die mens se oë, sy ore, sy hart en sy verstand open, sodat hy God waarlik sal leer ken: eerstens deur die natuur (God se skepping) en tweedens uit die Heilige Skrif. Om God te ken is 'n belangrike saak, want: ".... dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het" (Joh. 17:3). Uit homself kan die mens God egter nie ken nie. Daarom maak God Homself aan ons bekend — dit noem ons die Openbaring van God.

Soos reeds gesien, openbaar God homself op twee maniere aan die

mens, t.w. deur sy algemene openbaring (skepping, onderhouding en regering) en deur sy besondere openbaring (die Heilige Skrif). Die relevansie van Psalm 19 onder hierdie afdeling, is dan daarin geleë dat God as Skepper, Onderhouer en Regeerder oor sy skepping, "geïdentifiseer" kan word deur beide sy skepping en sy Woord, en sodoende moet die mens, in Christus en deur die gemeenskap van die Heilige Gees, die "band" tussen hom en sy Skepper versterk deur te "soek" na Sy eer.

Die gedagte dat hierdie Psalm aanvanklik twee gedigte was, is in hierdie verband nie ter sake nie (cf. hieroor o.a. Anderson, A.A., 1949, Vol. I, 167; asook Maclaren, D.D., 1892, 187). Wat egter van uiterste belang is, is dat "both parts speaks of the divine will: nature is not only created by God, but it is also ordered and maintained by him and therefore it truly proclaims the glory of God" (Anderson, A.A., op. cit., 168). God se ewige krag en Goddelikheid word duidelik "perceived in the things that have been made" (Kidner, D., 1977, 97). Wanneer die Heilige Skrif bestudeer word, is dit duidelik dat ons geen "scientific contemplation of nature" vind nie. Aan die ander kant wil die Skrif nie in die eerste plek 'n wetenskaplike beskouing van die natuur aan ons gee nie. In die Bybel gaan dit om geloof, en dit is deur die geloof wat ons God in sy skepping moet "raaksien". So het die Psalmis ook in geloof gehandel: "The psalmist knew nothing about solar spectra or stellar distances but he heard a voice from out of the else waste heavens which sounded to him as if it named God" (Maclaren, D.D., op. cit., 189).

Soos reeds duidelik in die opskrif van hierdie Psalm, word ons in Ps. 19 oor die twee belangrike openbaringsmiddele van God toegelig (cf. Guthrie, D., et al., 1972, 462):

1. die openbaring van God se heerlikheid deur die natuur (skepping (verse 1-7); en

2. die openbaring van God se heerlikheid deur die Wet (Woord) (verse 8-14).

Hierdie twee dele handel dus elkeen oor 'n "bron" waaruit die mens kennis aangaande God kan bekom, "..... First by inference from the visible cosmos, and secondly by instruction through the Torah or law" (Ibid., 462).

## 1. DIE OPENBARING VAN GOD SE HEERLIKHEID DEUR SY SKEPPING.

In die eerste vers van hierdie gedeelte, het ons 'n verwysing na die hemel wat "sy eer moet vertel" en die uitspansel (son, maan, sterre — vgl. Ps. 148:3-4) wat sy "werk" moet verkondig. Dit is opmerklik dat die psalmis in hierdie eerste deel 'n algemene Semitiese naam vir God gebruik, naamlik El. Later in die psalm (vanaf vers 8) gebruik hy die besondere Verbondsnaam van God, naamlik; Jahweh (HE= RE) (Ibid., 462). Lg. Naam word dan i.v.m. God se wet gebruik, terwyl eersgenoemde Naam i.v.m. sy natuur gebruik word (Skeppersnaam).

Hierdie natuurpsalm, wat getipeer word "as a hymn in praise of God" (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F.; 1962, 502) verkondig dus ten eerste die majesteit van God soos geopenbaar in sy skepping (Ander= son, A.A., op. cit., 167). In die Psalms is die wonder van die he= mel en die uitspansel 'n konstante stimulus om God te verheerlik (cf., Ridderbos, J., 1935, 411). Vgl. in die verband Ps. 148, asook Ps. 104 — die lied van die skepping en veral Ps. 136:4-9:

> "Hy wat alleen groot wonders doen, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Wat die hemele met verstand gemaak het, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Wat die aarde op die water uitgespan het, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Wat die groot ligte gemaak het, want sy goeder= tierenheid is tot in ewigheid. Die son om te heers oor die dag, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid. Die maan en sterre om te heers oor die nag, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid".

Die klem val op die "getuienis" wat die hemel bied aangaande die majesteit van God. Die hemel, die uitspansel, die son: "each of these has its part in making known the mystery of Gods glory"

143/.......

(Guthrie, D., _et al._, _op. cit._, 426). Die wetenskaplike wat nie hierdie hemel so beskou nie; wat nie deur Christus aangegryp is nie, sal saam met Comte durf sê: "the heavens declare the glory of the astronomer, not of God" (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., _op. cit._, 502). Met Maclaren kan mens die volgende vraag aan Comte stel: "..... if there be an order in them, which it is a man's glory to discover, must there not be a mind behind the order, and must not the Maker have more glory than the investigator?" (Anderson, A.A., _op. cit._, 189). Weiser stel dit so: "the heavens are the book from which the whole world can derive its knowledge of God" (Ibid., 189), en Kidner skryf ook: "Different ages need this re= minder in different ways: The ancients were tempted to 'kiss their hand' to sun and moon and the host of heaven (cf. Job 31:26-28 and Kings 23:5) the moderns to explain them away as fortitious in one mood, or to revert to astrology in another. Only the Christian is moved tot filial wonder and joy at the thought of their Maker" (_op. cit._, 97).

Die inhoud vertel verder dat die een dag dié "boodskap uitstort" vir die volgende; die een nag die "kennis" vir die volgende. Dit is belangrik om die verhouding hier tussen "kennis" en "nag" in die regte perspektief te sien: "since without the night, man would have known,........, nothing but an empty universe" (_Ibid._, 98).

Elke dag, vanaf die opkoms van die son tot by sy ondergang, moet die mens God se werk raaksien en Hom dien en loof. In Ps. 113:3:

> "Van die opgang van die son tot by sy ondergang _moet die Naam van die Here geloof word_",

kom hierdie refrein weer duidelik na vore. Nieteenstaande die feit dat die "nag" en "dag" nie kan artikuleer nie, gaan hulle "woorde" (vers 4) "tot by die einde van die wêreld. Diegene wie God dus nie herken uit sy skepping, wil Hom nie raaksien nie: "Want Sy onsig= bare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke ver= staan en duidelik gesien word" (Rom. 1:20). Ander ken Hom, maar hulle het "dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige

hart is verduister". Daarom verheerlik hulle Hom nie meer as God nie (Rom. 1:21). Dit is dus noodsaaklik dat ons ons "harte" meer as enigiets moet bewaar (Spr. 4:23) — bewaar vir die lewens- en wêreldbeskouing wat Christus-gerig is, sodat ons werke altyd moet wees tot verheerliking van God en tot heil van ons naaste. Alleen so kan God opreg gedien, gedank, ge-eer, geprys en geloof word!

Vanaf vers 5(b) verskyn die son as "the greatest member of the heaven=ly choir, running its appointed course of witness" (Pheiffer, E.F., en Harrison, E.F., op. cit., 502). Die son kry nou sy regte bete=kenis: "it proclaims the extent and penetration of His (God se) rule" (Kidner, D., op. cit., 99). Niks is verborge vir die hitte van die son nie. McCaw sluit hierby aan as hy skryf: "Certainly the wide range of the sun's light and heat is a reflection of God's universal power and knowledge" (Guthrie, D., et al., op. cit., 426).

In die mitologie word die songod voorgestel as die handhawer van reg en geregtigheid, maar ook as die wetgewer en die hemelse regter (Anderson, A.A., op. cit., 169). Die psalmis beskou die son egter altyd as 'n "agent of God in revealing His glory" (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., op. cit., 502). Vir die Israelitiese digter is God die (volmaakte en enigste ware — MMG) Wetgewer en Regter (Ridderbos, J., op. cit., 411).

Die wetenskaplike werk binne en met God se skepping — nie in 'n ander werklikheid nie. In die beoefening van sy arbeid, wil die Skrif hom noop om God se "werke" raak te sien. By die aanskoue van hierdie "werke" Gods, kan die mens nie anders as om God se grootheid en majesteit te loof nie.

## 2. DIE OPENBARING VAN GOD SE HEERLIKHEID DEUR DIE WET (Woord)

> "...... whatever we can learn from nature, cannot be compared to the law of the Lord" (Anderson, A.A., op. cit., 169).

In hierdie tweede gedeelte (vanaf vers 8) handel die Psalm oor die openbaring van God aan die kinders van Israel soos dit in die Tora

145/.......

opgeteken is (Guthrie, D., et al., op. cit., 426). Vanaf vers 8 het die digter nou die Naam God (El) met die Naam HERE (Jahweh) ver= vang. Die rede hiervoor is geleë in die feit dat die eerste gedeel= te (die skepping) getuig van El se ewigdurende krag en heerlikheid, terwyl die tweede gedeelte handel oor die openbaarmaking van Jahweh (die Verbondsgod), deur die Tora. Die wet in hierdie psalm, is dan die "written expression of Jahweh's will....." (Anderson, A.A., op. cit., 169). Met verwysing na die tora (Wet) word dit duidelik dat hierdie beskrywing "embodies more than a written list of pre= cepts; it includes all of Gods' teaching. Using adjectives and participal phrases, the psalmist describes the excellence of God's revelation, which surpasses even gold and honey" (Pheiffer, E.F., en Harrison, E.F., op. cit., 502). Kidner stem hiermee saam: "Law is the comprehensive term for God's revealed will" (op. cit., 99). Tora beteken letterlik onderrig. God onderrig dus die volk aangaan= de sy Wil en dit geld vandag nog.

Die wet word in dié gedeelte van Ps. 19 met ses verskillende uit= drukkings aangedui (so ook in ander gedeeltes van die Bybel), bv.

- wet (Ps. 119:1 "Welgeluksalig is die opregtes van weg, wat in die wet van die Here wandel")
- getuienis (Ps. 11:2 "Welgeluksalig is die wat sy getuienis bewaar, Hom van ganser harte soek;")
- bevele (Ps. 119:4 "U het u bevele gegee om dit trou te onderhou".)
- gebod (Ps. 119:6 "Dan sal ek nie beskaamd staan as ek op al u gebooie let nie".)
- vrees (Spr. 1:7 "Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug".)
- verordeninge (Ps. 119:7 "Ek sal U loof in opregtheid van hart as ek u regverdige verordeninge leer".)

Vgl. ook Ps. 119:1-8 wat na hierdie uitdrukkings vir die wet ver=wys. Al hierdie uitdrukkings kan saamgevat word as: God se eis van gehoorsaamheid aan die mens.

Van nader beskou, is dit duidelik dat hierdie wet van die Here nie 'n harde ongenaakbare verpligting op die mens plaas nie; dit is, inteendeel, aan die mens gegee as 'n ryke bron van verkwikking en blydskap (Ridderbos, J., op. cit., 411). God gee ook sy wette aan die mens om te gehoorsaam, maar ook die vaste natuurwette vir die natuur.

Die mens <u>móét</u> nou volgens God se wet optree want die wet is:

2.1 <u>VOLMAAK</u> (8a)

Vgl. ook Jak. 1:25 "Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen".

Deur die volmaaktheid van die wet kan dit die siel verkwik as die mens opreg daarvolgens wandel.

Vgl. ook Deut. 32:4 "Die rots — volkome is sy werk; want al sy weë is strafgerigte; 'n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy".

Die wet is volmaak want God alleen besit volmaakte kennis:

Vgl. Job. 37:16 "Begryp u iets van die gesweef van die wolke, van die wonders van die Volmaakte in kennis?"

Hierdie genoemde teks in Job, impliseer ook die bestaan van natuur=wette wat God in sy skepping ingeskape het.

147/.......

2.2 GEWIS. (Eng. "reliable") (Anderson, A.A., op. cit., 171).

Hierdie wet se gewistheid lei tot wysheid van die eenvoudiges. Hier=die "eenvoudiges" verwys na persone wat bereid is om hul denke te laat lei deur ander wat die waarheid aangaande die HERE leer.

Vgl. Ps. 119:130 "Ek het die weg van die waarheid verkies; u verordeninge het ek voor my gestel",

daarom;

2 Tim. 3:14-15 "Maar jy bly in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot Salig=heid deur die geloof in Christus Jesus".

2.3 REG. (M.A.W. DIE WET BIED BESLISTE EN JUISTE REËLS OM VOLGENS TE LEWE)

As hierdie "bevele" gehoorsaam word, sal "hulle die hart verbly", want "the law imparts not only instruction but also gladness" (Ibid., 171).

In die Amarna Briewe (142:7-10) kry ons 'n parallel met hierdie vreug=de wat die bevele of woorde van die koning bring: "when I heard the words on the tablet of the King, my Lord, my heart rejoiced and my eyes became radiant" (Ibid.).

2.4 SUIWER. (9b)

Die wet van die Here is 'n heilige noodsaaklikheid wat soos 'n lig op ons pad skyn; 'n lig wat die mens lei op die pad van 'n ware Christelike lewe (vgl. ook Ps. 119:9, 27, 105).

2.5 REIN.(IN KONTRAS MET DIE IMMORALITEITE VAN DIE ONGELOWIGES)

148/.......

Vgl. Jesaja 10:1 "Wee hulle wat heillose insettinge tot wet maak, en die skrywers wat meeite ywerig voorskrywe".

Vgl. ook Ps. 119.

Dit is die oogmerk van die wet om die vrees van die HERE in te skerp sodat die mens rein sal lewe in absolute toewyding aan die Here — weg van die onreine, onheilige vernederende praktyke (Guthrie, D., et al., op. cit., 426).

2.6 WAARHEID.

Die verordeninge van die Here beheer die totale lewe; daarom is dit absoluut waar en 'n noodsaaklikheid vir elke mens:

Vgl. nou Ps. 25:5 "Lei my in u waarheid en leer my, want u is die God van my heil. U verwag ek die hele dag".

Al hierdie bg. kwaliteite maak die Wet begeerliker as:

1. Rykdom (vers 10)

"Die wet van u mond is vir my beter as duidende stukke goud en silwer". (Ps. 119:72)

"Daarom het ek u gebooie lief, meer as goud, ja as baie fyn goud". (Ps. 119:127)

2. Soeter as heuning (vers 10b)

"Hoe soet is u beloftes vir my verhemelte, meer as heuning vir my mond". (Ps. 119:103)

In vers 12 word dit dan duidelik gestel dat diegene wat die wet onderhou 'n groot loon sal ontvang. Wie God se Wil laat geskied

in sy werk sal hierdie "desired reward" ontvang (Pheiffer, C.f., en Harrison, E.F., op. cit., 502). Daarom vra die psalmis so dringend in vers 14 dat die Here sy "kneg" (resp. die mens as kroon van die skepping) moet weerhou van "moedswillige sondes wat gewoonte-vorm=end kan word en hom só 'n vyand van God kan maak" (Guthrie, D., et al., op. cit., 426). Hy vra dus om krag "to overcome all types of sin and be found acceptable" (Pheiffer, C.F., en Harrison E.F., op. cit., 502).

Die laaste vers (15) wys ons nou weer op die uitwendige woord en die inwendige oordenking van die psalmis (Guthrie, D., et al., op. cit., 502). Uitwendig moet die mens die werk van God raaksien en Hom dan loof; inwendig moet die Wet van God die dryfkrag in ons harte word sodat ons (ook wetenskaplike) werke altyd God-gerig, uitgevoer sal word. Vgl. o.a. Ps. 104:34:

> "Mag my oordenking Hom welgevallig wees; Ek sal bly wees in die Here".

Dié Psalm eindig nie "on the note of avoiding sin, but on that of offering back to God the minds fitting response to His own words as a pure sacrifice" (Kidner, D., op. cit., 100).

Hierdie Psalm beklemtoon eerstens die heerlikheid van God se skep=ping, asook sy wet wat gegee is vir die mens en die res van die skepping; en tweedens, Gods verbondswet vir die mens, wat hy moet gehoorsaam.

Maclaren stel die betekenis van bg. in dié veelseggende uitspraak:

"Dull ears do not hear these voices; but whether they are stopped with the clay of earthly tastes and occupations or stuffed with scientific wadding of the worst kind, the ears that do not hear God's name sounded from the abysses above, have failed to hear the only word which can make man feel at home in nature" (op. cit., 190).

4.3.1.4.4 PSALM 104: DIE GANSE SKEPPING HET REDE OM GOD SE MAJESTEIT EN HEERLIKHEID TE BESING.

150/.......

By nader bestudering van hierdie Psalm kan ons dit beskou as 'n poëtiese kommentaar op Genesis 1 (Ibid., 515). Verskillende ekse=gete gee verskillende opskrifte vir hierdie Psalm, soos:

1. The New Bible Commentrary Revised: "In praise of the God of all Creation" (Guthrie, D., et al., 1972, 515).

2. Exposition of the Psalms: "The Creator's Marvelous Greatness" (leupold, H.C., 1977, 722).

3. The Tyndall Old Testament Commentaries: "How manifold are thy works!" (Kidner, D., 1977, 367).

4. New Century Bible (Psalms Vol. 2): "A Hymn to the Creator of the World" (Anderson, A.A., 1977, 717).

Kortom, kan ons die Psalm in die woorde van J.R. Dummelow opsom: "This is a Psalm of Nature, celebrating God's glory as seen in His works both inanimate and animate" (1928, 365).

Soos Ps. 103 (wat handel oor lof aan die Here: die genadige en barmhartige God!), begin en eindig Ps. 104 ook met die woorde:

"Loof die Here, o my siel!"

Hierdie proloog (en epiloog) wil 'n atmosfeer van "thanksgiving and praise" skep (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., op. cit., 534).

Ons wil die inhoud van hierdie Psalm behandel aan die hand van die volgende "opskrifte" (cf. Leupold, H.C., 1977, 723-732):

Vers 1: Die majesteit van God

Vers 2a: Die vergelyking van God met lig

Verse 2b-4 God se verhouding met die hemel

Verse 5-12: Sy werk: grondvesting van land en see

Verse 13-18: Sy werk: plantegroei

Verse 19-23: Ander elemente wat Hy geskep het

Verse 24-26: Lofryke blik oor God se werke met verwysing na die see

Verse 27-30: God se verhouding met alle lewende wesens

Verse 31-32: Lofryke blik oor die kragte van God wat ingebed lê in sy skepping

Verse 33-34: Belydenis: om die Skepper te loof

Vers 1: Die majesteit van God

In hierdie openingsvers het ons ten eerste te doen met die innerlike gevoel van die outeur self, nl. dat sy hart God moet loof. (Vgl. ook Ps. 66:8; 103:1 en 2). Ook die tema van die gedig setel in die vers: nl. die allesdekkende grootheid en majesteit van God. Waar panteïsme God as deel van die geskapene wou laat opgaan, maak hierdie vers dit baie duidelik dat God te onderskei is van sy skep= ping (Kidner, D., op. cit., 365). Dit moet beklemtoon word dat God wel onderskei word van die skepping omdat Hy alleen bo die kosmiese wetsorde verhewe is, maar God is nóóit afgeslote (deïsme) van die skepping nie. As God maar een sekonde sy hand van voorsienigheid onttrek van hierdie onvolmaakte bedeling — in watter chaos sal die mens hom nie bevind nie!

Die feit dat God met "majesteit en heerlikheid" bekleed is onder= streep sy Koningskap en daarmee saam sy soewereiniteit soos Ps.93: 1(a) dit duidelik stel:

"Die Here is Koning; ....."

Vgl. ook Ps. 96:6; Job 37:22; Amos 5:8.

Vers 2(a) Sy verhouding met lig

Wanneer ons aan "lig" dink, dink ons dadelik aan Gen. 1:3:

> "En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig"

Nadat God hemel en aarde geskep het, het Hy lig geskep. Hieroor skryf Briggs nou: "Light, the first of the divine creations, ap= pears as the garment which the Creator puts on, or wraps about Him, the expression of His attributes of majesty and glory" (Briggs, C.A., en Briggs, E.M., 1960, 331). Leupold verwys na die baie treffende woorde van Maclaren as hy siteer: "The Uncreated light, who is darkness to our eyes, arrays Himself in created light, which reveals while it veils Him" (op. cit., 724).

Die gedagte wat hier uitgespreek word, kan miskien beter verstaan word in die lig van 1 Tim. 6:16:

> "wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen".

Verse 2(b)-4 Sy verhouding met die hemel

Hierdie gedeelte verwys na die tweede skeppingsdag.

Soos wat lig die heilige "kleed" van God is, is die hemel "the tent which God stretches out as His dwelling-place" (Briggs, C.A., en Briggs, E.M., op. cit., 331). Vgl. in die verband Jesaja 40:22:

> "Hy sit bo die kring van die aarde, en die bewoners daarvan is soos sprinkane; Hy span die hemele uit soos 'n dun doek en sprei dit uit soos 'n tent om in te woon".

Anderson skryf dat die metafoor (nl. "wat die hemel uitspan soos

153/.......

ʼn tentdoek") impliseer: "the effortlessness with which God created the world". God het net gespreek en die kosmos het uit niks te voorskyn gekom (op. cit., 719).

Waar die digter in verse 1 en 2 die tweede persoon aanspreekvorm (U,Uself) gebruik het, gaan hy nou vanaf die derde vers oor na die derde persoon (Hy) aanspreekvorm. In Hebreeus is dit nie ongewoon om so te dig nie (Leupold, H.C., op. cit., 724).

Die "solders" waarna verwys word, kan verstaan word as die simbo= liese koninklike paleis van die HERE, wat bokant die "wagters" van die uitspansel setel vanwaar God die ganse skepping, kosmos onderhou (Anderson, A.A., op. cit., 719).

Kidner is ook van oortuiging dat ons hier te doen het met die ge= dagte van "hoogte" — in die sin dat, die "dizzy heights of the waters above the firmament, and this insubstantial support as quite sufficient for the ethereal lightness of His palace" (op. cit., 369). Wanneer ons verder lees dat God self van die wolke sy wa maak, van die winde sy boodskappers en van weerligstrale sy dienaars, dan wil ons dit sien as God se voortdurende bemoeienis met sy skepping. Dit is nie net sy skepsele nie; Hy hou hulle ook in stand; Hy ge= bruik hulle ook as instrumente in sy hand om sy grootheid en maje= steit te openbaar. Die mens moet dit raaksien en erken.

Verse 5-12 Sy werk: grondvesting van land en see

Op die derde skeppingsdag het God die droë land en die water geskei (Gen. 1:9-12). In bg. verse handel die digter nou oor dié aspek.

Nadat die digter in die vorige verse oor die hemel gehandel het, skryf hy nou oor die aarde as die "foundation of the building". Briggs skryf: "The earth is conceived as created by building upon well-settled foundation" (op. cit., 332). Vgl. Job 38:4-6:

> "Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? Gee te kenne as jy insig het. Wie het sy afmetinge bepaal? — jy weet

dit mos! Of wie het daaroor die meetsnoer gespan? Waar is sy fondamentklippe op ingesink? Of wie het sy hoeksteen gelê?"

Dit is duidelik, soos Kidner dit ook stel, dat hier klem geplaas word op die Skepper se beheer en "changeless decree" aangaande die aarde (op.cit., 370).

Nadat God die aarde vasgestel het op sy fondamente, het die waters vergader in die bekende sewe seë. Die gevolg was dat berge verskyn het en dat laagtes "weggeraak" het na die plek wat God vir hulle gemaak het (vers 8).

Alles het geskied volgens volmaakte Goddelike beheer. "The world while not eternal, is of reassuring solidity and purposeful design. It is a world to rejoice in" (Leupold, H.C., op. cit., 726).

Terwyl die waters van die seë op hul regte plek vergader het, het die fonteine met hulle varswater (water vir lewe) uit die holtes gekom en tussen die berge deur begin vloei sodat die diere van die veld kan drink. Die uitdrukking "diere van die veld" is waarskyn=lik die "non-domesticated animals" terwyl die wilde-esels "prover=bially independent creatures" is (Kidner, d., op. cit., 370).
Die belangrike wat hier onderstreep moet word is dat God voorsien in die behoefte van sy diere: Hy les hulle dors. Die "by hulle" (in vers 12) moet beslis nie geïnterpreteer word as die diere van die veld of die wilde-esels nie, maar as die fonteine wat ook die voëls van die hemel se dors les (Anderson, A.A., op. cit., 721).

Die feit dat God land en see geskei het, verwys alreeds na sy ge=nade: Hy maak vir die mens plek om te woon op droë land; Hy ver=sier dit met alle soorte diere; Hy bedek die aarde met plantegroei; Hy stel fonteine daar om lewegewende water te bied — die see ver=sier Hy ook met diere en 'n pragtige plantegroei. God, wie die mens nie nodig het nie, skep vir die mens al hierdie pragtige dinge — bloot uit genade! Wat maak die mens nou van die res van die skepping? Ontsluit hy dit tot eer en verheerliking van Gods Naam?

Verse 13-18 Sy werk: plantegroei

In hierdie gedeelte kry ons steeds 'n terugblik op die derde skep= pingsdag van Gen. 1. Die tweede wat op hierdie dag geskep is, is "grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat vrugte dra". Kid= ner stel dit ook dat hierdie gedeelte verwys na die skepping van "earth's living carpet of vegetation and trees" (op. cit., 370).

Bg. verse brei nou uit op die plantegroei wat op die derde dag ge= skep is. Dit wys op die funksie van die plantegroei: Nadat die aarde versadig is met water, spruit gras oral uit sodat die diere voedsel kan hê om te eet; die plante is "tot diens van die mens", want die mens sal broodkoring uit die aarde oes, "The poet here, combines with the narrative of the creation, Gn. 1:11-12, the thought of Gn. 3:17-19, the necessity of human labour in the ground, in order to win the products necessary for subsistence" (Briggs, C.A., en Briggs, A.M., op. cit., 334). Die bome ("seders van Libanon") bied huisvesting vir die voëls, terwyl die ooievaar in die sipresse sy huis bou. Hierdie bome word nie deur mense geplant of versorg nie, tog groei hulle — alles tekens van God se voorsienigheid. Dit is tog immers sy bome, want Hy het hulle "geplant". Die steenbokke kan nou in die hoë berge woon en die dassies tussen die rotse.

Bo alles was God se werk so volmaak, dat die aarde uit die vrug van sy werk versadig geword het (vers 13). Anderson sê dat daar nie eenstemmigheid is oor die gedagte van "die vrug van God se werk" (Anderson, A.A., op. cit., 721). Kirkpatrick sien dit as "fruit produced by God's manifold operations", terwyl Briggs dit sien as reën wat 'n produk van God se werke is. Ons wil egter met eg. saam= stem want God se talryke werke sluit ook die reën in. Die mens word ook in staat gestel om uit hierdie plantegroei wyn, olie en brood te produseer en dit is "evidence equally of the Creator's varied gifts and of possibilities He has stored up in man's intelli= gance and earth's modifiable products" (Kidner, D., op. cit., 370).

<u>Verse 19-23 Hemelliggame wat God geskep het (veral ligbronne)</u>

Soos wat Gen. 1 ons vertel van die skepping van hemelliggame op die vierde dag, so vertel hierdie gedeelte ook vervolgens aan ons wat die funksie van die "ligpunte" is (Leupold, H.C., <u>op. cit.</u>, 728). Die verwysing na die son en die maan word gedoen: "to show both night and day teeming with life and exerting the gentle pull of their rhythm on man and beast. It is another subtle in the Creator's design; a regularity that brings no monotony but only enrichment and a built-in safeguard of the balance of work and rest which is one of His best gifts" (Kidner, D., <u>op. cit.</u>, 371).

Die feit, "Hy het ..... gemaak" (vers 19), toon duidelik vir ons aan dat die son en maan nie goddelike kragte is soos by sekere vol= kere gevind word nie, maar dat dit God se skepsele is — hulle moet Hom dien (Anderson, A.A., <u>op. cit.</u>, 722-723). Die maan gee lig in die nag, die son maak elke dag helder (-maar alleen God se Woord is 'n "lamp vir my voet" in die "duisternis" van die lewe. Alleen deur te luister na sy Woord, kan ons ons pad suiwer hou).

Die funksie van die son en die maan word ook hier uitgebrei: hulle ken nie net hulle vaste tye nie, maar die maan bied ook saans lig vir die roofdiere om hul prooi te vang — die nag bied ook geleent= heid aan die nagdiere om te "lewe". Sodra die son weer verskyn, verdwyn die nagdiere na hul slaapplekke en kry die dagdiere weer geleentheid om te "lewe". Dag en nag staan in diens van God se skeppingsplan. God skep hierdie elemente nie alleen ter wille van die diere nie, maar om die mens se onthalwe. Die son toon aan dat die mens sy dagtake moet begin en die maan bring die nag, waartydens die mens kan rus van sy arbeidsplig. "Man toils during the day, and reposes at night" (Briggs, C.A., en Briggs, E.M., <u>op. cit.</u>, 332).

<u>Verse 24-26 Lofryke blik oor God se werk met verwysing na die see</u>

Hier vind ons 'n duidelike "pause for reflection and adoration" so=

dat ons die "almost frightening fertility of the living world" kan raaksien (Kidner, D., op. cit., 371). Daarom begin hierdie gedeelte met die hartlike uitroep van danksegging:

"Hoe talryk is u werke, o HERE! (vers 24)

Waar die skeptisisme dit alles sien as 'n betekenislose "swarm of life", leer die psalmis ons om dit alles te sien as "inkling of the Creator's wealth, and of range and precision of His thought and because all is shaped by His wisdom the creation is a unity, not only stirring us to wonder, but writing us to explore it" (Ibid.).

Die verwysing na wysheid (vers 24) is van belang, want wysheid "is one of the attributes of God, and it is especially seen in the works of creation" (Anderson, A.A., op. cit., 723). Vgl. bv.

Ps. 136:5 "Wat die hemele met verstand gemaak het, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid".

Spr. 3:19.20 "Die Here het deur wysheid die aarde gegrond, deur verstand die hemele vasgestel; deur sy kennis het die watervloede oopgebreek en het die wolke dou gedrup".

Jer. 10:12 "Hy wat die aarde gemaak het deur sy krag, wat die wêreld gegrond het deur sy wysheid en die hemel uitgespan het deur sy verstand".

In die laaste gedeelte van vers 24 wys die digter dus duidelik hoe talryk God se werke is: die "aarde is vol van U skepsele".

In vers 25 word verwys na die vyfde skeppingsdag waartydens die groot seediere en alle ander lewende wesens van die see, in aansyn geroep het. Die "Leviatan" waarna verwys word, is 'n groot seedier "whose very existence glorifies and delights its Maker" Die skepe toon aan ons dat die see nie alleen 'n grens is tussen kontinente

nie, maar dat dit ook 'n "pad" bied om in kontak met ander nasies te kom (Kidner, D., op. cit., 372).

Verse 27-30 God se verhouding met alle lewende wesens

Die ganse skepping wag in antisipasie op dié tyd van die dag, wat God vir hom daargestel het. "Hulle almal" (vers 27) verwys nou na al die verskillende skepsels wat reeds genoem is — almal is afhanklik van die HERE vir hul daaglikse bestaan. In God is lewe: in Hom vind die ganse skepping sy bestaan, voortbestaan en voleinding.

In vers 29(b) word ons vergewis van die feit dat God mag het oor lewe en dood. Hy kan die lewegewende asem wegneem, of Hy kan sy Gees uitstuur om die lewegewende asem aan 'n nuutgebore te bring (vers 30). "U maak die gelaat van die aarde nuut" (vers 36), want geen natuurlike proses kan vir ewig duur nie: "God the Creator still creates, and nothing even on this level comes into being except by the Word of His life-giving Spirit ...." (Leupold, H.C., op. cit., 730).

Verse 31-32 Lofryke terugblik oor die kragte van God wat ingebed lê in sy skepping

Leupold skryf by aanskoue van hierdie Psalm, en God se werk in die skepping, dat: "One cannot consider such mighty works of God for long without being moved to praise" (Ibid., 731). Wanneer die digter dan die HERE loof, dan is dit of Hy die ganse skepping daartoe smeek ("laat .....").

Vers 31 is o.i. van kardinale belang, want die ganse kosmos is beeld van Gods heerlikheid — die mens moet dit nou raaksien (ook in sy wetenskaplike werk) en God dienooreenkomstig loof, sodat Hy "bly sal wees" oor dit wat Hy geskep het.

Uit die sekularistiese oogpunt beskou, sal daar gesê word: "laat die heerlikheid van die aarde voortgaan vir ewig: Laat die mens bly

wees oor sy eie werke!" Maar die Christen-gelowige bely ten volle, in alles wat hy vermag: Laat die HERE verheerlik word!

Verse 33-34 Belydenis: om die HERE te loof

Die digters kom hier tot die besluit dat hy lof wil sing tot eer van die HERE — sy ganse lewe deur. Elke mens, as deel van die skepping, moet die heerlikheid van God vir ewig laat bestaan, deur aan Hom te bring die eer, lof en heerlikheid wat Hom alleen toekom. Jou ganse leeftyd deur moet al hierdie werke van God besing word; dan kan ons ook bely dat God "my God" is. As God dan ook "my God" is, stuur die lewe nie af op die dood nie, maar op 'n lewe saam met God!

Die gedagte "Mag my oordenking Hom welgevallig wees .....", kan mis=kien verwys na hierdie hele Psalm, maar dan kan ons dit ook plaas binne die konteks dat die mens se ganse optrede, die woorde wat hy uiter, en dit wat hy binne sy hart oordenk, tot verheerliking van God moet strek (Anderson, A.A., op. cit., 725).

Vers 35 Die sondaars moet verwyder word

Leupold stel dit duidelik dat daar "a jarring note" in Gods skepping is: sonde en die sondaar (op. cit., 732). Die digter vra dat son=daars moet omkom — dat daar nie meer van hulle moet wees nie — en dat die goddeloses hulle moet bekeer. Die gelowiges moet die volle wapenuitrusting van die geloof aantrek en die faktore wat Gods skepping en God as Skepper wil nihileer, beveg. 'n Wetenskaplike wat nie in sy arbeid die Hand Gods raaksien nie, sal homself dié stryd op die hals haal.

Die Psalm sluit dan (vers 35b) weer, soos dit begin het:

> "Loof die HERE, o my siel!
> (Hebreeus: Halleluja!)

Die ganse gedig is dus "an exclamation of wonder at the number of

160/.......

the works of Yahweh" (Briggs, C.A., en Briggs, E.M., op. cit., 329).

Om saam te vat: Die digter weef hierdie Psalm rondom die skeppings=gebeure van Genesis 1, maar verwys ook na talle ander konsepte van die skepping, wat bekend is aan ander Bybelskrywers (Ibid., 330-331). Vgl. bv.

1. Amos 9:6 "Dit is Hy wat sy solders in die hemele bou en sy hemelgewelf bo die aarde vestig, wat die waters van die see roep en dit uitgiet oor die aardbodem, Here is sy Naam!"

   Vgl. Ps. 104:3 "wat sy solders bou in die waters, wat van die wolke sy wa maak, wat op die vleuels van die wind wandel".

2. Jesaja 40:22 "Hy sit bo die kring van die aarde, en die bewoners daarvan is soos sprinkane; Hy span die hemele uit soos 'n dun doek en sprei dit uit soos 'n tent om in te woon".

   Vgl. Ps. 104:2(b) "....., wat die hemel uitspan soos 'n tentdoek";

3. Job. 38:6-11 "Waar is sy fondamentklippe op ingesink? Of wie het sy hoeksteen gelê? Toe die môre=sterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het? En wie het die see met deure afgesluit toe dit uitbreek, uit die moedersak voortgekom het? Toe ek die wolk tot sy kle=ding gemaak het en die donkerheid tot sy wind=sel. Toe ek my grens daarvoor uitgebreek en grendel en deure gemaak het; en gesê het: Tot hiertoe mag jy kom en nie verder nie; en hier word 'n grens gestel vir jou trotse golwe".

161/.......

Spreuke 8:29 "toe hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fondamente van die aarde vasgelê het".

Ps. 104:5-9 "Hy het die aarde gegrond op sy grondveste, sodat dit vir ewig en altyd nie wankel nie. U het dit met die wêreldvloed soos met ŉ kleed oordek; die waters het bo-oor die berge gestaan. Vir u dreiging het hulle gevlug, vir die stem van u donder het hulle weggeskrik — berge het opgerys, laagtes het weggesak — na die plek wat u vir hulle reggemaak het. ŉ Grens het U gestel waar hulle nie oor mag gaan nie; hulle mag die aarde nie weer oordek nie".

Dit alles doen die psalmis om die soewereiniteit van die Skepper te beklemtoon.

4.3.1.4.5 PS. 148 AS ALLESOMVATTENDE OPROEP OM GOD TE DIEN.

Alle kreature moet die Here loof (Nuwe Vertaling: Sy Naam alleen is hoogverhewe)

Hierdie Psalm is ŉ oproep om God te prys en dan word "de gehele schepping opgeroepen om God te loven en te prijzen" (Ridderbos, J., op. cit., 465). Calvyn sluit hierby aan as hy sê dat die psalmis alle kreature, in die hemel en op die aarde, oproep om God se eer te besing (Anderson, J., 1949, 303). Oor die feit dat die psalmis die ganse skepping oproep om God te loof, bestaan daar volkome eenstemmigheid by eksegete. D. Kidner skryf bv.: "Starting with the Angelic host and descending through the skies to the varied forms and creatures of earth, then summoning the family of man and finally the chosen people, the call to praise unites the whole creation" (1977, 487). Niks is dus neutraal nie. In lyn hiermee kry ons

in The International Critical Commentary 'n treffende opsomming van die fenomene wat deur die psalmis opgeroep word om die HERE te loof:

> "to all in the heavens, especially angels and heavenly lights, also the heavenly water, to praise their Creator and Sovereign";
>
> "to all in the earth, especially the great deep, the storm, the trees, also the animals, to praise the glorious name, which is also the praise of all the pious";
>
> "A glossator adds men of all classes and adds to the ground of praise the exaltation of this people" (Volume II, 538).

Hierdie Psalm wil elke Christen-gelowige opnuut weer tot die belydenis noop: "Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon;......" (Ps. 24:1; vgl. ook 1 Kor. 10:28 en Eks. 9:29).

Talle eksegete is tereg van die mening dat die ganse skepping God moet loof want, in die eerste plek is hulle deur God geskape en vind dus hul begin, voortgang(-bestaan) en voleinding in Hom (cf. Rom. 11:36 "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge") en, in die tweede plek, is die skepping eer aan God verskuldig om= dat God so 'n onmeetlike glorieryke Wese is (cf. o.a. Anderson, J., op. cit., 303; Maclaren, D.D., op. cit., 449; Delitzsch, F., s.j., 404; Dahood, M.,1974, 352).

Beskou ons die inhoud van hierdie Psalm van naderby, dan sien ons dat dit in twee "broad divisions" verdeel kan word, nl. (cf, Mac= laren, D.D., op. cit., e.v.):

1. "Loof die HERE uit die hemele ....." (vers 1-6); en,

2. "Loof die HERE van die aarde af — ......." (verse 7-13)

Hierdie oproep sluit dus letterlik alles in.

1. <u>"Loof die HERE uit die hemele ....."</u> (vers 1)

In die taal van die antieke nabye Oosterse kosmologie, roep die psalmis die hemelse wesens en fenomene hier op om God te loof (Pheif= fer, C.F., en Harrison, E.F., *op. cit.*, 550). Die oproep tot lof= prysing word ten eerste gerig tot die hoogste hemele waar al sy "engele" en "al sy leërskare" Hom reeds dien en loof. In ooreen= stemming met F.M. Th. de Liagre Böhl wil ons die engele, die son, die maan en die sterre, op dieselfde lyn plaas; want tesame ver= kondig hulle die heerlikheid van God vanuit die hemele (cf. Ridder= bos, H., *op. cit.*, 465). Psalm 19:2 kan hierdie stelling nader belig:

> "Die <u>hemele</u> vertel die eer van God <u>en die uitspansel</u> verkondig die werk van sy hande"

Die son, maan en die sterre moet "verkondigers" wees van sy werke (sien ook Ps. 19).

Die "hoogste hemele" (vers 4) impliseer dan "the widest possible inclusiveness in the call to praise God" (Guthrie, D., *et al.*, *op. cit.*, 512). Hierby verwys ons ook na:

> Deut. 10:14 "Kyk, aan die Here jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is".

> Neh. 9:6 "U is alleen die Here, U het die hemel, die hoogste hemel en al sy leërskare, gemaak, die aarde en alles wat daarop is, die seë en alles wat daarin is, en U hou dit alles in die lewe, en die leër van die hemel buig hulle voor U neer".

Die "waters wat bo tot die hemele is" kan beter verstaan word in die lig van:

Gen. 1:7 "God het toe die uitspansel gemaak en die waters wat onder die uitspansel is, geskei van die waters wat bo die uitspansel is. En dit was so".

Dit verwys m.a.w. na die "celestial ocean above the firmament, which was regarded as the source of rain" (Anderson, A.A., op. cit., 950).

Gen. 7:11 "In die seshonderdste jaar van die lewe van Noag, in die tweede maand, op die sewentien=de dag van die maand, op dieselfde dag, is al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek, en die sluise van die hemel is geopen"; (cf. ook Gen. 8:2)

Verse 5 en 6 word beskou as ŉ tipe refrein wat waarskynlik op ŉ antifoniese (resp. beurtsang, teensang, wisselsang) wyse deur ŉ koor gesing is. Die feit dat God hulle geskape het en onderhou, is genoeg rede om sy Naam te loof (cf. Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., op. cit., 550). Watter groot implikasie lê net nie hierin opgesluit vir die wetenskaplike wat ook deur God se almag geskep is?

Dit is belangrik om daarop te let dat God "bevel" (vers 5) gegee het en hulle is geskape. Ons het hier ŉ indirekte verwysing na God se skeppingswoorde soos opgeteken in Gen. 1. Deur slegs te "spreek" het God uit niks die ganse werklikheid geskep! Vgl. ook:

"Laat die hele aarde vir die HERE vrees; laat al die bewoners van die wêreld vir Hom bedug wees; want Hy het gespreek en dit was; Hy het gebied, en dit staan" (Ps. 33:8,9,).

Vers 6 dui op die "onveranderlike" natuurwette wat die skepping in stand hou: "......; Hy het ŉ wet gegee wat geeneen oortree nie".

Die "wet" wat in vers 6(b) genoem word, beteken dan dat elke hemelse fenomeen binne sy eie grense moet beweeg; dat elkeen sy eie wette het om aan te voldoen ( Delitzsch, F., op.cit., 407).

2. "Loof die HERE van die aarde af ...." (vers 7)

Vanaf vers 7 word die ganse kosmos nou opgeroep om God te loof. Die psalmis verwys nou na alle vorme van lewe: "animate and inani=mate" (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., op. cit., 550). Die mens, as kroon van Gods skepping, kom eers later (vers 11) aan die beurt.

Verskillende diere word opgeroep om God te loof: groot seediere, wilde diere, alle vee, kruipende diere en die gevleuelde voëls.

Verskillende natuurverskynsels word ook opgeroep om God te loof: vuur (resp. weerlig), hael, sneeu, damp, stormwind, berge, heuwels, vrugtebome en sederbome.

Die vraag ontstaan nou: Hoe is dit vir hierdie bg. natuurdinge moontlik om God te loof? Ons stem saam met A.A. Anderson as hy skryf: "it may not be too much of a rationalization to say that the creature or created phenomenon renders the biggest praise to its creator by fulfilling the task for which it was created" (Anderson, A.A., op. cit., 950).

In die natuurwetenskappe het die wetenskaplike een of meer van bg. fenomene as objek van ondersoek.

Vanaf vers 11 word die mens nou opgeroep om God te loof. Dit is die hoogtepunt in die Psalm: die mens as kroon van God se skepping is Hom eer verskuldig. Alle mense, wat hul status ook al mag wees (konings, vorste), wat hul ouderdom ook al is ("oues en jonges"), beide geslagte ("jongelinge en jongdogters"), moet tesame die "Naam van God loof!" (Ibid.). Daarom: loof Hom volksleiers, loof Hom ekonome, loof Hom onderwysers, loof Hom wetenskaplikes, ens. Die mensdom is Hom eer verskuldig, want: "so sê die Here, jou Ver=losser, en Hy wat jou geformeer het van die moederskoot af: Ek is

die Here wat alles volbring, wat die hemel uitspan, Ek alleen, en wat die aarde uitsprei -" (Jes. 44:24).

Die Nuwe Vertaling lui:

> "So sê die Here jou Verlosser wat jou in die moederskoot gevorm het: Ek is die Here, Ek het alles geskep, Ek Alleen het die hemel oopgespan, Ek het die aarde gevorm; daar was niemand by nie".

Hier word die feit dus beklemtoon dat God bo die skepping verhewe is; Cod is Enig — niks van hierdie skepping "is identies met God nie en niks van God is skepping nie" (Malan, D.J., 1968, 106). Ons moet dus die Naam van God loof, deur die roeping wat Hy in Gen. 1:28 vir ons daargestel het, normatief te vervul, want God is nie net ons Skepper nie, maar Hy alleen besit die majesteit wat beide hemel en aarde transendeer (Guthrie, D., _et al._, _op. cit._, 513).

In die slotvers (14) is dit duidelik dat "in the consciousness of the dignity which lies in this Name, the nation of the God ...... comes forward as the leader (choragus) of all creatures and strikes up a hallelujah that is to be joined in by heaven and earth" (Mac=laren, D.D., _op. cit._, 453).

In Openb. 5:13 (Johannes se Troonvisioen) kom beide bg. gedagtes weer skerp na vore:

> "En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid".

Dit is God se Wil! Ons moet daarna strewe om in alles wat ons doen "sy Wil te laat geskied". Die skepping moet Hom loof. Die

167/.......

wetenskaplike moet vanuit 'n in Christus-herbore hart besef dat hy met die kosmos in sy onselfgenoegsame bestaan te doen het, in sy afhanklikheid van God. Die mens as subjek is ook skepsel en in sy kenmerkende werksaamhede word afhanklikheid ook vooropgestel. Die mens is "nie outonoom nie en die kosmos is nooit selfgenoegsaam nie" (Van der Walt, S.P., 1953, 104).

Die mens moet terdeë besef: "the stars did not make themselves, nor the rains spring from chance; for notwithstanding the signal proofs we constantly have before our eyes of the divine power, we with shameful carelessness overlook the great Author" (Anderson, J., op. cit., 306).

Die gedagte van hierdie Psalm is tot 'n groot mate ook weergegee in Ges. 62:

"Loof die Here, al wat lewe, ....."
(Strofe 1)

"Loof die Here, maan en sterre, ......"
(Strofe 2)

"Loof die Here, engele en mense, ....."
(Strofe 5).

4.3.1.4.6 SAMEVATTING.

Uit wat hierbo aangetoon is, is dit duidelik dat God sy wet vir die ganse geskape werklikheid gegee het. Ons moet dus in die wetenskap dit onthul wat God daarin gelê het. Die wetenskaplike moet juis onthou dat ook hyself 'n skepping deur God is, en onder God se wet is. God regeer oor alles en almal. "As ons Gods skepping bely, erken ons dat alles uit sy hand kom en deur sy almag en wysheid gestempel is, aan Hom behoort en sinvol na Hom heenwys. Niks kan vir een enkele oomblik neutraal wees nie, dit wys soos 'n gespanne kompasnaald na die Oorsprong" (Lombard, J.C., "In die gemeenskap van die Heilige Gees", in TCW, 7de jaargang, 4de kwartaal 1971, 144).

168/.......

Aan die wetenskap is die taak opgedra om die geskape werklikheid te verklaar. Op sy eie kan die wetenskaplike dit egter nie be= reik nie. Die wetenskaplike het die lig van die Bybel nodig (cf. Bacinck, H., 1929, 21). Die Bybel plaas die belydenis op ons lip= pe dat God, die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde is. Hierdie belydenis vorm nie alleen die eerste artikel van die Christelike geloof nie, maar, soos H. Bavinck dit stel, is "ook de grondslag en hoeksteen van alle wetenschap" (a.w., 21). By die verwerwing van kennis, verwys die Bybel ons nie na die menslike rede nie, maar na die openbaring Gods.

In Ps. 148 is God dus as't ware die Dirigent van sy eie skeppings= koor waarin alles en almal opgeroep word om God te loof, in gehoor= saamheid aan sy wet. God proklameer en Hy annekseer alles. Onont= kombaar is dus die appél om in hierdie gesindheid ook as mens van die wetenskap, Gods skepping te ondersoek. Niemand word uitgesluit in Ps. 148 nié!

Vir alle wetenskaplikes, insonderheid dan vir die natuurwetenskap= likes, is dit van fundametele belang dat hy die skepping van God, met name die natuur, vanuit hierdie religieuse voorveronderstelling sal benader, en dat hy saam met die geskape natuur, deur sy weten= skaplike navorsing, Gods eer sal verkondig.

Die natuur wat deur God geskape is, is nie 'n outonome, neutrale enti= teit nie, maar behoort aan God, en verkondig sy lof. Dit wys elke oomblik sinvol heen na God.

## 4.3.2 DIE RADIKALITEIT VAN DIE SONDEVAL.

### 4.3.2.1 ORIËNTERING.

In hierdie afdeling wil ons die Skrif nagaan om vas te stel wat sonde is, waar sonde sy oorsprong vind en watter invloed dit op die mens en die res van die geskape werklikheid het. Uiteraard is dit van kardinale belang om vas te stel of die sonde 'n negatiewe

uitwerking op die mens <u>en</u> die res van die skepping het. ŉ Posi= tiewe antwoord op hierdie vraag, sal noodwendig sekere implikasies vir wetenskapsbeoefening deur die mens inhou.

4.3.2.2 <u>DIE OORSPRONG VAN DIE SONDE.</u>

Wanneer daar gevra word na die oorsprong van die sonde en die kwaad, is dit, aldus Durand, "meer as ŉ blote intellektuele spel, meer as ŉ teoretiserende vraag na die oorsaak en gevolg van dinge" (1978, 12). Die vraag kom op vanuit die feit dat die mens daagliks te doen kry met ŉ wêreld van boosheid, van onreg en van lyding. "Die kwaad in die wêreld is só ŉ werklikheid en die spanning tussen hier= die onontwykbare realiteit van die bose enersyds en die belydenis van God se liefde en geregtigheid andersyds, is só groot dat geen Christen die vraag na die verhouding van God en die kwaad kan ignoreer nie" (Durand, J.J.F., 1978, 12).

Dat ons met die beantwoording van dié vraag na die sonde met ŉ gekompliseerde probleem te doen het, blyk alreeds uit die dualistiese en monistiese standpunte wat ons in die geskiedenis van die kerk identifiseer. Geeneen van hierdie standpunte is egter versoenbaar met die basiese eise wat deur ŉ Christelike Godsgeloof gestel word. Die dualistiese standpunt herlei die oorsprong van die sonde na ŉ antigoddelike beginsel of mag wat per definisie van gelyke ewigheid as God self moet wees. Positief vind die standpunt dus nie die oorsprong van sonde in God nie, maar negatief word ŉ goddelike mag naas God aanvaar — iets wat totaal teenstrydig is met die Chris= telike belydenis aangaande God. In die monistiese standpunt word die oorsprong van die sonde en die kwaad op een of ander wyse met God in verband gebring. Hierdeur word die almag en aloorsaaklik= heid van God dus erken, maar onmiddelik word die belydenis van God se goedheid bevraagteken (Durand, J.J.F., 1978, 13).

God is egter nie die oorsaak of bewerker van die sonde en die kwaad nie (cf. art. 13 van die NGB). Hierdie is ŉ belydenisaprio= rie waarsonder geen Christelike Godsleer moontlik is nie.

Die eerste sonde word volgens die Skrif in die engele-wêreld be=dryf (cf. Judas:6). Die duiwel en talle ander engele saam met hom, het van God afvallig geword. Vanweë hul verwaandheid het God hul=le weggestoot van Hom af en hulle uitgedryf na die buitenste duis=ternis. Vanuit hierdie "ander blyplek" bind hulle die stryd aan teen Christus, sy Kerk en die heilige engele (cf. Feenstra, J.G., 1975, 112).

4.3.2.2.1 GEN. 3: DIE SONDEVAL.

God het as Skepper ook aan die mens (Adam) 'n bepaalde woonplek ge=gee en aan hom die eis gestel om gehoorsaam te wees. God het van Adam absolute gehoorsaamheid en 'n volkome oorgawe van die hart geëis. Hierdeur kon Adam die ewige lewe ontvang. "Daarom word die mens voor 'n beslissing geplaas en het die Here aan hom 'n proef=gebod gegee naas sy Wet wat in die mens se hart ingeskape was. Adam en Eva het van nature geweet dat hulle God moes liefhê met hul hele hart, hul hele siel, hul hele gemoed en al hulle kragte, en dat hulle hul naaste moes liefhê soos hulself. Maar naas hier=die ingeskape wet, het die Here ook aan hulle 'n afgekondigde wet, 'n spesiale verbod gegee. Daardeur wou die Here die mens toets of hy vrywillig in ooreenstemming met die ingeskape wet sou leef" (Ibid., 113).

Die proefgebod wat God aan Adam en Eva gegee het, staan in die nouste verband met die soewereiniteit van God. God stel bepaalde eise aan die mens omdat Hy alleen weet wat goed en wat kwaad is.

Gen. 3 skilder nou aan ons die hele trauma van die mens wat a.g.v. sy ongehoorsaamheid aan God se wet, in die sonde verval.

In Gen. 3 is daar "no ambitious attempt to search out the origin of evil in the universe; the biblical account of the Fall pier=ces the depth of the human heart, and brings out the genesis of sin in man" (Dummelow, J.R., op. cit., 8). Die pragtige "prent" van God se skepping is deur die ongehoorsaamheid van die mens verduister. Binne die volmaakte tuin van Eden, het die mens

niks kortgekom nie (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., op. cit., 6). Slegs een verbod het God vir die mens en sy vrou voorgehou.

Gen. 2:16-17 "En die Here God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe".

Van alle bome van die tuin kon hulle dus vrylik eet, maar van die één boom, wat in die middel van die tuin staan, mag hulle nie eet nie (Aalders, G.Ch., 1963, 122-123). Indien hulle daarvan sou gebruik, sou hulle kennis van goed en kwaad in hul gedagtes wakker maak. Die sonde setel nou o.i., nie in die eet van die vrugte van die boom nie, maar die sonde setel in die feit dat die mens onge= hoorsaam was aan die Wil van God — die mens was Satan se wil meer gehoorsaam. Hiervan skryf Aalders nou: "De beslissing, waarvoor het gebod den mens plaatste, was een principiële beslissing; of de welbewuste aanvaarding van het goede in volledige onderwerping aan den wil Gods, of de welbewuste keuze van het kwade in het pogen om zich geheel en al onafhanklijk van den wil Gods. En dat het laatste, het zich losmaken van den levenden God, uit wien alle leven is den dood tengevolge moet hebben, laat zich zonder moeite verstaan" (Ibid., 123-124).

Na die verbreking van Gods wet, het daar 'n drastiese verandering plaasgevind t.o.v. die verhouding tussen God (as Skepper) en die ganse skepping. Die mens en die res van die skepping is getref deur die radikaliteit van hierdie ongehoorsaamheid aan Gods wet. Die mens het sy hart afgewend van God, en in die natuur het daar ook 'n abnormaliteit ingetree, want ".... vervloek is die aarde om jou ontwil......" (cf. Gen. 3:17-18). Dit is dan binne die kader van hierdie abnormale werklikheid wat die (sondige) mens sy wetenskaplike arbeid voortsit. Ook die verstand van die mens is aangetas, want ons kan God en die geskape werklikheid nou net ten dele ken (cf. 1 Kor. 13:22).

4.3.2.3 <u>DIE UNIVERSALITEIT VAN DIE SONDE.</u>

Daar is geen duimbreedte van hierdie geskape werklikheid wat nie deur die sonde aangetas is nie.

Die feit staan vas (in die lig van Rom. 5:12) dat sonde ŉ realiteit geword het in die kosmiese werklikheid a.g.v. die sonde in die para= dys. Niks, maar niks, het ongedeerd afgekom van die sondeval nie. Die ganse kosmiese werklikheid het saam met die mens "geval". Die natuurlike eenheid van die skepping is verbreek deur die "vyand= skap" wat nou bestaan (3:15). Maar Aalders stel dit uitdruklik dat die mens en die res van die skepping nooit volkome onafhanklik van God kan word nie. In sy voorsienigheid maak God deur Jesus Christus nog elke dag bemoeienis met <u>sy</u> geskape werklikheid. In Christus hou Hy alle dinge nog stand (<u>op. cit.</u>, 143). Tereg skryf Aalders dat daar met die verskyning van die "slang" ŉ nuwe figuur na vore getree het in die loop van die geskiedenis van die deur God geskape wêreld — met ŉ besliste verderflike invloed (<u>op. cit.</u>, 128)! Parker skryf hieroor dat: "something has disagreed with the world" (s.j., 132). Beslis! Die liefde teenoor mekaar het vervaag tot geen vertroue in mekaar, geen eer vir mekaar en geen hulp vir mekaar nie; ons is selfsugtig, gemeen en vergewe mekaar selde. Dit is die werk en invloed van die duiwel op die mensdom. Hieroor stem ons saam met Dummelow dat die sonde dus nie sy oorsprong in die eerste plek in die mens vind nie — hierin lê ons hoop op oorwinning (Dummelow, J.R., <u>op. cit.</u>, 8). Sonde is nie die produk van die menslike hart nie — daar is magte in die wêreld wat ons bewustelik na die pad van ongeregtigheid lei. Daarom moet ons dit bestry. Dit vermag ons alleen in Christus deur die gemeenkskap van die Heilige Gees en as ons die Bybelse <u>Leitmotiv</u> van <u>SOLI DEO GLORIA</u>, op die tafels van ons harte skryf.

Die universaliteit van die sonde word beklemtoon deur die feit dat die mens in sy verhouding tot God, tot sy naaste, tot homself, tot die natuur, tot die kultuur en tot die strukture, getref is (cf. Heyns, J.A., 1974, 129-137); asook Ridderbos, H., 1966, 111).

173/.......

In sy verhouding tot God het die mens afgewend van sy oorspronk=like posisie om 'n aangesproke wese te wees. Die mens wil veel=eerder self spreek, sonder om te luister; hy wil gebied, sonder om self gehoorsaam te wees.

As die verhouding tot God deur die sonde negatief beïnvloed is, dan staan al die ander verhoudings (en lewensuitinge) van die mens, in die teken van die sonde. Die mens het van nature God nie lief nie, en daarom het hy sy naaste ook nie lief nie (beslis nie in die Christelike sin van die woord nie). Sprekende voorbeelde hier=van is die jaloesie, naywer, agterdog, uitbuiting, pligsversaking, haat, nyd, oorloë, ens., wat uit die hart van die mens opkom.

In sy verhouding tot homself wil die sondaar nie sy plek as mens aanvaar nie. Hy wil nie 'n dienaar in Gods Koninkryk wees nie, maar self koning.

Die feit dat die natuur a.g.v. die mens vervloek is, het die mens se omgang daarmee geweldig bemoeilik. Die mens sal sy arbeid met moeite daarbinne verrig, al roep God die mens op tot arbeid. Selfs hierdie oproep tot arbeid is deur die sonde getref, want die mens is opgeroep om sy arbeid tot eer van God te verrig. In sommige wetenskaplike kringe blyk dit duidelik dat hierdie roeping Gods, nie tot sy reg kom nie. Die wetenskap word ter wille van homself, ter wille van eie aansien en eie verryking gebesig. Hierby sluit die mens se verhouding tot die kultuur aan, want ook die kultuur (waaraan wetenskapsbeoefening deel het) word losgemaak van God en tot eie eer en verheerliking geskep. Gods Woord stel norme (perspektiewe) waarvolgens die mens kultuur moet skep, maar die mens slaan nie ag hierop nie. Hy soek sy norme veeleerder in die mens self (humanisme), in die gemeenskap (kommunisme), in die volk, in die staat, ens. In sekere kringe word daar gesê, dat dit in die wetenskap gaan om empiriese feite wat aardsgebonde is, en totaal vry van Gods gesag.

Heyns skryf in die verband: "Ons het inderdaad 'n tydperk betree waarin die wetenskap die status van 'n godsdiens verkry het want

blykbaar word daar aan die ontwikkeling van die wetenskap geen grense gestel nie, en sy moontlikhede skyn onbeperk te wees. Dit alles stimuleer nie alleen die magsbelewing van die mens nie, maar daardeur gaan hy só op in die mensgemaakte wêreld van kultuur, dat die Godgemaakte wêreld van die natuur nouliks nog te herken of teruggevind kan word" (1975, 135).

### 4.3.2.3.1 ROM. 1:18-32 EN ROM. 3:9-20 AS VOORBEELDE VAN DIE FEIT DAT DIE GANSE GESKAPE WERKLIKHEID IN DIE MAG VAN DIE SONDE IS.

Rom. 1:18-32: Die afgodery en verdorwenheid van die ongelowiges.

In vers 18 impliseer Paulus dat goddeloosheid en ongeregtigheid heers in die harte van die ongelowiges. Paulus wyt dit toe aan die feit dat hulle die waarhede aangaande God onderdruk. God het Homself van die begin van die skepping aan alle mense geopenbaar, maar die ongelowige onderdruk dit vanweë die feit dat hy nie God se ewige krag en goddelikheid in sy werke raaksien en bely nie — al ken hulle Hom (vers 20-21). Hieroor ontvlam Gods toorn.

God is kenbaar, want hy het Homself van die begin van die skepping af geopenbaar — ook aan die ongelowiges. Sy ewige krag en godde=likheid kan vanaf die skepping van die wêreld gesien word (vers20). God het Homself geopenbaar in sy skepping, sowel as deur sy onder=houding van, en regering oor, die ganse geskape werklikheid (vgl. ook artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis). God is nie totaal verborge nie, "niet de zwijgende in Zichself teruggetrokken God: Zijn scheppen is zijn spreken; door het geschapene gaat er een sprake uit van Zijn mogendheid" (Ibid., 17). Vers 20 wil die feit beklemtoon dat God se skepping 'n woord is "wat voortdurend tot die mens spreek aangaande die goedheid, almag en wysheid van God. Dit is dan ook die taak van die mens om die moontlikhede "wat God in sy skepping gelê het, tot ontsluiting te bring, sodat die heer=likheid van God langs hierdie weg des te meer sigbaar kan word" (Botha, M.E., "Die student se lewens- en wêreldbeskouing" in Rig=

lyne, jaargang 3, Okt. 1973, 18). Niemand kan hom dus verontskul= dig deur te sê dat hy God nie kon ken nie.

Dummelow merk tereg op: "They had the revelation of God, but in= stead of worshipppping Him aright, they became so involved in useless speculations about His nature, that they lost the sense of truth and right" (Dummelow, J.R., op. cit., 866). Ons sou t.o.v. die moderne afvalligheid net die woord "had" met "have" wil vervang. Dit is onvermydelik dat hierdie afvalliges hul eerbetoning aan "iets" anders bied, en dit lei tot die verabsolutering van iets uit die onselfgenoesame skepping. Paulus sê tereg dat die onge= lowiges "die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het tot wat geprys moet word" (vers 25).

Reeds in Jeremia se tyd het God gespreek en gesê:

> "watter onreg het julle vaders in My gevind, dat hulle ver van My afwyk en agter nietige gode aan geloop het en self nietig geword het" (Jer. 2:5).

Hierdie woorde Gods, by monde van sy profeet Jeremia, spreek elke wetenskaplike vandag nog aan , insonderheid "neutrale" wetenskaplikes.

Diegene wat dan volhard met die leuen, sal deur God self oorgegee word aan die "begeerlikhede van die hart", want hulle het dit nie die moeite werd geag om God in erkentenis te hou nie (vers 28).

Die gedagtes van afvalligheid lei die ongelowige na 'n cul-de-sac , want "to reject God, to turn away from the light, naturally brings darkness" (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., op. cit., 1187). Hierdie leuen neem besit van gans hul lewens; ook hul gedagtes, hul rede, hul harte, sodat hulle religieuse grondmotiewe totaal apostaties gerig en gegrond is. Daarom noem Paulus die ongelowiges in vers 30 o.a. "uitvinders van slegte dinge", "kwaadsprekers", "haters van God" en "onverstandig". Dit is vandag nog 'n luidspre= kende boodskap gerig tot die adres van elke ongelowige wetenskap= like.

176/.......

God se toorn ontvlam oor almal wat volhard op die pad van ongereg= tigheid, "want daar is geen aanneming van die persoon by God nie" (2:11). Maar dan, aan die positiewe kant, wag daar vir almal wat volhard in die geregtigheid, "heerlikheid en eer en vrede" (2:10). Aktiewe volharding op die pad van geregtigheid is noodsaaklik "om= dat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word" (2:13).

Dit is nou duidelik waarom geregtigheid so belangrik is: die mens besit dit nie! Daarom, die mens wat dit nie besit nie, aanskou nie God se geregtigheid nie, maar sy toorn (Ibid., 866). God se geregtigheid straal uit na almal wat in geloof en vertroue in afhanklikheid van Hom leef; sy toorn, daarenteen, ontvlam oor alle goddeloosheid en onregverdigheid. Die dwase probeer om d.m.v. hulle ongeregtighede die waarheid aangaande God te onderdruk (Van Leeuwen, J.A.C., en Jacobs, D., 1932, 16).

Die enigste ware manier waardeur die mens regverdig kan word, is deur die boodskap wat die Christendom bied. God bied, soos sy Woord ons leer, alleen regverdigmaking aan die een wat Jesus Chris= tus Heer en Meester van sy ganse lewe maak. Rom. 1:18-32 word voorafgegaan deur 'n belangrike opmerking van Paulus nl.:

> "..... die regverdige sal uit die geloof lewe" (1:17)

Regdeur Hoofstukke 1 tot 5 wys Paulus op die noodsaaklikheid: "Righteousness is necessary for men. This necessity is grounded in the nature and being of God" (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., op. cit., 1186).

Die moderne afvallige -ismes verabsoluteer een of meer aspekte van die geskape werklikheid. Dit is inderdaad afgodery wat aangewakker word deur die verdorwenheid van die moderne afvallige wetenskap (resp. nie-Christelike wetenskap).

Rom. 3:9-20: Alle mense is in die mag van die sonde.

Paulus aksentueer hierin die feit "that all men have failed to attain acceptance with God" (Dummelow, J.R., op. cit., 866). Geen mens het voorrang bo 'n ander voor God nie, want: "Daar is niemand reg=verdig nie, selfs nie een nie". Alle mense is in die mag van die sonde!

In verse 10-18 verwys Paulus nou telkens na Ou Testamentiese waar=hede wat die radikaliteit van die sonde beklemtoon:

* "Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie" (3:11-12).

  Vgl. Ps. 14:2,3 "Die Here het uit die hemel neergesien op die mensekinders, om te sien of daar iemand verstandig is, wat na God vra. Hulle het almal afgewyk, tesame het hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen, ook nie een nie".

* "Hulle keel is 'n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe" (3:13).

  Vgl. Ps. 5:9,10 "Here, lei my in u geregtigheid om my vyande ontwil; maak u weg voor my reg. Want in hulle mond is niks be=troubaars nie; hulle binneste bring onheil; hulle keel is 'n oop graf; hulle maak hul tonge glad".

* "Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid". (3:14).

178/.......

Vgl. Ps. 10:7 "Sy mond is vol van vloek en van bedrog en verdrukking; onder sy tong is moeite en onreg".

* "Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle paaie, en die weg van vrede ken hulle nie" (3:15-17).

Vgl. Jes. 59:7,8 "Hulle voete hardloop om kwaad te doen en is haastig om onskuldige bloed te vergiet; hulle gedagtes is onheilsge= dagtes, verwoesting en verbreking is in hulle paaie. Die weg van vrede ken hulle nie, en daar is geen reg in hulle spore nie; hulle maak hul paaie krom, niemand wat daarop loop, ken die vrede nie".

* Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie" (3:18).

Vgl. Ps. 36:2 "In die binneste van my hart se die oor= treding aangaande die goddelose: Daar is geen vrees van God voor sy oë nie".

Al hierdie aanhalings sinspeel op die verskeie vorme van sonde, die karaktertrekke van sondaars, sondaars se optrede jeens God, sowel as hul verhouding teenoor God (Ibid., 1191). Reeds in die Ou Testament het, o.a. Dawid en Jesaja hierdie tekens van afvalligheid waargeneem; so was dit steeds in Paulus se tyd en so is dit steeds vandag. Die ganse goddelose wêreld moet egter weet: hulle is doemwaardig voor God. Paulus se verwysing na die wet is van belang, want die wet is ons tugmeester na Christus toe. Die wet gee aan die mens kennis van sonde, en die enigste manier waardeur die mens nou weer met God versoen kan word, is deur die bloed van Jesus Christus.

179/......

Paulus toon hiermee dus duidelik aan dat niemand vry is van die smet van die sonde nie. Vir die Christenmens is daar egter ryke genade uit die hand van God. In Christus, as Verlosser en Midde= laar, het God die verbond van genade met die mens opgerig wat oorgaan van ouers na kinders. Die menslike geslag sal hierdeur altyd in stand gehou word, want God self handhaaf sy Verbond. Die mens (ook die wetenskaplike) wat die verbond van genade suiwer stel in ooreenstemming met Gods Woord, sal God dank vir die ryke seën wat Hy aan ons langs die weg van die Verbond gegee het.

Dit impliseer nou dat die mens 'n dankbare lewe sal lei wat in alle lewensuitinge tot eer van Gods Naam sal strek. Skepselverheerliking sal eenvoudig net nie bestaan nie en dit impliseer dat niks van die onselfgenoegsame skepping verabsoluteer sal word in die weten= skapsbeoefening nie. Inteendeel, die wetenskap moet bydra om die eer van Gods Naam te verkondig. Deur Christelike wetenskap te be= oefen, wil die Christendenker dus alle afgodery (resp. skepselver= goddeliking) van die hand wys.

4.3.2.3.2 I TIM. 4: DIE AFVAL VAN DIE LAASTE DAE.

Die openingsvers van 1 Tim. 4 is vandag aktueel:

> "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye som= mige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van die duiwels sal aanhang" (vers 1).

Na die veelseggende bespreking van die betekenis en die roeping van die gemeente in hoofstuk 3, kom daar nou in hoofstuk 4 'n voor= spelling van swaar tye. Daarom die inleiding: "Maar ......." Paulus sien egter dat baie van hierdie gemeente-lede, in die laaste tye afvallig sal word (Bouma, C., 1970, 16).

In Paulus se tyd was die afval: "false attitutes toward the sup= port and blessing of this life, marriage and Food" (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., op. cit., 1376).

180/.......

Soos Paulus Timoteus reeds in daardie tyd gewaarsku het teen valse leerstellings, wil dié Skrifgedeelte vandag ook die Christen waar= sku teen die valse leerstellings van ons tyd. In Paulus se tyd was dit die bevegting van die Gnostisisme met hul asketiese leef= wyse wat Paulus nie met Bybelse waarhede kon versoen nie. In ons tyd kom die valse leerstellings van die kant van die moderne Hu= manisme en al sy uitlopers wat die soewereiniteit van God en sy Woord as norm vir die lewe misken.

Die feit dat daar gepraat word van "in die laaste tye" verwys vol= gens Bouma nie alleen na die tyd waarin Paulus homself bevind nie, maar dat hierdie afval ook in die toekoms lê — die presiese tyd word nie aangedui nie. Die "geloof" waarna hier verwys word, is die Christelike religie. Die mens sal afdwaal van die Waarheid, omdat hulle gehoor verleen aan "verleidende geeste" (op. cit., 77).

Die dwaalleraars word in vers 2 verder gekarakteriseer. Dummelow skryf: "Their consciences were not made incapable of feeling, but false principles were burnt into them" (Dummelow, J.R., <u>op. cit.</u>, 998). Hulle is huigelende leuenaars! Hulle gee voor dat hulle vroom en Godsalig is, maar binne hulle woel gruwelike sondes. Die feit dat hulle "gebrandmerk is in hul eie gewete", maak hulle onmiddelik skuldig voor God. God ken hul sondige gedagtes (Bouma, C., <u>op. cit.</u>, 77).

In verse 3b-5 weerlê Paulus hulle dwaalleer deur te sê dat:

- God is Skepper, en alles wat Hy geskep het is goed;
- die mens moet <u>alles</u> wat God aan hom bied met danksegging aanvaar en gebruik (Vgl. in die verband Gen. 1:29-30);
- alles wat deur God geskep is word deur sy Woord geheilig;
- deur die gebed moet ons God, as die Gewer daarvan erken en dank.

In die daaropvolgende verse (6-16) spreek Paulus dan vir Timoteüs aan om bg. waarhede aan die broeders voor te hou, want dit is 'n bewys van 'n goeie dienaar van Christus. So het die vandag dringend noodsaaklik geword dat alle Christene in dié sin, volkome dienaars van Christus moet word. Elke Christen moet hierdie "betroubare woord" ten volle aanneem om sy eie kennis te versterk en om ander "hierdie dinge te beveel en te leer" (vers 11). Soos Timoteüs, moet elke Christen-gelowige 'n afsku het aan "onheilige en oudwyfse fabels". Hulle moet 'n voorbeeld stel vir mede-gelowiges "in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid", en ook deur Christelike wetenskap te beoefen.

Die afval van die laaste dae, duur voort tot op hierdie tydstip van die mens se bestaan in tyd. In die wetenskapsbeoefening ont= moet die gelowige- en ongelowige wetenskaplike mekaar. Vanweë sy Christelike oortuigings en die hartsbegeerte om die eer van God voorop te stel, moet hy as geroepe profeet, priester en koning, wat sy ganse lewe in diens van God stel, ook aan die ongelowige die allesomvattende appél van Gods Woord verkondig.

4.3.2.3.3 OPENBARING 13: AS VERWYSING NA DIE VERHUMANISERING VAN DIE SKEPPING.

Die dier wat uit die see opkom en die dier wat uit die aarde opkom.

Eksegeties is Openbaring 13 ontsettend gekompliseerd. Tog wil ons hierna verwys omdat ons iets daarin sien wat, per implikasie, ook verwys na die Humanisme wat vandag 'n barre en grimmige diktatuur wil handhaaf oor almal.

Openb. 13 voer die stryd tussen Satan aan die een kant, en Chris= tus en sy Kerk aan die anderkant, soos in Openbaring 12 weergegee, 'n stap verder. Greijdanus stel dit so: "In dit hoofstuk zien we ons geteekend de machten en middelen, van welke de satan zich in dien strijde bedient, de aardsche werktuigen, waarmede Hij dien oor= log voert. Het blijken de wereldlijke regeeringen, politieke mach= ten overheden, wereldrijken, en de valse profetie, religie, weten=

schap te zijn" (1955, 202). Selfs die wetenskap en religie is middele in die hande van Satan — middele waarmee Christus se Kerk op aarde skade berokken word!

Twee vreesaanjaende diere maak hul verskyning. Die een kom op uit die see, die ander een uit die aarde. Dit is duidelik dat die twee diere in volle harmonie saamwerk! "De beest uit de aarde steunt het beest uit de zee met alle macht, en bezorgt het de algemeene erkenning en aanbidding als God" (Ibid.). Volgens die Wycliffe — kommentaar is die "see" waarna in vers 1 verwys word "a symbol of the agitated surface of unregenerated humanity, and especially of the seething caldron of national and social life out of which the great historical movements of the world arise" (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., op. cit., 1512). Die "aarde" waarna verwys word in vers 11, is aldus Greijdanus die deur die hel geïnspireerde mag=te wat teen die Kerk van Christus en teen die hemel gerig is (Greij=danus, S., op. cit., 202-203).

Uit die see sien Johannes nou die eerste dier opkom — monsteragtig! Dit het 10 horings en 7 koppe. Op die horings is tien krone en op elk van die sewe koppe is Godslasterende name geskryf. Vers 2 stel dit duidelik dat die dier deur die draak (satan) sy krag ontvang. Dus is daar noue kontak tussen die dier en Satan.

As profeties-apokaliptiese boek wil Openbaring verkondig dat hier=die "dier" (hierdie Anti-Christelike magte) die Kerk van Christus vandag nog bedreig. So bedreig die groot leuen in die wetenskap die gelowiges vandag nog. Daar waar Christus se Koningskap misken word, daar is die "dier" as handlanger van Satan, werksaam.

In vers 2 verenig die dier die eienskappe van die diere wat in Daniël 7 beskryf word: elke wêreldryk word telkens deur 'n ander dier getipeer. Treffend is dat die diere wat hier genoem word, almal verskeurende krag besit: luiperd, leeu en beer (vgl. ook Hosea 13:7,8 oor die drie diere). Satan vereenselwig hom met die dier uit die see deur aan lg. krag en mag te gee. Dit het hy in besonder gedoen met die Romeinse ryk.

Hoewel een van die koppe dodelik gewond is, herstel dit tog — en nou aanbid en volg die wêreld die dier as hulle dan vra: "Wie is aan die dier gelyk?" en "Wie kan teen hom oorlog voer?"

Die dier ontvang self 'n mond wat hom in staat stel om teen God en sy tabernakel en teen die wat in die hemel woon te laster. Selfs oor nasies het hy mag. Die troos is egter vir die gelowige daarin geleë, dat die dier dit net vir 'n bepaalde tyd (simbolies: 42 maande sal rekry om so op te tree. Tog: almal wie se name nie in die boek van die lewe van die Lam is nie, sal hom (die dier) aanbid. Diegene wat Christus nie op alle terreine as Koning bely nie, hulle volg die dier. Satan word hulle koning. Ek kan nie net 'n deel van my lewe vir Christus gee nie — ek is of met my ganse lewe vir Christus, of met alles teen Christus! Vers 9 roep die mens op om ag te gee op die feit dat daar alleen verlos=sing is in die Lam van God. Die mens moet daaroor nadink dat die dier jou eintlik in 'n cul-de-sac lei. Die gelowiges moet in lyd=saamheid en geloof volhard op die pad van geregtigheid. God sal hul vyande verwoes. Die moderne Humanisme lei ook na 'n doodloop=straat!

Johannes sien nou 'n tweede dier — een wat uit die aarde kom. Ons het reeds daarop gewys dat daar nou verband bestaan tussen hierdie twee diere. Dit is duidelik dat hierdie tweede dier "subservient to the first, whose worship he promotes", is (Clarke, W.K.L., 1952, 946). Hierdie dier het ook twee horings ('n teken van mag), maar geen krone. Opvallend is dàt sy horings meer soos 'n lam se horings is, maar sy stem is die van 'n draak. Waar die eerste dier homself manifesteer as "a political world power", is die tweede dier "a spiritual world power, the power of learning and knowledge, of ideas, of intellectual cultivation .... The worldly Anti-Christian wisdom stands in the service of the worldly anti-Christian power" (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., op. cit., 1512).

Greijdanus sluit hierby aan as hy sê: "Het is de valsche profeet, de valsche profetie met de valschelijk genaamde wetenschap, die zich de eeuwen door tegen God en Zijnen Christus en Zijn Woord en dienst stelt en, in het laatst, tijdens den antichrist ook in

bepaalde personen optrede, en werkzaam zijn zal, misschien ook wel vooral in èène mensch, tot eere en dienst van antichrist en duivel" (Greijdanus, S., op.cit., 309; cf. ook Exell, J.S., 1897, 462).

Die tweede dier is 'n valse profeet:

> Openb. 16:13 "En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom" (Vgl. ook 19:20 en 20:10).

Die dier doen homself voor as 'n lam, maar is in werklikheid 'n "jakkals". Hy spreek valshede; hy klee die leuen in 'n skynge= waad van waarheid (vgl. die slang se optrede in Gen. 3:1,4,5. Vgl. ook Paulus se woorde oor die valse profeet en die verleidende woorde in 2 Kor. 11:3,14, asook 2 Thess. 2:9-10).

Vanaf vers 12 word duidelik gesien hoe die tweede dier al die mag van die eerste dier uitoefen. Hy mislei "die aarde en die wat daarop woon" om die eerste dier te aanbid. Aanbidding kom God al= leen toe!

Die dier doen selfs groot tekens. Hierdie tekens (of wonders) was nog altyd "the chief evidence of the presence of what is worship= ful and Divine" en nou is dit deur hierdie optrede "that men's faith is begotten and controlled" (Exell, J.S., 1897, 463). Die valse profeet ken die uitwerking van wonders op die mens. Die mens be= skou dusdanige wonders as iets bo-natuurliks; iets wat nie deur 'n mens gedoen kan word nie. Daarom gebruik die dier hierdie wonders as hulpmiddel om sy leuen te manifesteer. Hy gebruik dit dus om bewondering by die mens af te dwing. Sodra hy die bevordering ge= niet, beweeg hy die "bewoners van die aarde" om die Antichris te aanbid en selfs 'n beeld van hom te maak.

Volgens vers 15 kan die dier selfs 'n gees aan die Antichris se beeld

gee. Greijdanus is oortuig dat hierdie beeld nie waarlik leef nie, maar dat die valse profeet, deur bedrog en toordery, daaraan 'n skyn lewe sal gee — vir die mens sal dit lyk of die beeld lewe. Mense wat in die beeld glo sal "lewe", maar die klein getal van ware gelowiges, sal opgespoor word om gedood te word (Greijdanus,S., op. cit., 211).

Verse 16 en 17 wys op die groot invloed van die dier. Hy beperk nie die afgodiese aanbidding nie, maar sprei sy vlerk oor die ganse maatskaplike lewe — jonk en oud, arm en ryk, ens. Op die regter= hand en op hul voorhoofde kom dan nog die merk van die Antichris: óf sy naam, óf die getal van sy naam. Op die regterhand, want dit is die hand van gemeenskap, van arbeid van verkeer — dus beheer= sing van handel en wandel deur afgodery. Op die voorhoof, want almal kan dit sien: daardeur word die mens herken wat die Anti= chris vereer (Ibid., 211).

Die slotvers van hierdie hoofstuk laat dit duidelik blyk dat wysheid benodig word om die getal van die dier te bereken en dan gee Johan= nes die getal: 666. Oor die betekenis van die getal is daar reeds boekdele geskryf. Hoe dit ook al sy, 6 is die simboliese getal van die wêreld sonder God; terwyl 666 wys op die Antichris as beheerser van die wêreld wat skynbaar samewerking het op alle terreine van die lewe — ook wat die menslike wete en kennis be= tref (Ibid., 213).

4.3.2.4 SAMEVATTING.

Uit dit wat hierbo aangetoon is i.v.m. die sonde, is dit duidelik die ganse skepping wat deur die mens in sy wetenskap ondersoek word, nie normaal is nie; daar is patologiese verskynsels, rewolusie en aftakeling, en bied nie 'n suiwer beeld van die werklikheid aan die mens nie. Hierdie religieuse voorveronderstelling is van uiterste belang, ook vir die natuurwetenskaplike. 'n Belangrike perspektief wat bg. Skrifgedeelte laat blyk, is dat die mens kan dwaal, veral die nie-Christelike mens, ook in sy wetenskap. Daar is voortduren=

de stampe en stote, korrektiewe val en opstaan — die wetenskaplike is nie 'n ongeskonde normale navorser nie; hy is as volle mens ge= tref deur die sonde en daarom staan sy werk in die teken van "ten dele".

In 1 Tim. 4 het Paulus reeds duidelik aangetoon dat mense a.g.v. die sonde van die ware geloof afvallig sal word.

Openbaring 13 beteken vir ons die fase in die moderne geskiedenis van die toppunt van die Humanisme, waar die een diktator en sy oligargie alle mag, ook van die wetenskap, sal gebruik om 'n barre en grimmige diktatuur te handhaaf oor almal. Dit is duidelik dat mag en valse wetenskap hier twee karperde is, wat ook die gesofis= tikeerde wetenskaplike tegniese mag insluit. Die valse profeet dui op die humanistiese, diaboliese indoktrinasie en breinspoeling wat die ver-humaniseerde mens self so ver bring om die Antichris te aanbid. Hierom parasiteer die Antichris op die valse wetenskap wat tot eer van die duiwel ingespan word.

### 4.3.3 VERLOSSING.

#### 4.3.3.1 ORIËNTERING.

> "Nu heefte de zonde heel ons leven aangetast, maar God de Here is ook weer voor heel ons leven de Heelmeester door Zijn Woord en Geest. Want Woord en Geest vereni= gen ons met Christus, Gods Zoon, in wien al de schatten van wijsheid en kennis (Kol. 2:3) liggen besloten en aan Wien alle macht is gegeven in de hemel en op die aarde (Matt. 28:18)" (Ganzevoort, B.W., 1965, 60).

Na die verpletterende radikaliteit van die sondeval, het God nie die wêreld totsiens toegeroep nie. God handhaaf die tyd (Popma, K.G., 1956, 10). "God het die sondige mens nie verwerp nie, maar sy bemoeienis met hom voortgesit" (Heyns, J.A., 1982, 91). Dit blyk duidelik uit die feit dat God steeds die mens aangespreek het direk na die sondeval — die mens het sy aanspreeklikheid nié

verloor nie, en daarmee saam ook nie sy vermoë om hierop te antwoord nie.

In Christus het God die ganse geskape werklikheid met Homself ver= soen. Hierdie versoening is die hart van die evangelie (Ridderbos, H.N., 1968, 215).

Dit is nodig om vas te stel watter betekenis die soenverdienste van Christus vir die mens se wetenskapsbeoefening inhou.

4.3.3.2 DIE KOSMIESE BETEKENIS VAN DIE VERSOENING VAN CHRISTUS.

Die Skrif verwys na Christus as die "Eersgeborene van die hele skepping", en ook as die "Begin van die skepping van God". In hierdie verband word aan Hom 'n beheersende plek toegeken. Chris= tus is Heer van die heelal as Verlosser-Middelaar en dus ook die begin van die nuwe skepping. Deur Hom het God die ganse kosmos met Homself versoen (cf. Du Toit, S., 1964, 46).

Jesus Christus is die beloofde Saad van die vrou (Gen. 3:15) wat die ganse kosmos (direk na die sondeval) "sustain and in principle rejuvenate". Die Logos van God was nie alleen die bron van alle lewe nie (Rom. 11:36) maar in Hom hou hulle ook stand (Kol. 3:2). Hiervan sê Calvyn (in Commentary on John 1:4):

> "for were it not that His continued inspiration gives vigour to the world, everything that lives would immediately decay or be reduced to nothing" (Lee, F.N., 1969, 17).

Lee skryf: "Christ it is who is the light of the whole world;... out (-side) of Christ there is not even a spark of true light.... the fountain of all knowledge and wisdom is hidden in Him , for the light which still dwells in corrupt nature consists of two parts; for first all men naturally possess some seed of religion. And secondly, the distinction between good and evil is engraved on their consciences ..... man especially was endued with an extra= ordinary gift of understanding, and though by his revolt he lost

the light of understanding, yet he still sees and understands, so that what he naturally possesses from grace of the Son of God is not entirely destroyed" (Ibid., 18).

Die perspektief wat die Heilige Skrif bied, is dat Christus nie alleen die verhouding tussen God en die mens herstel het nie, maar "de koningsheerschappij van Christus omspant de ganse aarde ...." (Berkouwer, G.C., en Toornvliet, G., 1949, 405). Deur die oor= winning van die dood (die laaste vyande), word Christus nie alleen die eersgeborene uit die dode nie, maar terselfdertyd ook die Begin van die nuwe skepping. "Sowel die skepping as die nuwe skepping is ŉ begin wat alleen in en deur Christus sin het en moontlik was. Christus staan as Hoof van die nuwe skepping wat in Hom en deur Hom tot stand gekom het" (Du Toit, S., 1964, 34). Du Plessis wys daarop dat Christus die integrasiepunt is sonder Wie die skepping sinloos sou wees (1962, 100-101).

Die Skrif leer dat die Logos, "the Word of God, is mediator of creation as well as redemption" (Olthuis, J.H., 1976, 8). In hierdie verband staan Rom. 11:36 en Kol. 1:15-20 sentraal.

4.3.3.2.1 ROM. 11:36

"Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen".

Soos die Bybelse perspektiewe dit stel dat God "alle dinge" geskep het, en dat "alle dinge" in die mag van die sonde is, so stel die Bybel ook dat God "alle dinge" nie aan hulself oorgegee het nie. In Christus as Verlosser en Middelaar hou "alle dinge" vanaf die begin stand; vind "alle dinge" nog hul sinvolheid.

Ook 1 Kor. 8:6 stel dit duidelik dat alles uit God die Vader is, terwyl Kol. 1:16 sê dat "alle dinge deur Hom en tot Hom geskape is", en in Christus hou dit stand. Met "alle dinge" word dan be= doel alles wat in die hemel en op die aarde is; alle "sienlike en onsienlike" dinge, trone, heerskappye, magte,owerhede, die mens, die wetenskap, ens., die ganse skepping dus! (vgl. weer Ps. 148).

189/.......

Robert Haldane beskou hierdie vers as "the ground truth which lies at the foundation of all religion" (1958, 550). Die sentrale waarheid is dan dat die ganse geskape werklikheid hul oorsprong aan God te dank het, dat dit voortbestaan deur sy Wil en dat Hy hul bestemming is, nl. om Hom te loof in sy heerlikheid (cf. De Groot, D.J., 1950, 371-372).

Hierdie vers, wat deel uitmaak van ꞌn doksologie, is ꞌn samevatting van die voorafgaande en hier gaan dit om die heil. Alle heil is uit God; alle heil is deur God, want Hy gee self Sy Seun en deur sy Heilige Gees lei Hy die opregtes van hart nou na volmaakte ver=lossing. Net God kan die mens red en daarom móét alles tot Hom wees. Die feit dat God die mens verlos uit sy staat van totale verlatenheid, moet die mens lei om God te verheerlik. Paulus beklemtoon hierdie uitsprake in vers 36 met ꞌn plegtige "Amen" (Jonker, W.D., 1967, 162-163).

4.3.3.2.2 KOLOSSENSE 1:15-20.

Christus as Skepper van alles, Bewerker van ons verlossing en Hoof oor alles.

By nadere bestudering van hierdie gedeelte, herken ons iets van Johannes se leerstelling van die "Logos", wat alreeds voor die skepping bestaan het (Vgl. Joh. 1:1-18). In beide van hierdie Skrifgedeelte handel dit oor:

- die verhouding van God tot Christus, en

- Christus se unieke verhouding tot die ganse kosmos (vers 14 stel dit reeds duidelik dat Hy ons deur sy bloed verlos het).

Begin ons by vers 15, dan sien ons ten eerste dat Christus "Beeld van die onsienlike God" is. Hierdie "Beeld van God" — gedagte, bring Gen. 1:26 na ons gedagtes:

"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip".

Die mens is geskape na die beeld van God — wat dus die morele natuur van die mens beklemtoon en is dus ŉ belangrike gesigspunt t.o.v. ŉ Christelike antropologie. Christus is nog meer essensieel Beeld van God! Die belangrikheid van hierdie parallel, het bete= kenis t.o.v. die leer van inkarnasie. Reeds omdat die mens beeld= draer van God was, was dit vir God moontlik om na die mens te kom. Die Onsigbare word dus (in Christus) sigbaar vir die wêreld (Guthrie, D., <u>et al.</u>, <u>op. cit.</u>, 1144).

Soos Paulus in 2 Kor. 4:6 skryf: "Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn — dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus", moet ons uit vers 15 verstaan dat die onsigbare God verbeeld word deur Jesus Christus. Jesus verteenwoordig of manifesteer God se beeld op aarde (Vgl. ook Joh. 1:18 "Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, het Hom verklaar"). In Hebr. 1:3a lees ons weer dat Jesus die "afskynsel is van God se heerlikheid en die afdruksel van sy wese....". Die Griekse woord prōtotokos, dui daarop dat Christus buite die skepping staan: Hy is Eersgeborene van elke skepsel en dus Erfgenaam van die ganse skepping (Davidson, F., 1958, 1046).

Wanneer Christus dan "sigbaar" word, word Hy die eerste mens wat waarlik God se doel met die skepping vervul. Daarom, om na die Beeld van Christus te wees, is die oogmerk van alle Christene (cf. Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., <u>op. cit.</u>, 1338).

Die feit dat Jesus die "eersgeborene van die hele skepping" is, beklemtoon dat Hy "voor alle dinge" bestaan het. En omdat alle dinge "in Hom" geskape is, hou dit ook in Hom stand. Hy is dus Heer oor elke skepsel, want alles is <u>deur</u> Hom geskape (cf. Pool, M., 1975, 708).

191/.......

Vgl. Joh. 1:3 "Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie".

Dit is duidelik dat verse 16 en 17 drie belangrike aspekte ver=meld i.v.m. Christus se relasie tot die skepping (cf. Davidson, F., op. cit., 1046):

1. Hy is die oorsprong van alle dinge "want in Hom is alle dinge geskape". Dit impliseer dat alles wat geskape is, hul bestaan aan Hom te danke het. Paulus lê klem op die feit dat "alle dinge" hul oorsprong in Christus vind as hy selfs verwys na trone, heerkskappye, owerhede en magte. En omdat die skepping hul ontstaan aan Christus te danke het, is dit ondergeskik aan Hom:

   Vgl. Efes. 1:22 "En Hy het alle dinge onder sy voete onder=werp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee".

2. Die ganse skepping vind nou sy bestemming, sy doel, in Christus want alle dinge is "tot Hom geskape":

   Vgl. ook Hebr. 2:10 "..... ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is....".

3. Omdat Christus nou die Bron en die Doel van die skepping is, hou Hy "alle dinge in stand". Die feit is dus: ".... Christ is the unifying and cohering factor in Creation" (Guthrie, D., et al., op. cit., 1144) (vgl. ook Hebr. 1:3). In ooreenstem=met Davidson wil ons die volgende aanhaal: "He impresses upon creation that unity and solidarity which makes it a cosmos instead of a chaos" (Davidson, F., op. cit., 1046). Vanaf die begin tot die einde, is die geskape wêreld gebind aan die persoon van Christus (Guthrie, D., et al., op. cit., 1144).

Die heelal vind dus sy begin, voortgang en voleinding in Christus. Ons kan nou tot die slotsom kom dat niks van die skepping gelyk

is aan Christus nie — alles is ondergeskik aan Hom. Direk na die sondeval is dit Hy wat die kosmiese werklikheid "in stand" hou — met sy kruising het Hy herskeppend opgetree en alles in 'n nuwe lig geplaas: genade. Die sentrale betekenis van Christus is dan daar=in geleë dat God alle dinge met Homself versoen het deur Christus (Du Toit, S.J., 1964, 34). Die verlossingswerk van Christus het dus betekenis vir die mens in al sy lewensverbande — vir die ganse lewe van die mens (cf. De Klerk, J.J., se artikel in Woord en wetenskap, 1977, 55). Die mens, ook die wetenskaplike, het te doen met 'n gebroke werklikheid wat alleen in Christus herstel kan word. Op geen ander manier kan die werklikheid sinvol wees nie — alleen in Christus word die sinvolheid van die werklikheid herstel.

In die Kerk van Christus is Hy alleen die Hoof — niemand kan hierdie Hoofskap met Hom deel nie. Inteendeel, die ganse mensdom, die ganse skepping, moet Hom loof en eer as hulle Hoof. Vgl. Efes. 1:22.

Deur sy opstanding uit die dood is Christus die Eersgeborene van die hernude skepping en daarom sal die "ganse volheid" in Hom "woon" (d.i. permanent in Hom wees). Sy Kerk moet altyd wandel in die lig van sy soenverdienste aan die kruis — wat beide liefde tot God en liefde tot die naaste impliseer. Die taak van hierdie Kerk (d.i. alle gelowiges in Jesus Christus) is om uit te gaan en dissipels van Christus te wees. Die implikasie hiervan vir die wetenskaplike is dat hy volgens Gods Wil die aarde sal onderwerp en beheers tot eer van Gods Naam en tot verdere manifes=tering van sy Koninkryk op aarde.

#### 4.3.3.3 SAMEVATTING.

Om 'n Christen te wees "is to be fundamentally committed to being a Christ-follower (Wolterstorff, N., 1976, 67). Die implikasie vir die wetenskaplike is, dat hy as Christen sal weet dat die ganse skepping in Christus allêén stand hou. Die betekenis van Christus se versoening vir die wetenskap is daarin geleë, dat die wetenskaplike, vanweë die radikaliteit van die sonde in homself

en in die res van die skepping (dit waarmee hy hom besig hou), nie uit homself die voortgaande proses van sekularisering kan stuit nie, en daarmee saam ook nie die gebrokenheid van die wetenskap kan herstel nie. Alléén wanneer Christus die wetenskaplike in die hart gegryp het en die ware religie sy hart dan in beslag neem, word die persoon "'n nuwe mens omdat daardeur die lewenskontak met sy ware Oorsprong herstel is" (Strauss, H.J., "Christelike Beskawing" in Die Gereformeerde vaandel, Deel 26, nr. 2, Junie 1957, 14). Wanneer Christus só in die hart van die wetenskaplike is, ontsluit die akstruktuur in die God-gehoorsame rigting. Onder leiding van die Christelike religie, sal al die uitgange van die hart dan ana=staties gerig wees. "Al die uitgange" sluit dan ook die wetenskaps=beoefening in — net soos die reg, die ekonomie, die opvoedkunde, die kuns en alle ander lewensuitinge van die mens ingesluit word.

### 4.3.4 DIE KOSMIESE WERKING VAN DIE HEILIGE GEES AS HERSKEPPINGS=MIDDELAAR (MET VERWYSING NA DIE HEILSORDE).

Die kosmiese werking van die Heilige Gees word deur Jesus self beklemtoon in sy laaste onderwysinge aan die dissipels:

Joh. 16:7-11 "Maar Ek sê vir julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Troos=ter nie na julle kom nie; maar as ek weg=gaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is".

Die Heilige Gees "laat die mens deel kry aan Christus en die wel=dade wat Hy vir die mens verwerf het en lei die mens tot insig in Gods plan met hom en die wêreld" (Heyns, J.A., 1982, Deel I, 103).

Hierdie sitaat word duidelik as ons dit lees teen die agtergrond van die Christelike grondmotief soos in die Heilige Skrif gestel. Die Christelike wysbegeerte het hierdie grondmotief weergegee as die skepping, sondeval en verlossing in Jesus Christus in die gemeenskap van die Heilige Gees. Die Heilige Gees lei die mens tot 'n nuwe lewe "in Christus" — 'n lewe wat die sonde tot niet wil maak (Ridderbos, H., 1966, 223). Die Heilige Gees is dan, as die Gees van Christus, die Gees van die nuwe tydperk (wat na Chris= tus se soenverdienste begin het). Die ganse geskape werklikheid wat deur die Heilige Gees vernuwe word, is nuut en anders. Die "ou dinge" (die sonde) word afgesterf, en in Christus en deur die gemeenskap van die Heilige Gees kom daar 'n nuwe lewe vir die hele wêreld. Die sonde bly egter 'n werklikheid, maar die angel is daaruit gehaal.

Die Bybel openbaar aan ons dat die werk van die Heilige Gees radi= kaal en integraal is.

Volgens die Bybel (vgl. o.a. Ps. 14, Rom. 3:1-20 en Rom. 5:12 e.v.) word die mens wat dood is in sonde, in radikale sin (tot in sy hart), geestelik lewendig gemaak in Christus deur die Heilig Gees. Die Heilige Gees open dus die geslote hart — daar vind dus weder= geboorte in die hart plaas en hieruit groei die ware geloof, die bekering en die heiligmaking. "Dis uit die wedergebore hart dat die lewensuitgange van die hele mens in gehoorsaamheid aan sy wet op God gerig word, deur die Heilige Gees se genadewerking" (Lombard, J.C., "In die gemeenskap van die Heilige Gees" in TCW, 7de jaargang, 4de kwartaal, 1971, 145).

Die werk van die Heilige Gees is egter ook integraal. Die perspek= tief van die Skrif is, dat die "ou mens" afgesterf moet word en dat die "nuwe mens" daaruit gebore moet word. Dit sluit die mens as totaliteit in: die sonde moet op alle lewensterreine afgesterf word, want God eis die hele hart (met al sy uitinge) op, en die Heilige Gees wil in die mens as totaliteit woon (Ibid., 145-146). Uiteraard is daar dus geen plek vir neutraliteit nie: nie een enkele lewensuiting van die mens is neutraal nie, want geen lewens=

195/.......

uiting is uitgeslote van die radikale en integrale heiligingswerk van die Heilige Gees nie.

Die Woord leer ons duidelik van 'n weg waarlangs die Vader die soenverdienste wat die Seun vir ons verwerf het, deur die Heilige Gees, in die verbond van genade, aan ons skenk. Ons kan hier spreek van: die weg van saligheid (Feenstra, J.G., 1968, 185). Hierdie weg word genoem die heilsorde. Binne die kader van die heilsorde is dit die Heilige Gees wat deur God uitgestuur is en van God die opdrag ontvang "om die wat die Vader aan die Seun gegee het, tot Hom te bring en in Hom in te lyf sodat hulle deel sou hê aan die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus wat uit louter genade aan hulle gegee en toegereken is" (Ibid.)

Die Woord leer ons ook dat die verwerwing en die toepassing van die heil, God se werk is "wat in ons werk sowel om te wil as om te werk na sy welbehae, sodat ons ons saligheid uitwerk met vrees en bewing" (Ibid.).

God se ganse skepping, asook sy verlossings-genade aan die mens, deur Christus, roep die mens om God se weldade raak te sien. Maar Calvyn stel dit duidelik dat dit tervergeefs is, dat daar soveel ligte skyn in die skepping om die heerlikheid van die Skepper te openbaar, want alhoewel hulle ons van alle kante bestraal, lei hulle ons tog nie op die regte weg nie (Ibid.).

Paulus skryf ook aan die Romeine:

> "omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister" (Rom. 1:21)

Die feit dat God die mens roep tot sy diens, word geloën vanuit sekere wetenskaplike kringe. Diegene wat egter deur die Heilige Gees uit die dood tot die lewe geroep is, se lewens word vernuwe: hulle word weer gebore. Van hierdie wedergeboorte sê Jesus aan

Nikodemus:

"As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie ....." (Joh. 3:3-6)

Müller skryf van die wedergeboorte: "Die wedergeboorte is die in=storting van die nuwe lewe van God in die hart van die mens, en is besonderlik die werk van die Heilige Gees wat wederbaar en vernuwe". Hier begin die nuwe lewe, die lewe waardeur ons waarlik kinders van God word. Daar kom dus nuwe "lewensbeginsels" in die hart van die wedergebore mens (Müller, J., 1976, 53-55).

Die Heilige Skrif handel op drieërlei wyse oor die wedergeboorte:

1. Die vernuwing van die hart
   (Joh. 3; 1 Petr. 1:3, 23-25; Jak. 1:18).

2. Die vernuwing van ons hele lewe
   (Titus 3:5).

3. Die vernuwing van die ganse skepping
   (Matt. 19:28).

Soos Feenstra dit ook stel: "Die wedergeboorte is dus 'n daadwerk=like verandering van die hart waaruit die uitgange van die lewe is ..... Dit gaan dus hier om die herskeppende werk van die Heilige Gees wat deur die Vader en die Seun gestuur is ..... Wie wederge=bore is, leef in Christus en Christus lewe in hom" (1968, 185).

Deur ons wedergeboorte word ons nou bewus van die nuwe lewe (geloof) en hoe die nuwe lewe hom openbaar in ons lewenswandel (bekering) (Van Wyk, J.H., 1976, 118).

Geloof is deel van die geestestoerusting van elke mens. Adam het voor die sondeval deur die geloof gelewe — sy kennis was geloofs=kennis. Hy het geweet dat hy die ewige lewe sal ontvang as hy

gehoorsaam is aan God. Feenstra stel dit nou treffend as hy sê dat geloof eg-menslik is; 'n normale iets, terwyl ongeloof abnor= maal is (op. cit., 194). Elke mens glo in iets finaals — ook die "ongelowige" wetenskaplike gaan uit van sekere geloofsapriorieë.

"Om te glo wat God gesê het, is normaal; om nie te glo nie, maar om te glo wat die duiwel sê, is abnormaal. Dus is ongeloof iets meer as afwesigheid van geloof. Die ongeloof is nie neutraal nie, maar staan vyandig teenoor die geloof — net soos haat vyandig is teenoor liefde en dwaasheid teenoor wysheid. Nou is dit duidelik dat ware geloof, wat gewerk word deur die Heilige Gees, die her= stel is van wat die mens oorspronklik besit het en deel uitmaak van ons herskepping na die beeld van God" (Ibid., 194).

Geloof gaan nou gepaard met bekering. Die een wat die saligmakende geloof besit, lei 'n bekeerde lewe. Pop skryf in die verband: "De bekering is nergens in het N.T. moralistisch opgevat: wel dringt zij diep in de hele leven, in alle doen en late binnen. Geen onder= deel van het aardse bestaan valt er buiten ....." (1964, 8792).

Ons verwys ook na artikel 24 van die Nederlandse geloofsbelydenis wat duidelik bely dat hierdie ware geloof die nuwe mens lei tot 'n nuwe lewe — vry van die slawerny van sonde. Hulle sal nou werke doen wat goed en God wélgevallig is, omdat dit alles deur sy genade geheilig word.

By die bekering van die mens is twee sake belangrik:

1. Die innerlike sinsverandering (Grieks: metanoia).

2. Die uitwendige ommekeer (Grieks: epistrofee).

Müller skryf: "Hierdeur word sowel die verandering van insig en gesindheid asook die nuwe verhouding wat na buite intree, in die lig gestel. Die innerlike insig in die sondige verlede lei tot 'n besef van skuld en verlorenheid, en bring droefheid en berou en verootmoediging voor God, maar dit word meteens ook die aanvang van 'n nuwe openbare, veranderde lewensrigting en 'n nuwe godsdiens=

198/.......

tig-sedelike lewe" (op. cit., 57).

In die gelykenis van die verlore seun (Luk. 15) blyk dit dat bekering meebring: 'n inkeer tot jouself, 'n wegkeer van sonde, 'n terugkeer tot God, en 'n bewuste ommekeer in jou lewe (Ibid., 58).

Dus:

> "Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom" (Hand. 3:19)

Ons moet sonde dus haat. Ons moet vlug daarvoor. Die Kerk van die Here moet ook gedurig aandring op waaragtige bekering, omdat daar altyd geveinsdes en huigelaars in die Kerk is: hulle is in die Kerk maar nie van die Kerk nie. Maar die Kerk moet ook diegene wat reeds bekeerd is, oproep tot daaglikse bekering (Feenstra, J.G., op. cit., 200). Daaglikse bekering is nodig want ons voer daagliks 'n stryd tussen vlees en gees:

> "Waak en bid, dat julle nie in die versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak". (Matt. 26:41)

Die ware gelowiges kry nou deel aan Jesus Christus se weldade. Die eerste weldaad is die vergifnis van skuld (Regverdigmaking) en die tweede, die reiniging van smet (Heiligmaking).

Wanneer die Heidelelbergse Kategismus die vraag vra: "Hoe is jy regverdig voor God?" (vraag 60), dan kom die antwoord: Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus só dat God — al kla my gewete my ook aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig en geeneen daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle boosheid geneig is — my nogtans sonder enige verdienste aan my kant, uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk en toereken asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja asof ek self alle gehoorsaamheid vol=

199/.......

bring het wat Christus vir my volbring het, wanneer ek so ŉ weldaad met ŉ gelowige hart aanneem. In artikel 23 van die Nederlandse Geloofsbelydenis staan dit eksplisiet dat regverdigmaking bestaan in die vergewing van sondes. In die voorafgaande artikel (22) be=ly ons dat die Heilige Gees ŉ opregte geloof in ons harte ontvlam wat Jesus met al sy weldade omhels. Feenstra skryf dat dit nie die geloof self is wat ons regverdig maak nie, want dit is maar ŉ middel waardeur ons Christus, ons Regverdigheid, omhels. Hy is ons Regverdigheid voor God, en die geloof is ŉ middel wat ons met Hom in die gemeenskap van al sy weldade hou, wat nou hulle eiendom geword het, vir ons meer as genoeg is om van ons sondes vrygespreek te word. Deur die regverdigmaking verstaan ons nou die genadige en regterlike daad van God waardeur hy die mens om Christus ontwil vryspreek van hulle sondes. Die mens word dan voortaan as regver=dig beskou (Ibid., 201-203).

Die ganse regverdigmaking van die mens is dus "deur sy genade sonder verdienste" aan ons kant (Rom. 3:22,24 / Fil. 3:9). Die eie ver=dienste en goeie werke van die mens kan nie sy regverdigmaking ver=dien nie (vgl. die Rooms-Katolisisme).

Ons het reeds opgemerk dat die regverdigmaking die mens bevry van die skuld van sonde. Deur die Heiligmaking verstaan ons nou die "genadewerk van die Heilige Gees waardeur die mens verlos word van die smet en besoedeling en mag van die inwonende sonde". Christus vernuwe ons nou na sy Beeld. Die heiligmaking van die mens is nou die gevolg van die regverdigmaking. Die regverdigmaking lei ons nou tot ŉ toegewyde en vrugbare lewe in diens van God (Müller, J., op. cit., 60).

In artikel 24 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word gehandel oor die heiligmaking in verband met die regverdigmaking. Die ware regver=digmakende geloof sal die mens lei tot werke, wat as hulle voortkom uit die goeie wortel van die geloof, goed en God welgevallig is, omdat dit alles deur sy genade geheilig word. Ons doen nie hierdie goeie wer=ke om iets te verdien nie, maar uit dankbaarheid oor wat Christus vir my persoonlik gedoen het. Sondag 24 van die Heidelbergse Kategis=

mus bely dan ook dat dit onmoontlik is dat iemand wat in Christus deur 'n ware geloof ingeplant is, geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie. Sondag 32 stel dit dat Christus ons nou weer deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe. Dit gaan dus steeds om die afsterwe van die ou mens en die geboorte van die nuwe mens na die Beeld van Christus.

Die gelowige moet besef dat die liggaam die tempel van God is en dat "die Gees van God in julle woon" (Kor. 3:16). Daarom moet hy 'n heilige lewe lei wat in alle fasette God-gerig is: tot eer en verheerliking van God in alles wat die mens vermag.

> "Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig" (1 Petr. 1:15,16).

Alleen deur ons geloof in Jesus Christus word ons vernuwe tot heiligheid:

> "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan. Kyk dit het alles nuut geword" (II Kor. 5:17).

Dit is nou die werk van die Heilige Gees om die gelowiges se lewens te vernuwe tot heiligheid in Jesus Christus:

> "Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het —nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus, Christus, ons Verlosser; sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe". (Titus 3:4-7)

Op die weg van die heiligmaking vernuwe die Heilige Gees nou die ganse lewe van die mens. Liggaam en siel (1 Thess. 5:23) word ver= nuwe, en ook die verstand (1 Titus 1:15). Daarom moet die nuwe mens <u>alles</u> doen tot verheerliking van God (1 Kor. 10:31). Die nuwe mens moet ook "veel vrug" dra (Joh. 15:8). Wie vanuit die ware saligmakende geloof goeie werk doen, sal uit genade beloning ontvang:

> "..... wat elkeen sal vergeld na sy werke: aan die wat deur volharding in goeie werke heerlikheid, eer en onverganklikheid soek — die ewige lewe; ....." (Rom. 2: 6,7).

Op die eiesinniges wag daar egter oordeel:

> "maar aan die wat eiesinnig en aan die waarheid onge= hoorsaam, maar aan die ongeregtigheid gehoorsaam is — grimmigheid en toorn" (Rom. 2:8).

Wat nou duidelik blyk, is dat God reeds hier op aarde begin met die herstel van die mens na sy Beeld. Hoewel nie perfek nie, word die heiliges tog gereed gemaak vir volmaakte heiligheid in die hierna= maals. Daarom sê Jesus:

> "Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik" (Matt. 5:16).

Die Heilige Skrif leer ons ook van die volharding van die gelowiges. Kortliks kom dit daarop neer dat God deur sy Heilige Gees, die ge= lowiges lei dat hulle nie in sonde val nie. Daarom het Jesus ons leer bid: "Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose", sodat ons nie God vertoorn nie, en die Heilige Gees nie be= droef nie.

Müller poneer nou dat ons van passiewe, asook van aktiewe volharding

uit die Skrif leer. "In passiewe sin bestaan die volharding van die heiliges in hul bewaring deur God self (Joh. 10:29; 1 Petr. 1:4,5), in die onveranderlikheid van sy uitverkiessing (Rom. 8:29; 9:11,29; Ef. 1:4,5), die verseëling deur die Heilige Gees (Ef. 1:13; 4:30), en die onverliesbaarheid van die wedergeboorte (een=maal kind, altyd kind, Joh. 10:28). In aktiewe sin bestaan die volharding in die ywer en nougesette geloofslewe van die kind van God, sy gedurige gemeenskap met die lewende Here, en sy volgehoue heiligmaking (Matt. 24:13; Openb. 2:10)" (Müller, J., op. cit., 62).

Ons konkludeer met 'n aanhaling van Feenstra wat verwys na 1 Petrus 2:2 en vraag 15 van die Dortse Leerreëls: "Die wete dat daar 'n volharding van die heiliges is, is die wortel van die ware godsvrug en 'n kragdadige beweegrede tot 'n dankbare lewe. Daarom vermaan die Heilige Skrif ons ook om te volhard tot die einde toe en om die genademiddele te gebruik. Verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die Woord, dat julle daardeur kan op=groei. Die bruid van Christus het hierdie leer as 'n skat van on=waardeerbare prys baie teer bemin en standvastiglik verdedig. En dat sy dit ook voortaan kan doen, daar sal God voor sorg, teen wie geen raad enige krag besit of ewige geweld iets vermag nie. Aan die enige God, Vader, Seun en Heilige Gees kom toe eer en heerlikheid in ewigheid. Amen" (Ibid., 62).

### 4.3.4.1 KOLOSSENSE 3 AS VOORBEELD VAN DIE BYBELSE OPROEP TOT 'n HEILIGE LEWE — 'n LEWE TOT EER VAN GODS NAAM.

Paulus doen hier 'n baie sterk beroep op die ware Christene om die dinge van "daar bo" te bedink en nie die dinge van die aarde (sonde) nie. Wat Paulus eintlik vir die Christen sê, is: Wat jy glo, bepaal in 'n groot mate hoe jy optree (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., op. cit., 1343).

Die Christen glo in Christus: hy het saam met Christus gesterf en saam met Christus opgestaan. Hy deel dus in die verlossing wat Christus bied en nou deel hy ook in sy lewe daarbo in die hemel!

As Paulus praat van die "dinge daarbo" dan wys hy ook op die nuwe

lewe in Jesus Christus. En hierdie "nuwe lewe" kan elke mens se "eiendom" word as hy hom deur die Heilige Gees na Chrsitus toe laat lei (Ibid., 1342).

Die Christen se burgerskap is ook in "Jerusalem daarbo" (Gal. 4:26). Elke Christen moet besef dat hy een met Christus is (3:3) en wanneer Christus weer geopenbaar word (vers 4- Christus se tweede koms) sal alle Christene saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word". Daar= om stel Paulus dit so sterk dat die Christen alle sonde uit sy lewe moet verban (3:5). Die ou mens moet geheel en al afgesterf word, sodat die nuwe mens (wat kinders van God is deur Jesus Christus) die ware Beeld van God kan nastreef, ook in sy wetenskapsbeoefening.

Paulus bring in vers 11 die boodskap dat, wanneer die mens voor die kruis van Jesus staan, verdwyn sosiale verskeidenheid — almal is gelyk voor God: Griek, Jood, onbesnedene, barbaar, Skith (laag= ste vorm van barbarisme), slaaf en vryman. Ons moet egter altyd onthou dat dit ŉ eenheid binne verskeidenheid is: ŉ eenheid wat verskille transendeer, maar nóóit ŉ eenheid wat die verskeidenheid wil uitwis nie (Ibid., 1343).

Paulus hou ook sekere voorskrifte aan die Christen voor:

- verdra mekaar
- vergewe mekaar, soos Christus julle vergewe het
- beklee julle met die liefde wat die band van volmaaktheid is
- laat die vrede van God in julle harte heers
- laat die Woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid
- leer en vermaan mekaar met Psalms, lofsange en geestelike liedere
- sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van God

  En, belangrik,
- en wat julle ookal doen, in woord of daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

Hoewel Paulus in hierdie Skrifgedeelte verwys na die sedes van

204/.......

die mens,is dit duidelik dat hy met hierdie laaste voorskrif (vers 17) sinspeel op die Koningskap van Christus oor die ganse lewe. "His Lordship implies not only a mode of conduct but an attitude toward life: in conscious reflection upon the will of Christ, one's actions become an act of thanksgiving to Christ. External rules, even when good, are not adequate for every situation; the 'rule' of indwelling Christ is the only sufficient guide" (Ibid., 1344).

In verse 18-22 wys Paulus hoe die nuwe lewe in Christus die alle= daagse lewe van vroue, manne, kinders, vaders en diensknegte, po= sitief moet verbeter. Die ganse Christelike lewe moet in die teken van die "nuwe lewe in Christus" staan. Elke lewensuiting moet kenmerkend wees van die Christelike lewe, ook wetenskapsbeoefening.

In vers 23 benadruk Paulus die feit dat alles van harte gedoen moet word: in die eerste instansie vir God.

4.3.5 VOLEINDING.

4.3.5.1 ORIËNTERING.

Dit blyk duidelik uit Rom. 8:18-30 dat die ganse skepping "smag" na die wederkoms van Christus, "want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe (vers 22).

Die verhumanisering en die daaruit vloeiende sekularisering van die mens se bestaan in die tyd, dra grootliks daartoe by dat die Christen= mens met blymoedigheid uitsien na die dag wanneer die Here weer sal kom om daaraan 'n einde te maak. Dit is die begin van die lewe sonder die gedagte van "neutraliteit", sonder skepselverheerliking en sonder voortdurende stryd teen wetenskaplikes wat nie hul we= tenskap tot sy eer beoefen nie.

4.3.5.2 SAGARIA 14 AS BYBELSE PERSPEKTIEF OOR DIE DAG VAN DIE HERE WAAROP ALLE ANTI-CHRISTELIKE MAGTE (OOK DIE ONGELOWIGE WE= TENSKAPSBEOEFENING) TOTAAL VERNIETIG SAL WORD.

By die aanhoor van hierdie profesie word o.a. die volgende perti=

nent in die vooruitsig gestel:

- daar kom 'n stryd: God sal alle ongelowiges oordeel. Die nuwe stad Jerusalem sal "gereinig" wees van die verderflike invloed, wat van die ongeloof uitgaan;

- die stryd (God se oordeel) sal verskriklik wees vir die ongelowiges;

- God sal oorwin: Hy sal weer Koning oor die hele aarde wees;

- al die gelowiges word in Jerusalem vergader en veilig bewaar.

Hier vind ons 'n duidelike vooruitwysing na die Dag van die Here wan= neer Hy hierdie met-sonde-belaaide-wêreld, met vernietigende krag sal oordeel. Dummelow stel dit so: "..... a day is coming by the instrumentality of the LORD, i.e. a judgement day" (Dummelow, J.R., op. cit., 611). Ridderbos is oortuig dat hierdie gedeelte 'n eska= tologiese karakter dra (1968, 185).

In die eerste verse (1-7) sien ons nou die voorspel wat oploop na die Wederkoms van Christus. Baie nasies het Jerusalem skade berok= ken en hulle selfs in die stad gevestig, maar op die unieke dag sal hulle vlug asof vir 'n aardbewing, want: die Here sal 'n stryd voer teen hulle. Selfs duisternis sal die lig verdring op hierdie dag van die Here. Die inwoners van Jerusalem moet egter weet: "teen die aand sal dit weer lig word". Al lyk die toekoms ook hoe duister, die gelowiges het die troos, nl. dat die Here en sy heili= ges op die dag sal verskyn. Die dag van Christus se Wederkoms "will be unusual from the angle of the phenomena of nature. The day will be darkened; and the evening, when darkness should settle down will see light, the light of the presence of Christ" (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., op. cit., 910).

Die middelpunt van alle heil (vers 9), is die Koningskap van die Here wat oor die hele aarde strek. Ridderbos stel dit so: "De Heere alleen zal als God worden erkend, zijn naam alleen worden

genoemd; de namen der afgoden zijn weggedaan" (Ridderbos, J., <u>op. cit.</u>, 187). Hierdie gedagte onderstreep die universaliteit van Christus se Koningskap.

> Openb. 11:15 "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewig=heid".

In vers 10 word die grense van Jerusalem beskryf, maar die belang=rike kom in vers 11 na vore:

> "hulle sal daarin woon, en daar sal geen banvloek meer wees nie, en Jerusalem sal in veiligheid woon".

Geen ballingskap, geen sonde en geen bedreigings van oorlog sal ooit weer hier ondervind word nie! Ook geen bedreiging deur valse/ongelowige wetenskap nie.

In verse 12-15 word daar nou verwys na ŉ plaag wat oor die vyande van Jerusalem sal kom. Hierdie gedeelte sluit, aldus Ridderbos, aan by verse 3-5 (<u>Ibid.</u>, 188). Die HERE sal hulle met ŉ vreeslike plaag tref: hulle vlees sal wegteer, so ook hul oë en tong. Dit is dus duidelik dat: "the Lord will accomplish his victory over the invading forces by smitting them with a supernatural, flesh-consuming plague" (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., <u>op. cit.</u>, 911).

Hiernaas (vers 13) sal daar nog "Eene verbijstering, een soort van zinneloosheid over hen moet komen, waardoor ze elkander bestrijden en verdelgen" (Ridderbos, J., <u>op. cit.</u>, 188). "Confusion and civil strife will complete the work of devastation" (Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F., <u>op. cit.</u>, 911).

Die vyande sal groot verliese ly (14). Die rykdom van al die

nasies sal Jerusalem se eiendom word.

Ook sal die vyand se diere met die plaag getref word (15). Tog is daar 'n keersy (16-19): nie al die vyande gaan tot niet nie — sommiges sal hulle bekeer tot die diens van die God van Israel. Hulle sal elke jaar na Jerusalem optrek om die HERE te aanbid. Die melding van die Loofhuttefees is van belang, want dit is die fees van vreugde waarin al Israel se ander feeste hul hoogtepunt bereik.

Diegene wat nie na Jerusalem optrek nie (17) sal uitgesluit bly van Gods seën — "geen reën sal hulle kry nie".

In vers 18 word Egipte by naam genoem. As hulle nie optrek na Jerusalem nie, sal die plaag hulle ook tref. Vers 19 herhaal die feit dat dit diegene se straf sal wees wat nie optrek na Jerusalem nie: "geen zegen zonder het eeren van die waren God" (Ridderbos, J., op. cit., 189).

In verse 20 en 21 blyk dit duidelik dat die ganse Jerusalem "heilig" sal wees. Alles en almal sal God se heiligheid ervaar en bely:

> Vgl. ook 1 Kor. 15:28 "En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees".

> Openb. 11:15 "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid".

Sag. 14:20-21 is relevant t.o.v. ons tema, want dit stel hoe die hele lewe van die mens heilig aan die Here is. Elke lewensuiting van die mens word hiermee opgeëis.

Ridderbos verwys hier na 'n dubbele karakter van die profesie (Ibid., 109).

- aan die een kant het ons hier te doen met 'n "Oudtestamen= tisch- Schaduwsachtig" karakter: die mens moet geen letter= like vervulling van die profesie verwag nie;

- aan die ander kant het ons hier te doen met 'n eg eskatolo= giese profesie wat verwys na die eindtyd — die voleinding van die wêreld.

Die Kerk van Christus (wat o.a. Christelike wetenskap beoefen) word bedreig deur die haat van die wêreld (in ons tyd o.a. "neutrale" wetenskap. Met die "Kerk van Christus" bedoel ons die "heilige vergadering van ware gelowiges in Christus wat hul hele saligheid in Jesus Christus verwag, en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees" (Feenstra, J.G., op. cit., 217). God sal die "haters" vernietig — vir hulle sal daar geen plek wees in die nuwe Jerusalem nie, want:

"En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelik en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die Lam".

Die mens in tyd moet alreeds strewe na die heiliging van die ganse lewe. Die Koninkryk van God moet alreeds gemanifesteer word in al die uitgange van die menslike lewe: die mens se handearbeid, sy po= litiek, sy huwelik, sy skool, sy universiteit, sy wetenskap, sy sport, ens., moet nou reeds die stempel dra van die Koninkryk van God!

Die beoefenaar van "neutrale" wetenskap, moet kennis neem dat niks uitgesluit word van Gods komende oordeel. Elke mens sal getoets word aan sy werke; elke mens sal geoordeel word volgens sy werke. Tot wie se eer verrig die wetenskaplike sy werke?

Die wetenskaplike wat in diens van God, sy eer gestel het, sien met vreugde uit na die voleinding van alle dinge wanneer Gods eer vol= kome herstel sal word.

### 4.3.6 DIE HEILIGING VAN GODS NAAM, DIE UITBREIDING VAN SY KONINKRYK EN DIE GEHOORSAME DOEN VAN SY WIL, OP ALLE LEWENSTERREINE IN DIE LIG VAN DIE EERSTE DRIE BEDES VAN DIE "ONSE VADER".

Die Onse vader is opgeteken in Matt. 6:9-13 en in Lukas 11:2-4.

209/......

Deurgaans gaan ons verwys na kommentare wat lig werp op dié Skrif= gedeeltes.

Die relevansie van veral die eerste drie bedes (t.w. 1. Laat U Naam geheilig word; 2. Laat U Koninkryk kom; en 3. Laat U Wil geskied) t.o.v. ons tema, sal gaandeweg blyk.

Dit is van uiterse belang om daarop te let dat hierdie gebed, model= gebed, deur Jesus Christus aan die gelowiges voorgehou is. In Mat= teüs se weergawe van Jesus se Bergpredikasie (5-7) gee Jesus uitdruk= lik hierdie gebed aan die skare as Hy sê: "So moet julle dan bid..."

H. Ridderbos lê die klem op hierdie woorde, want daardeur word ons gewaarsku "tegen een ijdelen omhaal van woorden ..." (Ridderbos, H., 1946, 126-127).

Die Aramese gebed, Kaddish, wat in die liturgie van die sinagoge gebruik is, "probably provided a seed-plot for the Lord's Prayer". Die Kaddish begin ongeveer as volg: "Laat Sy Naam verhoog en ge= heilig wees op die wêreld wat Hy geskep het ooreenkomstig Sy Wil. Mag Hy Sy Koninkryk laat regeer" (Gundry, R.H., 1982, 104).

Die gebed wat Jesus nou aan sy dissipels voorhou, het aan al die deur Hom gestelde vereistes voldoen. Dit was inderdaad 'n volmaakte gebed, wat deur alle gelowiges nagevolg moet word (Grosheide, F.W., 1954, 95).

Calvyn sê baie duidelik dat die regte gebed nie in woorde nie, maar in die sake waaroor gebid word, lê (Ridderbos, H., <u>op. cit.</u>, 131).

Greijdanus sê: "Als het gebed maar is naar Gods Woord, en als het maar gebeden word met het hart" (1954, 98).

Hierdie bedes waarmee ons ons hier besig hou, is dus "sake" wat deur Christus van uiterste belang geag is, want, soos Grosheide dit stel, gaan dit in hierdie drie bedes om die bevordering van die

210/.......

saak van God op aarde: "Zij vragen niet, dat God iets worden toe=gebracht, maar zij vragen, dat het recht Gods op aarde sal mogen worden erkend" (Ibid., 98).

Die ses bedes van die "Onse Vader" kan vertikaal en horisontaal verdeel word. Die eerste drie bedes is ten eerste vertikaal — tog God gerig (U Naam, U Koninkryk, U Wil), terwyl die laaste drie bedes horisontaal op die menslike nood gerig is, maar ook hierin God eerste (Smitt, J., 6de druk, s.j., 37).

Die eerste drie bedes dui in kern op dié gedagte: die volkome oorwinning van God oor alles wat Hom tans nog weerstaan (Ridderbos, H., op. cit., 131). Nou kom die gelowige met hierdie bedes tot Gods troon om die volgende te vra:

EERSTE BEDE: "LAAT U NAAM GEHEILIG WORD"

Ps. 115:1 "Nie aan ons o Here, nie aan ons nie, maar aan U Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil".

Hierin bid die gelowige dat die Naam Gods tot sy reg moet kom; dat sy Naam op alle lewensterreine opreg gedien sal word. Hierdie bede laat mens noodwendig ook die betekenis van die derde gebod ("Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydelik gebruik, nie ongestraf laat bly nie" — Eks. 20:7 / Deut. 5:11) in hierdie perspektief toepas. Beide gebod en gebed, eis van elke gelowige om God se Naam reg te eer en te prys. God eis dit van ons om sy Naam te heilig, want God is heilig. Deur Gods naam aan te roep beteken om God self aan te roep. Gods Naam impliseer nie net ŉ noemnaam soos by ons nie. Nee, God se Naam is ŉ werklikheid, en in werklikheid God self.

Spreuke 18:10 "Die Naam van die Here is ŉ sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut".

1 Sam. 17:45 "Maar Dawid sê vir die Filistyn: Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou <u>in die Naam van die Here van die leërskare, die God</u> van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het".

Uit die volgende Psalms is dit baie duidelik dat die Psalmis God self bedoel as hy na Gods Naam verwys.

69:31 "Ek wil die Naam van God prys met 'n lied en Hom groot maak met danksegging"

69:37 "En die nageslag van sy knegte sal dit beërwe, en die liefhebbers van sy Naam sal daarin woon".

Vgl. ook:

Ps. 75:2 "Ons loof U, o God, ons loof, en naby is u Naam; hulle vertel u wonders".

Ps. 119:132 "Wend U tot my en wees my genadig volgens die reg van die wat U Naam liefhet".

Wanneer die gelowiges dus bid "Laat U Naam geheilig word", bid hy dus in die eerste plek dat God <u>self</u> geheilig sal word. Die gebed vra dan om die heiliging van die Naam van die Almagtige God op alle lewensterreine. Dit is nou in die lig van hierdie eerste bede wat ge=lowiges bid "dat God Zichself tegenover de wereld moge handhaven in al wat Hij, blijkens zijn openbaring, voor de wereld is en van de wereld vraagt, omdat zijn eer en heerlijkheid weer onverduisterd in heel zijn schepping aan het licht moge treden" (<u>Ibid.</u>, 132).

Die huidige krisis of chaos van ons wêreld is aan die mens self te danke. Sonder God kan ons egter nie ons voortbestaan verseker nie. As God weer sy regmatige plek kry in die harte van alle mense,

212/.......

dan sal die menslike bestaan, stoflik sowel as geestelik, weer in orde kom (Smitt, S.J., op. cit., 37).

Waar God is, daar is die ware lewe en die ware geluk. Waar God nie is die, daar is dit duisternis en die dood!

Die moderne mens se wetenskaplike navorsing in die geskape werklik=heid, is nie meer daarop gemik om God te verheerlik nie, maar is gemik op eie voordeel, op menseverheerliking. As ŉ blom van sy stam afgesny is, verwelk dit sekerlik! Die mens sny homself af van sy religieuse stam, en hierdie losmaak-poging van die mens dompel hom net meer in die krisis waarin hy hom tans bevind! Mense erken nie dat hulle kinders van God is nie; hulle erken nie dat God ŉ kultuuropdrag ook aan hulle gegee het nie, hulle erken nie God se Koningskap oor geheel die wêreld nie — hulle lewe in waan=sinnige, aanmatigheid en hoogmoed: sonder God en dus sonder sy Woord —verlore skape van Israel! Maar tog kom daar ŉ noodroep om herstel in die bede: "Vader Uw wereld sterft weg omdat ze U niet kent, en van U niet weet. In de wêreld hebt ge Uw plaats niet. En de kerk geeft hem U niet. We hebben U verloren. Ze noemen U niet. Ze zwijgen U dood op aarde. Men heeft U genegeerd. Ze zwijgen U dood in hun samekomsten en hun werkplaatsen. Op Zijn best zijt Ge een sluitpos op Zijn hoogst zijt Ge een laatste hulp bij ongelukken .... Wij hebben Uw naam verloren" (Ibid., 41).

Die ontheiliging van God se Naam het vandag demoniese afmetings aan=geneem. Ons dink aan die duiwelaanbidders; die Jode wat Christus verwerp; die Papiste wat Gods Woord verdraai en God liggaamlik probeer voorstel en eer; die Pous wat glo dat hy mag besit om sonde te vergewe, terwyl God alleen sonde kan vergewe (Watson, T., 1965, 46). Hoe lyk hierdie mense se wetenskaplike werk? In watter lig staan hulle werk? Wie se naam word daardeur verheerlik?

Gods Naam (resp. God self) moet weer eens sy regte plek in die lewe van die mens inneem. Dit sal geskied wanneer ons o.a.:

1. al ons vertroue in Hom plaas;

213/.......

Ps. 33:21 "want ons hart is bly in Hom, omdat ons op sy heilige Naam vertrou".

2. die eer van alles wat ons vermag aan Hom toeskryf:

Ps. 115:1 "Nie aan ons, o Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goeder= tierenheid, om u trou ontwil".

3. altyd daarna strewe om sy Wil te doen:

Ps. 11:15 "Ek wil u bevele oordink en op u paaie let".

4. onsself deur sy Woord laat lei, want:

Ps. 119:105 "U Woord is ŉ lamp vir my voet en ŉ lig vir my pad".

5. die eer van sy Naam beskerm waar mense dit onteer:

Vgl. bv. Eks. 32 waar Moses die 2 kliptafels stukkend gooi, omdat die volk Gods Naam onteer deur Hom te verpersoonlik in ŉ dooie beeld;

6. ons opnuut besef dat ons ganse lewe staan in die lig van Chris= tus se herskeppingswerk (cf. <u>Ibid.</u>, 39-45).

Watson skryf: "The reason God's Name is no more hallowed, is because his Name is no more loved" (<u>Ibid.</u>, 53).

Die sentrale liefdesgebod, soos deur Jesus aan ons voorgehou in Matt. 22:37-39 is nie meer ŉ belangrike prioriteit in die harte van mense nie. Die liefde teenoor die naaste het haat, nyd, onenigheid, twis, smaad, vervolging, e.s.m. geword. As ons nie eers ons naaste liefhet nie, met wie ons daagliks in aanraking kom, wie ons daagliks sien, hoe kan ons God dan liefhê Wie ons nie eers sien nie?

TWEEDE BEDE: "LAAT U KONINKRYK KOM"

In die koninkryksteologie word dit duidelik gestel dat die volmaakte Koninkryk van God eers by die wederkoms van Christus tot volle ont=plooiing sal kom. Dan sal Gods Koningskap en daarmee saam sy Soe=wereiniteit, waarlik tot sy reg kom. Die "nuwe mens" in Christus is egter opgeroep om rééds hier in sy aardse bestaan, die soewereini=teit van God te erken, en sodoende Gods Koninkryk reeds hier op aarde te laat kom. Dit kan die mens alleen vermag as hy in Chris=tus en deur die gemeenskap van die Heilige Gees, al sy doen en late verrig tot eer en verheerliking van Gods Naam. Die Christenmens sien egter hoe die sekularisme in hierdie lewe voorstu.en bid God om genade en leiding ten einde alle apostatiese -ismes teë te werk en sodoende sy Koninkryk reeds hier op aarde te manifesteer.

Die gelowige bid dus hierdie bede omdat hy as gelowige in die diep=ste van sy wese seerkry; seerkry omdat die duiwel soveel bestaans-reg gegun word in die moderne lewe. Herman Ridderbos stel die herstel treffend as hy sê dat die bidder nou eintlik vra, dat God die staat van heil en volkomenheid moet laat aanbreek want Hy alleen kan herskeppend ingryp (Ridderbos, H., op. cit., 132).

Met die bede erken die gelowige ook dat God Koning oor die ganse wêreld is. Koninkryk impliseer dat daar 'n koning moet wees wat regeer. So is God Koning oor sy Skepping: "of men dit erkent of niet, of men voor de macht buigt of autoritair zelf naar de macht grijpt, in wezen verandert dit, niets. God is Koning en blijft Koning" (Smitt, S., op. cit., 43). Openb. 19:16 stel dit duidelik dat God die Koning van die Konings is (Rex Regum).

Die begrip "koninkryk" (soos in die Bybelse sin van die woord) pro=klameer prinisipieel God se soewereiniteit oor sy ganse geskape wêreld en die mens en die res van die skepping se onderworpenheid. Heyns skryf tereg dat "God regeer, en sy Heerskap moet gehoorsaam word" (1976, 93). Gods Koninkryk is nie beperk tot die kerk nie, maar dek alle lewensterreine (cf. Hart, H., 1968, 123-124; asook

Bright, J., 1953, 236). Hierdie is 'n uiters belangrike perspektief, want wanneer die Koninkryk van God beperk word tot die kerk, soos Rome dit doen, lei dit daartoe dat "most of human life is left without the power of the Word of God" (Hart, H., 1968, 125). Wan= neer God se soewereiniteit beperk word tot die kerk as instituut, is die gevolg dat die onderworpenheid van die mens aan God, op alle ander lewensterreine misken word. Hieruit word die gedagte van die sg. "neutrale" wetenskap dan opgebou. Ridderbos stel dit egter dat: "The Kingdom of God is related to the whole creation, to the whole life ....." ("Church, World, Kingdom" in Justice in the international economic order, Aug. 1978, 19,20).

Die Skrif leer immers dat Christus die Hoof is van alle dinge en as Lam van God, en Hoof van die skepping, sal sy oordeel oor alle dinge gaan. "Alle dinge" moet dus tot sy eer en tot sy verheerli= king geskied; nie net met die kerkdiens nie, nie net op Sondae nie, maar in alle lewensuitinge van die mens — al die dae van sy lewe! (cf. hieroor Ridderbos, H.N., 1968, 158 e.v.). Elke mens moet dus 'n ware burger word van hierdie Koninkryk van God. In die lig skryf Strauss: "Elke faset van die burgers se koninkrykswerk .... is gelyklik saamgetrek in en is onderworpe aan die sentrale volheid van God se wet — die liefdesdiens aan God en die naaste met die hele hart ...... Daarom behoort die sentrale hartsgehoorsaamheid van Gods wet differensiërend Christelik gestalte te kry in gehoor= saamheid aan die skeppingsbeginsel vir elke lewensvorm en lewens= terrein" (1978, 245). Binne hierdie Koninkryk mag daar dus geen skepselverabsolutering wees nie, maar slegs: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien" (Matt. 4:10).

Die Koninkryk van God setel op aarde binne die mens self. Daarom bestryk dit die ganse lewe van die mens — al sy doen en late, individueel en gemeenskaplik,in kerk, staat, maatskappy, beroep, gesin, skool. universiteit , kultuur, kuns, gewoontes, ens. (Kempff, D., "Inleiding oor Koninkryk en wêreld in die algemeen" in Die Koninkryk van God, 1969, 317).

Op grond van die deïstiese Godsbegrip is daar deur die "neutrale" wetenskaplikes uitgegaan van die oortuiging dat alle wetenskap met neutrale natuurwette te doen het. Hierin is geen sprake van God as Onderhouer en Voleinder van alle dinge nie. Dus: "die aktuali= teit van die Koninkryk van God — van die wette en ordinansies van God vir elke dag se doen en late — is deur verwetenskaplike waarhede uit die gedagtewêreld, verdring" (Venter, C.N., "Volkslewe en kultuur" in Die Koninkryk van God, 1969, 339).

Elke wetenskaplike is dus veronderstel om koninkrykswerk te doen: in diens van en tot eer van die Koning.

Die mens het binne dié Koninkryk gesekulariseerd geraak! Hy wil self heers as koning en nie dien as skepsel nie! Daarom wil ons saam met Smitt bid: "Schep Gij orde in de chaos. Geef ons een andere, een betere, een nieuwe wereld. Laat Uw nieuwe orde komen, waardoor waarheid en liefde, gemeenschap en geluk bloeien kunnen, waar nu dreiging de volken benauwt"(Ibid., 45).

DERDE BEDE: "LAAT U WIL GESKIED".

God se Wil word in twee verdeel (Watson, T., op. cit., 151).

* Voluntas decreti (d.i. God se verborge wil). Hierdie wil van God ken ons nie. Ons bid dus nie vir dié Wil wat moet geskied nie.

* Voluntas revelata (d.i. God se geopenbaarde Wil). Hierdie "Wil" van God is in sy Heilige Skrif opgeteken. Hierin leer ons wat God wil hê ons moet doen.

By die bede dat Gods geopenbaarde Wil moet geskied, bid ons nou om twee dinge: Eerstens, aktiewe gehoorsaamheid (sodat ons God se Wil aktief nastreef) en tweedens, passiewe gehoorsaamheid (sodat ons ons onderwerp aan God se Wil) (Ibid., 187).

Die kern en bron van die huidige ellende van die wêreld is die mens

se eie wil wat in opstand gekom het teen die Wil van God. Die wêreld word deur die mens bepaal: sondaar mense, sal 'n wêreld van sonde ten gevolge hê. En een ding is nou maar seker: Ons harte is in kern siek, en ons wil is aweregs gerig (Smitt, S., op. cit., 53).

As ons ons eie wil laat regeer in ons lewens — weg van God se wil — dan stap ons die pad na die verderf toe. Indien daar volhard word op 'n pad waarin bely word: Nie U Wil nie maar my wil geskied, sal so=danige verwerping van Gods Wil, sekerlik sy doel mis. Dan is sy loon op sy volhading in sonde, die ewige dood. Daarom bid gelowi=ges nou in hierdie bede om hulp sodat God se volmaakte Wil al meer ons hartsbegeerte word — om op alle lewensterreine te doen wat sy Wil is.

> "En beproef wat die Here welbehaaglik is; en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer" (Efes. 5:10-11).

## 4.3.7 SAMEVATTENDE TERUGBLIK.

Die Bybel spreek in duidelike terme van die soewereiniteit van God oor die ganse geskape werklikheid; oor alle mense en elke menslike aktiwiteit. Dit het duidelik geblyk dat die mens in 'n totale af=hanklikheidsverhouding tot God staan — al het die mens probeer om hieraan te ontkom (cf. oor lg. veral die Internationaal Refor=matorisch Bulletin, nr. 9, 5de jaargang, April 1962, 3-4).

Op geen stadium het ons op Skrifgedeeltes afgekom wat direk gerig is aan die adres van die moderne wetenskapsbeoefening nie. Die Bybelse appél was egter duidelik dat alle menslike aktiwiteite tot eer en verheerliking van God sal geskied en dit sluit ook die mens se wetenskapsbeoefening in.

Binne die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval, verlossing en voleinding het ons telkens gesien dat daarin sekere implikasies

218/.......

vir wetenskapsbeoefening ingebed lê.

Die wetenskaplike werk binne die kader van God se skepping met ken-objekte wat nie vreemd aan die geskape werklikheid is nie. Daar is op geen stadium iets gevind wat neutraal gestel kan word nie, want die Skrif het duidelik geïmpliseer dat God alles geskape het en dat alles in Christus stand hou. Selfs na die radikaliteit van die sondeval het Christus onmiddelik ingetree as Herskepper en Verlosser, sodat dit alles steeds sinvol na hul ware oorsprong ver=wys.

Al is alle wetenskaplike kennis net 'n "ken ten dele", kan die mens egter steeds deur die bril van die Skrif en in Christus en deur die gemeenskap van die Heilige Gees, die ganse geskape werklikheid steeds ontsluit tot eer en verheerliking van God, sodat sy Naam verheerlik sal word, sy Koninkryk reeds hier op aarde sal kom en sy Wil alleen sal geskied.

# HOOFSTUK 5

## DIE HUIDIGE STAND VAN CHRISTELIKE WETENSKAP.

### 5.1 INLEIDING.

Christelike wetenskap is 'n voldonge feit, al is daar aspekte van die wysbegeerte en vakwetenskappe waaroor verder besin moet word, want hierdie besinning is nooit voltooi nie. Die Christen-weten= skaplike erken ook die onvolkomenheid en onvoltooidheid van sy werk, maar dit ook in die geloof dat die seën van die Here daarop rus, kragtens sy verbondsbelofte.

Ons wil egter beklemtoon dat die ideaal van Christelike wetenskap ook tot 'n groot mate 'n ideaal is wat verwesenlik is, al lê daar nog baie velde braak en groot ruimte vir verdere besinning. Moed en ootmoed is hier gebiedend. Ons moet in gedagte hou dat, behal= we vir die Skrifgehoorsaame teologie, die doelbewuste strewe vir Christelike wysbegeerte en -vakwetenskap nie veel meer as 'n eeu oud is nie — gereken vanaf die Christelike onderwysstryd van dr. A. Kuyper in Nederland.

### 5.2 DIE HUIDIGE STAND VAN CHRISTELIKE WETENSKAP IN DIE R.S.A.

#### 5.2.1 OP UNIVERSITEITSVLAK.

Beskou ons die universiteite binne die grense van die R.S.A., as sentrum vir die beoefening van wetenskap, van nader, dan word dit gou duidelik dat Christelike wetenskap huidiglik nie ten volle tot sy reg kom nie. Die onderskeie gewetensklousules wat deur die meeste universiteite behou word, veronderstel 'n "neutrale" weten= skapsbeoefening. Die gewetensklousules van die onderskeie uni= versiteite is gebore uit Wet nr. 12 van 1916 van die Unie van Suid-Afrika se eerste Universiteitswetgewing. Hierdie wetgewing het bepaal: "Niemand mag op enigerlei wijzse aangaande zijn gods= dienstige gezindheid getoets worden als voorwaarde om een gegra= dueerde van de Universiteit of Professor of Lector, dosent of stu=

dent aan de Universiteit te worden of te blijven of om daarin een ampt, emolument of voorrecht te bekleeden of te genieten, zullen tevens aan niemand de voorkeur gegeven of een voordeel onthouden worden op grond van zijn godsdienstige gezindheid" (Eloff, S.J., 1978, 7).

Aan die universiteit van Kaapstad, Stellenbosch, Pretoria, Witwaters= rand, Rhodes, Natal, Port Elizabeth, en die Universiteit van Suid-Afrika, word hierdie gewetensklousule gehandhaaf.

Die Randse Afrikaanse Universiteit lê dieselfde godsdienstoets aan as wat in die Grondwet van die R.S.A. voorkom, nl. die erkenning van die soewereiniteit en leiding van die Almagtige God. Hier sal 'n ateïs dus onaanvaarbaar wees, maar 'n nie-Christendenker word tog aangestel. Hier word dus "'n algemeen-godsdienstige, maar <u>nie</u> 'n Christelik-godsdienstige toets nie, aangelê vir dosente en stu= dente" (<u>Ibid.</u>, 22).

Die Universiteit van die Oranje Vrystaat het egter in sy laaste Senaatsvergadering vir 1985, die volgende akademiese missie (taak en credo) geformuleer:

<u>DIE AKADEMIESE MISSIE (TAAK EN CREDO) VAN DIE UOVS.</u>

As Christelike Afrikaanse universiteit aanvaar ons die roepingseis om wat jy doen, goed te doen en daarom wil ons in beskeidenheid maar in erns na wetenskaplike voortreflikheid bly streef. Dit verg meer duidelikheid oor die taak en benadering van die UOVS.

<u>DIE TAAK VAN DIE UOVS.</u>

Die Universiteit as akademiese instelling funksioneer te midde van en in samehang en wisselwerking met ander samelewingsinstellings, maar tog met 'n onderskeidende terrein en taak. Die kern van die universiteitsaktiwiteite is geleë in

* onderwys

* navorsing en, voortspruitend uit beide,

* aanvullende samelewingsdiens (dienslewering aan die gemeenskap).

Onderwys en navorsing is die primêre diens van die Universiteit aan die samelewing. Aanvullende samelewingsdiens geskied in profesionele verband aan bepaalde teikengroepe en staan bekend as "dienslewering aan die gemeenskap". Laasgenoemde is uiteraard nie verpligtend nie.

Insake hierdie drie fasette, behels hierdie wetenskaplike taak in groter besonderhede.

* genuanseerde onderwys, akademies en beroepsgerig, vir die oplei= ding van hoogsgekwalifiseerde persone;

* die ontwikkeling van die vermoë tot gefundeerde teoreties-weten= skaplike denke, d.w.s. tot analitiese, perspektiwiese, krities-evaluerende en skeppende denke, dus ook die vermoë tot verband= legging, sintese, integrering, interpretasie en die stimulering van selfstandige beoordeling van gegewens;

* die uitbouing van die corpus van die wetenskap deur doelgerigte navorsing, basies en toegepas, verrekening van navorsingstegno= logie en navorsingsmetodologie;

* die toepassing van die wetenskap binne beroepsverband;

* verdere samelewingsdiens en wel op wetenskaplike wyse en basis.

Vanuit hierdie onderskeidende taak, dus binne die funksieraamwerk van onderwys, navorsing en dienslewering aan die gemeenskap en op basis van sy credo, ag die Universiteit hom

* primêr verantwoordelik vir die akademiese vorming en ontsluiting van die student. Hiermee kom die student tot 'n sinvolle akade= mies-gefundeerde bydrae aan 'n gedifferensieerde samelewing.

222/........

Met die oog hierop moet die Universiteit sy bydrae veral goed fun= deer en integreer. Dit geskied voorts deur ruimte te laat vir die akademiese verenigingslewe op die kampus. Die U.O.V.S. erken ook die meer omvattende afronding wat bykomend voortspruit uit die aard van die samesyn in groot getalle — 'n afronding volgens die veel= heid fasette van die gedifferensieerde nie-akademiese studentelewe.

DIE CREDO (UITGANGSPUNT EN BENADERING) VAN DIE U.O.V.S.

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat erken ooreenkomstig sy Wet en Statuut die soewereine gesag van God soos geopenbaar in die Heilige Skrif (Bybel) en daarom is ons in ons benadering (oriën= tasie)

* 'n Christelike Universiteit

* Hierdie Christelike vertrekpunt behels ook dat rekening gehou word mét en kennis geneem word ván (ooreenkomste en verskille met) ánder wetenskaplike metodes en oortuiginge (universitas scholarum).

* Die Christelike vertrekpunt gaan egter meer onderskeidend uit van die oortuiging dat die heelal nie volledig uit sigself ver= klaarbaar is nie. Die sentrale perspektief van die Bybel werp daarom 'n bepaalde lig op die skepping 'n perspektief wat wel voor= wetenskaplik is maar desnietemin 'n bepaalde neerslag vind onder meer in wetenskapsiening, kennisleer en metodologie.

* Die visie lei dus wel tot differensiasie in wetenskaplike be= naderinge, met die gevolg dat — in die Christelike benadering onder andere die bydrae van die wetenskapsbeoefenaar (mét sy vooronderstellings) na vore kom naas dié van die veld van weten= skaplike ondersoek.

* Ons erken voorts dat die Christelike benadering self nog meer= vormig is en nie oral ewe ver deurgevoer word nie, en hierdie oriëntasie moet en wil dus ruimte laat vir differensiasie ook

223/.......

binne die Christelike denkpoging met die verwagting dat voortgaande gesprek tot groter duidelikheid, en hopelik ook groter eenvormigheid, kan lei.

Uit die aard van sy geskiedenis en ontwikkeling is die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

* ŉ Afrikaanse Universiteit

  - Met Afrikaans as voertaal, met voortgaande Christelike vertrekpunt as fundering
  - met sy voedingsarea se bepaalde eise (materieel en geestelik-kultureel) as faktore in onderwys, navorsing en dienslewering.

Met hierdie missie het die U.O.V.S. inderdaad ŉ groot bydrae gelewer tot die verwesenliking van die ideaal van Christelike wetenskap. In sy credo het die Senaatsvergadering dus duidelik die Bybel as norm vir die beoefening van alle wetenskappe gestel. Dit is duidelik dat die universiteit d.m.v. verdere gesprekvoering tot groter duidelikheid, asook groter eenstemmigheid, wil kom oor die feit dat alle wetenskappe op ŉ Christelike grondslag gebesig moet word. Hierdie "verdere gesprekvoering" en "groter eenstemmigheid", impliseer egter dat daar wel dosente is wat steeds "neutraal" wil wees in die beoefening van hul betrokke wetenskap.

ŉ Tweede saak is egter tot watter mate ook aan die U.O.V.S. reformasie verder tot sy reg sal kom in die uitbou aan die onderskeie vakke op Christelik-vakfilosofiese standpunt, want dit raak die kern van die saak.

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys wil ook inderdaad sy naam gestand doen. Die leuse van hierdie universiteit nl. "In u lig", wat ontleen is aan Psalm 36:10 word primêr gestel. "Al sy werksaamhede wil die P.U. vir C.H.O. in God se lig plaas, dit wil sê in die lig van God se Woord. Christelik (of

224/......

Christusgebonde) word in die leuse dus nader aangedui as skrifge=bonde of -gefundeerd" (Krüger, P., 1976, 61). Die P.U. vir C.H.O. kies amptelik in sy Grondwet (artikel 31 van die Universiteit) om op "alle terreine, maar veral op die gebied van die wetenskap, die Christelike uitgangspunte deur te trek..... Die datwanneer die stu=dent hom inskryf, onderteken hy ook die universiteit se grondslag" (Ibid., 65).

Die grondwet van die P.U. vir C.H.O. impliseer dat beide dosent én student gemoeid is met Christelike wetenskap. "Op die dosent lê dit die verantwoordelikheid om sy vak Skrifgefundeerd aan te bied en op die student lê dit die verantwoordelikheid om dit wat aangebied word, nogmaals te toets aan die Skrif en om, by die gebruik van die nie-christelike handboeke, die dosent te vra en saam met hom te besin oor 'n Skrifgefundeerde antwoord aan die nie-christelike wetenskaplike" (Ibid., 67). Hiermee beveg P.U. vir C.H.O. die neutrale wetenskapsbeoefening met wortel en tak. Slegs een norm word gehoorsaam: die Woord van God met die sen=trale Leitmotiv (ook vir hierdie universiteit), die soeke na Gods eer in alle lewensuitinge van die mens.

5.2.2 CHRISTELIKE WETENSKAPLIKES IN DIE R.S.A.

Ook in die R.S.A. was en is daar 'n ry van wetenskaplikes wat veral vanaf die dertiger jare, die ideaal van Christelike wetenskap na=strewe.

| | |
|---|---|
| H.G. Stoker (P.U. vir C.H.O.: | Christelike wysbegeerte en wetenskapsleer. |
| E.A. Venter (U.O.V.S.): | Christelike wysbegeerte. |
| P. de B. Kock (U.O.V.S.): | Christelike wysbegeerte en vakfilosofie. |
| W.J. De Klerk en B. Duvenhage (P.U. vir C.H.O.): | Christelike wysbegeerte en wetenskapsleer |

| | |
|---|---|
| J.A. Heyns: | Christelike wetenskapsleer. |
| D.F.M. Strauss (U.O.V.S.): | Christelike wysbegeerte en vakfilosofie van sosiologie, wiskunde, biologie, geskiedenis, fisika, ens. |
| H.J.S. Stone: | Christelike opvoedkunde. |
| Regter G.F. de Vos Hugo: | Christelike regsfilosofie. |
| B.J. van der Walt en J.A.L. Taljaard (P.U. vir C.H.O): | Christelike wysbegeerte en wetenskapsleer. Ook kultuur=filosofie. |
| P.G. du Plessis (R.A.U.): | Christelike etiek. |
| H.J. van der Linde en D. de Witt (U.O.V.S.): | Christelike biologie. |
| J.A. van den Berg (P.U. vir C.H.O.): | Christelike fisika. |
| W.A. Smit (Hugenote Kollege, Wellington): | Christelike psigologie. |
| M. Swart (U.P.E.) en B. de V. van der Merwe (Fort Hare): | Christelike geskiedenisbeskouing. |
| J.C. van Rooy (P.U. vir C.H.O.) en H. Smit (Hugenote Kollege, Wellington): | Christelike sosiologie. |
| Elaine Botha (P.U. vir C.H.O.): | Christelike kultuurfilosofie en wetenskapsleer. |
| J.C. Coetzee (P.U. vir C.H.O), P.J. Heiberg (Universiteit van die Noorde), P.A.E. Hoffman en P.G. Schoeman (U.O.V.S.) en J.H. van Wyk (P.U. vir C.H.O.): | Christelike opvoedkunde |

226/......

J.H. Smit (U.O.V.S.): Christelike wysbegeerte en etiek.

E. Beukes en J. van Zyl: Christelike ekonomie.

G. Dekker en P.D. van der Walt (P.U. vir C.H.O.), en D.F. Malherbe, J. van den Berg, en P.C. Cloete (U.O.V.S.): Christelike estetika.

H.J. Strauss en F.H.J. Wessels (U.O.V.S.) en J. Cilliers (U.P.E.): Christelike staatsleer.

P.J. van der Walt: Christelike kriminologie.

Hierdie lys maak allermins aanspraak op volledigheid, en dis moont= lik dat getroue medestaanders van die Christelike wetenskap nie ge= noem is nie! Ons wil hiermee net aantoon dat van die ouer geslag belangrike deurbrake gedoen het en die getal van jongere medestaan= ders in die onderskeie vakgebiede bemoedigend vermeerder.

5.2.3 PUBLIKASIES TER BEVORDERING VAN CHRISTELIKE WETENSKAP IN DIE R.S.A.

Oor die Christelike wetenskap bestaan daar legio publikasies, arti= kels, ens., want vanuit die wysbegeerte en verskillende vakweten= skappe die lig gesien het. By navorsing van hierdie aspek het dit duidelik 'n onbegonne taak geblyk om in die bestek van hierdie studie na alle publikasies te verwys. Tog wil ons enkeles aanstip wat die ideaal van Christelike wetenskap daadwerklik nastreef:

* Die Gereformeerde Vaandel (red) Sacum, Bloemfontein, gedurende die vyftiger en sestiger jare.

* Die studiestukke van die Instituut vir die bevordering van Cal= vinisme, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, tans omgevorm tot die dinamiese Instituut vir Reformatoriese studies wat verskeie werke die lig laat sien.

* Riglyne, vroeëre publikasie van die VCHO, Bloemfontein.

* Tydskrif vir Christelike wetenskap, Publikasies van die VCHO, Bloemfontein.

* Koers, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.

* Die studiestukke van die Christelike opvoedkunde vereniging van Suid-Afrika, (C.O.V.S.A.).

* Tydskrif vir Geesteswetenskappe, S.A. Akademie vir wetenskap en kuns: sporadiese artikels.

* Bulletin, van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike wetenskap (intussen gestaak).

Daar moet ook deeglik kennis geneem word van akademiese organisasies wat hulle spesifiek beywer vir die Christelike wetenskap. Hier is o.a. ter sprake die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, (gestig 1949), met as doelstelling die bevordering van Christelike weten= skap en onderwys.

Ook die Instituut vir Reformatoriese studies (P.U. vir C.H.O.), wat Christelik-wetenskaplike publikasies die lig laat sien, is van belang.

## 5.3 DIE HUIDIGE STAND VAN CHRISTELIKE WETENSKAP BUITE DIE GRENSE VAN DIE R.S.A.

### 5.3.1 NEDERLAND.

A. Kuyper (snr.: 1837-1920) het voortgebou op die werke van W. Bil= derdijk, I. de Costa, en veral G. Groen van Prinsterer wat in reak= sie gekom het teen die humanisme van die Franse Rewolusie van 1789. Kuyper "sought to ground theology, philosophy, and every other science solely in a Christian life and world view based on the Holy Scriptures, and his fundamental presupposition in all fields of knowledge was that the Almighty God and Creator of the Universe has subjected all His creatures (including all social relationships)

to divine ordinances based on His Own Sovereign Will" (Lee, F.N., 1969, 197-198).

Ander groot name wat die weg vanuit Nederland gebaan het vir die huidige stand van Christelike wetenskap is: (Ibid., 196-207).

W. Geesink en H. Woltjer. Christelike wysbegeerte en Christelike etiek en taalfilosofie.

H. Bavinck. As Christelike dogmatikus, filosoof, psigoloog en op=voedkundige, het Bavinck fenomenale werk gelewer in hierdie rigting, met o.a. 'n publikasie "Christelike wetenskap".

V. Hepp. Hepp het veral klem gelê op die pneumatologie en het die leiding en verligting van die Heilige Gees vir die Chris=telike denke tereg sterk beklemtoon en sy bydrae gelewer.

B. Wielenga het bygedra tot 'n Christelike estetika, alhoewel nie vakfilosofies begrond nie.

J. Waterink het baanbrekerwerk gedoen ter bevordering van Christelike onderwys en Christelike psigologie en antropologie.

D.H.Th. Vollenhoven. As professor in die geskiedenis van die filo=sofie het Vollenhoven sy standpunt sterk gestel ten op sigte van Christelike logika en wiskunde, asook Christelike psiglolo=gie.

H. Dooyeweerd was, saam met Vollenhoven, een van die grootste pioniers wat die weg gebaan het vir Christelike wetenskap. Sy groot werk De Wijsbegeerte Der Wetsidee, is alombekend. Op die terrein van die sosiologie het Dooyeweerd ook deurslaggewende Christelike perspektiewe ingevoer. Dit sou 'n volle boekdeel kan beslaan om aan te toon tot watter mate juis die wysbegeerte van die Wetsidee soos ontwikkel deur Vollenhoven en Dooyeweerd, nagevolg

deur letterlik 'n skare akademici, bevrydend en ont= sluitend was en is vir die fakfilosofiese Christelike reformasie van die onderskeie vakwetenskappe. Hier= mee is pragtige en baie bevrugtende perspektiewe ge= lewer en die vrugte bly nie uit nie.

S.U. Zuidema het op hoë wetenskaplike vlak die Christelike perspek= tief gestel teenoor o.a. eksistensialisme en kommunis= me, en as Christelik-wysgerige apologeet uitmuntende werk gelewer.

J.A.P. Mekkes het gewerk aan die daarstelling van 'n Christelike staatsleer en is in hierdie opsig bekend vir sy beson= der indringende bydraes en duidelike riglyne.

H. van Riessen, as bekende kultuurfilosoof, het hom veral gewy aan die probleme van die moderne tegnologie en die so= sio-politiese implikasies daarvan.

K.J. Popma het in besonder gewerk aan 'n Bybelse antwoord oor die verwantskap tussen filosofie, teologie, geskiedenis, kultuur en geloof.

G.B. Wurth en A. Troost het veral gewerk aan die Christelike etiek, lg. aan die wysgerige etiek.

H. Groenman, as Christen-opvoeder, het veral die Christelike antropologie geaksentueer.

H.R. Rookmaker het stewige bydraes gelewer vir die daarstelling van 'n Christelike estetika.

M.C. Smit het oor die Christelike geskiedenisbeskouing 'n standaard werk gelewer.

B. Goudzwaard en T.P. van der Kooy het oor die Christelike ekonomie publikasies gelewer waarvan deeglik kennis geneem word.

J.H. Diemer en P.Groen, twee natuurwetenskaplikes, het in hul weten=skap ook die Christelike perspektiewe toege=pas, met name in die biologie en fisika res=pektiewelik.

J.D. Dengerink het sy bedraes gelewer oor die leer van die samelewing en aspekte van die regsfilosofie.

H. Bianchi het veelseggende bydraes gelewer oor die Christelike visie op die kriminologie.

Nederland het as't ware 'n tradisie van Christelike wetenskaplikes. Huidiglik is hierdie werke van onskatbare waarde en bydraende fak=tor tot die verwesenliking van Christelike wetenskap. Op die hui=dige oomblik word daar voortgebou op hierdie werk.

5.3.2 NOORD-AMERIKA.

In Amerika heers daar vandag ook 'n groeiende belangstelling in Chris=telike wetenskap. Bekende akademiese inrigtings is o.a. die Calvin College (Grand Rapids), Dordt College (Sioux Centre, Iowa), die Cove=nant College (Look-Out Mountain, Tennessee) en die Trinity Christian College (Palos Heights, Chigago). Die Christian Studies centre, met sy hoofkwartier in Memphis, asook die Institute for Christian studies (Toronto) lê hulle daarop toe om Christelike wetenskap te bevorder (Krüger, P., op. cit., 1976).

Prominente denkers wat in Noord-Amerika die weg gebaan het vir Chris=telike wetenskap, is o.a.: (Lee, F.N., op. cit., 213-216).

J.O. Buswell. Die Christelike filosoof het veral die Roomse Skolas=tiek in die lig van Christelike perspektiewe ontmasker.

C. van Til het meesterlike werk gelewer deur die absolute soewereini=teit van God, op elke lewensterrein opnuut te beklemtoon.

G.H. Clark het veral 'n bydrae gelewer tot die uitbouing van Christelike opvoedkunde, kosmologie, antropologie en religie.

H.E. Runner. As Christelike wysgeer en politieke denker, het Runner duidelike padtekens gestel vir die rigting waarin die wetenskap moet ontwikkel, en self oor dekades onvermoeid die Christelike wetenskap met profetiese moed aan die man gebring.

R.J. Rushdoony werk aan die uitbouing van veral die Christelike opvoedkunde en Christelike staatsleer.

R. van Dyk en Kooistra: oor die Christelike sosiologie lewer hulle betekenisvolle bydraes.

Calvin Seerveld lewer belangwekkende bydraes oor die Christelike estetika.

5.3.3 AUSTRALIE.

In Australië is daar veral drie groepe wat Christelike wetenskap bevorder: (Krüger, P., op. cit., 78).

* Association for a Christian University (in Geelong)
* Foundation for Christian Scholarship (in Melbourne gesetel)
* Foundation for Christian Studies (Nieu-Zeeland).

5.3.4 DIE OOSTE.

Oosters Gereformeerdes is relatief gering in getal. Tog is daar duidelike tekens van die strewe na Christelike wetenskapsbeoefening (Ibid., 77).

In Korea is daar byvoorbeeld die Christelike Vroue-Universiteit (in Seoul).

In Pusan is daar die Korea Theological Seminary wat strewe na die uitbouing van 'n Christelike universiteit. Die rektor van hierdie inrigting (prof. Kun Sam Lee) het in 1975 'n studie kom maak van die P.U. vir C.H.O. se geskiedenis, met die oog op die ontwikkeling van hulle eie Christelike universiteit.

Ook in Japan word daar in 'n mate gestrewe na die ideaal van Christelike wetenskap. Veral twee inrigtings verdien om hier vermeld te word, nl.:

* Die Kwansei Gakuin University (in Kobe) is 'n inrigting vir Christelike Hoër Onderwys, maar a.g.v. 'n tekort aan opgeleide Christen-wetenskaplike kan hierdie ideaal nog nie ten volle tot sy reg kom nie.

* Die Shikoku Gakuine University (in Zentsuyi City) — ook 'n inrigting vir Christelike Hoër Onderwys.

Indonesië beskik oor 'n Christelike universiteit wat gesetel is in Salatiga. Die naam van hierdie universiteit spreek vanself: Universitas Kristen: "Satya Wacana" ("Getrou aan die Woord") (cf. Krüger, P., op. cit., 78).

5.3.5 ANDER WÊRELDDELE.

5.3.5.1 Switzerland: Hier dien vermeld te word die werk van F. Schaeffer, die Christen-wetenskaplike wat studente onderrig in die verskillende aspekte van die reformatoriese denke.

5.3.5.2 Engeland: Christelike wetenskap is huidiglik 'n opkomende idee onder die Engelse denkers. Veral die Christian Studies Unit en die Inter-Varsity Fellowship propagandeer 'n Skrifgefundeerde wetenskapsbeoefening. 'n Prominente Christelike denker in Engeland is die politikus en juris Hebden Taylor.

5.3.5.3 Madagascar: Hier leef die idee van 'n Christelike universiteit ook. Veral die Association for Evangelicals in Africa and Madagascar (met sy hoofkwartier in Nairobi) beywer hom vir Christelike Onderwys. Hulle het die stem van gereformeerde groepe in o.a. Nigerië, Malawi en Zambië (Ibid., 78-79).

Vanuit Duitsland is noemenswaard die arbeid van L. Wencelius (estetika) en uit Frankryk die werk van A. Lecerf, P. Marcel en A. Kajajan.

5.3.6 SAMEVATTING.

Hoewel nie volledig nie, het ons hiermee aangetoon dat Christelike

wetenskap vandag 'n voldonge feit is. In die R.S.A., Nederland, Noord-Amerika, Australië, Nieu-zeeland, Korea, Japan, Duitsland, Frankryk, Switserland, Engeland en Madagascar, word daadwerklik gewerk aan die daarstelling van christelike universiteite en daar=mee saam Christelike wetenskap en onderwys.

Die huidige stand van Christelike wetenskap in die vyf kontinente, is verblydend, maar dat daar groot ruimte vir verdere besinning en ontwikkeling is, is ook waar.

Op die Senaats- en Raadsvergadering van die onderskeie universiteite sal beslis aandag gegee moet word aan o.a. die Gewetensklousule. Dit spreek vanself dat hierdie gewetensklousule bots met die Chris=telike doopsgelofte en geloofsbelydenis. As die betrokke dosente daarop roem om Christene te wees, <u>móét</u> hulle ooreenkomstig hierdie doopsbelofte en geloofsbelydenis optree. "Neutrale" wetenskaplikes en -wetenskapsbeoefening sal hiermee geneutraliseer word.

Die Christelik georiënteerde Onderwysbeleidswet (nr. 39 van 1967) eis immers dat Christelike onderwysers opgelei moet word en dit impliseer ook Christelike dosente.

Die gewetensklousule weerspreek prinsipieel ook die grondwet van die R.S.A.

Ondanks hierdie gewetensklousule, vind ons tog (en dit is verbly=dend) dat Christelike wetenskapsbeoefening plaasvind.

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTENDE TERUGBLIK EN EVALUERING.

Die sleutelrol wat wetenskap en onderwys huidiglik in die lewe van die mens speel, kan nie geloën word nie. Hierdie stelling word ver= al geaksentueer as ons 'n eenheidsblik werp oor ons moderne ontslote, gedifferensieerde samelewing waartoe wetenskap en onderwys fenomi= naal bygedra het. Kontrasteer vir een oomblik o.a. die primitiewe lewe van die Boesman, wat slegs oor beperkte voorwetenskaplike ken= nis beskik, met ons moderne westerse beskawing.

In dié lig, en in die lig van dié Bybelse appél om alles tot eer van God te verrig, is dit noodsaak om in gehoorsaamheid aan Gods Wil, die ganse skepping (w.o. ook wetenskap en onderwys) op 'n Christelike grondslag te ontsluit, want geen onderdeel van die skepping kan neutraal los van Gods soewereiniteit gestel word nie. Die ideaal wat die Christen dus stel is om o.a. ook Christelike wetenskap en Christelike onderwys in die hart van elke mens 'n werklikheid te maak, want dit alleen is ware wetenskap en ware onderwys. Hierdie ideaal word egter belemmer deur sekere religieuse strominge wat die verband tussen die Christelike antropologie, Christelike religie en Christelike lewens- en wêreldbeskouing, nie suiwer stel nie en/of dit nie suiwer deurvoer na elke lewensuiting van die mens nie, sodat elke lewensterrein, behalwe die kerk en die geloof, neutraal gestel word. Aan die ander kant werk die mo= derne Humanisme en al sy uitlopers totaal verlammend in op die verwesenliking van die ideaal van Christelike wetenskap en -onder= wys, en dit is a.g.v. die feit dat die humanis die verabsoluteerde (resp. vergoddelikte) mens in die sentrum van sy antropologie plaas. Dit lei dan tot o.a. 'n materialistiese antropologie, of 'n psigologistiese antropologie, of 'n vitalistiese antropologie, of 'n idealistiese antropologie. Gevolglik stel die humanis 'n valse mensbeeld voorop wat lei tot 'n religieuse-gerigtheid van die hart wat 'n humanistiese lewens- en wêreldbeskouing huldig. Die implikasie van hierdie apostatiese lewens- en wêreldbeskouing werk deur tot die sekulari=

sering van die ganse lewe van die mens en dus ook die wetenskap en die onderwys.

Hiermee is aangetoon dat die band tussen antropologie, religie en lewens- en wêreldbeskouing nie misken kan word nie. Elke mens glo in iets finaals. Die Christen stel in sy geloof dit voorop dat God die enigste ware Oorsprong van die ganse skepping is, en hierdie geloof werk deur in sy Christelike mensbeskouing, sy religie en sy lewens- en wêreldbeskouing. Ook die Humanis glo, al wortel sy geloof in een of ander immanente skepselding, en hierdie geloof werk deur in sy mensebeskouing, sy religie en sy lewens- en wêreld=beskouing.

In die geskiedenis van die westerse wetenskap en onderwys, identi=fiseer ons vier religieuse grondmotiewe:

i) Die Grieks-heidense grondmotief van vorm en materie wat wortel in die Griekse natuurgodsdienste. Hierdie grondmo=tief het in der waarheid die weg gebaan vir die Roomse Skolastiek, asook vir die humanistiese grondmotief. Van Christelike wetenskap en Christelike onderwys sou daar nooit sprake van wees in die Griekse denke nie.

ii) Die Roomse Skolastiese grondmotief van natuur en genade was inderdaad 'n poging om 'n versoening tussen natuur (skepping) en genade (geloof) te bewerkstellig. Hierdie sintesefilo=sofie, wat Christelik van aard wou wees, het Gods gesag egter beperk tot die terrein van die genade, terwyl die terrein van die natuur neutraal gestel is. Rome sluit dus die ideaal van Christelike wetenskap en onderwys totaal uit, want alleen die teologie hoort tot die terrein van die bo-natuurlike (resp. genade, geloof) en is dus Christe=lik, terwyl die wetenskaplike hom met sy rede op die natuur=like terrein rig en dit is profaan, m.a.w. nie-Christelik.

iii) Die humanistiese grondmotief van natuur (wetenskapsideaal)

en vryheid (persoonlikheidsideaal) vind sy oorsprong tydens die Renaissance, maar sy wortels kan reeds in die Griekse en Romeinse oudheid gevind word. Tydens die Renaissance het die Roomse verkerkliking van die ganse lewe, in toene= mende mate steun begin verloor en 'n nuwe ideaal het gestalte gevind, naamlik die ideaal van die vrymaking van die mens sodat hy self wette vir sy ganse lewe kan stel. Hierdie persoonlikheidsideaal het uit innerlike aandrang geboorte geskenk aan die natuurwetenskapsideaal, d.i. 'n omvattende natuurwetenskaplike determinering van die ganse skepping. Die kosmiese wetsorde wat deur God in sy skepping ingeskape is, is dus van die hand gewys. Selfs die bestaan van God is bevraagteken, Uiteraard het die moderne Humanisme en al sy uitlopers, meegewerk tot die sekularisering van die ganse menslike bestaan. Ook wetenskap en onderwys is ver= sekulariseer.

iv) Die <u>Christelike grondmotief</u> van skepping, sondeval, verlos= sing en voleinding, soos dit uitstraal uit elke bladsy van die Bybel en uit die Bybelse totaliteit het vanaf die tyd van Augustinus, die absolute Skeppersoewereiniteit van God gestel, maar ook die radikaliteit van die sondeval en die kosmiese betekenis van Christus se versoeningswerk as Ver= losser en Herskepper. Die Christelike grondmotief is inderdaad radikaal en integraal, en het betekenis vir elke lewensuiting van die mens — ook vir sy wetenskap en onder= wys.

Die Christelike religie dryf alle uitinge van die mens dus in die regte rigting, naamlik tot eer van God. In die lig is dit duidelik waarom ons Christelike wetenskap en Christelike onderwys às ideaal stel. Christelike wetenskap en Christelike onderwys is 'n opdrag van God aan die mens wat as geroepe beelddraer in gehoorsaamheid en verantwoordelikheid die ganse skepping moet onderwerp en beheers tot Gods eer alleen.

Met die terme "Christelike wetenskap" en "Christelike onderwys"

237/.......

bedoel ons veel meer as die feit dat die beoefenaars daarvan bely=dende Christene moet wees. Christelike wetenskap is wetenskap wat gewortel is in die Christelike religie wat die hart met al sy uit=gange in beslag neem. Die Christenwetenskaplike is nie alleen Christelik wanneer hy hom deur sy godsdiensbeoefening direk tot God rig nie; hy is ook Christelik in elke ander uiting wat opkom uit sy religieuse hart (soos wat godsdiens, in enger sin, ook een van daardie uitinge is). Elke woord en daad van die mens, word gerig deur sy religieuse hart en wanneer die Christelike religie beslag lê op hierdie hart, kan daar geensins sprake wees van Chris=telike in my godsdiensbeoefening en neutraal in my wetenskapsbeoefe=ning nie. Dit sal inderdaad ŉ <u>contradictio in terminus</u>, ŉ religieu=se dualisme, in die geestelike lewe verraai en dus ŉ hart wat nie in alle opsigte totaal in-Christus herbore is nié. Tot ŉ sekere mate identifiseer ons hier ŉ beoefening van vorm-godsdiens by se=kere "Christene" en só ŉ godsdiens is ŉ oortreding van die derde gebod (Eks. 20:7).

Wetenskap en onderwys staan beslis nie as iets vreemds teenoor die geskape werklikheid nie. Beide is deel van die vele lewensgebiede wat God uit genade vir die mens daargestel het. Reeds in sy skep=ping het God vir die mens die moontlikheid geskep om wetenskap, onderwys, kuns, ens., binne sy skepping te kan besig.

In sy wetenskapsbeoefening is die mens altyd besig met modale abstra=hering, d.i. een of ander aspek van die skepping word vanuit die totaal-samehang van aspekte geabstraheer om dit dan so objektief moontlik, teoreties te ondersoek en nader te beskryf. Die weten=skaplike metode moet deurgaans sistematies, verifiërend en logies-metodies wees. Ten grondslag van alle wetenskapsbeoefening lê egter ŉ bepaalde lewens- en wêreldbeskouing en waanneer dié lewens- en wêreldbeskouing opkom vanuit die Christelike religie, sal die wetenskaplike noodwendig sy resultate toets aan die Woord van God (maar nooit Biblisisties nie) en tot die slotsom kom dat hierdie resultate tot eer van Gods naam strek.

Christelike wetenskap was reeds implisiet in die gedagte van Augus=

tinus en veel duideliker by Calvyn en sy navolgers — veral A. Kuyper (snr.), H. Bavinck, H. Woltjer en W. Geesink. Dooyeweerd en Vollenhoven het met die verskyning van hul werk De Wijsbegeerte van de Wetsidee, nuwe impetus aan die daarstelling van Christelike wetenskap gegee en dit het na die onderskeie vakwetenskappe deurge= werk.

Vir die Christen is die bestaansreg van Christelike wetenskap en Christelike onderwys eintlik vanselfsprekend. God eis dit van die mens. Christelike wetenskapsbeoefening sny neutrale wetenskapsbe= oefening by die wortel af, want 'n dualisme in die geestelike lewe word totaal uitgesluit. Die persoonlike geestelike lewe, sowel as die wetenskap, die onderwys, en elke ander lewensuiting van die mens, m.a.w. elke woord en daad wat die mens tot uiting bring, word gedryf deur die Christelike religie en staan só in die lig van die Bybelse Leitmotiv: SOLI DEO GLORIA!

Die Christendom bevind hom huidiglik egter in 'n krisis, veral a.g.v. die ontkenning en ontkoppeling van die verband tussen Christelike religie en elke lewensuiting van die mens. Hierdie ontkenning en ontkoppeling wortel ten diepste in die mens se sondeval, asook die gebrokenheid en die ten dele van sy denke. Ironies genoeg is daar eerstens strominge wat die Christendom bely, maar die Bybelse perspektiewe vir alle lewensterreine ontken en soms self heftig teenstaan a.g.v. hierdie reeds genoemde geestelike dualisme. Die Roomse skolastiek van natuur en genade is hier 'n sprekende voor= beeld omdat die Christelike geloof vir die terrein van die genade erken word, maar 'n "ander" geloof vir die terrein van die natuur. Die Christelike religie is by Rome dus net regulatief t.o.v. die persoonlike geloofslewe, terwyl alle ander lewensterreine ontkoppel word van die Christelike religie en dus neutraal gestel word. Op die natuur-terrein kan die mens alleen sy rede as norm erken. So 'n lewens- en wêreldbeskouing wat inderdaad 'n vermenging is van Christendom en heidendom, is teenstrydig met dit wat die Bybel di= rek en per implikasie aan die Christenmens voorhou. Selfs by sekere Protestantse en Gereformeerde denkers tref ons ook tendense van hierdie dualisme aan. Aspekte van Calvyn se siening van liggaam

en siel asook aspekte van Kuyper se onderskeiding tussen algemene en besondere genade is voorbeelde hiervan. Die Metodisme en Piëtisme het ook, hoewel nie implisiet nie, bygedra tot die neu= traliteitsidee, met die kloof tussen godsdiens en lewenspraktyk.

Tweedens is daar die moderne Humanisme met al sy uitlopers wat die band tussen die Christelike religie en die wetenskap en onderwys totaal ontken. Die ganse lewe van die mens word deur al hierdie afvallige -ismes, in toenemende mate versekulariseer en dit is 'n blatante verset teen God en sy gebod. Die verhumanisering van die geskape werklikheid word geopenbaar in die rasionalistiese wetenskapsideaal wat gestalte vind in die Rasionalisme en al sy uitlopers, sowel as in die irrasionalistiese persoonlikheidsideaal wat gestalte vind in die Irrasionalisme en al sy uitlopers. Die Rasionalisme het binne die konteks van die wetenskapsideaal die wet= sy van die natuur en subjektief die rede van die mens verabsoluteer. As uitlopers van die rasionalistiese wetenskapsideaal het die Posi= tivisme die bestaan van God ontken deur te sê dat alleen die gegewe bestaan, en gepostuleer dat slegs positiewe feite wat wetenskaplik analiseerbaar is, van wetenskaplike waarde is; die Dialektiese Materialisme beskou alleen die gedetermineerde, sigbare materie as die verklarende beginsel en enigste maatstaaf van alles wat ge= meet kan word; die Evolusionisme herlei die skeppingsgedagte van die Skrif na natuurdinge soos stof, plant en dier; die Naturalisme soek die (-volheid) en oorsprong van alle dinge in die natuurlike wêreld; die fenomenologie beoefen wetenskap ter wille van die wete.

Aan die anderkant het die Irrasionalisme binne die konteks van die persoonlikheidsideaal die subjeksy met o.a. die gevoel van die mens verabsoluteer. As uitlopers van hierdie irrasionalistiese persoon= likheidsideaal het die Pragmatisme bely dat die mens 'n vrye wese is en dat sy vooruitgang in die wêreld 'n persoonlike saak is wat op eie verantwoordelikheid rus, en daarom vra die Pragmatis te alle tye of iets voldoen aan die vereiste van die praktyk; die Eksis= tensialisme beklemtoon die selfskeppende, vrye wilsbeslissing van

die mens, maar altyd o.l.v. die humanistiese grondmotief; die Historisme postuleer dat alleen die historiese situasie die norme vir die wetenskapsbeoefening kan wees.

Kenmerke gevolge van die verhumanisering van die ganse werklik=heid vergestalt huidiglik in o.a. liberalisme, relativisme, anti=nomisme, nihilisme, permissiwiteit wat uitloop op sekularisme.

Lynreg hierteenoor stel die konsekwente Christendom die soewereini=teit van God oor alle lewensterreine en ook die Heilige Skrif as norm vir alle lewensuitinge van die mens, voorop.

As openbaring Gods bied die Skrif perspektiewe vir die omvattende gesag van God op alle lewensterreine. Die Bybel word egter nooit biblisisties gebruik nie; ook nie in die wetenskapsbeoefening nie, maar die Christendenker aanvaar die beperktheid van die wetenskap=like kenne. Hy erken die onlosmaaklike verband tussen geloof en wetenskap en juis nog meer wetenskaplik as hy glo aan die geopen=baarde waarheid van die Woord.

Wanneer daar gevra word na die perspektiewe wat die Bybel bied vir o.a. wetenskapsbeoefening, moet ons erken dat die Bybel geen eksakte wetenskaplike kennis bied vir die besondere vakwetenskappe en hulp=wetenskappe nie. Wetenskaplike kennis was immers nie die primêre oogmerk van die Woord Gods nie. Die Bybel is in 'n voor-wetenskap=like taal geskryf en is primêr openbaring van God. Hieroor spreek die Skrif in geen onduidelike terme nie. God het Homself tot so 'n mate geopenbaar dat elke mens sy soewereiniteit oor elke lewens=terrein móét erken.

Opsommenderwys gee ons die volgende evaluering van hierdie perspek=tiewe:

i) God is die Skepper en Onderhouer van die ganse geskape werk=likheid in sy ryke verskeidenheid (Gen. 1). Daar is niks wat nie deur die almag van God geskep is nie (Gen. 1; Ps. 24:1). God het ook die moontlikheid vir wetenskapsbeoefe=ning en onderwys geskep.

ii) God het sy ganse skepping aan sy bepaalde wetsorde onderwerp. Slegs God is bo hierdie wetsorde verhewe. Niks in die skep= ping fungeer neutraal, d.w.s. buite hierdie wetsorde nie. Hierdie wetsorde kan deur die wetenskaplike ontdek, onder= soek, teoreties geformuleer en prakties gebruik word.

iii) Die mens is geskape na Gods beeld (Gen. 1:27) en is dus nie die produk van 'n ewolusieproses nie. Vanweë sy geskapenheid na Gods beeld, moet die mens gehoorsaame heerser en dienaar in die skepping van God wees — in diens van God moet hy heers oor die ganse skepping (Gen. 1:28).

iv) Die ganse skepping is eer aan God verskuldig (Ps. 104: Ps. 148).

v) Die mens kan God ken deur beide sy skepping en nog meer volkome deur sy Woord (Ps. 19). Hierdie is die mens se hoogste lewensdoel, naamlik om God waarlik te ken (Joh. 17:3), want dan kan Hy opreg gedien word. Kennis begin met die vrees van die Here (Spreuke 1:7(a)). Om wetenskaplike kennis in te win, is om Gods almag en grootheid nog beter te ken en Hom dienooreenkomstig nog meer te eer en te verheerlik.

vi) Die sonde het egter die ganse kosmiese werklikheid radikaal getref (Gen. 3:15; Rom. 1:18-32; Rom. 3:9-20). Selfs die mens ken nou slegs ten dele (1 Kor. 13:9). Die ganse skepping is in barensnood en roep tesame om verlossing, om herstel. (cf. Rom. 8:22).

vii) Na hierdie verpletterende radikaliteit van die sondeval het God die mens en die skepping nie aan hul eie lot oorgelaat nie, maar sy bemoeienis met sy skepping voortgesit. In Christus het God die ganse wêreld met Homself versoen (Rom. 11:36; Kol. 1:15-20). In Christus vind die ganse skepping sin (-volheid), dus ook die wetenskap en die onderwys.

viii) Die Heilige Gees is ook Herskeppingsmiddelaar en laat die

242/.......

mens deel kry aan Christus en sy weldade wat Hy vir die mens verwerf het en lei die mens tot insig in Gods plan met Hom en die wêreld. Die Heilige Gees maak die mens radikaal (tot in sy hart) geestelik lewend in Christus. Die impli=kasie hiervan is dat hierdie nuwe mens al die uitgange van sy hart anastaties sal rig, dus ook sy wetenskap en onderwys (vgl. Kol. 3: die mens word opgeroep tot 'n heilige lewe).

ix) In 1 Tim. 4 is daar die perspektief dat sommige mense af=vallig sal raak van die ware Christelike geloof. Die moderne Humanisme en al sy uitlopers is sprekend hiervan. Die outonome mens stel sy eie wette. God, sy skepping, sy kosmiese wetsorde en sy Woord word geheel en al misken. (Per implikasie spreek Openb. 13 van hierdie anti-Christe=like stroming).

x) By die voleinding van die tyd sal Christus die ganse son=dige wêreld finaal oordeel (Sag. 14). Dit sluit ook die valse wetenskap en onderwys in. Alle anti-Christelike mag=te sal uitgewis word.

xi) Die eerste drie bedes van die Onse Vader eis die Heiliging van Gods Naam op aarde, die uitbreiding van sy Koninkryk en die gehoorsame doen van sy Wil (Matt. 6:9-10). Christe=like wetenskap is die gehoorsame luister na Gods Woord, die doen van Gods Wil, die soeke na sy eer alleen en deel=name aan die uitbreiding van sy Koninkryk op aarde.

Die huidige stand van Christelike wetenskap is verblydend, hoewel daar nog groot ruimte vir verdere besinning is. Christendenkers wat vanuit die hart aan hierdie ideaal gestalte gee, word in toe=nemende mate regoor die wêreld geïdentifiseer. Vanuit die R.S.A., Nederland, Noord-Amerika, Australië, Switserland, Engeland, Duits=land, Frankryk en selfs uit Madagascar, Nigerië, Malawi, Zambië, Korea, Indonesië en Japan, gaan daar in toenemende mate 'n roepstem uit vir Christelike wetenskap en onderwys.

243/.......

<u>Slotsom</u>: Christelike wetenskap is ware wetenskap en word beoefen ter wille van die deelname aan die waarheid, en om die ganse skep= ping te ontsluit tot eer van God en tot heil van die mensdom. In sy wetenskapsbeoefening moet die mens besef dat hy ook hierin af= hanklik is van God. Hoewel die Christendenker die Bybel nóóit bib= lisisties gebruik nie, wil hy tog deur die geloof, deur die bril van die Bybel en in Christus, deur die gemeenskap van die Heilige Gees, <u>alles</u>, ook sy wetenskap en onderwys, tot eer van God verrig. Geen wetenskaplike beskik oor die bevoegdheid of reg om te besluit wat waar is in die Bybel en wat nie. Alle wetenskaplikes is egter onderworpe aan die volle waarheid van die Woord van God en hierdie waarhede het per implikasie ware wetenskap en onderwys ten doel. Die ware Christen identifiseer op geen stadium konflik tussen ware wetenskap en die Woord van God nie. Inteendeel, ware wetenskaps= beoefening verstrek ons geloof in die Woord, en dit lei die mens weer opnuut om as ootmoedige, gehoorsame beelddraers van God, die skepping tot eer van Gods Naam te ontsluit. Hoe meer die Woord van God beslag lê op die mens se hart, hoe meer word hy oortuig van die vanselfsprekende bestaansreg van Christelike wetenskap en onderwys.

Ten slotte hierdie woorde van Augustinus: Daar waar ek die waar= heid gevind het, daar het ek my God gevind, Wie die waarheid van= self is.

DIE SOEWEREINITEIT VAN GOD IN BYBELSE PERSPEKTIEF MET DIE OOG OP WETENSKAP EN ONDERWYS.

## OPSOMMING

Gesien vanuit Christelik-gelowige oogpunt dui die tema op een van die mees fundamentele konstateringe van die Heilige Skrif, naamlik die soewereiniteit van God oor sy ganse skepping. Die implikasie van hierdie feit, is dat die eer van Gods Naam (soos die Skrif dit as Leitmotiv stel), deur die mens, as gehoorsame-beelddraer van God, op elke lewensterrein gesoek moet word. Wetenskap en onderwys word ook hiermee ingesluit. Kortom kom dit daarop neer, dat die aarde en die volheid daarvan aan God, die HERE, behoort en dat niks neutraal is nie. Wanneer "iets" van die onselfgenoegsame skepping neutraal gestel word, is dit duidelik verabsolutering (resp. vergoddeliking) van die immanente (aan Gods wet onderworpe) skepselding.

Hierdie studie wil daartoe bydra om die soewereiniteit van God, in hierdie gebroke en met sonde-belaaide wêreld en - samelewingsorde wat die mens van God, met die hele hart belemmer en soms selfs stuit, steeds voorop te stel — spesifiek vir wetenskaps-beoefening.

As geskape beelddraer van God, staan die mens in ŉ besondere ver=houding tot God. ŉ Verhouding wat van die mens ŉ religieuse wese maak in al die uitinge van sy hart. In hierdie lig is dit duidelik dat die religie wat beslag lê op die hart van die mens, sy lewens- en wêreldbeskouing sal bepaal. Wanneer hierdie religie egter nie Christelik is nie, is dit humanisties. Lê die humanistiese grond=motief beslag op die hart, is al die lewensuitinge apostaties gerig — dus nie op die ware God nie. Lê die Christelike grond=motief van skepping, sondeval, verlossing en voleindig egter beslag op die hart, is die noodwendige implikasie dat die mens in al sy lewensuitinge die eer van God voorop móét stel. Tertium non datur!

Die Grieks-heidense grondmotief lei tot natuurverafgoding; die Roomse-Katolisisme lei tot die verkerkliking van die ganse lewe;

die humanistiese grondmotief lei tot die verabsolutering van die mens met sy sg. outonome rede wat Sekularisme bevorder; die Bybelse grondmotief, wat die eer van God voorop stel, lei tot die ver-Christeliking van die ganse lewe, soos die appél van die Bybelse perspektiewe dit stel.

Die band tussen religie en alle lewensuitinge van die mens — hetsy apostaties of anastaties — kan nie geloën word nie. Daarom sal die religie wat beslag lê op die hart, die mens noop om elke lewensuitinge, w.o. ook wetenskap en onderwys, tot eer van God, of dan in apostatiese rigting, tot eer van een of ander idool te ontsluit.

Wanneer die Christelike religie die dryfkrag van die mens se hart is, dan is die vraag, "waarom Christelike wetenskap", ŉ retoriese vraag, soos hoofstuk 2 dit laat blyk.

Die Christendom bevind hom tans egter in ŉ krisis. Die ontkenning en die ontkoppeling van die verband tussen die Chriselike religie en elke lewensuiting van die mens, werk vanuit die Roomse Skolastiek, die Protestantse en Gereformeerde Skolastiek, en tot ŉ groot mate ook die Metodisme en Piëtisme, en geheel en al deur die moderne Humanisme met al sy uitlopers, verlammend in, in die daarstelling van ŉ Christelike "doen en late" op elke lewensterrein. Hierdie negatiewe tendens ondermyn die ware geloof en geloofsgehoorsaamheid aan die Verbondsgod en dus ook die rigting waarin wetenskapbeoefening en onderwys moet ontsluit.

Lynreg hierteenoor stel ons, in gehoorsaamheid aan die Woord van God, die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval, verlossing en voleinding soos deur die Christelike wysbegeerte gestel. God is die Skepper en Onderhouer van die ganse geskape werklikheid in sy ryke verskeidenheid (Gen. 1; Ps. 24:1). God het ŉ bepaalde wetsorde vir sy skepping gegee. Die ganse skepping is onderworpe aan hierdie wetsorde van God. Die wetenskaplike kan hierdie wetsorde ontdek, ondersoek, teoreties formuleer en prakties gebruik. Vanweë sy geskapenheid na die beeld van God, moet die mens gehoorsame heerser en dienaar in die skepping van God wees — in diens van

God moet hy heers oor die skepping (Gen. 1:28) en dit ook ontsluit tot eer van God, want die ganse skepping is eer aan God verskuldig (Ps. 104; Ps. 148). Om wetenskaplike kennis aangaande die skep= ping in te win, is om Gods almag en grootheid nog beter te ken en Hom dienooreenkomstig nog meer te eer en te verheerlik. Die radi= kaliteit van die sonde kan egter nie geloën word nie (Gen. 3; Rom. 1:18-32; Rom. 3:9-20). A.g.v. die sondeval ken die mens nou egter slegs ten dele (1 Kor. 13:9), en daarom roep die ganse skepping om verlossing in Christus (Rom. 8:22). Ook die wetenskaplike kenne is nou slegs den dele. In Christus het God egter die ganse wêreld met Homself versoen (Rom. 11:36; Kol. 1:15-20) — alleen in Chris= tus vind die ganse skepping sin (-volheid), dus ook die wetenskap en die onderwys. Die Heilige Gees is ook Herskeppingsmiddelaar en laat die mens deel kry aan Christus en sy weldade. Die impli= kasie hiervan is dat dié nuwe mens al die uitgange van sy hart ana= staties sal rig. Kol. 3 roep die mens op tot 'n heilige lewe. Ook die eerste drie bedes van die Onse Vader eis die Heiliging van Gods Naam op aarde, die uitbreiding van sy Koninkryk en die gehoorsame doen van sy Wil (Matt. 6:9-10). Die Christelike wetenskap is die gehoorsame luister na die woord, die doen van Gods Wil, die soeke na Gods eer allé́en, en die deelname aan die uitbreiding van sy Konin= kryk op aarde. Eers by die voleinding van alles sal Christus God se ware Koninkryk ten volle herstel.

Binne die konteks van die Bybelse grondmotief blyk dit dus by die uitstek dat God die Vader, die Skepper en Onderhouer en Regeerder van sy ganse skepping is; dat die ganse skepping deur die radikali= teit van die sonde getref is en gevolglik om verlossing roep; dat Christus onmiddelik na die sondeval ingetree het as Verlosser en Herskepper wat die ganse geskape werklikheid in stand hou; dat die Heilige Gees in kosmiese sin die gelaat van die aarde nuut maak; dat Christus in die voleinding van alles, God se ware Koninkryk ten volle sal herstel.

Uit die bevindings van hierdie Bybelkundige studie kom ons tot net een slotsom: alles wat jy doen, doen dit tot eer en verheerliking van God, want Syne is die Heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

## BRONNELYS

### INHOUDSOPGAWE.

A. Publikasies

B. Ensiklopedieë

C. Woordeboeke

D. Kommentare

E. Verhandelinge en Proefskrifte

F. Versamelwerke

G. Koerant- en Tydskrifartikels

H. Ander Publikasies

BRONNELYS.

A. Publikasies


Albert, E.M.: *Great Tradition in Ethics*, Ameri= Can Book Company, New York, 1953.

Austin, W.H.: *The Relevance of Natural Science to Theology*, Macmillan Press LTD, London, Great Britain, 1976.

Bavinck, H.: *Gereformeerde Dogmatiek*, Deel I,II J.H. Kok N.V., Kampen, 15de druk, 1967.

Bavinck, H.: *Christelijke Wetenschap*, J.H. Kok N.V., Kampen, 1904.

Bavinck, H.: *Christelijke Wereldbeschouwing*, J.H. Kok N.V., Kampen, 1929.

Bavinck, J.H.: *The impact of Christianity on a non-Christian world*, Grand Rapids, Michigan, 1949.

Berkouwer, G.C., *et al.*: *Het Dogma der Kerk*, Jan Haan N.V., Groningen, 1949.

Beck, L.W.: *Six Secular Philosophers*, The Free Press, Collier Macmillan LTD., London, 1960.

Berkhof, H.: *Geschiedenis der Kerk*, G. Callen= bach, Nijkerk, 6de druk, 1955.

Bright, J.: *The Kingdom of God*, Abingdon Press, New York, 1953.

Bruin, J: *Het Christelijke geloof en de Beoefening der Natuurwetenschap*, J.H. Kok N.V., Kampen, 1932.

Bury, J.B.: *A History of Freedom of Thought*, Oxford University Press, London, 1972.

Callingwood, R.G.: *The History of European Libera= lism*, ('n vertaling van De Ruggiero se werk), U.O.P., Lon= don, 1927.

Degenaar, J.J: *Sekularisasie*, Academica, Kaap= stad, 1967.

Dekker, E.I.: *Die Opvoedingsgebeure*, 'n Skrif= matige Perspektief, P.U. vir C.H.O., 1983.

De Vos, H.: *Inleiding tot die Wijsbegeerte*, G.F. Callenbach, Nijkerk, 1951.

Dillenberger, J.: *Protestant Thought and Natural Science*, A Historical Interpre= tation, James Place, London, 1961.

Dilthey, W.: *The Critique of Historical Reason*, University of Chigago Press, Chi= gago, 1978.

Dooyeweerd, H.: *Wat is die mens?* vertaal deur H.J. Strauss, Sacum, Bloemfontein, 1969.


250/.......

Dooyeweerd, H.: _The Idea of a Christian Philosophy_, Wedge Publishing Foundation, Toronto, 1973.

Dooyeweerd, H: _A New Critique of Theoretical Thought_, Vol. I, II, III, IV, H.J. Paris, Amsterdam, 1958.

Dooyeweerd, H.: _De wijsbegeerte der Wetsidee_, vol. I, II, III, H.J. Paris, Amsterdam, 1935.

Dooyeweerd, H.: _In the Twilight of western thought_, The Craig Press, Nutley, 1975

Dooyeweerd, H: _Vernieuwing en Bezinning_, J.B. van den Brink en Co., Zutphen, 1963.

Du Plessis, I.J.: _Christus as Hoof van Kerk en Kosmos_, VRB, Kleine Groningen, 1962.

Durand, J.J.F.: _Die Sonde_, N.G. Kerkboekhandelaars, Pretoria, 1978.

Du Toit, J.S.: _Het Methodisme_, Höveker en Wormser, Amsterdam, 1903.

Du Toit, S.: _Bybelse Skeppingsleer_, Voortrekkerpers, Pretoria, 1964.

Eloff, S.J.: _Die Gewetensklousule_, N.G. Sendingpers, Bloemfontein, 1978.

Feenstra, J.G.: *De Dordtse Leerregelen*, J.H. Kok N.V., Kampen, 3de druk, 1965.

Feenstra, J.G.: *Leer en Lewe*, vertaal deur M.T.S. Zeeman, Sacum, Bloemfontein, 6de druk, 1975.

Feisser, J.J.L.: *De Christen-academicus en de Wetenskap*, W. ten Have N.V., Amsterdam, 1949.

Ganzevoort, B.W.: *De Bijbel in het geding*, J.H. Kok N.V., Kampen, 1968.

Geesink, W: *Gereformeerde Etiek*, Deel I, J.H. Kok, N.V., Kampen, 1931.

Guinness, O.: *The Dust of Death*, Inter-Varsity Press, London, 1973.

Graafland, C.: *Gods Geseculariseerde Wereld*, W. de Zwijgerstichting, 's-Graven=hage, 1975.

Greer, A., (red.): *A Selection from Brown Reprints in Sociology*, Brown Reprints, Dubugne, Iowa, 1971.

Gunning, J.H.: *Spinoza en de Idee der Persoon=lijkheid*, Hollandia Drukkery, 2de druk, 1919.

Hart, H., *The Challenge of our Age*, The Association for the Advancement of Christian Studies, Ontario, 1968.

Heyns, J.A.: Brug tussen God en die mens: oor die Bybel, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1976.

Heyns, J.A.: Sterwende Christendom! 'n Teologie in die greep van die tydgees, Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1969.

Heyns, J.A.: Teologiese Etiek, Deel I, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1982.

Heyns, J.A.: Die teologiese Antropologie van Karl Barth vanuit wysgerig-antropologiese orënteriną, Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1964.

Heyns, J.A.: Die mens: Bybelse en buite-Bybelse mensbeskouing, Sacum, Bloemfontein, 1974.

Heyns, J.A.: Die nuwe mens onderweg, Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1976.

Heyns, J.A., en Jonker, W.D: Op weg met die teologie, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1974.

Hoernlé, A.: Idealism, H S LTD., London, 1924.

Hollis, M., en Lukes, S.: Rationality and Relativism, Basil Blackwell, Oxford, 1982.

Kalsbeeck, L.: Contours of a Christian Philosophy, Wedge Publishing Foundation, Toronto, 1975.

Kalsbeek, L.: De Wijsbegeerte der Wetsidee, Buijten and Schipperheijn, Amster=dam, 3de druk, 1974.

Klapwijk, J.: Dialektiek der verlichting, Van Gorcum, Amsterdam, 1976.

Klein, K.H.: Positivism and Christianity, The Hague, Nijhoff, 1974.

Kock, P. de B.: Christelike Wysbegeerte: Inlei=ding, Sacum, Bloemfontein, 1975.

Kraay, J., en Tol, A., (red.): Hearing and Doing, Wedge Publishing Foundation, Toronto, 1979.

Landman, W.A.: Opvoedkunde vir Onderwysstudente, Universiteitsuitgewers en -boek=handel (Edms) Beperk, Stellen=bosch, 1978.

Lee, F.N.: Calvin on the Sciences, Sovereign Grace Union, England, 1969.

Lee, F.N.: The Origin and Destiny of Man, Presbyterian and Reformed Publishing Co., U.S.A., 1977, (Copyright 1974).

Lee, F.N.: A Christian Introduction to the History of Philosophy, Craig Press, Nutley, New Jersey, 1969.

Malan, D.J.: *'n Kritiese studie van die wys=begeerte van H.G. Stoker vanuit die standpunt van H. Dooyeweerd*, Buijten en Schipperheijn, Amster=dam, 1968.

Morey, R.A.: *The Dooyeweerdian Concept of the Word of God*, Presbyterian and Reformed Publishing Co., U.S.A., 1974.

Morrow, E.B.: *Scientific views of Religion*, Philosophical Library, New York, 1957.

Müller, B.A.: *Die lewende Woord aan die mens van die hede*, J. Heijns, Zaan=dijk, 1961.

Muller, J.J.: *Grondbegrippe van die Christelike geloof*, N.G. Kerk Uitgewers, Pretoria, 1976.

Murray, J.: *Calvin on Scripture and Divine Sovereignty*, Baker Book House, Michigan, 1960.

Natanson, M.: *Phenomenology, Role and Reason*, The Nijhoff, Hague, 1970.

Oberholzer, C.K.: *Prolegomena van Prinsipiële Pedagogiek*, H.A.U.M., Kaapstad, 1968.

Pederson, O.: *Van Kierkegaard tot Sartre*, N.V. Internasionale uitgeverij, Amsterdam, sonder jaartal.

Pop, F.J.: Bijbelse woorden en hun geheim, Boekencentrum, 's-Gravenhage, 1974.

Popma, K.J.: Inleiding in de wijsbegeerte, J.H. Kok N.V., Kampen, 1956.

Potgieter, F.J.M.: Die verhouding tussen teologie en filosofie by Calvyn, N.V. Noord-Hollandsche uitgevers maatchappij, Amsterdam, 1939.

Poythress, V.S.: Philosophy Science and the Sovereignty of God, Presbyterian and Reformed Publishing Co., U.S.A.., 1976.

Ramm, B.: The Christian View of Science and Scripture, Eerdermans, Mic= higan, 10de druk, 1976.

Redeker, H.: Existentialisme, De Besige Bij, Amsterdam, 2de druk, 1956.

Ridderbos, H.: Paulus: ontwerp van zijn theo= logie, J.H. Kok N.V., Kampen, 1966.

Ridderbos, H.N.: Het Woord, het Rijk en onze vergelegenheid, J.H. Kok N.V., Kampen, 1968.

Rijndorp, C.: Christendom en cultuur in bloei en crisis, J.H. Kok N.V., Kampen, sonder jaartal.

Robinson, J.A.T.: The New Reformation, SCM Press, London, 1965.

Ronan, C.A.: *The Cambridge Illustrated History of the World's Science*, Book Club Associates, London, 1983.

Roos, S.G.: *Geestelike weerbaarheid teen terrorisme*, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1979.

Roscam Abbing, P.J., en Van der Woude, A.S.: *Grensgesprekken: Evangelie en Wetenschappen*, J.H. Kok N.V., Kampen, 1967.

Roscam Abbing, P.J.: *Actuele uitdagen aan de Christen=heid*, Boekensentrum, N.V., 's Gra=venhage, 2de druk, 1968.

Runia, K.: *Karl Barth's doctrine of Holy Scripture*, W.B. Eerdermans Publishing Co., Michigan, 1962.

Rushdoony, R.J.: *The Institutes of Biblical Law*, The Craig Press, Nutley, New York, 1973.

Rushdoony, R.J.: *The mythology of Science*, Craig Press, Nutley, New York, 1967.

Russel, B.: *Religion and Science*, Oxford University Press, London, 1960.

Schapiro, J.S.: *Liberalism: its meaning and history*, Van Nostrand, New Jersey, 1958.

Schoeman, P.G.: *Aspekte van die wysgerige peda=gogiek*, Sacum Bpk., Bloemfontein, 1979.


257/.......

Schoeman, P.G.: <u>Grondtrekke van die fenomeno=logiese Pedagogiek</u> in S.A., Sa=cum, Bloemfontein, 1975.

Schoeman, P.G.: <u>Wysgerige Pedagogiek</u>, Sacum, Pretoria, 1983.

Schoeman, P.G.: <u>Grondslae en implikasies van 'n Christelike opvoedingsfilosofie</u>, Sacum, Bloemfontein, 1975.

Schoeman, P.G.: <u>An Introduction to Philosophy of Education</u>, Butterworths, Pretoria, 1980.

Scholtz, G.D.: <u>Die bedreiging van liberalisme</u>, Voortrekkerpers, Pretoria, 1965.

Schuurman, E.: <u>Refelections on the technological Society</u>, Wedge Publishing Founda=tion, Toronto, 1977.

Seerveld, C.: <u>Rainbows for the fallen world</u>, Tuppence Press, Ontario, 1980.

Simpson, J.F.: <u>Landmarks in the struggle between science and religion</u>, Hodder and Stoughton, London, 1925.

Smit, W.A.: <u>Mens en Persoonlikheid</u>, Sacum, Bloemfontein, 1975.

Spier, H.J., en Spier, J.M.: <u>Wijsbegeerte en Levenspractijk</u>, J.H. Kok N.V., Kampen, 1954.

Spier, J.M.: <u>Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee</u>, J.H. Kok N.V., Kampen 4de druk, 1950.

Spier, J.M.: Calvinisme en Existentie-Philo= sophie, J.H. Kok N.V., Kampen, 1951.

Spier, J.M.: Van Thales tot Sartre: wijsge= ren uit oude en nieuwe tijd, J.H. Kok N.V., Kampen, 1959.

Stoker, H.G.: Skrifgeloof en Wetenskapsbeoefe= ning, Roneo-druk, Stellenbosch, 1945.

Stoker, H.G.: Kristendom en Wetenskap, Uitgegee deur die Kristelike Unie, 1929.

Stoker, H.G.: Oorsprong en Rigting, Deel I en II, Tafelberg Uitgewers, Kaap= stad, 1967, 1970.

Stoker, H.G.: Die Stryd om die Ordes, Caxton-Druk= kery, Pretoria, 1941.

Stoner, P.W.: Science Speaks, "Scientific Proof of the Accuracy of Prophecy and the Bible", Moody Press, Chigago, 3de hersiende uitgawe, 1969.

Strauss, D.F.M: Wetenskap en Werklikheid, Sacum, Bloemfontein, 1971.

Strauss, D.F.M.: Wysbegeerte en vakwetenskap, Sacum, Bloemfontein, 1967.

Strauss, D.F.M.: Die Ewolusionisme — knelpunte ontbloot, Publikasie van die VCHO, Bloemfontein, sonder jaartal.

Strauss, D.F.M.: Inleiding tot die kosmologie, Sacum, Bloemfontein, 1978.

Strauss, H.J.: *Christelike lewens- en wêreld=beskouing*, Sacum, Bloemfontein, 1964.

Strauss, H.J.: *Christelike wetenskap en Chris=telike onderwys*, Sacum, Bloemfon=tein, 2de druk, 1969.

Strauss, H.J.: *Die Gewetensklousule: wapen van die Humanistiese wetenskap*, Sacum, Bloemfontein, 1970.

Vahanian, G.: *The Death of God: The Culture of our Post-Christian Era*, Braziller, New York, 1961.

Van der Laan, H.: *A Christian Appreciation of Physical Science*, The Association for Reformed Scientific studies, Ontario, 1966.

Van Dijk, R.: *Mens en medemens*, Sociaal-Econo=mische Boekerij, N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversry, Wageningen, sonder jaartal.

Van Dijk, D.: *Verbond en Belijdenis*, J.H. Kok N.V., Kampen, sonder jaartal.

Van Dijk, M.P.: *De uitdaging van het Neo-Marxisme*, Buijten en Schipperheijn, Amster=dam, 1974.

Van Gennep, J.: *Gevaren van het Relativisme*, J. H. Kok N.V., Kampen 1970.

Vander Goot, H. (red.): *Life is Religion*, Paideia Press, Canada, 1981.

Van der Walt, B.J.: *Horizon*, Surveying a Route for contemporary Christian thought, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1978.

Van der Walt, B.J.: *Heartbeat*, Taking the Pulse of our Christian Theological and Philosophical Heritage, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1978.

Van der Walt, B.J.: *Die denkdekor van die Reformasie*, Pro Rege, Potchefstroom, 1979.

Van der Walt, B.J.: *Anatomy of Reformation*, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1981.

Van der Walt, B.J.: *Mense en Gode in Suider-Afrika*, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1984.

Van der Walt, S.P.: *Die Wysbegeerte van H. Bavinck*, Pro-Rege Pers Bpk. Potchefstroom, 1953.

Van Riessen, Ir. H.: *Mondigheid en de Macten*, Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1967.

Van Riessen, Ir. H.: *Op wijsgerige wegen*, N.V., Gebr. Zonder en Keunings Uitge= versmaatchappij, Wageningen, 1958.

Van Riessen, Ir. H.: *Mact en onmacht van de twintigste eeu*, Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1974.

Van Riessen, Ir.H.: A Christian approach to Science, The Association for the Advance= ment of Christian Studies, Cana= da, Ontario, geen datum.

Van Till, H.R.: The Calvinistic Concept of Culture, The Association for Reformed Scientific Studies, Ontario, 1959.

Van Wyk, J.H.: Eksistensieteologie en Godsdiens= onderrig, Pro-Rege Pers, Potchef= stroom, 1971.

Van Wyk, J.H.: Religie, opvoedkunde en die opvoeding, Pro-Rege Pers, Pot= chefstroom, Herdruk, 1976.

Veenhof, C.: In Kuypers's Lijn, Oosterbaan en Cointre N.V., Goes, 1939.

Venter, E.A.: Wysgerige Temas, Sacum, Bloem= fontein, sonder jaartal.

Venter, E.A.: Die gelowige in die samelewing, Sacum, Bloemfontein, 1972.

Verhoef, P.A.: Sê my dominee...., N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1967.

Vessey, G. (red.): Idealism Past and Present, Cam= bridge University Press, Cambridge, 1982.

Vollenhoven, D.H.Th.: Het Calvinisme en de reformatie van de wijsbegeerte, H.J. Paris, Amsterdam, 1933.

Westfall, R.S.: <u>Science and Religion in Seven=teenth Century England</u>, Michigan Press, Michigan, eerste druk, 1972.

Wolterstorff, N.: <u>Reason within the bounds of Religion</u>, W.B. Eerdermans Publishing Co., Grand Rapids, U.S.A., 1976.

Wurth, Brillenbrug, G.: <u>De antithese in dezen tijd</u>, J.H. Kok N.V., Kampen, 1940.

Zuidema, S.U., (red.): <u>Karakter van de Moderne exis=tentie-philosophie</u>, J.H. Kok, Kampen, sonder jaartal.


B. <u>Ensiklopedieë</u>


<u>Ensiklopedie van die Wêreld</u>, Deel 7 (1975) en Deel 8 (1976), C.F. Albertyn (Edms) Bpk., Stel=bosch.

<u>Christelijke Encylopedie</u>, Deel 5 J.H. Kok N.V., Kampen, 1960.

<u>The New Encyclopedia Britannica</u>, Vol. 14, 15, W. Benton Publisher, Chigago, 15de druk, 1978.


C. <u>Woordeboeke</u>


Die Afrikaanse Woordeboek: verskeie redakteurs, Deel II, (3de oplaag, 1974), Deel IV (1961), Staatsdrukker, Pretoria.


D. <u>Kommentare</u>

Aalders. G. Ch.: *Het Boek Genesis* in *Korte verklaring der Heilige Schrift*, Vol. 1 (hoofstuk 1-10), Kok, Kampen, 1963.

Anderson, A.A.: *The Book of Psalms* in *The New Century Bible*, Vol. 1 en 2, Greenwood Athic Press, London, herdruk 1977.

Bouma, C.: *De Brieven van de Apostel Paulus aan Timotheüs*, in *Korte verklaring der Heilige Schrift*, J.H. Kok, N.V., Kampen, 1979.

Briggs, C.A., en Briggs, E.M.: *The International Critical Commentary*, Vol. II, Clark, Edinburg, herdruk, 1960.

Calvin, J.: *Commentary on the Book of Psalms*, vertaal deur J. Anderson, Eerdermans Publishing Co., Grand Rapids, Michigan, 1949.

Calvijn, J.: *Uitlegging van de Zendbrief van Paulus aan de Romeinen*, vertaal deur D.J. de Groot, Van Bottenburg, Amsterdam, 1950.

Clark, W.K.L.: *Concise Bible Commentary*, S.P.C.K., London, 1952.

Dahood, M.: *The Anchor Bible*, Vol. 1 en 3, Garden City, New York, 1974.

Davidson, F.: *The New Bible Commentary*, Eerder= Publishing Co., Grand Rapids, Michigan, 1958.

Delitzsch, F.: *Biblical Commentary on the Psalms*, Vol. III, vertaal deur *F. Boltor*, Eerdermans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan, sonder jaartal.

Dummelow, J.R.: *A Commentary on the Holy Bible*, Macmillan, London, 1928.

Exell, J.S., en Spence, H.D.M.: *The Pulpit Commentary*, Kegan Paul, French, Trüber and Compa= ny, London, 1897.

Gispen, W.H.: *De Spreuken van Salomo*, in *Korte verklaring der Heilige Schrift*, J.M. Kok, N.V., Kampen, 1968.

Greidanus, S.: *De Openbaring Des Heeren aan Johannes* in *Korte verklaring der* Heilige Schrift, J.H. Kok, N.V., Kampen, derde druk, 1955.

Grosheide, F.W.: *Het heilige evangelie volgens Mattheüs* in *Commentaar op het Nieuwe Testament*, J.H. Kok N.V., Kampen, 1954.

Gundry, R.H.: *Matthew: A Commentary on his literary and theological art*, W.B. Eerdermans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan, 1982.

Guthrie, D., *et al.*: *The New Bible Commentary Revised*, Inter-Varsity Press, London, 3de uitgawe, 2de herdruk, 1972.

Haldane, R.: An Exposition of the Epistle to the Romans, Mac Monsald Publishing Company, London, 1958.

Jonker, W.D.: Die Brief aan die Romeine. N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1967.

Kidner, D.: The Tyndal Old Testament Commentaries, Ps. 1-72 en Ps. 73-150, General Editor P.J. Wiseman (ed), Inter-Varsity Press, London, 1975.

Leupold, H.C.: Exposition of the Psalms, Evangelical Press, Welwyn, 1977.

Maclaren, A.: The Psalms, Vol. 1, 2, 3, Doran, New York, 1982.

Noordtzij, A: Het Boek der Psalmen, Kok, Kampen, 2de druk, 1934.

Parker, J.: The Book of Proverbs, in The Peoples Bible, Vol. XIII, Hazell and Viney, London, sonder jaartal.

Poole, M.: Matthew-Revelations in A Commentary on the Holy Bible, Vol. III, The Banner of Truth Trust, Edinburgh, 4de druk, 1975.

Pheiffer, C.F., en Harrison, E.F.: The Wycliffe Bible Commentary, Moody Press, Chigago, 1962.

Ridderbos, H.N.: Het Evangelie naar Mattheüs in Korte verklaring der Heilige Schrift, Deel I, J.H. Kok N.V., Kampen, 1946.

Ridderbos, J.: De Psalmen, in Commentaar op het Oude Testament, Vol. 1, 2, 3, J.H. Kok N.V., Kampen, 1955.

Ridderbos, J.: De Kleine Profeten, in Korte verklaring der Heilige Schrift, Vol. 1, J.H. Kok N.V., Kampen, 1968.

Smitt, S.J.: Onze Vader die in de hemel zijt, Voorhoewe, Den Haag, 6de druk, sonder jaartal.

Van Leeuwen, J.A.C.: De brief aan de Romeinen in Korte verklaring der Heilice Schrift, J.H. Kok N.V., Kampen, 1932.

Watson, J.: The Lords Prayer, Banner of Truth trust, Revised edition, London, 1965.

E. Verhandelinge en Proefskrifte

Coetzer, M.J.G.: Die spesifieke bydrae van Bybel= onderrig en Bybelkunde tot gees= telike weerbaarheid, M.A., U.O.V.S., Desember 1978.

Coetzer, M.J.G.: Die onlosmaaklike verband tussen die genade verbond, verbondsge= hoorsaamheid en die wet van God met verwysing na die verbonds= opvoeding volgens die Woord van God, D. Phil, U.O.V.S., Desem= ber 1980.

De Vos, J.: *Die ontsluitende taak van Bybel=onderrig met besondere verwysing na die religieuse gehoorsaamheid aan God op alle lewensterreine*, M.A., U.O.V.S., 1983.

Van der Linde, H.J.: *Biologie as skoolvak — 'n Prinsi=pieel-pedagogiese evaluering vanuit Christelike standpunt*, M. Ed., U.O.V.S., 1978.

F. Versamelwerke

Bingle, H.J.J., (hoofred.): *Besinning en verantwoording*, Huldigingsbundel aan J.C. Coetzee, Butterworth en Kie, Durban, 1978.

Botha, E.M.: *Metaforiese perspektief en fokus in die wetenskap*, Pot=chefstroomse studies in Chris=telike wetenskap, Dept. Sentrale Publikasies, Reeks J2, nr. 5, 1983.

Botha, E.M.: "Die wending in die nuwere wetenskapsteorieë en in die sosiale wetenskappe", in *Woord en Wetenskap*, Gedenkbundel aan F.J.M. Potgieter, Publikasie van die VCHO, Bloemfontein, 1977.

Coetzee, J.C.: "Christian scholars and Christian Science" in *Christian Higher Education: The Contemporary challenge*, Proceedings of the First International Conference

of Reformed Institutions for Christian Scholarship, Potchef= stroom, P.U. for C.H.E., serie f3, nr. 6, 9-13 September 1975.

Coetzee, J.C.: Verankerde voortgang, Uit die reeks Wete ap- in U lig, P.U. vir C.H.O., 1983.

De Wet, C.J.H.: "Die Heilige Skrif as norm" in Die Heilige Skrif en Wetenskap, Potchefstroom.

De Klerk, J.J.: "Die prediking in sy universeel-kosmiese gerigtheid" in Woord en Wetenskap, Gedenkbundel aan F.J.M. Potgieter, Publikasie van die VCHO, Bloemfontein, 1977.

De Klerk, W.J., et al.: Roeping en Werklikheid, Hand= boek vir inter-fakultêre Wysbe= geerte, Potchefstroomse Herald, Potchefstroom, 1972.

Duvenhage, B.: Christelike wetenskap as Woord= gebonde wetenskap, Potchefstroom= se studies in Christelike weten= skap, Potchefstroom, Reeks J.2, nr. 8, 1985.

Duvenhage, B.: Wetenskap en norme, Potchef= stroomse studies in Christelike wetenskap, Potchefstroom, Reeks, J2, nr. 1, 1981.

Duvenhage, S.C.W.: "Die Humanisme as bedreiging van die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing", I.B.C. studiestuk nr.34, P.U. vir C.H.O., sonder jaartal.

Engelbrecht, F.J.: Wetenskapsbeoefening lewens=wêreld en die logika van be=grippe, Sovenga, Universiteits=kollege van die Noorde, Reeks C, nr. 14, 1967.

Floor, L.: "Die Skrif en wetenskap" in Wetenskap en Woord, Dept. sen=trale Publikasies, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, Reeks J1, nr. 3, Band 1, 1984.

Heiberg, P.J.: Christelike opvoedings- en onderwyspraktyk en Christelike opvoedkunde, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, I.B.C. studie=stuk nr. 42, sonder jaartal.

Kempff, D.: "Inleiding oor koninkryk en wêreld indie algemeen" in Die Koninkryk van God, Uitgegee in opdrag van die sinodale deputaat=skap belas met die eeufeesviering van die teologiese skool, Pot=chefstroomse Herald, Potchefstroom, 1969.

Heyns, J.A.: "Gestaltes van die Woord" in Woord en Wetenskap, Gedenkbun=del aan F.J.M. Potgieter, Publi=

kasie van die VCHO, Bloemfontein, 1977.

Kock, P. de B.: "Christelike wetenskap: religieuse begronding en kosmologiese perspektief", in Woord en wetenskap, Gedenkbundel aan F.J.M. Potgieter, Publikasie van die VCHO, Bloemfontein, 1977.

Koers in die Krisis: Deel I, II, artikels versamel deur die Calvinistiese studenteverenigìng in S.A., Pro-Ecclesia, Stellenbosch, 1940.

Kristendom en wetenskap: (nr. 1 en 2) in die Serie "Heilige Skrif en Wetenskap", Uitgegee deur die Kristelike Unie, Potchefstroom, 1926.

Lombard, J.C.: "Die ontsluitende posisie van die Skrifgelowige teologie en Bybelkunde in die Christelike-wetenskaplike ensiklopedie" in Woord en Wetenskap, Gedenkbundel aan F.J.M. Potgieter, Publikasie van die VCHO, Bloemfontein, 1977.

Meyer, P.A.: "Geloof en wetenskap", Societas Studiosorum Reformatarum, Gedenkboek 1886-1961, Delft, 1961.

Olthuis, J.H.: "Stellings oor die Woord van God en die Skepping" en "Stel=

lings oor die Skrif, lewensbeskouing en wetenskap" in Wetenskap en Woord, Dept. Sentrale Publikasies, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, Reeks J1, nr. 3, Bond 1, 1984.

Olthuis, J.H.: The Word of God and Biblical Authority, Uitgawe van die Instituut vir die bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, studiestuk nr. 101, April 1976.

Ridderbos, H.: "Church, World, Kingdom" in Proceedings of the Second International Conference of Reformed Institutions for Christian Higher Education, Justice in the International Economic Order, Calvin College, Grand Rapids, Michigan, 1978.

Schoeman, P.G.: Kompendium vir Studente in Wysbegeerte en die Wysgerige Pedagogiek, Deel I, hoofstuk 4, Deel II, hoofstuk 5, Butterworth en Kie (S.A.)(Edms) Bpk. Durban, 1978.

Schuurman, E.: Verantwoordelikheid in die toepassing van die wetenskap, Potchefstroomse studies in Christelike wetenskap, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, Reeks J3, nr.10, 1985.

Smit, J.H.: Kompendium vir Studente in Wysbegeerte en die Wysgerige Pedagogiek, Deel I, hoofstuk 3, Deel II, hoofstuk 4, Butterworth en Kie (S.A.)(Edms) Bpk. Durban, 1978.

Spykman, G.J.: Spectacles: Biblical Pers= pectives on Christian Scholar= ship, Potchefstroom studies in Christian Scholarship, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, Serie J2, 1985.

Strauss, D.F.M.: Kompendium vir Studente in Wysbegeerte en die Wysgerige Pedagogiek, Deel I, hoofstukke 1, 2, 5, Deel II: hoofstukke 1, 2, 3, Butterworth en Kie (S.A.) (Edms) Bpk., Durban, 1978.

Taljaard, J.A.L.: "Christelik-Calvinistiese weten= skapsbeoefening: Wat dit nie is nie en wat dit wil wees", P.U. vir C.H.O., studiestuk nr. 93, I.B.C. Potchefstroom, Julie 1975.

Van Rooy, A.J.: "Wetenskap en tegniek in die onderwys in perspektief gestel" in Besinning en verantwoording, Butterworth en Kie. (SA) (Edms) Bpk., Durban, 1978.

Venter, C.N.: "Volkslewe en Kultuur" in Die Koninkryk van God, Uitgegee in opdrag van die sinodale deputaatskap belas met die eeu= feesviering van die teologiese

skool, Potchefstroomse Herald, Potchefstroom, 1969.

Verankerde voortgang: 'n Bundel opstelle uit die fakulteit Opvoedkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Reeks J1, Wetenskap in u Lig, Sentrale Publikasie Dept. Potchefstroom, 1983.

Woord en werkelijkheid: Nagedagtenis bundel aan A.A. van Ruler, verskeie outeurs, G.F. Callenbach, Nijkerk, 1973.

G. Koerant- en Tydskrifbundels

Koerantartikels

Treurnicht, A.P.: "Godsdiens sonder God" in Hoofstad, 17 Augustus 1968.

Tydskrifartikels

Bulletin

Heidema, J.: "Is die neutralisme konsekwent? in Bulletin, jaargang 1, nr. 2, Aug. 1965.

Schutte, H.J.: "Christelike wetenskapsbeoefening" in Bulletin, Jaargang 1, nr. 1, April 1965.

Van der Merwe, J.D.G.: "'n Christelike Mensbeskouing" in Bulletin, nr. 13, April 1968.

Fokus

Basson, A.J.: "Liberalisme. Kommunisme en opvoeding" in Koers, 8ste jaargang, nr. 4, November 1980.

Schoeman, P.G.: "Hoe 'neutraal' is feite?" in Fokus, 7de jaargang, nr. 3, Augustus 1979.

Free University Quarterly

Hooykaas, R.: "Science, Materialism and Christianity" in Free Univer= sity Quarterly, Vol. 1, nr. 1, November 1950.

Die Gereformeerde Vaandel

Dooyeweerd, H.: "Die probleem van die Christelike wysbegeerte" in Die Gereformeerde Vaandel, Deel 24, nr. 2, Junie 1955.

Strauss, H.J.: "Partypolitieke Beginselrigting" in Die Gereformeerde Vaandel, Deel 28, nr. 2, Junie 1959.

Strauss, H.J.: "Christelike beskawing" in Die Gereformeerde Vaandel, Deel 26, nr. 2, Junie 1957.

International Reformed Bulletin

Dengerink, J.D.: "De kracht der reformatorie in het staatkundige leven" in Internationaal reformatorisch

| | |
|---|---|
| | _bulletin_, 5de jaargang, nr. 9. April 1962. |
| Dooyeweerd, H.: | "What is man?" in _Internatio= nal Reformed Bulletin_, 3de jaar= gang, nr. 6, Oktober 1960. |
| Schrotenboer, P.G.: | "Man in God's World" in _Inter= national Reformed Bulletin_, 10de jaargang, nr. 31. Oktober 1967. |

_Koers_

| | |
|---|---|
| Botha, E.M.: | "Christian Scholarship and Calvinistic or Christian philo= sophy" in _Koers_, jaargang XLI, nr. 5/6, 1976. |
| Strauss, D.F.M.: | "Die Skrif: Die lig vir alle wetenskappe" in _Koers_, jaargang 44, 1979. |
| Van der Walt, B.J.: | "Die Woord van God: Lig vir alle Wetenskap" in _Koers_, jaar= gang 44, 1979. |
| Van der Walt, S.J.: | "Kerk en Koninkryk" in _Koers_, Oktober 1969. |
| Van der Walt, T.: | Die Liberalisme in die Nuwe Weste" in _Koers_, Augustus 1970, (Ook 'n I.B.C. studiestuk nr. 127, P.U. vir C.H.O., Junie 1978). |
| Van Rooy, J.C.: | "Die goddelike wetsorde en die beoefening van die wetensap" in _Koers_, Deel II, nr. 2, Okt. 1954. |

276/.......

Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif (NGTT)

Potgieter, F.J.M. "'n Intulogiese verklaring van die Skepping" in NGTT, Deel 23, nr. 2, April 1982.

Strauss, D.F.M.: "Skolastiek en Gereformeerde Skolastiek kontra Reformatoriese denke" in NGTT, Maart 1969.

Venter, E.A.: "Enkele aspekte van die Thomis= tiese filosofie" in NGTT, Sep= tember 1966.

Riglyne

Botha, E.M.: "Die student se lewens- en wêreldbeskouing" in Riglyne 4de jaargang, nr. 3, Oktober 1973.

Stone, H.J.S.: "Weerbaarheid en Wetenskap" in Riglyne, 4de jaargang, nr. 2, Junie 1973.

Roeping

Jooste, J.H.: "Die vloek van die relativisme", 15de jaargang, nr. 3, September 1967.

Potgieter, F.J.M.: "Die evolusionisme en die gesag van die Bybel" in Roeping, 9de jaargang, nr. 4, Desember 1963.

Roeping en Riglyne

Botha, E.M.: "Wetenskap en Lewensbeskouing" in Roeping en Riglyne, Maart 1985.

Perspektief

Botha, E.: "Christelike wetenskap met en=kele illustrasies in die Sosiale Wetenskappe" in Perspektief, jaargang 12, nr. 2 en 3, Junie 1073.

Scholtz, G.J.L.: "Die essensie van wetenskap: Teo=rie" in Perspektief, 13de jaar=gang, nr. 14, Sept. 1974.

Taljaard, J.A.L.: "Christelike wetenskap" in Perspektief, 11de jaargang, nr. 2 en 3, Junie 1973.

Van Jaarsveld, B.J.: "My seun gee my jou hart" in Perspektief, 11de jaargang, nr. 2 en 3, Junie 1972.

Tydskrif vir Christelike Wetenskap (TCW)

Dooyeweerd, H.: "Die sekularisering van die wetenskap II" in TCW, 8ste jaar=gang, 3de kwartaal, 1972.

Heiberg, P.J.: "Christelike Reformasie of Sko=lastiese sintese in ons onder=wys en onderwysopleiding" in TCW, 7de jaargang, 3de kwartaal, 1971.

Heiberg, P.J.: "Fenomenologiese Pedagogiek —

ŉ kritiese benadering" in TCW, 3de kwartaal, 1969.

Lombard J.C.: "In die gemeenskap van die Heilige Gees" in TCW, 7de jaargang, 4de kwartaal, 1971.

Malan, D.J.: "Opvoedkunde as Wetenskap" in TCW, 19de jaargang, 1ste en 2de kwartaal, 1983.

Malan, D.J.: "Skolastiek in die Protestantisme" in TCW, 1ste en 2de kwartaal, 1968.

Strauss, D.F.M.: "Humanistiese verseiling in die wetenskap — ŉ skets" in TCW, 1ste jaargang, nr. 2, November 1965.

Strauss, D.F.M.: "Objektiwiteit en die Wetenskap" in TCW, 13de jaargang, 2de kwartaal, 1977.

Van der Vyver, J.D.: "Die sin-begrip in die Christelike Wysbegeerte" in TCW, 4de jaargang, 3de kwartaal, 1968.

Venter, E.A.: "Humanisme en menslike vryheid" in TCW, 2de jaargang, nr. 1, Mei 1966.

Wolters, A.M.: Facing the Perplexing History of Philosophy in TCW, 17de jaargang, 1ste en 4de kwartaal, 1981.

H. Ander Publikasies

Diktate

Lombard, J.C.: 1. Leerstellige Godsdiensonder=wys en Bybelkunde — Die grondslae en Praktyk, Dept. Bybelkunde, U.O.V.S.

2. Christelike Geloofsleer, Dept. Bybelkunde, U.O.V.S.

Strauss, D.F.M.: Lewens- en wêreldbeskouingsleer, Dept. Wysbegeerte, U.O.V.S.

Stanpunte

Die Standpunte van die N.G. Kerk t.o.v. opvoeding en onder=wys, soos deur die algemene sinode op 20 Oktober 1970 in sy sitting te Pretoria as breë riglyne aanvaar.

Kruger, P.: "My dood kry is min", Studendte=handboek vir die jaar 1976, Uit=gegee deur die Administratiewe Raad, P.U. vir C.H.O., Potchef=stroom, 1976.

Verslae

Hoofverslag van die Kommisie van ondersoek na die Universi=teitswese, Departement Nasionale Opvoeding, Staatsdrukker, Pretoria, sonder jaartal, (De Vries-Kommisie).

Referate

Strauss, D.F.M.: "Wat is Wetenskap?", Lesing gele=wer voor Lektore-vereniging, 30/4/71, U.O.V.S. Ongepubliseer.

Strauss, D.F.M.: "Verskil Christelike Natuurwe=tenskap van Nie-Christelike Natuurwetenskap?", Voorgedra voor die Bloemfonteinse Werkge=meenskap van die Akademie, 25 Sept. 1975, Gepubliseer in ACTA ACADEMICA, Nas Boek Bpk., Elsiesri=vier, Kaapstad, 1976.

Missie

Die missie (TAAK en CREDO) van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Geformuleer tydens die laaste Senaatsver=gadering van 1985. Verskaf deur Biblioteekpersoneel van die U.O.V.S.